

**DIE VERGOEDING VIR ARBEID IN SUID-AFRIKA:
'N TEOLOGIES-ETIESE STUDIE**

E.J. DE BEER BA ThM

**Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Teologie
aan die Noordwes-Universiteit**

Promotor: Prof. J.H. van Wyk

Oktober 2004

Potchefstroom

VOORWOORD

'n Studie van hierdie omvang is alleen moontlik met die ondersteuning van verskillende mense en instansies. Ek bedank graag die ondergenoemde persone wat elkeen 'n bydrae gelewer het tot die studie.

Professor P. J. de Bruyn het met sy rigtinggewende leiding aan die begin van die studie waardevolle insette gelewer.

Professor J. H. van Wyk het as promotor opgetree. Sy deurdagte, opbouende en positiewe kommentaar word opreg waardeer.

My vrou, Corrie, en ons drie seuns het met groot geduld my die geleentheid gegun om die studie te doen. Hul aanmoediging was 'n voortdurende inspirasie om hierdie projek te voltooi. Dit geld ook vir my ouers wat die vordering met belangstelling dopgehou het.

Mnr. F. Aucamp het die taalversorging behartig. Sy bekwame versorging het ten doel gehad om te verseker dat die proefskrif in goeie, maklik verstaanbare Afrikaans voltooi word.

Mev. M. Reynolds en mev. I. Streicher het die vertaling van die Opsomming in Engels behartig.

Ek bedank ook graag die volgende instansies vir hul hulp en ondersteuning:

Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek en die Jan Lion-Cachet Biblioteek in Potchefstroom, asook die personeel van die Tzaneen Biblioteek het 'n onmisbare rol gespeel in die voorsiening van navorsingsmateriaal.

Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Laeveld het in 1999 en 2004 aan my die geleentheid gegee om langverlof te neem waartydens ek my aandag voltyds aan hierdie studie kon wy.

Bogenoemde persone en instansies word bedank in die wete dat hulle almal instrumente in God se hand was. Aan Hom kom al die eer en dank toe.

OPSOMMING

Die vergoeding vir arbeid in Suid-Afrika: 'n teologies-etiese studie

Aan die hand van deskriptiewe en preskriptiewe etiek en met behulp van literatuurstudie en eksegeese van die Skrif wil hierdie studie 'n antwoord gee op die vraag: "Hoe moet faktore wat die vergoeding vir arbeid in Suid-Afrika sedert 1994 bepaal, teologies-eties beoordeel word?"

Vergoeding vir arbeid in Suid-Afrika het vanaf die sewentiende eeuse bestaansboerdery verander tot 'n hoofsaaklik kapitalistiese stelsel, waarin geld die belangrikste vergoeding is wat werkers vir hul arbeid ontvang. Die tydperk vanaf die sewentiende eeu is gekenmerk deur beroepsontplooiing en beroepsontwikkeling wat plaasgevind het, hoofsaaklik as gevolg van die invloed van die koloniste uit Europa. Namate meer ontwikkeling op ekonomiese gebied plaasgevind het, het al hoe meer faktore 'n rol begin speel in die vergoeding wat werkers vir hul arbeid ontvang het. Talle faktore wat vergoeding vir arbeid na 1994 bepaal – toe die eerste volle demokratiese verkiesing in Suid-Afrika gehou is – moet gesien word teen die agtergrond van ontwikkelinge voor 1994.

In dié studie word dertien faktore wat na 1994 'n bepalende invloed op vergoeding het, geïdentifiseer. Sommige faktore werk onvoldoende vergoeding in die hand en ander weer oorvergoeding. Binnelandse faktore wat onvoldoende vergoeding bevorder, is werkloosheid, dobbelary, MIV/vigs en kinderarbeid. Buitelandse faktore wat onvoldoende vergoeding in die hand werk, is onwettige immigrasie en goedkoop invoere. Daar is ook faktore wat bydra tot die hoër vergoeding van werkers. Wetgewing met betrekking tot regstellende aksie en minimum lone het 'n positiewe invloed op werkers se vergoeding. Die onwettige optrede van werkers wat hul skuldig maak aan diefstal, roof en korrupsie veroorsaak hoër vergoeding. Werkers se vergoeding word ook deur wettige optredes positief beïnvloed. In hierdie opsig speel oorvergoeding, stakings en emigrasie 'n belangrike rol.

Die faktore wat vergoeding sedert 1994 bepaal, word in die lig van Skrifgegewens oor arbeid en vergoeding beoordeel. God het die mens geskep met onder meer as doel om die aarde te bewoon en te bewerk. Hy het ook bepaal dat die mens van die vrug van sy arbeid sal leef. Hierdie bepaling vorm die grondslag van die vergoeding wat werkers vir hul arbeid ontvang. Die mens werk nie net ter wille van homself nie, maar hy dien God en sy medemens deur sy arbeid. Die sondeval het 'n ingrypende invloed op die mens, sy werk, werkplek en die vergoeding wat hy vir

sy arbeid ontvang. Die invloed van die sondeval kan nie fatalisties aanvaar word nie. Die herskeppingsproses wat Jesus Christus begin het, raak ook die arbeidsterrein. Daar word aangetoon hoe vergoeding vir arbeid tekort skiet aan die Bybelse beginsels. Riglyne word gegee hoe veral gelowige werkers en werkgewers as nuwe mense wat God se beeld vertoon, behoort op te tree. Gelowige werkers behoort hul werk so te doen dat hulle billike vergoeding waardig is. Werkgewers behoort weer hul werkers billik te vergoed, werkgeleenthede te beskerm en waar moontlik meer werkers in diens te neem. Die owerheid behoort so te regeer dat soveel moontlik mense die geleentheid sal hê om te werk, terwyl werkers teen uitbuiting beskerm word.

SLEUTELTERME

Dobbel

Kinderarbeid

Korrupsie

Minimum lone

MIV/vigs

Onwettige immigrante

Regstellende aksie

Stakings

Vergoeding

Werkloosheid

SUMMARY

Remuneration of labour in South Africa: a theological ethic judgment

On the basis of descriptive and prescriptive ethics and by means of literature study and exegesis of the Scriptures, this study poses an answer to the question: "How should factors that define labour compensation in South Africa since 1994 be judged according to theological ethics?"

Since the subsistence farming of the seventeenth century in South Africa labour compensation has changed to a mainly capitalistic system with money as the most important compensation to labourers for services rendered. Since the seventeenth century a period of unfolding and development of careers has taken place mainly as a result of the influence of colonists from Europe. Gradual development taking place in the economic field has made subsequent factors in lieu of labour compensation more relevant for labourers. Various factors with regard to compensation of labour after 1994 – when the first fully-fledged democratic voting took place in South Africa – defines that it must be seen against the developmental background before 1994.

In this study thirteen factors that have an influence on compensation since 1994, will be identified. Some factors tend to lean towards underpayment and others to overpayment. Interior factors relating to insufficient payment are unemployment, child labour, HIV/Aids and gambling. Foreign factors relative to insufficient payment are illegal immigration and cheap imports. Relevant to this, there are also factors resulting in higher remuneration of labourers. Labour laws with regard to affirmative action and minimum wages have a positive influence on payment for labourers. Illegal conduct of labourers gives rise to theft, robbery and corruption. Positive reactions are also in place with regard to remuneration of labourers. In view of this, over-pay, strikes and emigration play an important role.

The factors that influence payment since 1994 are being judged according to the Scriptures, pertaining labour and remuneration. God created mankind serving as inhabitants and workers of the earth. He also decreed that mankind will live from the fruit of his labour. This decree forms the basis by which labourers receive remuneration for their efforts. Through fellowship man shows that he is serving God and fellow-country men and does not labour only for his own advantage. The fall of man has far-reaching influences on mankind, his labours, place of labour and the consequent remuneration he receives for services rendered. One cannot fatalistically

accept the influence of the fall of mankind. The recreation of mankind, started by Jesus Christ also affects the area of labour. This study demonstrates how remuneration for labour does not comply to Bible principles. Guidance will be given to how, especially believers, be they employers or employees, portray God's image through their conduct. Believers should execute their labours in such a way, that they are worthy of decent remuneration. Christian employers ought to be reasonable when paying employees, create and protect job opportunities and where possible, employ more labourers. Maximum opportunity should be granted by the ruling authority in order that as many people possible have the opportunity to labour without being exploited.

KEY CONCEPTS

Affirmative action

Child labour

Corruption

Gambling

HIV/Aids

Illegal immigrants

Minimum wages

Remuneration

Strikes

Unemployment

INHOUDSOPGAW

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 OBJEK VAN DIE STUDIE	1
1.2 ORIËTERING	1
1.3 PROBLEEMSTELLING	2
1.4 AKTUALITEIT EN NOODSAAKLIKHEID	3
1.5 BEGRENsing	4
1.6 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE	4
1.7 METODE VAN ONDERSOEK	4

HOOFSTUK 2

VERGOEDING VIR ARBEID IN SUID-AFRIKA IN HISTORIESE PERSPEKTIEF TOT 1994

2.1 INLEIDING	6
2.2 VERGOEDING VIR ARBEID: SEWENTIENDE EEU TOT 1820	7
2.2.1 San en Khoikhoi	8
2.1.1.1 San	8
2.1.1.2 Khoikhoi	10
2.2.2 Afrikane	15
2.2.3 Nederlandse koloniste	18
2.2.3.1 Amptenare en vryburgers	18
2.2.3.2 Slawe	23

2.3 1820 TOT DIE ANGLO-BOEREOORLOG	25
2.3.1 Die Britse invloed op die suidelike Ngunis	27
2.3.2 Die Britse invloed op die noordelike Ngunis	30
2.3.3 Die Sotho's en Tswanas	32
2.4 TYDPERK VANAF DIE ANGLO-BOEREOORLOG TOT 1933	36
2.5 1933 TOT 1970	42
2.6 1970 TOT 1994	49

HOOFSTUK 3

VERGOEDING VIR ARBEID IN SUID-AFRIKA SEDERT 1994

3.1 INLEIDING	60
3.2 FAKTORE WAT ONVOLDOENDE VERGOEDING BEVORDER	60
3.2.1 Werkloosheid	61
3.2.1.1 Omvang van werkloosheid	61
3.2.1.2 Oorsake van werkloosheid	62
3.2.1.3 Gevolge van werkloosheid	63
3.2.1.4 Optrede om werkloosheid te bekamp	64
3.2.2 Kinderarbeid	66
3.2.2.1 Definiëring van kinderarbeid	66
3.2.2.2 Voorkoms en omvang van kinderarbeid	67
3.2.2.3 Vergoeding van kinderwerkers	67
3.2.2.4 Oorsake van kinderarbeid	68
3.2.2.5 Gevolge van kinderarbeid	68
3.2.2.6 Optrede om kinderarbeid te bekamp	69

3.2.3	MIV/vigs	70
3.2.3.1	Agtergrond	70
3.2.3.2	Omvang van MIV/vigs	70
3.2.3.3	Uitwerking van die siekte	71
3.2.3.4	Optrede om MIV/vigs te bekamp	73
3.2.4	Dobbelary	75
3.2.4.1	Agtergrond	75
3.2.4.2	Gevolge van dobbelary	76
3.2.4.3	Optrede om dobbelary teen te werk	77
3.2.5	Onwettige immigrasie	78
3.2.5.1	Omvang van onwettige immigrasie	78
3.2.5.2	Oorsake van onwettige immigrasie	79
3.2.5.3	Gevolge van onwettige immigrasie	80
3.2.5.4	Optrede teen onwettige immigrasie	80
3.2.6	Goedkoop invoere	81
3.2.6.1	Omvang van invoere	82
3.2.6.2	Oorsake van goedkoop invoere	82
3.2.6.3	Gevolge van goedkoop invoere	83
3.2.6.4	Optrede om goedkoop invoere te bekamp	84
3.3	FAKTORE WAT HOË VERGOEDING BEVORDER	85
3.3.1	Regstellende aksie	85
3.3.1.1	Agtergrond	85
3.3.1.2	Toepassing van regstellende aksie	86
3.3.1.3	Faktore wat regstellende aksie belemmer	89
3.3.1.4	Uitwerking van regstellende aksie	89

3.3.2	Minimum lone	94
3.3.2.1	Omvang van werkers wat lae lone ontvang	95
3.3.2.2	Oorsake van lae lone	95
3.3.2.3	Gevolge van lae lone	96
3.3.2.4	Optrede	96
3.3.2.5	Gevolge van die vasstelling van minimum lone	97
3.3.3	Diefstal en roof	99
3.3.3.1	Omvang van diefstal en roof	99
3.3.3.2	Redes waarom mense steel en roof	101
3.3.3.3	Gevolge van diefstal en roof	101
3.3.3.4	Optrede om diefstal en roof te bekamp	102
3.3.4	Korrupsie	103
3.3.4.1	Omskrywing van korrupsie	103
3.3.4.2	Omvang van korrupsie	103
3.3.4.3	Gevolge van korrupsie	108
3.3.4.4	Optrede teen korrupsie	110
3.3.5	Oorvergoeding van werknemers	111
3.3.5.1	Omvang van oorvergoeding	112
3.3.5.2	Gevolge van oorvergoeding	116
3.3.5.3	Optrede om oorvergoeding teen te werk	116
3.3.6	Stakings	117
3.3.6.1	Redes vir stakings	117
3.3.6.2	Omvang van stakings	119
3.3.6.3	Gevolge van stakings	120
3.3.7	Emigrasie se invloed op vergoeding	122
3.3.7.1	Omvang van emigrasie	122
3.3.7.2	Oorsake van emigrasie	123
3.3.7.3	Gevolge van emigrasie	123
3.3.7.4	Optrede	125

HOOFSTUK 4**VERGOEDING VIR ARBEID IN DIE LIG VAN DIE SKRIF**

4.1 INLEIDING	126
4.2 SKEPPINGSPERSPEKTIEF	126
4.2.1 Geskape na God se beeld	126
4.2.2 Arbeid as skeppingsdoel	127
4.2.3 Reg tot arbeid	128
4.2.4 Arbeid as diens aan God	129
4.2.5 Alle mense geroep tot arbeid	130
4.2.5.1 Kinders en arbeid	131
4.2.5.2 Vroue en arbeid	132
4.3 NAASTEPERSPEKTIEF	133
4.3.1 Arbeid gerig op die naaste	133
4.3.2 Arbeidsontplooiing	134
4.3.3 Die mens as gemeenskapswese	135
4.4 ONDERHOUDSPERSPEKTIEF	136
4.4.1 Die skepping en vergoeding	136
4.4.2 Reg op vergoeding vir arbeid	137
4.4.3 Minimum vergoeding	138
4.4.4 Ontwikkeling in vergoeding vir arbeid	139
4.4.5 Verskil in loon	140
4.4.6 Die regte ingesteldheid teenoor vergoeding vir arbeid	142
4.5 SONDEPERSPEKTIEF	143
4.5.1 Sondeval	143
4.5.2 Werkloosheid	144
4.5.3 Uitbuiting	146
4.5.4 Vreemde werkers	148
4.5.5 Trekarbeid	149
4.5.6 Diefstal en roof	150
4.5.7 Ongeoorloofde arbeid	153

4.5.8 Dobbelary	153
4.5.9 Onvermoë om te kan werk as gevolg van siekte en beserings	154
4.5.10 Werkolisme	156
4.5.11 Werkskuheid	157
 4.6 VERLOSSINGSPERSPEKTIEF	 158
4.6.1 Die “reeds” en “nog nie” van Christus se verlossingswerk	159
4.6.2 Christus se heerskappy	160
4.6.3 Die werk van die Heilige Gees	161
 4.7 ESKATOLOGIESE PERSPEKTIEF	 163
4.7.1 Geen hemel op aarde nie	163
4.7.2 Geen verlossing deur arbeid	165
4.7.3 Arbeid tot met die wederkoms	165
4.7.4 Arbeid deel van die lewe na die dood	166

HOOFSUK 5

BEOORDELING VAN VERGOEDING VIR ARBEID SEDERT 1994

5.1 INLEIDING	167
 5.2 BEOORDELING VAN FAKTORE WAT ONVOLDOENDE VERGOEDING BEVORDER	 167
5.2.1 Werkloosheid	167
5.2.2 Kinderarbeid	171
5.2.3 MIV/vigs	174
5.2.4 Dobbelary	177
5.2.5 Onwettige immigrasie	180
5.2.6 Goedkoop invoere	183
 5.3 BEOORDELING VAN FAKTORE WAT HOË VERGOEDING BEVORDER	 184
5.3.1 Regstellende aksie	184

5.3.2	Minimum lone	190
5.3.3	Diefstal en roof	193
5.3.4	Korrupsie	195
5.3.5	Oorvergoeding	197
5.3.6	Stakings	200
5.3.7	Emigrasie	203

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING	206
--------------------	-----

BIBLIOGRAFIE	208
---------------------------	------------

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 OBJEK VAN DIE STUDIE

In hierdie studie word vergoeding vir arbeid in Suid-Afrika bestudeer, met die oog daarop om dit teologies-eties te beoordeel.

Vir die doel hiervan word onder arbeid die volgende verstaan: dit is daardie menslike aktiwiteit wat verrig word met die oog op lewensonderhoud, maar só dat dit diens aan God, die naaste asook selfontplooiing en natuurbeheersing insluit. Dit word dus onderskei van vryetydswerk en vakansiewerk (Koning, 1986:58; Van Wyk, 1996:155, 156). Arbeid en werk word as sinonieme in dié studie gebruik.

Onder vergoeding word die volgende verstaan: dit is die beloning wat 'n werker vir sy arbeid ontvang. Daarmee versorg hy homself en sy afhanklikes. Vergoeding vir arbeid kan verskillende vorme aanneem. Dit kan byvoorbeeld die opbrengs wees van 'n land wat geploeg, gesaai en versorg is, of dit kan geld of ander middele wees.

Verdermeer word die faktore wat vergoeding vir arbeid bepaal of beïnvloed, ook in dié studie bestudeer. Hierdie faktore word teologies-eties beoordeel. Met 'n teologies-etiese beoordeling word bedoel 'n beoordeling wat die Bybel as uitgangspunt, fundering en norm van besinning en praktyk neem (Van Wyk, 1996:156).

1.2 ORIËNTERING

God het die mens onder andere met die doel geskep om deur arbeid te “heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere en die wilde diere wat op die aarde kruip” (Gen. 1:26). Deur gehoorsame uitvoering van hierdie opdrag moet die mens in sy eie lewensonderhoud voorsien (Gen. 1:28). Van die vroegste tye af het dit gebeur dat mense in hul eie lewensonderhoud voorsien, deur vir ander mense te werk. So het 'n werkgewer/werknemer verhouding ontstaan, wat inhou dat die werkgewer die werknemer sal vergoed vir die dienste wat hy lewer.

Die sondeval het 'n ingrypende invloed op die uitvoering van God se arbeidsopdrag. Dit het daar toe gelei dat die mensdom “met swaarkry . . . ’n bestaan maak” (Gen. 3:17). Die “swaarkry” het deurgewerk na alle vlakke van die arbeidstoneel, en die verhouding tussen werknemers en werkgewers ly hier. In die tyd waarin die Bybel geskryf is, was daar reeds probleme tussen werkers en hul werkgewers.

God het in die Ou Testament wette ingestel om misbruike op arbeidsgebied te bekamp (Kaiser, 1991:98). Hierdie wette het hoofsaaklik op probleme tussen eienaars en werknemers gekonsentreer (vgl. Eks. 21:1-11, 20, 26-27; Lev. 25:39-43; Deut. 15:12-18 en Jer. 34:8-22). Werkgewers het volgens die Skrif ’n besondere verantwoordelikheid om billik en regverdig teenoor hul werkers op te tree (vgl. Lev. 19:13; Deut. 24:14-15; Mal. 3:5 en Jak. 5:4).

Ten opsigte van die vergoeding vir arbeid het God die beginsel neergelê dat die arbeider sy loon word is (Deut. 25:4; Matt. 10:10; Luk 10:7; 1 Kor. 9:9-14 en 1 Tim. 5:18). Die beginsel word in verskillende omstandighede in die Bybel toegepas, byvoorbeeld teenoor slawe (Deut. 15:13-15), Leviete (Num. 18:21-23), dissipels (Luk. 10:7) en apostels (1 Kor. 9:14). Hierdie (onveranderlike) beginsel geld steeds en moet in die verskillende werkgever/werknemer verhoudings toegepas word (vgl. Van Wyk, 1998:5).

1.3 PROBLEEMSTELLING

Daar kan gevra word of vergoeding vir arbeid tans in Suid-Afrika aan bogenoemde beginsel voldoen. Dit word gevra in die lig van die volgende feite:

- In Suid-Afrika het 53% van die volwasse bevolking in 1997 ’n inkomste van minder as R385 per maand verdien (Mittner, 1997a:28).
- Die werkloosheidkoers in Suid-Afrika is tans 40%. Die groot getal werklose mense het nie ’n geleentheid om te werk en daarvoor vergoed te word nie (Van der Westhuizen, 2003:10).
- Dit gebeur dat die hoogs besoldigde werker tot 160 keer meer per maand as die laags besoldigde werker in dieselfde maatskappy verdien (Dasnois, 2002:2).

- Duisende werkers wat bedank het, geskors is en selfs te sterwe gekom het, ontvang steeds vergoeding van hul oorspronklike werkgewers, sonder dat hulle enige arbeid verrig (Anon., 1998a:6; Granelli, 2001:3).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat sommige werkers ondervergoed word vir hul arbeid terwyl ander weer oorvergoed word. In die lig van die Bybelse beginsel dat 'n arbeider sy loon werd is, ontstaan die volgende vrae oor die vergoeding vir arbeid in Suid-Afrika:

- Waarom word sommige werkers so laag vergoed en ander so hoog?
- Is dit reg dat daar so 'n verskil in vergoeding is?
- Wat behoort die omvang van vergoeding vir arbeid te wees?
- Wat behoort gedoen te word om die probleme rakende vergoeding op te los?
- Hoe behoort 'n Christen teenoor vergoeding vir arbeid te staan?

1.4 AKTUALITEIT EN NOODSAAKLIKHEID

Daar is dwarsoor die wêreld reeds verskeie boeke oor arbeidsetiek gepubliseer. Etiek-handboeke gee gewoonlik uitgebreide aandag aan arbeid en verwante sake. In Suid-Afrika het reeds verskeie teologiese proefskrifte, boeke en tydskrifartikels verskyn, wat verband hou met arbeid (vgl. Van Wyk, 1996:156-157). Daar is ook 'n aantal studies oor verskillende aspekte van vergoeding in Suid-Afrika gedoen. Hierdie studies is hoofsaaklik vanuit 'n ekonomiese perspektief onderneem. Geen grondige teologiese (of etiese) studie oor die huidige vergoedingsprobleme in Suid-Afrika is nog gedoen nie.

In 1994 het die eerste volle demokraties verkose regering aan bewind gekom. Sedertdien het talle ingrypende veranderinge op arbeidsgebied plaasgevind. Hoewel daar in die tydperk rondom 1994 'n aantal artikels gepubliseer is oor arbeidsake wat verwant hou met vergoeding vir arbeid (bv. regstellende aksie), is daar in die afgelope dekade nog nie 'n omvattende studie vanuit teologiese hoek gedoen wat die vergoeding vir arbeid ondersoek nie.

Hierdie studie wil 'n bydrae lewer, oor hoe Christene op 'n Bybelsverantwoorde manier vergoedingsprobleme behoort te benader en oplossings daarvoor behoort te soek.

1.5 BEGRENSING

In hierdie studie word hoofsaaklik gekonsentreer op die faktore wat vergoeding vir arbeid sedert 1994 in Suid-Afrika bepaal. Vanaf 1994 is talle nuwe wette wat betrekking op arbeid het, aanvaar. Die uitwerking van hierdie wette tesame met ander faktore wat 'n uitwerking op vergoeding het, word ondersoek. Hierdie ondersoek word gedoen teen die agtergrond van die geskiedenis van vergoeding vir arbeid in Suid-Afrika sedert die sewentiende eeu.

In hierdie studie word gekonsentreer op die vergoeding wat werkers vir hul arbeid ontvang. Vergoeding wat werkers uit rente of beleggings ontvang, word nie ondersoek nie. Slegs arbeid wat verrig word met die doel om vergoeding daarvoor te ontvang, kom onder die soeklig. Vakansiewerk of vryetydswerk word nie bestudeer nie.

1.6 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

Die doelstelling van hierdie studie is om teen die agtergrond van die Suid-Afrikaanse geskiedenis faktore wat vergoeding in Suid-Afrika bepaal of beïnvloed, in die lig van die Skrif te beoordeel. Ten einde hierdie oorkoepelende doelstelling te bereik, word die volgende doelwitte vir hierdie studie gestel:

- Om vas te stel hoe vir arbeid voor 1994 in Suid-Afrika vergoed is;
- Om die faktore wat vergoeding vir arbeid sedert 1994 bepaal of beïnvloed, vas te stel;
- Om Bybelse beginsels en norme wat betrekking het op vergoeding vir arbeid, vas te stel;
- Om die faktore wat tans vergoeding vir arbeid bepaal of beïnvloed in die lig van die vagestelde Bybelse beginsels en norme, te beoordeel en aanbevelings te maak.

1.7 METODE VAN ONDERSOEK

Hierdie is 'n studie in die gereformeerde teologiese etiek. Die metodes wat gevolg word, is dié van die deskriptiewe en preskriptiewe etiek.

Die deskriptiewe etiek gee 'n beskrywing van hoe mens se sedelike lewe in werklikheid daaruit sien (De Bruyn, 1993:11; Van Wyk, 1986:4-5). Die deskriptiewe etiek word in hierdie studie gebruik om die probleem van vergoeding in Suid-Afrika fenomenologies te omskryf. In hierdie

verband word van literatuurstudies gebruik gemaak. Alle navorsingsmateriaal wat betrekking het op die onderzoekveld word deur analise, interpretasie en sintese gekeur en georden.

Die preskriptiewe etiek dui aan hoe die mense se sedelike lewe behoort te wees (De Bruyn, 1993:11; Kaiser, 1991:28-29; Van Wyk, 1986:4-5; Geisler, 1993:23). Aangesien Christelike etiek kragtens sy wese preskriptief is (Geisler, 1993:23), word deur middel van eksegeese van relevante gedeeltes uit die Bybel beginsels vasgestel, oor hoe die mens die verhouding tussen arbeid en vergoeding behoort te beskou. Aangesien beginsels toegepas moet word in die verskillende situasies waarin die mens hom bevind (Van Wyk, 1998:5), sal daar ook norme vasgestel word om aan te toon hoe Christene in die lig van die vasgestelde beginsels die probleem van vergoeding in Suid-Afrika behoort te benader. Die onderskeid tussen geopenbaarde, gekonkretiseerde en kontingente norme sal hier in berekening gebring word (De Bruyn, 1995:174-178). Die Skrif word in hierdie studie bestudeer volgens hermeneutiese reëls wat deur Coetzee, De Klerk en Floor (1980:12-26), Van Wyk (1986:16-17) en Coetzee (1990:15-32) aangedui word.

Die vergoedingsprobleem (deskriptief) word beoordeel aan die hand van die resultate van die eksegeese, ten einde aanbevelings te maak oor hoe Christene op Bybelsverantwoorde manier behoort op te tree (preskriptief).

HOOFSTUK 2

VERGOEDING VIR ARBEID IN SUID-AFRIKA IN HISTORIESE PERSPEKTIEF TOT 1994

2.1 INLEIDING

Die regeringsverandering van 1994 het 'n nuwe fase in Suid-Afrika se geskiedenis ingelei. Nuwe beleidsrigtings en wette is sedertdien aanvaar, wat onder meer op arbeid en die vergoeding vir arbeid 'n invloed het. In die volgende hoofstuk kom die invloed van hierdie wette en beleidsrigting tesame met ander faktore wat tans 'n invloed op vergoeding vir arbeid het, in die soeklig. In Hoofstuk 2 word ondersoek ingestel na vergoeding vir arbeid in Suid-Afrika voor 1994. Die historiese ontwikkeling van vergoeding vir arbeid voor 1994 word ondersoek, ten einde vas te stel teen watter agtergrond die teenswoordige vergoeding vir arbeid in Suid-Afrika bestudeer moet word. Omdat hierdie hoofstuk slegs ten doel het om die agtergrond van die teenswoordige vergoeding vas te stel, word geen etiese uitspraak oor vergoeding in Suid-Afrika voor 1994 gedoen nie.

Argeologiese navorsing dui daarop dat die geografiese gebied wat vandag bekend staan as Suid-Afrika, reeds so vroeg as 270 n.C. bewoon is (Maylam, 1986:2). Dit is nie presies duidelik wie almal hier gewoon het en wat die arbeid was wat hierdie vroeë inwoners verrig het nie. Dat hier wel groot aktiwiteite plaasgevind het, blyk uit die 10 000 ton erts wat eeue gelede by Phalaborwa en 18 000 ton erts wat by Rooiberg gemyn is (Maylam, 1986:12, 13). Weinig is bekend oor wie hierdie vroeë myners was en hoe hulle vir hul moeisame arbeid vergoed is. Meer inligting is wel beskikbaar oor die inwoners wat die land sedert die sewentiende eeu bewoon. In hierdie hoofstuk word die beskikbare inligting gebruik, om 'n historiese oorsig oor vergoeding vir arbeid vanaf die sewentiende eeu te gee.

Ten einde 'n sistematiese uiteensetting van vergoeding vir arbeid voor 1994 te gee, word die geskiedenis van Suid-Afrika sover moontlik chronologies gevolg. Die geskiedenis word in verskillende tydperke ingedeel. Hierdie tydperke is gekies in ooreenstemming met uitstaande veranderinge wat op sekere tye plaasgevind het, en wat 'n besondere invloed op arbeid in Suid-Afrika gehad het. Verder word 'n onderskeid tussen die vroeë bewoners van die land gemaak, op grond van hul bestaanwyses. In hierdie verband word daar op grond van analise onderskeid

gemaak tussen die San- en Khoikhoi-inwoners van die land, teenoor die Afrikane wat die land bewoon het. Die koloniste en hul slawe word afsonderlik ondersoek.

Eers word daar 'n uiteensetting gegee van die vergoeding wat bogenoemde onderskeibare groepe vir hul arbeid ontvang het. Daarna word ondersoek ingestel na die ontstaan en ontwikkeling van een Suid-Afrikaanse ekonomie en die veranderinge wat op arbeids- en vergoedingsvlak plaasgevind het, tot en met 1994.

Die geskiedenis van vergoeding vir arbeid in Suid-Afrika word in die volgende tydperke ingedeel:

- Sewentiende eeu tot 1820;
- 1820 tot die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog;
- die Anglo-Boereoorlog tot 1933;
- 1933 tot 1970 en
- 1970 tot 1994.

Die volgende sake oor vergoeding vir arbeid in die verskillende tydperke word uitgelig:

- Faktore wat in die verloop van die geskiedenis 'n verandering in die vergoeding vir arbeid veroorsaak het;
- faktore wat 'n uitwerking op die verhouding tussen arbeid en vergoeding gehad het en
- probleme wat in die verlede oor arbeid en die vergoeding daarvan ondervind is.

2.2 VERGOEDING VIR ARBEID: SEWENTIENDE EEU TOT 1820

Suidelike Afrika word van die vroegste tye af reeds deur verskeie volke en stamme bewoon, wat elk 'n eie byna onafhanklike ekonomie gehad het. Ter wille van 'n geheelbeeld kom die vergoeding vir arbeid onder verskillende groeperinge dwarsoor Suid-Afrika onder die soeklig. Eers word ondersoek ingestel na die San en Khoikhoi en daarna word ondersoek ingestel na die ander Afrikane. Laastens kom die koloniste en hul slawe wat hul sedert die sewentiende eeu in die land gevestig het, aan die beurt.

2.2.1 San en Khoikhoi

Daar is 'n voortdurende debat oor die ooreenkomste en die onderskeid tussen die San en die Khoikhoi. Die debat gaan onder meer daaroor of daar werklik onderskeid getref kan word tussen die San en die Khoikhoi (Newton-King, 1999:26-28). Daarom word soms na hierdie twee groepe mense verwys as die Khoisan, as 'n breë term wat die Khoikhoi (ook genoem Khoekhoe, Kwená en Khoe-na) en die San (Soaqua of Sonqua) insluit (Boonzaier *et al.*, 1996:2). Aangesien daar nog tot geen duidelike gevolgtrekkings gekom is nie en dit ook nie die doel van hierdie studie is om die ooreenkomste en verskille aan te dui nie, word daar vir die doeleindes van hierdie studie 'n onderskeid getref tussen die San (Boesmans) en Khoikhoi (Hottentotte) met die wete dat die onderskeid nie altyd absoluut is nie, omdat daar aanduidings is dat die San soms eintlik verarmde Khoikhoi was (Elphick, 1985:28).

2.2.1.1 San

Die San was die eerste inwoners wat die suidelike dele van Suid-Afrika bewoon het (Elphick, 1985:41). Teen die sewentiende eeu het hulle dwarsoor Suid-Afrika gewoon, maar veral in die bergagtige gebiede van die suidelike en oostelike dele van die land (Tobias, 1978:7). Hulle het in klein groepies gebly en 'n eenvoudige bestaan gevoer. Hul enigste besittings was enkele persoonlike items soos gereedskap en klere. Verder het hulle hul besittings met mekaar gedeel (Boonzaier, *et al.*, 1996:24).

Die San het hoofsaaklik van jag geleef. Dit was die werk van die mans. Seuns het ook soms daarmee gehelp. Die vrug van 'n jagtog is onder mekaar verdeel, maar die persoon wat die dier gedood het, is vir sy moeite vergoed in die vorm van die dier se vel wat hy kon kry. Die San wat langs die Oranjerivier gewoon het, het ook vis gevang. Mans het verder ook heuning uitgehaal en mierpapiers versamel. Vroue was weer verantwoordelik om plante te soek. Bejaarde vroue het na die kinders omgesien, veral ten tyde van siekte (Barnard, 1992: 81).

Aangesien die San nie landerye gehad het of met troppe vee geboer het nie, was hulle baie beweeglik en het daarom geen permanente woonplekke gehad nie (Dutton, 1923:26, 27). Hul omswerwinge het hul in kontak met ander stamme en volke gebring. Die San het onder mekaar en met die Khoikhoi en ander inheemse inwoners handel gedryf. Die San het diervelle, heuning, veldkos, pyle, boë en kokers vir melk of vleis geruil. Hulle het ook ruilhandel gebruik om yster en koper te bekom. Sommige San het as veewagters vir Khoikhoi-veeboere opgetree. Hierdie

veewagters is vergoed met die helfte van die trop waarna hulle moes omsien, terwyl hulle ook al die melk van die trop kon kry. San het ook soms as nagwagte by Khoikhoi-krale opgetree en selfs as “huursoldate” in tye van oorloë diens gedoen. In vredestryd was die San se vergoeding in die vorm van vleis en ander kos en in oorlogstryd kon hulle in die buit deel (Elphick, 1985:33-35).

Die San is vir hul arbeid vergoed, met die basiese lewensmiddele wat vir oorlewing nodig is. Daaglikse vergoeding was afhanklik van hul daaglikse arbeid, omdat hulle geen veetroppe aangehou of graan opgegaar het nie. Die San was vir hul vergoeding van beskikbare jagvelde afhanklik.

Toe die eerste Nederlandse koloniste hulle in 1652 hul aan die Kaap gevestig het, was die San en die Khoikhoi in 'n oorlog betrokke. Die oorsaak van hierdie onmin was die eeue-oue vyandskap tussen veeboere en jagers wat om die beperkte beskikbare weiveld en drinkwater meeding. Die bestaande konflik is met die koms van die Nederlandse koloniste vererger (Willcox, 1978:76-78).

Die koms van die koloniste het die wedywering om weiveld vererger. Soos koloniste al hoe dieper die binneland ingetrek het, het aanvalle al hoe meer geword. Op die duur was die San egter nie bestand teen die koloniste en die Khoikhoi nie (Willcox, 1978: 79). Alhoewel die San baie dapper was, het hierdie eienskap waarskynlik juis tot hul uiteindelijke ondergang bygedra. Hulle het byvoorbeeld eerder gesterf as om hul eie mense te verrai. Hulle sou ook eerder tot die dood toe veg, as om gevange geneem te word (Jeffreys, 1978:92). Om die dood te ontkom, was hulle verplig om al hoe dieper die binneland in te trek. Teen 1834 het hulle reeds so ver getrek dat hulle hulself teen die Griekwas in die gebied tussen die Oranje- en die Rietriviere vasgeloop het. Hierdie San is uitgewis. Die koms van die Voortrekkers het verdere uitwissing beteken en toe daar in 1840 konflik tussen die San en die Tswanas in Kuruman se omgewing oor gesteelde vee uitgebreek het, het dit ook die einde van die San in daardie omgewing beteken (Willcox, 1978:79-81).

Die San het vir 'n lang tydperk goeie verhoudinge met die Nguni's en Sotho's gehandhaaf. Hulle het ook met eersgenoemde handel gedryf. Die goeie verhoudinge met die Xhosas ('n Ngunistam) het egter in 1769 tot 'n einde gekom, toe Rarebe, 'n Xhosa-hoofman in San-gebied gaan jag het. Die San het op hul beurt weer sy beste gedood. In die daaropvolgende oorlog is

die San wat in die omgewing van die Groot Keirivier gewoon het, uitgewis (Willcox, 1978:81-82).

Die San het Kwazulu-Natal voor die Nguni's beset. Namate die Nguni's in die gebied ingetrek het, het die San wat in die gebied gewoon het, hulself in die Drakensberge gevestig. Hierdie terrein met sy volop wild en skuilplekke was 'n ideale woongebied. Met die koms van die Voortrekkers in Kwazulu-Natal vanaf 1837 het die situasie begin verander. Die Voortrekkers het wild in die Drakensberge geskiet, waarop die San gereageer het deur die Voortrekkers se beeste en perde te steel. In die loop van ongeveer dertig jaar het die San sewentig sulke strooptogte uitgevoer. Intussen het die San hulle die vyandskap van die Nguni-sprekende inwoners van die gebied en die inwoners van Lesotho op die hals gehaal. In 1869 het 'n gesamentlike optrede tussen blankes en Sotho's die laaste georganiseerde San-bende in hierdie deel van die land vernietig (Willcox, 1978:84).

Oor 'n tydperk van ongeveer 200 jaar is die San-inwoners van Suid-Afrika feitlik uitgewis (Willcox, 1978:86). Volgens Tobias (1978:13) was daar in 1978 net 25 San in Suid-Afrika oor. Deel van die oorsaak van die uitwissing van die San in Suid-Afrika was hul onvermoë en onwilligheid om ander vergoeding vir hul arbeid te aanvaar, as dié waaraan hulle eeue lank gewoon was. Toe hulle nie meer toegang gehad het tot hul tradisionele werkplek (jagvelde) nie, kon hulle of wou hulle nie op 'n ander manier werk om te oorleef nie. Die einde van die jagvelde het ook die einde van die San veroorsaak.

2.2.1.2 Khoikhoi

Die Khoikhoi was, soos die San, oor groot gebiede van die land versprei. Hulle het ná die San in gebiede ingetrek, wat reeds deur eersgenoemde bewoon was (Boonzaier *et al.*, 1996:27). Die Khoikhoi het hulself ook aan die lewe gehou deur te jag en veldkos te versamel, maar het – anders as die San – ook groot troppe beeste en skape aangehou (Shaw, 1972:1, 3). Die veetroppe het die Khoikhoi gedwing om nuwe weivelde te soek en dan in gebiede waar die San reeds gewoon het, in te trek (Boonzaier *et al.*, 1996:27).

Hoewel die Khoikhoi met vee geboer het, het hulle selde van dié diere geëet. Hulle het gewoonlik beeste of skape net met feestye of spesiale seremonies geslag. Jag het vleis gelewer om te eet en velle waarvan klere gemaak kon word (Elphick, 1985: 31). Omdat die Khoikhoi so afhanklik van jag was, het hulle die meeste van hul tyd in die veld deurgebring (Boonzaier *et al.*,

1996:42). Anders as die Afrikane se kultuur wat nie toegelaat het dat vroue met die vee gewerk het nie, kon Khoikhoi-vroue ook na vee omsien. Dit het dit vir die Khoikhoi-mans moontlik gemaak om op jagtogte te gaan (Elphick, 1985: 31-32).

Wanneer die Khoikhoi-mans nie gejag het nie, het hulle gereedskap of wapens gemaak en ander huishoudelike take verrig (Boonzaier *et al.*, 1996:42). Vroue het op hul beurt veldkos (bessies, wortels, ens.) versamel en die koeie gemelk. Dit het die grootste deel van hul dieet uitgemaak (Elphick, 1985: 31). Sommige werk is deur mans en vroue gesamentlik verrig. Wanneer nuwe matjieshutte opgerig moes word, het die mans die takke gesny, in die grond geplant en die bopunte aan mekaar gebind, om die raamwerk van die huis te vorm. Die vroue moes weer sorg vir die vervaardiging van die matjies wat bo-oor die raamwerk vasgemaak is (Boonzaier *et al.*, 1996:37).

Jong Khoikhoi-mans het soms op rooftogte gegaan om beeste van ander groepe te steel. So kon hulle dan hul eie troppe begin en hulself as volwassenes vestig (Boonzaier *et al.*, 1996:29).

Onder die Khoikhoi was daar ryk én arm mense. Dit is bekend dat 'n sekere hoofman tot 4 000 beeste en 3 000 skape besit het. Sulke rykdom was die uitsondering, maar baie Khoikhoi, veral hoofmanne en kapteins, het groot troppe vee besit. Baie mense het egter geen vee besit nie. Hulle het gewoonlik vir vermoënde volksgenote as veewagters gewerk (Boonzaier *et al.*, 1996:41). Dit kon ook gebeur dat 'n persoon al sy vee met 'n droogte of 'n oorlog verloor. Dan was hy verplig om as veewagter werk te soek. In die ergste gevalle moes so 'n persoon jag en steel om te oorleef (Elphick, 1985:38, 40). Arm Khoikhoi is vir hul veewagterswerk vergoed, in die vorm van vry toegang tot die melk van die kudde wat hulle opgepas het en 'n aantal stuks kleinvee; of die deling in die aandeel van die kleinvee. Vir arm Khoikhoi was dit moeilik om vooruit te boer. Met die kennismaking met Europese koloniste was dit dan ook die armer Khoikhoi wat eerste bereid was om vir koloniste te gaan werk, in ruil vir lone (Boonzaier *et al.*, 1996:42).

Soos reeds gemeld het Khoikhoi en San soms die produkte van hul arbeidsinsette met mekaar geruil. Ruilhandel was nie net tot die San beperk nie. Vee is geruil om dagga, koper en yster van ander volkere in suidelike Afrika te bekom (Elphick, 1985:67). In 1488 het die eerste kontak tussen Khoikhoi en Europeërs plaasgevind, toe Bartholomeus Diaz naby Mosselbaai water ingeskeep het. Sporadiese kontak is vanaf 1488 tot tot 1652 gemaak (Boonzaier, *et al.*, 1996:52, 53). Vanaf 1590 het Khoikhoi aan die kus meer gereeld met Europeërs ruilhandel

begin beoefen. Die Engelse en Nederlanders het in hierdie tyd tot die seehandel toegetree. Die Khoikhoi het skape en beeste geruil vir messe, yster, spykers en die ysterhoepels van vaatjies. In 1591 kon 'n os geruil word vir twee messe, terwyl een skaap 'n mes kon bekom. Tussen 1590 en 1610 het omvangryke handel plaasgevind, maar daarna het dit drasties afgeneem (Elphick, 1985:76, 82). Hierdie kontak het nie 'n blywende uitwerking op die Khoikhoi se arbeid of die vergoeding wat hul vir hul arbeid ontvang het, gehad nie.

Met die koms van Jan van Riebeeck aan die Kaap het 'n nuwe tydperk vir die Khoikhoi aangebreek. Die Khoikhoi het hul tradisie van ruilhandel voortgesit, om produkte te bekom wat hulle nie gehad het nie. Tussen 1652 en 1667 het die Kompanjie 4 890 pond tabak en 14 576 pond koper vir 3 819 beeste geruil. Terselfdertyd het die Khoikhoi die gebruik om koper en dagga van ander inheemse volke te ruil, voortgesit (Elphick, 1985:163, 166).

Met die stigting van die verversingspos aan die Kaap was die meeste amptenare ambagsmanne of soldate. Hulle was onwillig om hande-arbeid te verrig. Die Kompanjie het Khoikhoi vir hierdie werk in diens geneem. Met die koms van die eerste slawe in 1658 het die aantal Khoikhoi-werkers ook toegeneem. Die Khoikhoi-werkers was nie permanent in die Kompanjie se diens nie, maar het tye wat hulle nie gejag het nie, vir die Nederlanders gewerk. Hulle is vir hierdie tydelike arbeid met rys, brood, tabak en alkohol vergoed (Elphick, 1985:175, 176).

In 1859 het 'n klompie Strandlopers (Khoikhoi wat uit hul stamme uitgewerk is en langs die kus gewoon het) by die Nederlandse koloniste toestemming gekry om onder hul beskerming by die fort te bly. In ruil vir die beskerming moes hulle vis vang en water en brandhout vir die Kompanjie kry. Die getal Khoikhoi-werkers het vanaf agtien in 1662 tot meer as 80 in 1666 gegroei. Mettertyd moes hulle ook skulpe versamel om kalk te brand en met die grondwerk vir die bou van die kasteel help. Khoikhoi-vroue is op hul beurt as huisbediendes opgelei. Khoikhoi het ook as informante opgetree oor gebeure in die binneland. Hulle is met tabak, arak en kos vergoed, vir die nuus wat hulle gebring het. Spoedig het hulle ook as posbodes opgetree (Elphick, 1985: 177).

In 1695 het die Here XVII besluit om afstand te doen van die Kompanjie se boerdery-aktiwiteite en dit aan die vryburgers oor te laat. Dit het die vryburgers aangemoedig om al dieper die binneland in te trek. Dit was ten koste van die Khoikhoi wat nie meer vrye toegang tot wei- en jagvelde gehad het nie. Die verlies aan grond het 'n verandering in die vergoeding vir die Khoikhoi se arbeid teweeg gebring, omdat al hoe meer Khoikhoi op plase moes werk soek om

aan die lewe te bly (Ross, 1994:146). Aanvanklik het net mans op plase gaan werk, maar mettertyd het hele families hulle op plase gevestig. Vroue het heuning en tuisgemaakte besems gesmous en klei uitgehaal om huise mee te bou (Elphick, 1985:180). Teen 1705-6 het spanne Khoikhoi van plaas tot plaas beweeg, om graan te oes. Hulle is met 'n gedeelte van die graanoes vir hul arbeid vergoed (Worden, 1987:25). Spoedig het hulle ook geploeg, druiwestokke gesnoei, gepars en boumateriaal met ossewaens aangery (Elphick, 1985: 180).

Die gebiedsuitbreiding van die Nederlandse koloniste tesame met die geweldige pokke-epidemie wat die Kaap in 1713 getref en die grootste deel van die Khoikhoi bevolking uitgewis het, 'n droogte van twee jaar lank in die Wes-Kaap en sewe jaar van siekte onder die vee (insluitende bek-en-klouseer) het daartoe bygedra dat die meeste oorlewende Khoikhoi teen 1721 op vryburgers se plase gewoon en gewerk het (Elphick, 1985:323-234).

Vir hierdie arbeid het hulle 'n paar kalwers of lammers, tabak, alkohol en kos verdien. Teen die vroeë negentiende eeu was dit 'n gevestigde gebruik om Khoikhoi-plaaswerkers in natura te vergoed – veral in die noordelike en oostelike distrikte (Mason, 1994:80). Teen die einde van die agtiende eeu en die begin van die negentiende het Khoikhoi-werkers tussen twee en 24 skape per jaar vir hul arbeid ontvang. Die gemiddelde vergoeding was 9,3 skape per jaar. Soms is die vergoeding met 'n vuursteen, tonteldoos, 'n pond krale, 'n mes, 'n hoed, 'n handskoen of klere aangevul. Ongeveer 'n vyfde van die Khoikhoi-werkers is in kontant vir hul arbeid vergoed. Dit het twaalf riksdaalders per jaar beloop (Newton-King, 1999: 182, 183). Die Khoikhoi se lae vergoeding het verband gehou met hul werkgewers se finansiële onvermoë om hulle beter te vergoed (Giliomee, 2003:66).

Kontak met die Nederlandse koloniste het tot gevolg gehad dat die Khoikhoi nie meer direk vir hul arbeidsinsette vergoed is nie. Hulle is nou deur werknemers vergoed. Hierdie manier van vergoeding het ook onder die Khoikhoi self inslag gevind. Ryker Khoikhoi het dikwels beeste aan armer volksgenote geleen. Die leners moes dan die troppe oppas, maar is deur die uitlener uit die aanwas van die troppe vergoed (Mason, 1994:83).

Die verandering in die Khoikhoi se vergoeding vir arbeid weg van bestaansboerdery af is aangehelp met die verlies aan weiveld weens kolonisasie, én ook as gevolg van 'n groot tekort aan slawe wat die koloniste ondervind het. Die tekort aan slawe het waarskynlik daartoe bygedra dat daar tussen 1776 en 1800 minstens 255 gevalle was waar Khoikhoi- en San-kindere tussen die ouderdomme van een en sestig jaar oud geroof en dan volgens die inboekstelsel

ingeboek is tot op 'n maksimum ouderdom van 25 jaar (Worden, 1987:36). Die inboekstelsel het verhoed dat werkers vrylik kon rondbeweeg op soek na beter werkgeleenthede (Giliomee, 2003:61). Baie oorlogsgevangenes het ook op hierdie manier in diens van die koloniste gekom. Newton-King (1999:117) reken dat meer as 1 000 oorlogsgevangenes net in Graaff-Reinet se distrik op hierdie manier werkers geword het.

Ten spyte daarvan dat die Khoikhoi deur hul omstandighede gedwing is om loonarbeid te verrig, was daar teen die einde van die agtiende eeu steeds 'n aantal Khoikhoi wat rondgeswerf het. In 1809 is hul bewegingsvryheid beperk toe 'n proklamasie uitgevaardig is wat onder meer bepaal het dat alle Khoikhoi 'n vaste verblyfplek moes hê, en dat Khoikhoi alleen met 'n behoorlike verlofbrief (pas) van die landdros of veldkornet kon reis. Die bedoeling van die wet was om arbeidsaamheid by die nomadiese Khoikhoi te kweek, maar dit het hul beweging in so 'n mate aan bande gelê, dat hulle nie werklik kon rondbeweeg op soek na beter werkgeleenthede nie. Dit het lae lone in die hand gewerk (Giliomee, 2003:83).

In 1812 is verdere wetgewing aangeneem wat betrekking op Khoikhoi-arbeid gehad het. Alle Khoikhoi-kindere wat tot hul agste jaar deur hul ouers se werkgewers onderhou is, kon vir tien jaar lank by die werkgewer ingeboek word – op voorwaarde dat die landdros van die werkgewer se menslikheid oortuig was. Die werkgewer moes die kindere van voedsel en klere voorsien. In 1819 is die wetgewing uitgebrei, sodat weeskindere wat onderhou moes word ook tot hul agtiende jaar ingeboek kon word (Kotzé, 1980:136). Die maatreëls wat ingestel is, het in praktyk beteken dat Khoikhoi-families nie meer kon rondbeweeg nie en lae vergoeding moes aanvaar. Voor 1828 het dit dikwels gebeur dat sulke werkers vir lang tydperke gewerk het en net met kos en klere vergoed is (Giliomee, 2003:83). Die beperking van die Khoikhoi se bewegingsvryheid het die einde van hul tradisionele manier van bestaan beteken.

Vanaf die sewentiende eeu tot aan die begin van die negentiende eeu het verskeie faktore die Khoikhoi gedwing om op ander maniere 'n bestaan te voer, as waaraan hulle tradisioneel gewoon was. Hul daaglikse arbeid het verander en ook die vergoeding wat hulle daarvoor ontvang het. Waar hulle aanvanklik vry was om te doen wat hulle wou en self hul vergoeding bepaal het, is hulle later verplig om vir werkgewers te werk en die vergoeding wat aan hulle betaal is, te aanvaar.

2.2.2 Afrikane

Ongeveer 90% van die inheemse inwoners van Suid-Afrika kan in twee taalgroepe ingedeel word, naamlik die Nguni's en die Sotho-Tswanas. Die Nguni's het hulself hoofsaaklik aan die oostelike dele van die land tussen die kus en die platorand gevestig. Die Sotho-Tswanas het die sentrale plato bewoon. Die oorblywende inwoners word verteenwoordig deur die Venda en Tsonga, wat in die noordelike dele van die land woon (Magubane, 1998:10). Alhoewel hierdie groeperinge elk weer in verskillende kleiner eenhede opgedeel kan word (bv. stamme) en hul elkeen onderlinge ooreenkomste en verskille gehad het, toon studie aan dat daar betreffende arbeid en die vergoeding daarvan 'n breë ooreenkoms tussen die Afrikane was. Vir die doeleindes van hierdie studie word die Afrikane se arbeid en die vergoeding daarvoor as 'n eenheid aangebied, in die wete dat daar wel onderlinge verskille was.

Die Afrikane van Suid-Afrika het 'n Ystertydperkse bestaansboerdery beoefen, gegrond op hoofsaaklik veeboerdery en landbou (Bundy, 1988:25). Die huishouding was in elke gemeenskap die belangrikste eenheid. 'n Huishouding was almal wat in 'n kraal gewoon en een gemeenskaplike familiehoof erken het. In hierdie stelsel was die gemeenskap belangriker as die individu. Daarom het iemand nooit iets vir homself gedoen nie, maar was dit altyd vir die groep (Asmus, 1939:13). Die hoof van so 'n huishouding het sy eie en sy familie se arbeid gebruik, om toe te sien dat in die hele gemeenskap se basiese lewensbehoeftes voorsien word (Bundy, 1988:20).

Die arbeid wat die lede van 'n stam moes verrig – in teenstelling met die Khoikhoi – is deur die geslag van 'n bepaalde lid bepaal. Slegs die mans mag met diere gewerk het, terwyl die vroue na die huishouding en voorsiening van plantaardige kos moes omsien (Schapera, 1967a:14).

'n Hoofman het kort na 'n vrou se troue vir haar grond toegewys, wat sy kon bewerk. Die opbrengs van hierdie grond tesame met haar man se beeste moes 'n paartjie selfonderhoudend gemaak het. Dit was die vroue in die kraal se werk om te skoffel, te saai, onkruid uit te trek, te oes, te dors en te maal. Vrouens moes ook hutte bou, maar mans het hulle gehelp om die basiese raamwerk daar te stel (Bleeker, 1970:19, 20, 36; Brown, 1969:49). Wanneer omvangryke en moeilike werk gedoen moes word, is "werkspartytjies" gehou. Naburige huishoudings het kom help werk en daarna is hulle met kos en bier vergoed (Bundy, 1988:17, 18, 20).

Kinders moes vanaf ongeveer sesjarige ouderdom help werk. Hulle moes voëls en diere uit die lande hou (Bleeker, 1970:36). Jong seuns het skape en bokke opgepas, terwyl die oueres na die beeste omgesien het. Jong dogters het babas help oppas, hutte gevee en water geskep, terwyl ouer dogters kos gemaak en op die landerye gehelp het (Bryant, 1967:178).

Die mans se werk was om met bokke, skape, perde, donkies, varke, beeste en hoenders te boer (Bleeker, 1970:19, 21). Hulle moes die vee teen gevaar beskerm, sorg dat hulle genoegsame weiding en drinkwater het en die koeie melk. Vee was nie 'n hoofvoedingsbron nie. Mans moes jag om kos, kledingsmateriaal en handelsartikels (bv. ivoor) te bekom (Maylam, 1986:25). Aangesien velle die produk van diere was, was dit die mans se verantwoordelikheid om daarvan klere te maak. Mans het ook houtartikels soos melkemmings, lepels, stoele en stampblokke vir koring uit hout gemaak (Schapera, 1967a:14). Die mans het vroue net met swaar werk gehelp, soos die aanlê van nuwe landerye wanneer die grond skoongemaak en die harde bolaag stukkend gebreek moes word (Bundy, 1988:17, 18).

In hierdie bestaanseconomieë het handel nie 'n groot rol gespeel nie. Daar is wel van tyd tot tyd met vee en die opbrengs van landerye ruilhandel beoefen, om produkte te bekom waaraan daar 'n groot tekort was. 'n Uitsondering was die Tswanas onder wie daar ambagsmanne, smede, leerlooiers en spesialisjagters was. Hierdie werkers het gespesialiseerde werk verrig en het die produkte van hul arbeid geruil, om lewensmiddele te bekom (Bundy, 1988:17-20).

Daar was ook Tswanas wat meer aktief handel gedryf het. 'n Voorbeeld hiervan is die Tswanas wat trekosse gebruik het om erts wat vir skoonheidsdoeleindes gebruik is, by die *sibilo*-myn by Blinkklip te haal. Dit is verruil vir ysterwerktuie, koperornamente, tabak, beeste en krale (Shillington, 1985:11).

Die Vendas se ekonomie was in vergelyking met die ander Afrikane uitsonderlik, aangesien dit meer op vervaardiging en handel as op landbou en veebou berus het. Koper is in die omgewing van die teenswoordige Musina en ystererts suid van die Soutpansberg gemyn. Yster, koper en goud is gesmelt en verwerk. Hulle het ver afstande gereis, om metaalartikels en pottbakkerswerk vir graan of vee te ruil (Maylam, 1986:53).

Alhoewel die meeste mense in die bestaanseconomieë direk met die produk van hul arbeid vergoed is, was daar in hierdie verband ook uitsonderinge. Onder sommige Tswana-stamme was daar slawe en erflike volgelinge wat vir 'n hoofman of ander belangrike persoon gewerk het.

Hulle was verarmde stamgenote of vlugteling wat permanent in diens van belangrike persone was. Hulle het geen vee gehad nie en moes vee oppas, lande bewerk, huise bou en ander opdragte uitvoer. In ruil vir hul arbeid is hulle met kos en kleding vergoed. Soms het hul “werkgewers” belasting of ’n bruidskat namens die werkers betaal (Schapera, 1971:28). Soos reeds genoem was dit die uitsondering.

Oor die algemeen het die Afrikane in Suid-Afrika ’n bestaanseconomie gevoer, wat beperkte surplusse gelever het. Arbeid is vergoed met die opbrengs wat landerye gelever het en die aandeel van vee. ’n Huishouding se vergoeding vir sy arbeidsinset het direk verband gehou met die arbeidsinset wat gelever is. Tog was dit nie ’n individualistiese ekonomiese stelsel nie, maar ’n stelsel waar elke individu se arbeid tot voordeel van die hele gemeenskap aangewend is. Die hele gemeenskap is vir die individuele arbeidsinsette vergoed (Mönnig, 1967:143).

Kommunalisme het ’n deurslaggewende rol gespeel, in die vergoeding wat Afrikane vir hul arbeid ontvang het. Kommunalisme was deel van die tradisionele Afrikalewensvisie (Van der Walt, 1999:101). Volgens dié visie is geen mens onafhanklik nie, maar is die mens kommunaal. Elke mens staan in ’n verhouding met ander mense. Almal is afhanklik van mekaar (Turaki, 1999:101). Daarom word ’n individu se lewe ondergeskik gestel aan die kommunale lewe. Vir die tradisionele Afrikaan was dit belangrik om die belange van die gemeenskap te bevorder. Mededeelsaamheid was een van die belangrikste karaktertrekke wat ’n individu kon hê, omdat dit die belange van die gemeenskap bevorder het (Van Wyk, 1993a:89). Dit is teen hierdie agtergrond dat die hele gemeenskap vergoed is vir individuele lede van die gemeenskap se arbeidsinsette (Mönnig, 1967:143).

’n Individu kon ook vergoeding vir sy arbeid ontvang, in die vorm van erkenning vir goeie werk wat hy gelever het en wat deur ander raakgesien is (Mönnig, 1967:144). In die tradisionele Afrikalewensuitkyk word egter nie aanvaar dat mense sukses behaal weens harde werk nie, maar omdat hulle sterk toormiddels gebruik (Van Niekerk, 1992:59; Van Rooy, 1997:15). Om hierdie rede kon ’n persoon wat materieel bo sy stamgenote uitgestyg het, maklik van toordery beskuldig word – al was dit die gevolg van harde werk. Daarom het mense toegesien dat rykdom altyd redelik eweredig versprei is (Mönnig, 1967:144).

2.2.3 Nederlandse koloniste

2.2.3.1 Amptenare en vryburgers

In 1652 het die Vereenighde Oostindische g'octrooieerde Compagnie (VOC) 'n verversingspos aan die Kaap gestig, met Jan van Riebeeck aan die hoof daarvan. Saam met hom het 90 amptenare na die Kaap gekom (Böeseke, 1980a:24). Omdat die VOC lae vergoeding betaal het aan hul amptenare, was mense nie baie gretig om vir hulle te werk nie. Hulle was daarom verplig om amptenare uit die trekwerkers wat in die arm oostelike en suidoostelike dele van Nederland gewoon het, te werf. Die VOC se lone het gewissel van sewe tot elf gulden per maand vir 'n gewone seeman en nege gulden vir 'n soldaat. Dit was minder as wat ongeskoolde en halfgeskoolde Nederlandse werkers aan land ontvang het (Newton-King, 1999:13). Geld was egter nie die enigste vergoeding wat VOC amptenare ontvang het nie, want die Kompanjie het ook kos aan sy amptenare verskaf (Böeseke, 1980a:25). Die vergoeding het in reële terme mettertyd al kleiner geword, omdat dit gedurende die sewentiende en agtiende eeue onveranderd gebly het (Newton-King, 1999:251).

Die VOC het aan sommige amptenare die geleentheid gebied om 'n bykomende inkomste te verdien. Party soldate kon vir lang tydperke buite die kasteel werk. Soldate met besondere vaardighede kon as messelaars, skoenmakers, skrynwerkers of bakkers teen 'n betaling van twaalf gulden per maand 'n ekstra inkomste verdien. Dié geld moes egter gedeel word met die ander soldate, wat in die *pasgangers* se plek diens moes doen. Die *pasgangers* het steeds hul gewone geldelike vergoeding en rantsoene ontvang. Ander soldate het toestemming gekry om aan boere "geleen" te word, om as plaasopsigters of onderwysers diens te doen. Gedurende die leentydperk het die betrokke boer die soldaat vergoed (Newton-King, 1999:16, 17).

Die eerste betaalde werkers in die land was ontevrede oor die vergoeding wat hulle vir hul arbeid ontvang het. In 1654 het Van Riebeeck gevra dat sy salaris verdubbel moet word, vanaf die 75 gulden wat hy per maand ontvang het na 150 gulden. Die Here XVII het 'n verhoging van vyftien gulden per maand toegestaan en sy titel verhoog van koopman na kommandeur. Dit was nie net die kommandeur wat ontevrede was oor sy vergoeding nie. In dieselfde jaar as wat Van Riebeeck sy ontevredenheid oor sy inkomste te kenne gegee het, het Jan Danielsz van Veurne met twee messe rondgeloop en gedreig dat hy weet teen wie om dit te gebruik, as hulle soos die vorige jaar min te eet kry, maar steeds baie moet werk (Böeseke, 1980a:24, 25). Die probleme kon nie alleen voor die deur van die vergoeders gelê word nie, want Van Riebeeck het van die

begin af te doen gekry met lui en onbekwame werkers. Hy moes sommige uit die Kompanjie se diens ontslaan en na Nederland terugstuur (Godée Molsbergen, 1968: 53).

Die VOC se aanvanklike bedoeling met die verversingstasie aan die Kaap was dat die amptenare vars produkte vir die Kompanjie se verbyvarende skepe moes kweek. Toe dit duidelik word dat die VOC amptenare nie daarin kon slaag om genoeg produkte aan skepe te lewer nie, het die gedagte ontstaan om 'n aantal amptenare van hul kontrakte vry te stel, sodat hulle op eie koste kon boer om vars produkte te lewer wat die Kompanjie by hulle kon koop. Die Kompanjie het gehoop om sodoende ook kostes te bespaar (Newton-King, 1999:11).

Aan die begin van 1657 is die eerste vryburger- en erfbriewe uitgegee (Godée Molsbergen, 1968: 72). In dieselfde jaar het geld aan die Kaap in omloop gekom. Die algemene beskikbaarheid van geld tesame met vryburgerskap het 'n nuwe tydperk van arbeid en vergoeding daarvoor ingelei. Waar al die Nederlandse koloniste aanvanklik amptenare van die VOC was en teen vasgestelde vergoeding gewerk het, het die instelling van vryburgers die weg gebaan vir werkers om meer direkte beheer oor die vergoeding wat hulle vir hul arbeid ontvang het, uit te oefen. In Oktober 1657 het Jan van Herwerden en sy vrou toestemming gekry om die eerste privaat herberg te open. In Desember van dieselfde jaar het Jan Vetteman die eerste privaat dokter aan die Kaap geword (Leipoldt, 1938:168-170). In 1658 was daar reeds vyftien boere, twee kleremakers, twaalf jagters, een dokter, drie traankokers en vissers, een houtsaer, twee timmermans en 24 knegte (Böeseke, 1980a:31).

So is die grondslag reeds gelê vir 'n vergoedingstelsel wat gedurende die eeue daarna al hoe meer ontwikkel en verfyn sou word. Die vergoedingstelsel het die volgende behels: werkers het of hul arbeid teen 'n vasgestelde vergoeding verkoop (bv. amptenare van die VOC), of hulle het gewerk en die produk van hul arbeid dan verkoop (bv. vryburgers). Hierdie stelsel was nie sonder probleme nie. Daar is reeds gewys op die ontevredenheid by die amptenare oor die vergoeding wat hulle ontvang het. Daar was ook probleme wat met die vryburgers se werk verband gehou het.

Die vryburgers het gevoel dat hulle slawe van die Kompanjie was, omdat hulle hul koring teen 'n te lae prys aan die Kompanjie moes verkoop. Dit het hulle genoop om in Desember 1658 'n klagskrif aan Van Riebeeck te oorhandig (Leipoldt, 1938:176). Die Kompanjie het Van Riebeeck opdrag gegee om net vyf gulden per sak te betaal. Dit was na sy mening te laag. Daar is geskik op 'n prys van ses gulden per sak. In 1661 het Van Riebeeck in 'n brief gemeld dat die

vryburgers skaars kon oorleef van die geld wat hulle vir hul graan ontvang het. Enkele jare later het vryburgers twaalf gulden per sak in die smokkelhandel gekry (Giliomee, 2003:2). Die vryburgers se klagte moet saamgelees word met die klagte wat die owerheid op hul beurt weer oor die vryburgers gehad het. In 1662 het Van Riebeeck se opvolger, Zacharias Wagenaer, by die Here XVII gekla dat met die uitsondering van ses of agt goeie vryburgers, die res almal lui en losbandig was. Die volgende jaar het hy gevra dat 67 van hulle uit die land verwyder en met flukse gesinne vervang moes word (Böeseke, 1980b:36).

Die vryburgers kon gedurende die eerste dekades nie in die beoogde lewering van produkte voldoen nie. In 1679 het goewerneur Simon van der Stel toestemming ontvang om meer grond aan die vryburgers beskikbaar te stel (Newton-King, 1999:12). Hy het spoedig plaas te Stellenbosch vir bewerking beskikbaar gestel. In 1687 is nog 'n nedersetting, Drakenstein, langs die Bergrivier gevestig. Met die koms van die Franse Hugenote (1688-9) is verdere grond aan die Bergriviervallei toegeken (Van der Merwe, 1979:67-70).

In 1699 het Willem Adriaan van der Stel sy vader as goewerneur aan die Kaap opgevolg. W.A. van der Stel se bewindstydperk is gekenmerk deur ontevredenheid van boere oor sake wat verband gehou het met hoe Van der Stel sy posisie as goewerneur misbruik het, om homself te verryk. Alhoewel hy in diens van die VOC was en deur hulle vergoed is, het hy spoedig ook uitgebreide boerderybelange gehad. Sy boerdery-aktiwiteite het hom in konflik met die boere in gebring. Hy het op 400 hektaar geboer, maar 'n aangrensende plaas van meer as 100 hektaar aan die baastuinier "geskenk" en die grond later by hom "gekoop". Hy het ook – anders as sy vader – toegelaat dat amptenare boer terwyl hulle in diens van die Kompanjie was. Verder het hy ruilhandel met die Khoikhoi verbied, terwyl hy besig was om die Kompanjie en sy eie veestapels uit te brei. Hy het die inkomste uit die jaarlikse pagte probeer vergroot, deur die wynpag aan een boer in plaas van vier burgers toe te ken. Die nuwe pagter, Johannes Phijffer, was 'n vriend van die goewerneur en hy het nie geld gehad om vir die pag te betaal nie. Dit alles het daartoe aanleiding gegee dat vryburgers by die Here XVII beswaar oor die goewerneur se optrede aangeteken het. In 1706 is W.A. van der Stel en sommige van die belangrikste amptenare na Amsterdam ontbied (Böeseke, 1980b:46-48).

Alhoewel daar in 1706 'n verbod geplaas is op amptenare om privaat sake te bedryf, het dit nie tot 'n einde gekom nie. Teen die 1770's was die twee belangrikste besighede in die hande van

VOC-amptenare. Hul posisie in die Kompanjie het hulle 'n voorsprong bo vryburgers gegee (Giliomee, 2003:54).

'n Ander uitstaande kenmerk van W.A. van der Stel se regeringstydperk was sy aanmoediging van veeboerdery. Dit was in teenstelling met sy vader, wat ekstensiewe boerdery ontmoedig het. W.A. van der Stel was verplig om die nuwe beleid te volg, omdat die vraag na landbouprodukte in sy tyd afgeneem het. Veeboerdery het, daarenteen, min kapitaal en arbeid geverg, terwyl dit goeie winste gelewer het (Van der Walt, 1979:85, 86).

In 1700 het die eerste vryburgers hulle in die Land van Waveren gevestig (Van der Merwe, 1979:76, 77). Met die wettiging van veeruil met die Khoikhoi in 1700 het veeboerdery 'n verdere hupstoot gekry. In daardie jaar was daar volgens amptelike opgaaflyste 458 volwasse koloniste met totale veestapels van 8 300 beeste en 54 000 skape. Tien jaar later was die syfers onderskeidelik 656 koloniste, 20 000 beeste en 131 000 skape. Dit is moontlik dat die veekuddes selfs nog groter was as wat die lyste aandui. Die groeiende veeboerdery het meer en meer grond vereis. Veeboere is toegelaat om al hoe dieper die binneland in te trek. Teen 1717 is veeposte uitgeneem tot ongeveer aan die Kuilsrivier in die noorde en die Breërivier in die ooste (Van der Walt, 1979:86, 87).

Vanaf 1717 het veeboerdery verdere stukrag verkry, omdat daar teen hierdie tyd 'n chroniese oorproduksie in landbouprodukte was. Die Kompanjie het tot in hierdie stadium die oorskotprodukte opgekoop en teen 'n verlies uitgevoer. In 1718 het die Kompanjie egter opdrag gegee dat die boere produkte moes lewer wat makliker verkoop kon word, en nie teen 'n verlies uitgevoer moes word nie. Geen grond is toegestaan vir die verbouing van produkte wat ten laste van die Kompanjie was nie (Van der Walt, 1979:88). Die vervoerkoste van graan en wyn was ook baie duur. Daarom was dit nie lonend om verder as 110 km vanaf die Kaap daarmee te boer nie (Newton-King, 1999: 18).

Nuwe koloniste en die seuns van landbouers wat wou boer, is gedwing om met vee te boer. Hoë vleispryse as gevolg van veevrektes tussen 1713 en 1718 het veeboerdery ook aantreklik gemaak. Die klimaat en bodemgesteldheid van die land, lae reënval, 'n gebrek aan standhoudende water en skraal weiding het die veeboere gedwing om verspreid te woon en al dieper die binneland in te trek (Van der Walt, 1979:88, 89).

Teen 1725 het die koloniste in die noordweste gevorder tot by die Olifantsriver en teen 1730 tot by die Groot Brakriver in die ooste. Die uitbreiding het voortgeduur en teen 1765 het koloniste reeds anderkant die Gamtoosrivier gevestig. In 1780 is die Visrivier as die oostelike grens van die kolonie vasgestel. Die verspreiding van veeboere gedurende die agtiende eeu het hier tot 'n einde gekom, omdat die grond verder ooswaarts reeds was deur inheemse veeboere, naamlik die Xhosas, bewoon was (Van der Walt, 1979:93, 95, 98, 99). Die omvang van veeboerdery het gedurende die agtiende eeu geweldig gegroei. In 1716 het 10% van die boere aan die Kaap 'n bestaan uit veeboerdery gemaak. Teen 1770 was twee derdes van al die boere veeboere (Giliomee, 2003:31).

Die VOC se merkantilistiese beleid het 'n negatiewe invloed gehad op die vergoeding wat veeboere vir hul arbeid ontvang het. Die monopsonistiese vleismark het veroorsaak dat die veeboere laer pryse ontvang het vir hul diere, as wat die geval in 'n ope mark sou wees. Die probleem is vererger deur die hoë pryse wat boere vir noodsaaklike goedere moes betaal. Die VOC het (in teorie) beheer gehad oor alle invoere na die Kaap en sodoende ingevoerde goedere se pryse opgejaag. Die geweldige uitwerking van die hoë pryse van ingevoerde goedere word duidelik as mens in ag neem dat talle voedselsoorte (bv. tee, koffie, suiker en rys), huishoudelike produkte (porseleinware, potte, panne, skeermesse, knope, materiaal), gereedskap en implemente ingevoer moes word (Newton-King, 1999: 162, 163). Baadjies en broeke is baie dikwels van blou- of swart lakenmateriaal gemaak. In 1781 het een el van dié materiaal (ongeveer 0,7 m) dieselfde gekos as twee skape. Teen 1795 het dit meer as drie skape gekos om een el van hierdie materiaal te koop (Newton-King, 1999: 187).

Goedere was nie net duur nie, maar die veeboere se inkomste was boonop klein. Met bogenoemde in gedagte is dit verstaanbaar dat die boere van De Bruinshoogte in 1781 in 'n petisie gekla het dat hulle skaars hul families kon klee (Newton-King, 1999: 171, 172).

Die veeboere wat teen 1780 aan die Kaap was, het 'n eenvoudige lewensbestaan gevoer. Al het hulle oor die algemeen groot kuddes vee gehad, kon hulle min geldelike voordeel daaruit trek. Die groot afstande vanaf die Kaap het veroorsaak dat hulle basies 'n bestaansboerdery gevoer het (Van der Walt, 1979:103). Hulle moes vee verkoop om benodigdhede, soos hierbo gemeld, te koop. Om hul inkomste aan te vul, het sommige boere seep, vet, botter, was, huide, velle, horings en saad verkoop (Giliomee, 2003:31). Die afstande het meegehelp dat omtrent 40% van

die grensboere skaars oorleef het van die vergoeding wat hulle vir hul arbeid ontvang het. Daar was maar min welvarende boere (Newton-King, 1999:154). Ook die welvarende boere het dit nie baie breed gehad nie. Dit word bevestig deur die feit dat basiese gebruiksgoedere en meubels soos beddens, stoele, eetgerei en breekware selfs in die huise van welgestelde boere maar skaars was (Newton-King, 1999: 205). Die kinders van hierdie boere het geen ander vooruitsigte gehad as om self boere te word en so 'n bestaan te voer nie (Giliomee, 2003:32, 33).

Die landbouers (ook ongeveer 10 000) in die Kaapse en Stellenbosche distrikte het 'n veel beter vergoeding vir hul arbeid ontvang. Die landbouers het ondanks beperkte afsetgebiede en min geld in omloop, 'n redelike ruim bestaan gevoer. Hulle het in hul daaglikse behoeftes voorsien uit die opbrengs van hul plase (Van der Walt, 1979:103). Tussen 10% en 20% van die boere was welaf en het baie wingerde besit. Hulle het hul rykdom van geslag tot geslag oorgedra (Giliomee, 2003:29).

2.2.3.2 Slawe

Slawerny was in die sewentiende eeu 'n algemene verskynsel in die kolonies van die Europese lande. Nederland was in hierdie opsig geen uitsondering nie. Dit was dus nie vreemd nie dat Van Riebeeck skaars 'n maand nadat hy aan die Kaap aangeland het, by die Here XVII slawe gevra het om van die vuil en harde werk te doen. Die versoek is van die hand gewys, maar in April 1854 het hy weer aan die Here XVII geskryf om slawe te voorsien. Hy het as motivering aangevoer dat die kos van die Hollandse arbeiders duur is. Slawe sou goedkoper arbeid kon verskaf, omdat hulle geen lone sou ontvang nie en van rys, vis, robbe en pikkewyne kon leef (Godée Molsbergen, 1968: 67, 69).

Van Riebeeck het mettertyd enkele slawe van verbygaande retoervlote gekoop, wat as huisbediendes gebruik is (Godée Molsbergen, 1968:67, 69). Hierdie slawe het nie veel invloed op die arbeidsituasie aan die Kaap gehad nie. Die situasie het wel verander toe die eerste besending slawe op 28 Maart 1658 aan boord van die *Amersfoort* die Kaap bereik het. Op die skip was 174 Angolese slawe wat van 'n Portugese skip gebuit is. Sommige slawe is na Batavië gestuur en ander het gesterf, sodat daar 125 van hierdie slawe aan die Kaap oorgebly het. 'n Maand later het die *Hasselt* 228 slawe afgelaai (Böeseken, 1977:11, 12). Nog besendings het gevolg. Vanaf 1658 tot 1808 is ongeveer 63 000 slawe na die Kaap gebring. Hulle was afkomstig vanaf die Indonesiese eilande, Indië, Madagaskar, die Maskarene en Afrika (Shell,

1994:12). Die slawebevolking aan die Kaap was in geen stadium meer as 40 000 nie. In vergelyking met byvoorbeeld die 1 700 000 slawe in Brasilië (1850) en die VSA se 4 000 000 (1862-7) slawe, was die Kaap se slawebevolking klein (Worden & Crais, 1994:1).

Sommige slawe was in privaat besit, terwyl ander weer in besit was van die VOC en sy amptenare. Slawe in diens van die VOC het as bouers, portiere, dokwerkers, houthakkers, hospitaalwerkers, grafgrawers, tuiniers en helpers vir skrynwerkers, kuipers en pottelbakkers gewerk. Slawe in privaat besit het hoofsaaklik huishoudelike arbeid soos kook, skoonmaak en waterdra verrig (Worden, 1987:37).

Die eerste slawe aan die Kaap is vir hul arbeid vergoed, soos Van Riebeeck in sy skrywe van 1654 aan die VOC voorgestel het hoe slawe vergoed kon word (Godée Molsbergen, 1968:67, 69). In 'n opgawe wat Hendrik Cloete in 1787 gemaak het, toon hy aan wat die koste was om 'n slaaf aan te hou. Hierdie onkoste was inderwaarheid die vergoeding wat slawe vir hul arbeid ontvang het. Cloete se slawe het elke jaar twee broeke gekry en elke tweede jaar 'n wol bokleed. Hy het weekliks 'n groot os geslag vir sy sestig slawe of andersins het hy 'n skaap per dag geslag om hulle te voed. Verder het die slawe brood en botter of haring vir ontbyt gekry, vleis smiddae en groente saans. Hulle het ook wyn ontvang (Worden *et al*, 1996:42).

Hoewel dit moontlik was dat eienaars hul slawe kon vrystel, het dit selde gebeur. Gedurende die sewentiende eeu het minder as 'n honderd slawe vrystelling van hul eienaars ontvang (Böeseke, 1977:97). Die vrygelate slawe het op verskillende maniere hulself aan die lewe gehou. Sommige het voortgegaan om die ambagte te beoefen wat hulle as slawe aangeleer het. Ander het tuine aangelê of as handelaars, huisbediendes of vissers gewerk. Nog ander het teen betaling vir hul voormalige eienaars bly werk (Böeseke, 1977:87-89; Worden *et al*, 1996:64).

Met verloop van tyd is slawe toegelaat om op ander maniere vergoeding vir hul arbeid te ontvang, as net die noodsaaklike middele wat eienaars verskaf het. Vanaf die 1730's het slawe-eienaars aan die Kaap toegelaat dat slawe eiendom bymekaarmaak en dit verkoop. Dit het 'n proses begin waarin die verskil tussen slawe en vry werkers se vergoeding vir hul arbeid algaande uitgewis is. Van die begin van die negentiende eeu af het die aantal slawe begin afneem, en het die getal vry werkers toegeneem. Die stelselmatige oorgang van slawe-arbeid na vry arbeid het nie alleen 'n invloed op die getal werkers gehad nie, maar het ook 'n invloed gehad op die manier waarop slawe vir hul arbeid vergoed is. Teen die middel van die 1820's het dit algemeen voorgekom dat slawe op hul eie gewoon het en vir ander werknemers as hul

eienaars gewerk het. Hierdie slawe het 'n inkomste verdien, uit die werk wat hulle verrig het. 'n Gedeelte van die inkomste moes aan hul eienaars oorbetaal word (Bank, 1994:84).

Teen 1833 het vlytige slawe jaarliks tussen £5 en £15 verdien, met die kweek van aartappels, boontjies, ertjies, spanspek en Indiese koring. Hulle het die produkte met hul eienaars se waens na die markte vervoer, waar dit dan verkoop is. Slawe het dikwels ook vee besit. Eienaars het toegelaat dat hulle bokke, skape, perde en beeste besit en daarmee op die eienaars se grond boer. Baie slawe is só vergoed vir hul arbeid. In die Oos-Kaap was slawe se troppe vee omtrent net so groot as dié van vry swart werkers s'n. Teen hierdie tyd is slawe op plase soos vry swart werkers behandel. Hulle is in natura vergoed en toestemming is gegee dat hul vee op die plase kon wei (Mason, 1994:76, 78, 79).

Slawe wat ambagswerk verrig het en vry werkers het ook dieselfde vergoeding ontvang. 'n Kleremaker, slaaf of vry, het ongeveer 30 riksdaalders verdien (Bank, 1994:80-82). Gedurende die eerste dekades van die negentiende eeu het nie alleen slawe se vergoeding verbeter nie, maar is ook wette aangeneem wat hul werksomstandighede verbeter het. In 1823 is bepaal dat slawe wat in die veld werk nie langer as tien ure per dag in die winter en twaalf ure per dag in die somer mag werk nie – met die uitsondering van ploeg- en oestyd of onder buitengewone omstandighede, wanneer hulle ekstra vergoed moes word met kos of geld (Worden, 1987:86, 87).

Die proses van gelykstelling tussen slawe en vry werkers het op 1 Desember 1834 'n hoogtepunt bereik, toe die 36 274 slawe aan die Kaap vrygestel is (Worden *et al*, 1996:23). Na hul vrystelling moes hulle vir 'n verdere vier jaar as inboekeling by hul eienaars aanbly. Toe die slawe in 1838 volle vryheid ontvang het, het hulle egter nie geld gehad om grond of eiendom aan te skaf nie. Sommige slawe het 'n heenkome in verafgeleë berggebiede of op sendingstasies gevind. Ander slawe het by hul voormalige eienaars of ander boere as loonarbeiders werk gekry. Die vrystelling van slawe het in teorie dit vir slawe moontlik gemaak om beter vergoeding vir hul arbeid te ontvang. In praktyk het die teenoorgestelde egter gebeur, omdat die vrygestelde slawe die arbeidsmark oorstrom het, met 'n gevolglike daling in lone (Worden *et al*, 1996:87, 88).

2.3 1820 TOT DIE ANGLO-BOEREOORLOG

Namate die Nederlandse koloniste noord- en ooswaarts beweeg het, het hulle mettertyd een van die suidelike Nguni-volke ontmoet, naamlik die Xhosas. Ruilhandel het ontstaan. Jagters en boere het krale, knope, messe, vuurwapens en ammunisie geruil vir beeste, velle, horings, ivoor, Arabiese gom en hout. Gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu het die vraag na vleis groter geword en het ruilhandel toegeneem. Aanvanklik het die ruilhandel geen verandering gebring aan die Nguni's se politieke, sosiale of ekonomiese welstand nie, omdat alleen nie-noodsaaklike goedere verhandel is. Daar is byvoorbeeld nooit baie beeste geruil nie (Bundy, 1988:29). Vanaf die 1770's het blanke boere Xhosas in diens begin neem. Dit was egter nie op groot skaal nie. Hulle is op dieselfde manier as die boere se Khoikhoi-werkers vergoed, naamlik met 'n koei per jaar of die ekwivalent daarvan in kleinvee (Mason, 1994:80).

Met die oorname van die Kaap deur Brittanje en veral met die koms van die Britse Setlaars in 1820 het omstandighede begin verander. Hoewel die Britse Setlaars arm was, het hulle baie meer vaardighede as die boere gehad. Ongeveer 'n derde van die Setlaars was ambagsmanne en 'n tiende was professionele mense. Hul koms na suidelike Afrika het gepaard gegaan met die afskaffing van die Nederlandse merkantilistiese monopolieë, pagstelsels, belastinge en die invloed van Britse kapitaal. Vrye handel en vrye ondernemings is aangemoedig (Giliomee, 2003:193). Die invloed van die Britse Setlaars moet gesien word teen die agtergrond van die opkoms van kapitalisme in Europa en veral Brittanje. In 1776 het die Skot, Adam Smith, *The Wealth of Nations* gepubliseer. Die sentrale stelling van die boek was dat welvaart die beste geskep word in omstandighede waar daar geen regeringsinmenging is nie en waar vryhandel bestaan (Anon., 2000a).

Kapitalisme het in die negentiende eeu sy hoogtepunt bereik. Die belangrikste kenmerke van die negentiende eeuse kapitalisme was die volgende:

- Produksiefasiliteite soos grond en kapitaal het aan privaat eienaars behoort.
- Ekonomiese aktiwiteite is georganiseer en gekoördineer deur die interaksie van kopers en verkopers.
- Eienaars van grond en kapitaal en ook hul werkers was vry om hul eie belange na te jaag en maksimum wins te maak, met behulp van beskikbare hulpbronne en arbeid. Verbruikers kon hul inkomste na goeie bestee.
- Regerings moes die minimum inmeng (Anon., 2000b).

Met die koms van die Britse Setlaars het Britse kapitaal die land ingevloei en is met die Nederlandse merkantilistiese monopolieë weggedoen. Die koms van die Britse Setlaars in 1820 het 'n merkbare verandering in handel tussen die grensboere en inheemse inwoners gehad. Die veranderinge het eerste die suidelike Nguni's (Xhosas) geraak, maar mettertyd ook die noordelike Nguni's (Zoeloes) en uiteindelik die res van die land.

2.3.1 Die Britse invloed op die suidelike Nguni's

Ongeveer dieselfde tyd as wat die Britse administrasie die Nederlandse beheer van die Kaap Kolonie vervang het, het die Grensoorloë tussen die koloniste en die suidelike Nguni's begin. Die konflik het nie alleen oor grond en hulpbronne gegaan nie, maar ook oor onversoembare ekonomieë. Die Nguni's se eerste kennismaking met die Britse kapitalisme was deur middel van professionele handelaars en smouse wat algaande die handel wat die boere en jagters aan die Oosgrens bedryf het, oorgeneem het. Aangesien die Ngunis nie baie beeste te koop aangebied het nie, is handelaars toegelaat om in Kaffraria (die gebied oos van die Keiskammarrivier) handel te dryf. Krale, knope, koperdraad en rooi klei is vir velle, horings en koring verruil. Teen die laat 1830's is diereprodukte, gom, sy (afkomstig van die kokonne aan doringbome) en landbouprodukte, veral koring en melk, verhandel (Bundy, 1988:31). Die omvang in hierdie handel het so toegeneem dat daar in 1831 reeds £27 000 se velle en £3 000 se ivoor wat met ruilhandel verkry is, deur Grahamstad beweeg het (Magubane, 1998:20). Anders gestel, 1 500 wavragte goedere is jaarliks op die Grahamstadse mark verhandel (Bundy, 1988:30, 31). Ruilhandel is teen hierdie tyd soms met geldhandel vervang.

Ruilhandel het die Nguni's bekend gestel aan vervaardigde goedere, waarna 'n vraag daarvoor toe ontstaan het. Hierdie behoefte, tesame met die *mfecane* het tot gevolg gehad dat al hoe meer Suid-Nguni's die Kaap Kolonie se grens oorgesteek het, op soek na werk. Die suidelike Nguni's se vergoeding vir arbeid het hiermee 'n nuwe fase betree. Vroeër was hulle onwillig om hul beeste, grond en nie-kommersiële arbeid te los en vir boere te werk (Bundy, 1988:30-32).

'n Toename in woluitvoere het grond se waarde laat toeneem. Blanke boere het in besit gekom van al hoe meer grond, wat hulle op hul beurt aan Nguni-boere verhuur het. Die huurders het huur betaal deur middel van die produkte wat hulle gelewer het of deur 'n tyd lank vir die verhuurders te werk. Algaande is al hoe meer inheemse inwoners gedwing om die arbeidsektor van die koloniale ekonomie te betree (Bundy, 1988:32). Waar die inwoners se vergoeding eers direk afhanklik was van hul arbeidsinset en die natuur, het hulle algaande minder beheer gehad

oor die vergoeding wat hulle vir hul arbeidsinset ontvang het. Veranderende omstandighede het hulle gedwing om vir werkgewers te werk, wat hulle dan vir hul arbeid vergoed het.

Lae lone was 'n problem by die eerste Afrikane wat as plaaswerkers gewerk het. Boere kon vanweë hul beperkte inkomste nie hoë lone aanbied nie met die gevolg dat baie boere hul toevlug tot deelboerdery geneem het. Boere het daarom voortdurend 'n tekort aan werkers ondervind. (Bundy, 1988:80).

Nie al die Suid-Nguni's het vir blanke boere gaan werk nie. Sommige het self op 'n meer kommersiële basis begin boer. Hiervan dien die Mfengu as voorbeeld. Goewerneur D'Urban het in 1835 woonplek aan 16 000 Mfengus naby Grahamstad gegee. Hulle het tabak, brandhout, beeste en melk verkoop en ook graan verbou. Oorskotgraan is verkoop of vir vee geruil (Bundy, 1988:32-34). Teen die 1840's het die Mfengu van die Ciskei begin om graan en groente te kweek, wat hulle in dorpe verkoop het. Ook vuurmaakhout, pluimvee en ander produkte is verkoop. Namate boerderymetodes verbeter het, het inheemse inwoners ploë gekoop en gebruik (Bundy, 1988:45, 46). Daar was 'n groep Suid-Nguni's wat met die gebruikmaking van westerse tegnologie die vergoeding op hul arbeid verhoog het, deur doelbewus meer te produseer as wat hulle nodig gehad het. Die oorskotte het verdere vergoeding vir hul arbeid beteken.

Met die Grensoorloë van 1846-7 en 1850-53 het baie van die suidelike Nguni's hul grond verloor, met die gevolg dat hulle verplig was om as loonarbeiders te gaan werk. Belangrike veranderinge op landbougebied het in hierdie tyd plaasgevind. Eksperimente met nuwe produkte is uitgevoer. Ploë, byle, êe en skoffelpikke is in gebruik geneem. Nuwe boumateriale, waterleimetodes, ploegmetodes en die gebruik van trekosse het daartoe bygedra dat die inwoners meer produktief geraak het. Ten spyte van die verbeterde metodes en werktuie, moes al hoe meer mense werk soek om aan die lewe te bly. Met die nasionale selfmoord van die Xhosas in 1857 – wat gepaard gegaan het met die uitwissing van duisende beeste en ander lewensmiddele en die daaropvolgende hongersnood – het tussen 20 000 en 30 000 mense gesterf. 'n Verdere gevolg was dat ongeveer 40 000 Xhosas na werk en kos gesoek het. Sir George Grey het die katastrofe gebruik om meer Afrikane loonarbeiders te laat word (Bundy, 1988:47, 49, 51).

Namate die Xhosas ander werk begin doen het as wat hulle tradisioneel verrig het, het geld algaande 'n al hoe groter deel van die Xhosas se vergoeding vir hul arbeid uitgemaak. Teen 1865 het Breece Ross gemeld dat hy vroeër in sy lewe ervaar het hoe die inwoners van Kaffraria eens nie geld as vergoeding wou hê nie, maar dat hulle intussen verknog geraak het aan die

"oorsaak van alle kwaad". Dieper in die binneland is ruilhandel vir 'n langer tydperk beoefen (Bundy, 1988:53).

Die oorlog van 1877-78 het veroorsaak dat al hoe meer Xhosas hulle in die Kolonie gevestig het, om ter wille van oorlewing te werk (Bundy, 1988:85). In ongeveer dieselfde tyd het 'n nuwe, klein groepie boere onder die Xhosas ontstaan. Tussen hulle en blanke boere was daar weinig verskil. Hulle het ander Afrikane teen vergoeding in diens geneem. Dit was heeltemal anders as die bestaansboerdery wat die Xhosas vroeër beoefen het. Bekwaamheid het 'n rol gespeel in die vergoeding wat hierdie boere aan hul werkers gegee het, soos blyk uit die opmerking van Hlambeni, een van die swart boere, dat hy nie geleerde swart mense in diens wil neem nie, omdat hulle te hoë lone verwag. Hy het verkies om eerder goedkoper arbeiders in diens te neem. Teen 1890 was daar tussen 1 000 en 2 000 sulke boere (Bundy, 1988:93, 94). Hierdie boere was so suksesvol dat die *Cape Labour Commission* in 1893-4 by verskeie blanke boere die klagte gehoor het dat dit moeilik was om arbeid te bekom teen die lae loon wat hulle aangebied het, omdat Afrikane wat geboer het hulself kon onderhou. Hulle het ook kleiner behoeftes gehad en het daarin geslaag om grond beter as die blanke boere te benut. Daarom was dit nie vir hulle nodig om vir iemand anders te gaan werk nie (Bundy, 1988:113, 114).

Omstandighede buite die beheer van die Nguni's het veroorsaak dat al hoe meer bestaansboere op ander maniere as waaraan hulle tradisioneel gewoon was, in hul lewensonderhoud moes voorsien. Die runderpes van die 1890's het tussen 80% en 90% van die beeste in die Transkei uitgewis. Swart bestaansboere se kapitaal, kredietwaardigheid, vermoë om te ploeg en produkte te vervoer, is ernstig benadeel. Baie boere moes ter wille van oorlewing tot die arbeidsmark toetree (Bundy, 1988:120, 122).

Die ontdekking van diamante gedurende die 1870's en die gevolglike stormloop na Kimberley, het die Kaapse ekonomie binne tien jaar laat verdubbel. Nuwe geleenthede het ontstaan en 'n groeiende getal Afrikane het dit benut, deur werk te vind in diamantmyne, op paaie, spoorweë en by haweprojekte. Die ontdekking van goud en die ontwikkeling van goudmyne het nog meer werkgeleenthede geskep (Bundy, 1988:66, 114).

Met die uitbreek van die Anglo-Boere Oorlog aan die einde van die negentiende eeu was baie van die Suid-Nguni's opgeneem in die ekonomiese stelsel, wat in Suid-Afrika met die koms van die Britse Setlaars posgevat het. Dit het stelselmatig alle aspekte van arbeid en die vergoeding vir arbeid beïnvloed. Die uitbreiding van die Kaap Kolonie en die versugting na vervaardigde

goedere, oorloë, peste, en die grootskaalse selfmoord van die Xhosas het alles daartoe bygedra dat die Suid-Nguni's al hoe minder van bestaanboerdery gebruik gemaak het, en al hoe meer in diens van werkgewers getree het, wat hulle vir hul arbeid vergoed het. Werkgeleenthede wat ontstaan het met die ontwikkeling van infrastruktuur in die land en die ontdekking van diamante en goud het werkers aangespoor om vir lone te werk, eerder as om net bestaanboerdery te beoefen.

2.3.2 Die Britse invloed op die noordelike Ngunis

Die Zoeloes – een van die noordelike Nguni-groepe – en die Portugese het vanaf die middel van die sestiende eeu met mekaar handel gedryf. Ivoor is geruil vir krale en brons (Maylam, 1986:30, 31). Vanaf 1824 het 'n klein groepie blanke handelaars hulle te Port Natal gevestig. Binne 'n paar maande het van die inwoners wat tussen 1817 en 1820 vir Shaka gevlug het na die blanke Setlaars gekom. Sommige het produkte verbou wat hulle dan aan die handelaars verkoop het. Ander het weer Setlaars gehelp met jag- en handelsekspedisies. Hierdie vroeë handel het nie 'n groot uitwerking gehad op die Zoeloes se ekonomie nie, omdat die handelaars nie produkte verkoop het wat die Zoeloes as noodsaaklik beskou het of wat hulle nie ook self kon produseer nie (Maylam, 1986:77, 83). Dit het ook weinig invloed gehad op die vergoeding wat hulle vir hul arbeid ontvang het.

Toe die Voortrekkers Natal gedurende die 1830's binnegetrek het, was die gebied yl bewoon. Dit was die gevolg van Zoeloes wat vir Shaka gevlug het. Nadat die Voortrekkers Dingaan in 1836 verslaan het, het baie inwoners weer teruggekeer. Hulle het voortgegaan met die beoefening van 'n bestaanboerdery. Die Voortrekkers het hulself nie werklik as boere gevestig nie. Hulle het meestal in groepe gewoon en geleef van jag en produkte wat hulle by die plaaslike inwoners vir vee geruil het. Die Voortrekkers het ook nie 'n wesenlike invloed op die verhouding tussen arbeid en vergoeding onder die Zoeloes gehad nie (Bundy, 1988:166-168).

Omstandighede het verander toe die Engelse Natal in 1842 geannekseer het. Ongeveer die helfte van die Voortrekkers het die gebied verlaat, terwyl 5 000 mans, vroue en kinders uit Engeland hulle in Natal kom vestig het. Die Britte het 'n ander benadering as die Voortrekkers ten opsigte van grondbesit gehad. Verskeie Britse maatskappye (bv. die Natal Land and Colonization Company) en individue het in besit gekom van 5-6 miljoen akker grond (Bundy, 1988:168). Hierdie grond is aan die swart boere verhuur. Die huurgeld is betaal in kontant of met 'n gedeelte van die jaarlikse oes (Maylam, 1986:85, 86). Op hierdie manier het hulle daarin

geslaag om hul tradisionele manier van werk voort te sit, terwyl die vergoeding vir hul arbeid ook in 'n groot mate onveranderd gebly het. Die inheemse inwoners van Natal het selde vir blankes gewerk (Bundy, 1988:171).

Zoeloe-bestaansboere is met verloop van tyd bekendgestel aan tegnologiese hulpmiddele soos ploë en waens. Alhoewel die gebruik van hierdie middele produksie opgestoot het, het die Zoeloes voortgegaan met bestaansboerdery. Slegs oortollige oesopbrengste is verkoop, terwyl die grootste deel van die oeste gebruik is om van te leef (Bundy, 1988:172, 173). Die gebruik van ploë het nie alleen produksie opgestoot nie, maar ook 'n verandering in die werksverdeling tussen mans en vroue teweeggebring. Aangesien net mans met diere mag gewerk het, het mans die voorbereiding van lande by die vroue oorgeneem, wat vroeër in 'n groot mate deel van die vrou se werk was (Breutz, 1991:16).

Verskeie uiteenlopende faktore het baie Zoeloe-boere verplig om van bestaansboerdery af te sien en te werk in ruil vir lone. Die belangrikste faktore is die volgende:

- Die ontdekking van goud aan die Rand en die ontginning van steenkool in Natal teen die einde van die negentiende eeu het 'n groot invloed op boerdery gehad. Die groter vraag na voedsel het blanke boere aangemoedig om eerder self te boer. Hulle was nie meer geneë om hul grond te verhuur nie, met die gevolg dat baie Afrikane nie meer grond gehad het om op te boer nie (Maylam, 1986: 89).
- Bogenoemde situasie is vererger deur hoë grondpryse wat blanke boere bereid was om te betaal, maar wat swart boere nie kon bekostig nie (Maylam, 1986:89). Dit het daartoe aanleiding gegee dat Zoeloe-bestaansboere gedwing is om tot die formele arbeidsmark toe te tree en met geld vir hul arbeid vergoed te word.
- Die hut-belasting wat vanaf 1888 van al die inwoners van Zoeloeland gehef is, het 'n reuse-invalloed op hul ekonomiese aktiwiteite gehad. Baie Zoeloes is verplig om beeste te verkoop, ten einde die belasting te kon betaal. Ander moes noodgedwonge begin loonarbeid verrig, ten einde die nodige geld te bekom om die belasting te betaal. 'n Groot skaalse emigrasie vanuit Zoeloeland het vanaf 1888 plaasgevind. Meer en meer Zoeloes het Natal verlaat, om op die Rand te gaan werk om geld te verdien.

- Bestaansboerdery is verder nadelig geraak deur 1889 se droogte, die sprinkaanplaag van 1894-5 en die runderpes van 1895 toe 85% van die beeste in een jaar dood is (Maylam, 1986:82). Hulle het nie meer genoeg diere gehad om te ploeg of om hul produkte te vervoer nie. Die gevolg was dat hulle nie meer in hul eie behoeftes kon voorsien nie en werk moes soek (Bundy, 1988:188, 189).

Soos in die geval van die Xhosas het verskeie faktore die Zoeloes gedwing om op ander maniere vergoeding vir arbeid te soek as waaraan hulle vir eeue gewoond was. Minder beskikbare grond vir bestaansboerdery, peste, droogte en wetgewing het bygedra tot die verandering wat algaande in die vergoeding vir arbeid plaasgevind het.

2.3.3 Die Sotho's en Tswanas

Die inheemse inwoners in die binneland van Suid-Afrika het eers later as die inwoners nader aan die kus met die koloniste kennis gemaak. Die binnelandse inwoners se eerste kontak met koloniste was hul ontmoeting met blanke ontdekkingsreisigers en handelaars. Teen die 1830's is gereeld met die Suid-Sotho's handel gedryf. Klere, hardeware, vuurwapens, perde, drank en ander goedere is vir graan, beeste, wol en velle geruil. Hierdie handel het produksie gestimuleer (Maylam, 1986:118, 122).

Met die Groot Trek wat vanaf 1834 plaasgevind het, het blanke koloniste in beheer gekom van groot gebiede grond in die binneland van Suid-Afrika. Hoewel die Trekkers net 280 000 morg uit 'n beskikbare 71 000 000 morg as traktaatgebiede en 'n verdere 580 000 morg regeringsgrond aan swart mense beskikbaar gestel het, het die inheemse inwoners in praktyk meer grond bewoon. Die Trekkers was ook bestaansboere wat tot 1870 toe hoofsaaklik ruilhandel met die inheemse inwoners beoefen het (Bundy, 1988:197, 199). Tog het die Voortrekkers wel 'n tekort aan werkers ondervind. Om die probleem op te los, het kommando's in die Soutpansberg-gebied dikwels swart vroue en kinders ontvoer. Die kinders is dan as inboekelinge ingeskryf, wat tot op 25-jarige ouderdom vir hul werkgewers moes werk (Giliomee, 2003:184). Ten spyte hiervan het die tradisionele inwoners van die binneland nie – nadat hulle met die koloniste kennis gemaak het – 'n onmiddellike dramatiese verandering ten opsigte van hul arbeid en die vergoeding daarvan ondergaan nie.

Stelselmatig het die kontak wel hul arbeid beïnvloed. As voorbeeld kan verwys word na wat met die BaKxatla, 'n Noord-Sotho-stam gebeur het. Die bekendstelling van ploë deur koloniste aan

die BaKxatla het 'n invloed op hul landbou-aktiwiteite gehad. Die mans het die ploegwerk oorgeneem by die vroue, wat vroeër met skoffelpikke die lande moes voorberei. 'n Afname in wildsgetalles en minder oorloë het tot gevolg gehad dat mans minder tyd aan jag en oorlogvoering bestee het. Ambagsmanne wat yster bewerk het, het ook meer tyd tot hul beskikking gehad, omdat boere die handelaars se ysterprodukte verkies het bo die ysterware wat inheemse inwoners gemaak het. Waar mans in die verlede klere van vel gemaak het, het die situasie verander met die bekendstelling van naaimasjiene deur koloniste. Vroue het begin klere maak en sodoende ook 'n inkomste begin verdien (Schapera, 1967b:42).

Die ontmoeting tussen koloniste en die BaKxatla het ook positiewe geleenthede vir werkgeleenthede gehad. Die navolging van Europese boustylle en die Nederlandse manier om grasdakke te dek, het nuwe ambagsgeleenthede vir messelaars, skrynwerkers en dakdekkers geskep. Ambagsmanne wat hierdie arbeid verrig het, het dit nie voltyds gedoen nie, want die meeste van hulle het voortgegaan om te boer (Schapera, 1967b:43).

Soos in die geval van die Nguni's het die ontdekking van diamante en goud 'n groot invloed op die arbeid en vergoeding daarvan op die inwoners in die binneland gehad. Baie het die nuwe markte wat ontstaan het, benut en daarvan 'n bestaan gemaak. In hierdie verband kan na die Tswanas verwys word, wat voordeel uit die ontstaan van diamantmyne getrek het, omdat hulle melk, wildsvleis, brandhout, riet, matte, sorghum en dekgras aan die myners verkoop het. Tswanas wat waens kon bekostig (teen £150 = die prys van twintig beeste), het goeie sake gedoen met die vervoer van verskillende produkte. Die vervoer en verkoop van brandhout was besonder lonend. Die prys het binne ses jaar so gestyg dat 'n waggie brandhout wat aan die begin van 1872 slegs £2 gekos het aan die einde van 1878 reeds £24 gekos het. Die ontdekking van diamante het nabygeleë Tswanas die geleentheid gegee om geld vir hul arbeid te verdien (Shillington, 1985:66-70, 90).

Hulle is egter ook blootgestel aan allerlei ekonomiese markkragte. Toe die spoorlyn wat Kimberley met die kus verbind het in November 1885 voltooi is, kon steenkool uit Wallis ingevoer word. Dit het hout as brandstof vervang, met die gevolg dat houtpryse getuimel het. Dit het die transportryers se werk en vergoeding daarvoor geweldig nadelig beïnvloed (Shillington, 1985:104-106).

Alhoewel die ontdekking en ontginning van diamant- en goudvelde 'n belangrike invloed op arbeid en die vergoeding gehad het, was dit nie die enigste faktor wat dit beïnvloed het nie. Die

Pedi's kan as voorbeeld genoem word van mense wat as gevolg van hul bevolkingsgroei, minder beskikbare grond en die agteruitgang van grondgehalte gedwing was om alternatiewe vorme van oorlewing as net bestaansboerdery te vind. In dieselfde tyd het mans se vrye tyd toegeneem, omdat daar minder oorloë was en hulle ook nie meer soos vroeër kon jag nie. Dit het mans die geleentheid gebied om elders te gaan werk (Mönnig, 1967:183).

Die noodsaak om werk te vind waarvoor vergoeding ontvang kon word, is aangehelp deur die vraag na allerlei goedere. Wat aanvanklik 'n luukse was, het spoedig noodsaaklikhede geword. Geld was nodig om materiaal, klere, komberse, ploë, potte, byle, grawe, emmers, skottels, spieëls, breekgoed, krale, ooringe, vuurhoutjies, tabak, sout, seep, tee, suiker en brood te koop. Die instelling van belasting het die behoefte aan geld vergroot. Jong mans was verplig om hul arbeid te verkoop, om die nodige geld te bekom. Hulle het veral gedurende die eerste vier tot ses maande van die jaar op plase of goudmyne gewerk, om geld te verdien. Daarna kon hulle na hul families terugkeer om te help met die ploeg van landerye. Die tydperke weg van die huis het algaande al hoe langer geword (Schapera, 1967b:43-45).

Die afwesigheid van mans gedurende sekere tye van die jaar het die ruimte geskep vir spesialiswerkers om na vore te tree. Spesialis pottebakkers en grasdekkers het na vore getree, wat dan vir hul dienste in geld vergoed is (Mönnig, 1967:186). So is die grondslag gelê vir die verwerwing van meer rykdom deur sommige individue. Aanvanklik is werkers wat meer produktief was as ander nie beter vergoed nie. Dit het gebeur vanweë die kommunale verantwoordelikheid wat werkers vir mekaar gehad het, en die vrees om van towery beskuldig te word (Mönnig, 1967:186).

Ten spyte van die nuwe werkgeleenthede wat ontstaan het in die gebiede waar die inheemse inwoners van die land tradisioneel gewoon het, was daar nie genoeg werkgeleenthede vir al die werksoekers nie. 'n Verstedelikingsproses het ontstaan, wat deur verskillende faktore aangehelp is. Van die faktore is die volgende:

- Met die voltooiing van die Mafikeng-Bulawayo-spoorlyn in 1897 kon goedere goedkoper ingevoer word. Dit het die plaaslike vervoerbedryf, waar baie swart mense gewerk het, 'n nekslag toegedien.

- Die hutbelasting wat aan die einde van die negentiende eeu ingestel is, het mense gedwing om werk te soek om die nodige belasting te kon betaal (Maylam, 1986:127).
- Families kon nie genoeg voedsel in die reservate produseer om aan die lewe te bly nie. Die probleem is vererger deur mense wat in die stede gewerk het, en nie kon help om genoeg lande deeglik voor te berei om te plant nie (Rheinallt Jones, 1967:167).
- Bestaansboere wat in die skuld geraak het by handelaars het eerder in die stede gaan werk om hul skuld te betaal, as om van hul beeste te verkoop (Rheinallt Jones, 1967:168, 169).
- Baie mense het in die stede gaan werk om goedere te kon koop waarvoor geld nodig was, soos byvoorbeeld klere, blikkieskos, meubels, gramfone, fietse en ploë (Rheinallt Jones, 1967:169).
- Die onvermoë van boere om hul werkers genoeg te betaal sodat hulle hul belastingplicht kon nakom, klere kon koop, vir hul kinders se onderrig kon betaal en vir ander noodsaaklike uitgawes, het baie plaaswerkers gedwing om in stede werk te soek (Rheinallt Jones, 1967:170, 171).
- Epidemies en natuurrampe het die verstedelingsproses aangehelp. Die runderpes van 1896 het derduisende stuks vee afgemaai. Die epidemie is gevolg deur 'n driejaar-droogte en 'n sprinkaanplaag. Die tekort aan osse en die vernietigende droogte het bestaansboere gedwing om hul arbeid ter wille van oorlewing op ander maniere as bestaansboerdery aan te wend (Maylam, 1986:126).

Verstedelike werkers het geld vir hul arbeid ontvang, waarmee hulle produkte kon koop wat hulle nie self vervaardig het nie. Verstedeliking het ook veroorsaak dat werkers al hoe meer vir eie gewin gewerk het. Waar werkers vroeër hul vergoeding tot voordeel van hul stamgenote aangewend het, het loonarbeiders al hoe meer vir eie voordeel gewerk, sodat hulle onder meer klere, fietse, kombuise, gramfone, meubels en kombuisware kon bekom (Breutz, 1991:45).

Gedurende die negentiende eeu het die tradisionele inwoners van Suid-Afrika omvattende veranderinge ondervind, ten opsigte van hul daaglikse werk en die vergoeding daarvoor. Verskillende faktore het veroorsaak dat baie bestaanboere oorgeslaan het na werkers wat met geld vir hul arbeid vergoed is. Een van die grootste faktore was die uitwerking van die kapitalistiese stelsel wat kommunalisme stelselmatig geërodeer het.

2.4 TYDPERK VANAF DIE ANGLO-BOEREOORLOG TOT 1933

In 1899 het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek, toe die Boererepublieke (Oranje-Vrystaat en die Suid-Afrikaanse Republiek) teen die Britse beleid van imperialisme in verzet gekom het. Die Anglo-Boereoorlog het 'n geweldige uitwerking op die Suid-Afrikaanse ekonomie en gevolglik ook op vergoeding gehad. Ongeveer 87 000 boere het aan die oorlog deelgeneem (Pakenham, 1999:595). Hulle is – in teenstelling met die Britse soldate – nie vir hul deelname vergoed nie. Die boere se afwesigheid van hul plase het veroorsaak dat boerdery-aktiwiteite nie normaal kon voortgaan nie. Boerdery is verder ontwrig deur die vernietiging van omtrent 30 000 plaaswonings en 21 dorpe. Daarmee saam is plaasimplemente vernietig en oeste vertrap en verbrand (Böeseken, 1983:112). Miljoene beeste, perde en skape – die boere se vernaamste kapitaal – is van kant gemaak of gesteel. As voorbeeld kan genoem word dat die Britte onder leiding van generaal-majoor John French binne drie maande 272 752 perde, skape en vee in 1901 buitgemaak het. In Februarie 1902 is 'n verdere 25 000 stuks kleinvee, 2 000 perde en 200 waens in minder as twee weke deur Britse soldate in die oostelike dele van die Vrystaat buitgemaak (Pakenham, 1999:520, 571, 595). Hierdie verliese het veroorsaak dat boere en hul afhanklikes nie met normale werksaamhede kon voortgaan om hulself te onderhou nie.

Duisende boere en hul afhanklikes se arbeid is verder deur krygsgevangenskap en opname in konsentrasiekampe ontwrig. Na afloop van die oorlog was daar ongeveer 31 000 Boere-krygsgevangenes, 116 000 Boere-burgerlikes en 100 000 swartes in konsentrasiekampe (De Kock, 1980:369). Laasgenoemdes was plaasbediendes en hul gesinne wat vir die meer welgestelde boere gewerk het (Pakenham, 1999:596). Die konsentrasiekampe is opgerig om te voorkom dat die vegtende boere voedsel en kleding sou kry. Die konsentrasiekampe het dan ook veroorsaak dat kommandoede met groot moeite in hul daaglikse behoeftes kon voorsien. Hulle het in 'n groot mate geleef van voorrade wat hulle van Britse soldate afgeneem het (Kruger, 1979a:429).

Die Anglo-Boereoorlog het nie net 'n uitwerking op die boere en hul afhanklikes gehad nie. Voor die uitbreek van die oorlog was goudmyne die land se vernaamste ekonomiese hulpbron. Gedurende die oorlog het tienduisende goudmynwerkers na die hawestede gevlug, met die gevolg dat die goudopbrengs in die Transvaal van R32 482 000 in 1898 tot R2 195 000 in 1901 gedaal het. Die ekonomie is verder ontwrig deur die oorlog se invloed op die spoorverkeer. Die Britse militêre owerhede het die spoorweë só vir eie behoeftes gebruik, dat dit moeilik in burgerlike behoeftes voorsien het (Wiid, 1979:438).

Die Anglo-Boereoorlog het nie op alle mense 'n nadelige ekonomiese uitwerking gehad nie. Die groot hoeveelhede graan en vee wat die Britse troepe gedurende die Anglo-Boereoorlog gebruik het, het nuwe markte geskep. Beeste is uit die Transkei aangekoop en ponies van die Basotho's (Maylam, 1986:138). Oorskot graan en veevoer is verkoop. Dit het Afrikane in staat gestel om gedurende die oorlog kontant te bekom. Die finansiële vergoeding het verder inslag gevind met talle nuwe werkgeleenthede wat weens die oorlog ontstaan het. Swart mense het vir die militêre owerhede as perdeopsigters, drywers, ploegmanne, polisiemanne en portiere gewerk. Hul inkomste was nou tussen twee en drie keer meer as wat hulle vroeër verdien het (Bundy, 1988:207, 208). Die hoër lone wat die militêre owerhede betaal het, het die vergoeding wat dokwerkers, steenkoolmynwerkers en huisbediendes ontvang het, opwaarts gestoot. Dit het egter nie beteken dat werkers se inkomste in reële terme hoër was nie, omdat die prys van kos, beeste en ander goedere gestyg het. In sommige gevalle was die styging in pryse selfs hoër as die styging in lone (Warwick, 1983:143).

Die styging in lone was van korte duur, want toe die oorlog in 1902 tot 'n einde gekom het, het die Britse troepe die land verlaat en die vraag na goedere het gedaal. Die land was geruïneer en daar was grootskaalse armoede, veral onder bywoners. Waar boere na afloop van die oorlog nog hul grond gehad het, het die bywoners niks gehad nie. Hulle het selfs nie werk gehad nie, omdat hul werkgewers self hulpbehoewend was. Boere moes buitensporige pryse betaal vir vee en materiaal, wat hulle nodig gehad het om hul boerderye weer op te bou (Wiid, 1979:437, 444).

Die Anglo-Boereoorlog het die armblanke-vraagstuk wat reeds voor die oorlog bestaan het, vererger. Ten einde die nood te help verlig het veral die Nederduitse Gereformeerde Kerk arbeidskolonies gestig, wat aan honderde gesinne 'n heenkome en uiteindelijke selfstandigheid gegee het. Onontwikkelde grond is gekoop, voorberei vir boerdery en aan verarmde boere

toegeken. Die “nedersetters” het later eienaars van die grond geword (Nieuwoudt, 1990:89). Arbeidskolonies is onder leiding van die Nederduitse Gereformeerde Kerk by Kakamas (1898), Lagersdrif (in die Middelburgse distrik) en Goedemoed aan die Oranjerivier (1910) gestig (Van der Watt, 1980:95).

Die beëindiging van die oorlog het swart werkers ook geraak. Die Anglo-Boereoorlog het die verwagting by swart mense geskep dat hulle meer grond sou kry, om te bewoon en ekonomies onafhanklik te raak. Na afloop van die oorlog het hulle egter nie grond bygekry nie en ook nie ekonomies onafhanklik geraak nie. Alhoewel swart mense direk na afloop van die oorlog sekere ekonomiese voordele geniet het en tot ’n mate kon voortgaan met hul bestaansboerdery (Maylam, 1986: 138, 139), het verskeie faktore hulle mettertyd gedwing om al hoe meer hul arbeid vir geld te verkoop. Van die belangrikste faktore was die volgende:

- Droogtes (bv. 1903) het veroorsaak dat bestaansboere elders moes gaan werk soek (Bundy, 1988:124).
- Ooskuskoores het duisende stuks kleinvee laat vrek, met die gevolg dat mans moes gaan werk om te oorleef (Bundy, 1988:124). Sommige werkers het in hierdie tyd hul grond permanent verlaat om hulself in lokasies te vestig (Bundy, 1988:126).
- Die anti-bywonerswette wat rondom die draai van die negentiende eeu in werking gekom het, het tot gevolg gehad dat deelboerdery en die verhuring van grond tot ’n einde gekom het. Duisende mense wat relatief onafhanklik was, is gedwing om loonarbeiders te word (Bundy, 1988:137).
- Blanke boerderye het veral vanaf 1907 ’n verandering ondergaan. Die diamant- en goudstormlope, die oprigting van spoorlyne, goedkoper spoortariewe vir uitvoermielies, diversifisering en meer intensiewe wetenskaplike boerderymetodes het daartoe bygedra dat blanke boere eerder hul eie grond bewerk het as om deelboerdery te beoefen. Die omheining van veeplase en waterleidings aan die begin van die eeu het ook veroorsaak dat bywoners en swart werkers minder in aanvraag was (Bundy, 1988:115, 116, 215).

- Grond het skaarser geword en dit het vir jong boere al hoe moeiliker geraak om grond te bekom waarop hulle kon boer. Grondpryse het gestyg en die bevolking het gegroei, met die gevolg dat jong mans elders werk moes soek (Bundy, 1988:117, 118).
- Die *Naturellen Grond Wet* van 1913 het swart mense verbied om grond buite toegekende reservate te koop of te huur. Die wet het ook ten doel gehad om deelboerdery in die Vrystaat uit te skakel en loonarbeid te bevorder. 'n Groeiende bevolking in die reservate tesame met beperkte beskikbare grond het tot gevolg gehad dat produksie gedaal het en mans en vroue gevolglik werk moes soek, ten einde 'n inkomste te kry en te oorleef (Bundy, 1988:143, 144, 225).

Bogenoemde word bevestig deur die volgende statistiek. Vanaf 1904 tot 1936 het die getal swart mense in stedelike gebiede toegeneem vanaf 336 800 tot 1 146 700. Die eerste syfer verteenwoordig 10,4% van die totale swart bevolking, terwyl die laaste syfer 19% verteenwoordig (Maylam, 1986:148). Ook blanke boere is in hierdie tyd genoodsaak om op soek na werk te verstedelik. Min boere kon daarin slaag om van 'n bestaansboerdery na 'n markgerigte boerdery oor te skakel. Oorbeweiding en die onderverdeling van grond in onekonomiese eenhede wanneer grondeienaars te sterwe gekom het, het die verstedelingsproses aangehelp (Giliomee, 2003:321).

Die groeiende mynbedryf het duisende nuwe werkgeleenthede geskep. Die getal blanke werkers het vanaf 1904 tot 1905 vanaf 10 240 tot 13 255 toegeneem en die getal swart werkers vanaf 78 825 tot 105 184 (Wiid, 1979:449). In 1913 was daar 155 000 werkers op die myne en in 1936 318 000. Die lone was egter klein as gevolg van die lae graadse erts wat gemyn is en die internasionale vasstelling van die goudprys. Duur kapitale ontwikkeling en diep skagte het die lone ook laag gehou. Werkers het na die oorlog eerder op paaie, spoorweë en konstruksieprojekte werk gesoek, waar die lone hoër was (Maylam, 1986:145, 146). Gedurende hierdie tyd was dit vir die owerhede belangrik om die mynbedryf aan die gang te kry, sodat die land ekonomies weer kon herstel. Om die mynwerkerstekort op te los, is werkers uit Asië as ongeskoolde kontrakwerkers gebruik. Teen 1907 was daar 54 000 Chinese werkers in die land, wat teen lae lone gewerk het (Wiid, 1979:448-449).

Werkers wat bereid was om vir die laer lone te werk, is ook in buurlande gewerf. Tussen 1905 en 1912 het 87 000 Mosambiekse mynwerkers hulle permanent aan die Rand gevestig. Hulle het spoedig beter posisies as die Suid-Afrikaanse mynwerkers bekleed, omdat hulle vir langer

tydperke (18 - 19 maande) aaneen op myne gewerk het (teenoor bv. Transkeise werkers wat dikwels net vier maande gebly het) (Bonner, 1979: 285).

Die lae vergoeding wat mynwerkers vir hul arbeid ontvang het, het weldra tot arbeidsonrus gelei. In 1913 het 9 000 swart mynwerkers vir drie dae gestaak. Die staking het tot beter rantsoene, werksomstandighede en akkommodasie gelei (Proctor, 1979:54). Die volgende jaar het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek. Gedurende die oorlog was die inflasiekoers hoog en het werkers dit moeilik gevind om te oorleef op die vergoeding wat hulle vir hul arbeid ontvang het. As voorbeelde van die geweldige hoë inflasie dien die volgende:

- Komberse het in hierdie tyd gestyg vanaf vyftien sjielings tot twee pond. Broeke en jasse het in dieselfde verhouding gestyg.
- Mielies en sorghum se pryse het met 300 % gestyg.
- Die *Cost of Living Commision* in Oos-Londen het bereken dat swartmense se lewensmiddele met 161 % gestyg het.

Ook die armblankes is deur die hoë inflasie geraak. In 1916 was daar 80 000 armblankes. Die NG Kerk het 'n kongres gereël waar die kwessie bespreek is. Die kongres het meegehelp dat skoolonderrig binne elkeen se bereik geplaas is en verdere onderstandwerke (bou van damme, paaie, spoorweë, ens.) onderneem is (Nieuwoudt, 1990:92, 93).

Lone op myne en in dorpe het nie met die hoë inflasie gedurende die Eerste Wêreldoorlog tred gehou nie. Dit het aanleiding gegee tot verskeie stakings. 'n Staking van kragwerkers in 1918 het tot 'n 25%-loonverhoging gelei. Dit het die emmerverwyderaars aangespoor om ook te staak. Hulle het 'n sikspens verhoging geëis, maar kon nie in hul eis slaag nie. In 1920 het 71 000 myners gestaak. Na afloop van die staking het hulle hoër lone ontvang (Bonner, 1979: 276-279).

Ten spyte van stakings en verhogings wat aan sommige werkers toegestaan is, het lone van 1911 tot 1936 redelik staties gebly, terwyl die koopkrag van geld afgeneem het. Suid-Afrikaanse werkers het in vergelyking met werkers in ander lande lae vergoeding vir hul arbeid ontvang. Die volgende tabel toon aan hoe die per capita inkomste in Suid-Afrika gedurende 1925-34

vergelyk het met sommige ander lande. Die inkomste word uitgedruk in 'n internasionale eenheid (Hawarden, 1942:7).

Verenigde State	1 381
Nieu Seeland	1 202
Groot Brittanje	1 069
Griekeland	397
Japan	353
USSR	320
Suid-Afrika	276

Die goedkoop arbeid het aan die ander kant weer 'n toename in nywerhede moontlik gemaak. In 1915-16 het industrieë byvoorbeeld met 104% toegeneem. Goedkoop arbeid het gehelp dat vervaardigende industrieë vanaf 1924 verder toegeneem het (Proctor, 1979:53, 61).

Ras het algaande 'n rol begin speel in die arbeid wat werkers kon verrig. Die Eerste Minister, J.B.M. Hertzog, het in 1924 onderskeid gemaak tussen beskaafde en onbeskaafde arbeid. Beskaafde arbeid was "alle arbeid verrig deur persone wie se lewenstandaard voldoen aan die standaard wat algemeen erken word as fatsoenlik, uit 'n blanke standpunt beskou". Onbeskaafde arbeid was "arbeid verrig deur persone wie se doel beperk is tot die blote behoeftes van die lewe, volgens die begrip van onontwikkelde en wilde mense". Hertzog het opdrag gegee dat die staatsdepartemente by die indiensneming van arbeiders voorkeur moes gee aan beskaafde (blanke) werkers en wanneer alle blankes gehelp is, kon onbeskaafde (swart) werkers gehelp word. Hierdie beleid het aan duisende armblankes 'n bestaan verskaf. Waar daar in 1924 slegs 4 760 blanke werkers in diens van die S.A.S. & H. was (9,5% van die totaal), was die getal vyf jaar later 16 248 (28,7% van die totaal) (Liebenberg, 1980a:423). Die maatreëls het ten koste van swart werkers geskied en verdere verarming in hierdie groep tot gevolg gehad. In 1924 het hulle 75% van die werkerskorps uitgemaak, maar in 1933 net 49% (Giliomee, 2003:342).

Die regering van destyds het verdere invloed uitgeoefen op die vergoeding wat werkers vir hul arbeid ontvang het, met wetgewing wat ingevoer is. Die *Nywerheidsversoeningswet* van 1924 en die *Loonwet* van 1925 het bepalinge bevat oor die lone van geskoolde en ongeskoolde werkers. Hierdie wette was tot voordeel van blanke werkers. Die *Wysigingswet op Myne en Bedrywe* van 1926 het werksafbakening op grond van kleur in die mynbedryf ingevoer. Alleen kleurlinge en

blankes kon as masjiniste, opmeters en dinamietskieters optree (Liebenberg, 1980a:423, 424). Swart werkers kon alleen mynwerk verrig, waar die vergoeding laer was.

Werkgewers wat slegs blankes in diens geneem het, het voorkeur geniet by die toekenning van staatskontrakte. Sekere nywerhede het doeane-voordele geniet, indien hulle sekere hoeveelhede blankes in diens geneem het. Die Loonraad het die staat toegelaat om minimum lone vas te stel, wat gebruik kon word om groot getalle ongeskoolde swart werkers met halfgeskoolde blanke werkers te vervang. As gevolg hiervan het die verhouding van swart tot blanke werkers van 2,11:1 tot 1,49:1 geval (Giliomee, 2003:342).

Teen die vroeë 1930's het 'n duidelike permanente ekonomiese verskuiwing plaasgevind. Duisende blankes en swartes het verstedelik. Hulle het geen bande meer met bestaansboerdery gehad nie en moes leef van die finansiële vergoeding wat hulle vir hul arbeid ontvang het. Hierdie vergoeding was veral vir ongeskoolde werkers so min dat hulle nie hulself en hul afhanklikes behoorlik kon onderhou nie. Die probleem is vererger deur werksoekers vanaf die platteland (Proctor, 1979:68). In hierdie tyd het wetgewing 'n rol begin speel in die voorsiening van werkgeleenthede vir sekere rasse. Dit het 'n positiewe invloed gehad op die vergoeding wat blanke werkers vir hul arbeid ontvang het, maar 'n negatiewe invloed op die vergoeding van swart werkers.

2.5 1933 TOT 1970

Gedurende 1930-32 was Suid-Afrika, soos die res van die wêreld, vasgevang in 'n hewige depressie. Tussen 1929 en 1933 het produksie in die vervaardigingsektor met 20% gedaal en was 22% van alle kleurling- en blanke mans as werkloos geregistreer. In dieselfde tyd het 'n ernstige droogte Suid-Afrika geteister. Landbou-verdiensde het met 50% gedaal. Teen die middel 1930's was daar vyftien miljoen minder skape in die land en het mielies se prys gehalveer. Dit het veroorsaak dat werkers 'n dramatiese verlies aan inkomste ondervind het. Werknemers by onderstandwerke vir werkloses het byvoorbeeld gegroei van 4 123 in 1929 tot 30 613 in 1930 (Giliomee, 2003:404; Liebenberg, 1980a:419).

'n Proses van verarming was besig om plaas te vind.. Volgens die Carnegie-verslag (1932) kon 300 000 Afrikaners as "baie arm" bestempel word. Dit het 20% van die Afrikanerbevolking verteenwoordig. 'n Verdere 48% was "arm". In 1934 is 'n volkskongres gehou om die armblankevraagstuk te bespreek. Op die kongres is gebrekkige infrastruktuur soos paaie,

spoorweë, onderwysgeriewe en landsontwikkelinge, die “industriële rewolusie” van 1885-1905, die swak onderwysstelsel, natuurrampe en mededinging met goedkoop swart arbeid as redes vir die armblankevraagstuk aangevoer. As uitvloeisel van die kongres is die regering versoek om onder meer ’n afsonderlike en selfstandige departement van volkswelsyn te stig, professionele geesteswetenskaplikes op te lei, welsynsdienste te subsidieer, beter onderwys en vakopleiding te voorsien en werk te verskaf. Groot klem is ook gelê op die behoefte aan geestelike kwaliteite soos morele moed, inisiatief, volharding en selfhelp. Daadwerklike optrede het dan ook gelei tot die skepping van infrastruktuur vir onder meer onderwys, opleiding en werkverskaffing (Nieuwoudt, 1990:93-96).

Kerke het ook ingegryp om die armoede te help verlig. Direkte hulp is in die vorm van voedsel en kleding verskaf. Ds. A.D. Luckhoff van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het ’n aanteelskema georganiseer, waarvolgens welvarende boere vee aan uitgeboerde boere geleen het, met die doel om hul eie kuddes op te bou en weer selfversorgend te raak (Nieuwoudt, 1990:93).

Na die depressie van die dertigerjare het ongeveer twaalf jaar van ononderbroke groei gevolg. Nadat Suid-Afrika in 1932 die goudstandaard verlaat het, het die goudprys dadelik begin styg en het die staat se inkomste uit goud verdriedubbel. Dit het die regering in staat gestel om die land se infrastruktuur uit te brei en die vervaardigingssektor te stimuleer (Giliomee, 2003:410). In hierdie tydperk het baie nywerhede in Suid-Afrika opgeskiet, wat die nasionale inkomste met 200% opgestoot het. Die groei van die nywerhede was so omvangryk dat dit teen 1946 meer geld tot die ekonomie bygedra het as die myn- of landbousektore. In 1933-4 was die bydrae £95 miljoen en in 1946-7 het dit ’n volle £450 miljoen beloop. Die werkers het in hierdie tyd meer as verdriedubbel. Dit het die verstedelikingsproses so aangehelp dat swart mense in stede toegeneem het van 1 141 642 in 1936 tot 1 794 212 in 1946. Dit verteenwoordig ’n toename vanaf 17% tot 23% van die swart bevolking in die land. ’n Groot permanente swart stedelike bevolking het beslag gekry toe die stedelike vroulike bevolking gegroei het van 350 000 (1936) tot 650 000 (1946) (Fine & Davis, 1990: 13,14).

Die nuwe nywerhede het hul werkers beter vergoed as ander sektore van die ekonomie. Dit het daartoe bygedra dat die Kamer van Mynwese vanaf 1933 ’n tekort aan werkers ondervind het. Die Kamer het druk op die regering begin toepas om toestemming te kry vir die werwing van werkers buite die landsgrense, wat bereid was om teen laer lone te werk. In 1937 het die regering aan die druk toegegee en toegelaat dat werkers noord van 22°S.90 gewerf kon word om op myne te kom werk (Proctor, 1979: 68). Dit het die weg gebaan vir buitelanders om werk te

doen wat Suid-Afrikaners as gevolg van die lae arbeidsvergoeding nie wou doen nie. Die probleem om plaaslike werkers te vind wat bereid was om die gevaarlike werk in myne teen lae lone te doen, het in die sestigerjare weer akkute geraak. Buitelandse werkers wat bereid was om die werk te verrig, is geworf. Daarom het werkers van elders 66% van die poste op myne tussen 1956 en 1966 gevul (Nattrass, 1990:150, 151).

Ten spyte van die ekonomiese groei wat die land ondervind het ná die depressie, het die meeste werkers steeds hul heenkome gevind in landbou, huishoudelike werk, mynbou en die informele sektor waar die vergoeding laag was (Fine & Davis, 1990:3). Die styging in lewenskoste in die laat twintigerjare en begin dertigerjare toe lone staties gebly het, het die vergoeding van werkers verder negatief beïnvloed. Die gevolg was dat die meeste swart werkers onder die broodlyn geleef het. Dr. A.J. Orenstein, die mediese direkteur van Rand Mines Limited, het bereken dat minstens £5 per maand nodig was om 'n gebalanseerde dieet aan 'n man, vrou en twee kinders te verskaf. Daarteenoor het maandeliks betaalde werkers (munisipale werkers en huisbediendes) 'n gemiddelde loon van £3.10.0 ontvang. Weekliks betaalde werkers se vergoeding was beter teen twintig sjielings per week. Daar was egter ook entrepreneurs wat 'n goeie bestaan gemaak het. Algemene handelaars en kruiedokters het £30 tot £40 per maand verdien, skrynwerkers tussen £12 en £15 en ander entrepreneurs ongeveer £10 (Proctor, 1979:73, 75).

Gedurende hierdie tyd het vakbonde ook 'n rol gespeel in die vergoeding wat werkers ontvang het. Alhoewel wetgewing stakings verbied het, het vakbonde wel stakings gereël. Die stakings in 1937 in Durban het tot 'n ondersoek deur die Loonraad gelei. Kort ná die ondersoek het die Loonraad die minimum loon van 27 arbeidskategorieë vir ongeskoolde werkers verhoog. In hierdie tyd is loonverhogings ook toegestaan, om stakings te voorkom (Nattrass, 1990:92, 93).

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) het 'n besonder positiewe uitwerking op die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad. Veral nywerhede het by die oorlog gebaat. 'n Vermindering in invoere het die plaaslike nywerhede aangehelp, terwyl 'n aanvraag na voedsel uit Suid-Afrika, grondstowwe en krygsvoorraad uitvoere 'n hupstoot gegee het. Die ekonomiese groei het 'n tekort aan geskoolde en ongeskoolde arbeid veroorsaak. Die tekort is vererger deur die ongeveer 200 000 blankes (uit 'n werkmag van 790 000) wat aan die oorlog deelgeneem het. Die nywerhede het swart werkers vanaf plase, landelike gebiede en die myne gelok. Die oorlog het die geleentheid geskep dat 95% van swart mans in metropolitaanse gebiede werk gehad het, ten spyte van die verdriedubbeling in werkers binne die bestek van 'n dekade (Nattrass, 1990:83, 86).

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het swart ongeskoolde en halfgeskoolde werkers se vergoeding vinniger gestyg as dié van geskoolde blanke werkers. Verskeie faktore het 'n rol gespeel waarom die geskoolde werkers se vergoeding nie baie gestyg het nie. Van die belangrikste faktore was die gebrekkige bedingingsmag van blanke werkers, die bevriesing van geskoolde werkers se vergoeding, die vermindering van die maksimum werksure waarmee oortydinkomste ingekort is en die indiensneming van vroue gedurende die oorlog (Nattrass, 1990:93-95).

Ten spyte van die nuwe werkgeleenthede wat die oorlog teweeggebring het, is werkers in die algemeen laag vergoed. Teen die vroeë veertigerjare was die gemiddelde inkomste per persoon in die land ongeveer £45 per jaar. Suid-Afrika was dus 'n arm land. Die grootste rede vir Suid-Afrika se armoede in die veertigerjare was dat te veel mense (64% van die bevolking) van boerdery afhanklik was. Boerdery het op daardie tydstip maar 12,5% van die nasionale inkomste verdien. 'n Vergelyking met ander lande in die wêreld toon dat gedurende 1925-34 een werker kos aan 40 mense kon voorsien in Nieu Seeland, aan 25 in Australië, drie in Pole, twee in Japan en Rusland en minder as twee in Suid-Afrika (Hawarden, 1942:7, 8). Gedurende die tydperk van lae produktiwiteit was plaaswerkers se lone ook laag. In reële terme het plaaswerkers se lone van 1867 tot 1945 dieselfde gebly (Maree, 1974:64).

In dieselfde tyd as wat werkgeleenthede in die na-depressiejare toeneem en lone gestyg het, het landbou op grootskaals gemeganiseer. Die getal trekkers het byvoorbeeld van 6 000 in 1937 tot 48 000 in 1950 toeneem. Investerings in landboumasjinerie het toeneem van £30 miljoen in 1939 tot £150 miljoen in 1952. Die meganisering het produktiwiteit opgestoot, maar ten koste van baie werkgeleenthede. Swart kleinboere het vanaf 2,5 miljoen in 1936 tot 832 000 in 1946 verminder. Dit verteenwoordig 'n vermindering van 50% tot 17,5% van die ekonomies aktiewe bevolking (Fine & Davis, 1990: 14-16).

'n Verdere aspek wat in hierdie tyd navore gekom het en die vergoeding vir arbeid beïnvloed het, was werkers se huwelikstatus. 'n Opname wat in 1953 gedoen is, toon aan dat sommige maatskappye getroude werkers meer betaal het as ongetroude werkers. In een geval het ongetroude blanke werkers £13 ontvang en getroude blanke werkers £23 (The National Development Foundation of South Africa, 1953:16).

Die verstedelingsproses wat met die depressie begin het, het gedurende die Tweede Wêreldoorlog en daarna versnel, omdat die oorlog lewensmiddele se pryse met tussen 20% en

50% opgestoot het. 'n Mielietekort in 1946 het mense genoodsaak om Johannesburg toe te trek, op soek na werk. Dit het bygedra tot verdere werkloosheid. Sommige sektore het die werkloosheidsprobleem probeer verlig deur meer werkers in diens te neem. Dit was egter ten koste van ander werkers se inkomste, omdat die betrokke sektore die reeds lae lone verder moes sny, om meer mense in diens te neem. Die lae lone word geïllustreer deur 'n ondersoek wat bevind het dat ongeskoolde werkers £4.19.0 per maand verdien het terwyl 'n swart familie van vyf minstens £6.10.0 per maand nodig gehad om te oorleef, en £7.14.6 nodig was om 'n menswaardige bestaan te voer (Stadler, 1979:20-23).

Minimum lone is ingestel om werkers te help. Alhoewel die bedoeling van die instelling van minimum lone goed was, het dit 'n negatiewe uitwerking gehad, omdat minimum lone aanleiding gegee het tot die verdere meganisering van nywerhede en gevolglike werkloosheid (Stadler, 1979: 23). Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het die werkloosheid onder blanke mans van 76 000 in 1945 tot 139 000 in 1948 toegeneem (Giliomee, 2003:480).

Omstandighede het ook al moeiliker geraak vir mense wat van bestaansboerdery afhanklik was. 'n Belangrike rede hiervoor was dat die gemiddelde bevolkingsdigtheid in reservate van 60 mense per vierkante myl in 1955 tot 110 in 1969 toegeneem het. Die geweldige bevolkingsgroei het tot oorbeweiding, oorbewerking en uiteindelijke gronduitputting gelei. Werkers kon nie meer oorleef van die vergoeding wat werkers uit bestaansboerdery ontvang het nie. Die omvang van die lae inkomste vir arbeid word duideliker wanneer mens in ag neem dat in 1962 slegs 20 592 mense uit 'n bevolking van 1,4 miljoen betaalde arbeid in die Transkei verrig het. Die res was van bestaansboerdery afhanklik. Bykans 40% van die betaalde werkers het huishoudelike werk verrig, waar die vergoeding laag was (Maylam, 1986: 172). Mense wat op plase gewerk het, het ook baie swaar gekry. Hul gemiddelde vergoeding was 25% van die vergoeding in die vervaardigingssektor (Giliomee, 2003:480).

Gedurende die tydperk van 1930 tot 1970 het nie alleen ekonomiese faktore 'n invloed op die vergoeding vir arbeid gehad nie, maar het doelbewuste politieke regulering 'n invloed op werkers se arbeid en die vergoeding vir hul arbeid gehad. Die politieke regulering is aangevuur deur die gees van demokratiese nasionalisme, wat in die negentiende eeu sy beslag in Europa gevind het (Schulze, 1981:7). In die nasionalistiese gedagtesisteem is die nasie sentraal geplaas. Die nasie verteenwoordig besondere gemeenskaplike kenmerke, waardes of belange. Die nasie het 'n besondere taak om te verrig, om hom van ander nasies te onderskei. Daarom moet die

nasie bestendig in stand gehou word, terwyl sy welsyn bevorder word. Om hierdie doelwitte te bereik, moet die nasie 'n eie staat hê (Kotzé, 1968:12).

Nasionalisme het in Suid-Afrika sy beslag gekry in apartisme. Met apartheid wou die Nasionale Party die afsonderlike identiteit van elke ras in Suid-Afrika verseker. Blankes, Afrikane, kleurlinge en Indiërs sou afsonderlik en naas mekaar tot ontwikkeling gebring word. Volgens hierdie beleid moes reservate as die nasionale tuiste van Afrikane beskou word, die blanke stedelike gebiede verseker word deur aparte woongebiede vir ander bevolkingsgroepe daar te stel, die instroming van Afrikane na blanke stedelike gebiede beheer en die belange van blanke werkers in fabriek en vakbonde beskerm word (Kruger, 1979b:563, 564). As deel van die praktiese uitvoering van apartisme is verskeie wette aanvaar, wat 'n invloed op werkers se arbeid en gevolglik ook op die vergoeding daarvan gehad het. Van die belangrikste wette was:

- Die *Naturellen Grond Wet* van 1913 is herbevestig en uitgebrei met die *Naturelletrust en – Grond-Wet* No.12 van 1936. Hierdie wet het voorsiening gemaak dat meer as 7 250 000 morg grond by die reservate gevoeg moes word en dat blanke grondeienaars wat swart huurders gehad het, gestraf word. Daar is ook gepoog om die aantal swart werkers op plase te verminder (Maylam, 1986: 166).
- Die *Wet op Bantoe-owerhede* (No. 68 van 1951) en die *Wet op die bevordering van Bantoeselfbestuur* (No. 46 van 1959) het die weg gebaan vir die tuislandbeleid, wat moes lei tot onafhanklike lande (Maylam, 1986: 167, 170). Toe hierdie wette aangeneem is, was die reservaatgebiede se bevolkingsdigtheid aan die groei en grondgehalte aan die agteruitgaan.
- Die *Wet op Groepsgebiede* (No. 41 van 1950) wat voorsiening gemaak het vir die proklamering van 'n bepaalde gebied vir 'n bepaalde groep. Geen lid van 'n ander rassegroep mag in so 'n gebied grond besit het, gewoon of handel gedryf het nie (Liebenberg, 1980b:494). Dit het veroorsaak dat werkers tot bepaalde gebiede ingeperk was om te werk. Dit het vergoeding vir hul arbeid negatief geraak.
- Die *Wet op Naturelle-arbeid (Beslegting van geskille)* (No. 48 van 1953) het geregistreerde swartes verbied om aan vakbonde te behoort en het hulle ook verbied om te staak (Liebenberg, 1980b:496).

- Die *Naturelle Wysigingswet* (No. 16 van 1955) het die aantal swart bediendes in woonstelblokke tot vyf per blok beperk (Liebenberg, 1980b:494). Baie werkers was verplig om verder van hul werkplekke verblyf te vind. Hierdie werkers moes nou 'n groter deel van hul inkomste aan vervoer bestee, wat hul besteebare vergoeding verminder het.
- Die *Wet op Nywerheidsversoening* het dit moontlik gemaak dat sekere beroepe net vir sekere rasse gereserveer kon word. Dit het omtrent 2% van die werkgeleenthede geraak (Giliomee, 2003:510).
- Invloei-beheer het gesorg dat myne steeds ongeskoolde werkers kon kry wat laag vergoed is, omdat werkers se werkgeleenthede beperk was. Invloei-beheer het aan die ander kant blanke werkers bevoordeel, wat vry was om werk te vind in die vervaardigingsektor. Myne wat blankes in sekere poste wou aanstel was derhalwe verplig om hoër vergoedings te betaal ten einde hul dienste te bekom (Nattrass, 1990:151).
- Werksreservering het 'n negatiewe invloed op produktiwiteit gehad, omdat dit sommige blanke werkers traag gemaak het en daar 'n groot arbeidsomset en hoë afwesigheidsfaktor was. Dit het ook 'n negatiewe uitwerking op swart werkers se motivering gehad om hard te werk, met die oog op bevordering en beter vergoeding (Nattrass, 1990:170).

Alhoewel bogenoemde wette 'n negatiewe uitwerking gehad het op die vergoeding wat werkers ontvang het, was daar tog 'n verbetering in werkers se vergoeding. Gedurende die 1960's het die Suid-Afrikaanse ekonomie geweldig gegroei, met 'n gevolglike positiewe uitwerking op vergoeding. Onderstaande tabel dui die toename in die jaarlikse besteebare inkomste van die verskillende bevolkingsgroepe tussen 1960 en 1970. Dit word weergegee teen 1990-pryse (Giliomee, 2003:540):

	1960	1970
Blank	R12 114	R17 260
Asiër	R2 171	R3 674
Kleurling	R2 000	R3 033
Afrikaan	R1 033	R1 439

Voor 1948 is die arbeidsmark hoofsaaklik bepaal deur ekonomiese kragte, eerder as doelbewuste politieke regulering. Daarna het doelbewuste regulering 'n besliste invloed gehad op die

arbeidsmark – en gevolglik ook op die vergoeding wat sommige werkers vir hul arbeid ontvang het (Proctor, 1979: 68).

2.6 1970 TOT 1994

Teen 1970 het Suid-Afrika al die elemente van 'n moderne ekonomie gehad. Die vestiging van myne en die groei van nywerhede het die proses van verstedeliking aangehelp. So het 'n groot permanente stedelike bevolking ontstaan, wat van geldelike vergoeding vir hul arbeid afhanklik was – teenoor vroeëre geslagte wat afhanklik of gedeeltelik afhanklik was van bestaansboerdery.

In die vroeë sewentigerjare jare het blankes gemiddeld elf keer meer as swartes vir hul arbeid gekry (Nattrass, 1977:415). Die verskil in inkomste was nie alleen te wyte aan verskillende poste wat mense van verskillende rasse beklee het nie. Die onderstaande grafiek is 'n voorbeeld van die verskil in vergoeding tussen blankes en Afrikane wat dieselfde werk gedoen het. In 1972 was die verskil in vergoeding tussen blanke en swart dubbeldekkbusbestuurders in diens van die Johannesburgse Stadsraad soos volg (Biesheuvel, 1972:1):

	Blank	Swart
Leerlingbestuurder	R2 730 per jaar	R1 273 per jaar
Na een jaar diens	R3 000 per jaar	R1 398 per jaar
Maksimum na ses jaar	R3 360 per jaar	R1 647 per jaar

Die verskil in vergoeding vir arbeid het egter verder gestrek as net 'n verskil tussen blankes en Afrikane. Die volgende tabel toon die verskil in maandelikse vergoeding aan, wat verskillende rasse in verskillende bedrywe in 1969/70 ontvang het (Horner, 1972:3):

	Blank	Kleurling	Asiaties	Afrikaan
Vervaardiging	R315	R73	R80	R52
Mynbou	R341	R71	R93	R19
Konstruksie	R326	R110	R144	R49
Sentrale regering	R293	R145	R195	R52
SA Spoorweë	R295	R71	R54	R52

Die situasie het aan die begin van die sewentigerjare begin verander. In hierdie tyd het alle sektore van die ekonomie meer kapitaalintensief en gemeganiseerd geraak, met gevolglike hoër

kapitaal/arbeid-verhoudings. Meer geskoolde arbeid is benodig. Waar primêre bedrywe aanvanklik apartheid gesteun het, omdat dit hulle gehelp het in die voorsiening van ongeskoolde werkers, het hulle algaande nie meer ongeskoolde werkers nie, maar wel geskoolde werkers benodig (Lipton, 1986:227). Die tekort aan geskoolde werkers is ook in ander bedrywe gevoel. As voorbeelde kan die Johannesburgse Stadsraad genoem word, wat in 1970 'n tekort van 30% aan voertuigbestuurders gehad het. In 1974 het die Spoorweë en die Poskantoor ook elk 'n tekort van 30% aan geskoolde werkers gehad (Lipton, 1986:236).

Die tekort aan geskoolde werkers het ontstaan toe die Suid-Afrikaanse ekonomie tussen 1970 en 1974 – in teenstelling met ander westerse ekonomieë – gegroei het. Dit was as gevolg van 'n styging in die goudprys en die invloed van kapitaal uit die buiteland. Om die tekort aan geskoolde werkers die hoof te bied, het die regering al hoe meer van werkreservering wegbeweeg (Nattrass, 1977:188-189, 192, 273).

Die afskaffing van werkreservering tesame met meer besteding aan die onderwys van swartes, het daartoe bygedra dat hulle algaande beter werkgeleenthede kon benut en hoër vergoeding kon ontvang. Waar kleurlinge, Indiërs en Afrikane in 1960 net 32% van die land se professionele en tegniese poste gevul het, was dit in 1980 al 43%. Ten opsigte van klerikale poste was die toename in dieselfde tydperk vanaf 12% tot 39% (Lipton, 1986:62, 406).


Swart mense se lone het in die vroeë sewentigerjare vinnig toegeneem. As voorbeeld kan die vergoeding genoem word wat werkers in posvlakke dertien tot sestien ontvang het. Vanaf 1970 tot 1975 het lone vanaf 'n gemiddeld van R88 per maand tot R164 per maand in dié posvlakke toegeneem. Dit is 'n verhoging van 86,4%. Blankes in dieselfde posvlakke se inkomste het gestyg vanaf R218 per maand tot R322 per maand. Dit verteenwoordig 'n styging van 48,2% (Langenhoven, 1977:37). In reële terme het die gemiddelde lone vir swart werkers tussen 1970 en 1975 met gemiddeld 6,6% per jaar gestyg – terwyl dit vir blankes met 1% gedaal het (Nattrass, 1977:408). 'n Hoë goudprys het dit moontlik gemaak dat die loongaping tussen blanke en swart mynwerkers tussen 1970 en 1974 jaarliks met 11% verklein het (Nattrass, 1990:188-189, 192, 273).

Dit is opmerklik dat die styging in lone in hierdie tydperk aanvanklik nie ten koste van werkgeleenthede plaasgevind het nie, soos dikwels gebeur wanneer daar 'n hoë styging in lone is. Die lae lone wat aanvanklik betaal is, het dit moontlik gemaak dat toe ekonomiese groei plaasvind, daar meer werkgeleenthede ontstaan het terwyl lone terselfdertyd gestyg het (Nattrass,

1977:418). Die styging in lone het mettertyd wel 'n invloed op die getal werkgeleenthede gehad. In die 1960's kon 97% van die swart skoolverlaters werk vind, in die 1970's het dit gedaal tot 72% en in die 1980's was dit slegs 7% (Giliomee, 2003:600).

Die verhogings in vergoeding wat werkers in die vroeë sewentigerjare toegeval het, was nie uitsluitlik aan ekonomiese groei te wyte nie. In 1973 het 61 000 werkers by 150 besighede in Natal gestaak. Die stakings het verband gehou met lae lone. Hierdie stakings het 'n nuwe era in die land se stakingsgeskiedenis ingelui (Pottinger, 1988:84). Die internasionale oliekrisis van 1974 het die land se ekonomie nadelig getref. Afdankings en likwidasies het gevolg en tienduisende werkers het tot stakings oorgegaan (Sayers, 1991:169). Gedurende 1973-74 was daar jaarliks vyf keer meer stakings as in 1970-72. In die stakingsjare was die jaarlikse loonverhoging onder swart werkers in die vervaardigingssektor onderskeidelik 19% en 23,9% - ongeveer vier keer soveel as die verhoging wat blanke werkers ontvang het. Nattrass (1990:184) toon aan dat die stakings 'n besliste rol gespeel het in die hoër lone wat swart werkers ontvang het.

Vanaf 1975 tot 1979 was daar relatief min stakings. In 1979 het Wiehahnkommissie sekere aanbevelings rakende arbeidswetgewing gedoen. Die kommissie het onder meer aanbeveel dat alle werkers die reg moet hê om vakbonde te vorm en daarby aan te sluit. Na die verskyning van die verslag was daar 'n toename in stakings en werkstopsettings. Waar daar vanaf 1975 tot 1979 gemiddeld minder as twintig per 1 000 werkers aan stakings deelgeneem het, het die getal in 1980 meer as verdubbel tot 45 en in 1981 verdriedubbel tot 65 werkers per duisend. Anders gestel: die aantal stakings het van 101 in 1979 tot 1 148 in 1987 toegeneem (Nattrass, 1990:207; Van Heerden, 1990:48, 49, 67). Onderstaande grafiek toon aan hoe die getal mandae wat as gevolg van stakings verloor is, gestyg het. Die grafiek is saamgestel uit inligting van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (2000:37).



Verreweg die meeste van hierdie stakings het met vergoeding verband gehou (Nattrass, 1990:207; Van Heerden, 1990:48, 49, 67).

Stakings het nie altyd hoër lone gewaarborg nie, soos blyk uit die stakings van 1987. Toe is nege miljoen werksdae weens stakings in veral die mynbou en vervoersector van die ekonomie verloor (SAIR, 2000:37). Ongeveer 300 000 mynwerkers het gestaak. Anglo American het byna 50 000 werkers afgedank. Alhoewel 25 000 van die werkers binne drie maande na die staking weer in diens geneem is en 'n verdere 9 500 die jaar daarop, het duisende werkers hul werk en hul inkomste as gevolg van die stakings verloor (Crush *et al.*, 1991:27).

Nog 'n faktor wat vergoeding gedurende die sewentigerjare beïnvloed het, was verstedeliking. Die afskaffing van werkreservering en gepaardgaande verstedeliking het tot gevolg gehad dat die loonverspreiding onder swart werkers al hoe meer ongelyk begin raak het. Stedelike bewoners se inkomste het vinniger gegroei as plattelandse inwoners s'n (Nattrass, 1977:426). Die verskil in vergoeding van werkers in verskillende geografiese gebiede is nie net tot swart werkers beperk nie. Dit is 'n universele tendens dat werkers in sekere geografiese gebiede meer ontvang vir dieselfde arbeid as wat werkers elders in dieselfde land verrig. Hierdie tendens word deur die onderstaande tabel geïllustreer. Die tabel toon aan wat die gemiddelde jaarlikse inkomste van selfgeëmplojeerde blanke tandartse in 1984 in verskillende streke was (Van Pletzen, 1984:34-42).

Johannesburg	R36 000
Pretoria	R36 000
Res van die Vaaldriehoek	R45 000
Res van Transvaal	R34 000
Kaapse Skiereiland	R36 000
Port Elizabeth – Uitenhage	R42 000
Res van Kaapprovinsie	R36 000
Durban	R45 510
Res van Natal	R34 500

Ander faktore wat teen die sewentigerjare 'n beduidende invloed gehad het op die vergoeding van werkers, is:

- Die geslag van werkers het 'n rol gespeel in die vergoeding wat werkers ontvang het. 'n Opname wat in 1982 deur Uys (1982:9, 10) gedoen is oor die totale gemiddelde maandelikse vergoeding onder sekere swart mans en vroue wat dieselfde arbeid verrig, het die volgende resultate gelever:

	Vroue	Mans
Ongeskoolde bediendes/arbeiders	R170	R248
Halfgeskoolde masjienoperators	R191	R248

Blanke mans het ook meer verdien as hul vroulike eweknieë. Uys (1982:12, 16) het die volgende bevind:

	Mans	Vroue
Halfgeskoolde arbeid (masjienoperators)	R822	R593
Geschoolde arbeid	R988 (toonbankklerke)	R688 (tiksters)
	R894 (klerke)	R662 (kassiere)

- By die vergoeding wat 'n werker ontvang het, het die aantal jare diens van die werker ook 'n rol gespeel. Uys (1982:9-10, 12, 16) het in sy ondersoek om vas te stel watter invloed jare diens op vergoeding het die volgende bevinding gemaak, oor die verskil in maandelikse vergoeding wat werkers ontvang het:

	Aanvangsloon/ Aanvangsalaris	Gemiddelde loon/salaris
Ongeskoolde swart bediende	R130	R170
Swart manlike voertuigbestuurder	R306	R427
Blanke manlike motorwerktuigkundige	R931	R1 268
Blanke tikster	R480	R688

Uit bogenoemde is dit duidelik dat jare diens 'n besliste invloed het op die vergoeding wat 'n werker vir sy arbeid ontvang.

- Aan enige pos word sekere intellektuele vereistes gekoppel. Die intellektuele vermoëns wat vereis word, het ook 'n invloed op die vergoeding wat 'n werker vir sy arbeid kan verwag. In 1972 was die volgorde van belangrikheid van vereistes in die vastelling van salarisse vir blanke mans die volgende (Siemens, 1972:12, 13):

- verstandelike vereistes
- verantwoordelikheid
- ervaring
- kwalifikasies
- fisiese vermoëns.

By die vasstelling van salarisse vir blanke vroue het die volgende vereistes 'n rol gespeel:

- verstandelike vereistes
- ervaring
- kwalifikasies
- verantwoordelikheid
- fisiese vereistes.

- Intellektuele vermoëns het nie alleen bepaal wat 'n werker se vergoeding sou wees nie. Kwalifikasies het ook 'n invloed op vergoeding. In 'n opname wat in 1969 onder kleurlingmans gedoen is, is die volgende bevind oor die maandelikse inkomste wat werkers met verskillende kwalifikasies ontvang het (Langenhoven, 1977:35):

Standerd geslaag	Mediaan-inkomste
Standerd 3 en laer	R47,70
Standerd 4-5	R51,10
Standerd 6	R57,50
Standerd 7-8	R64,50
Standerd 9-10	R100,70

Uit die tabel hierbo is dit duidelik dat kwalifikasie 'n rol speel in die vergoeding wat werkers ontvang. Dit word bevestig deur onderstaande tabel, wat die gemiddelde maandelikse aanvangsloon van werkers met verskillende kwalifikasies aantoon (Langenhoven, 1977:51).

Ongeletterd	R74,69
Standerd 4	R84,94
Standerd 6	R101,46
Standerd 8	R124,95
Vakleerlingskap	R153,35
St 10	R185,50
St 10 + 2 jaar opleiding	R190,07
B-graad	R319,77
Nagraadse kwalifikasie	R482,50

'n Onderzoek het aangetoon dat tussen 1981 en 1986 slegs 10% van die swart leerlinge 'n Senior Sertifikaat behaal het en 1% universiteitsvrystelling gekry het. Om die tekort aan vaardighede te bowe te kom, is meer geld aan onderwys bestee. Vanaf 1978 tot 1983 is 'n bykomende 45 000 swart onderwysers in diens geneem. Die getal is met nog 64 000 vanaf 1985 tot 1988 verhoog (Pottinger, 1988:179, 276). Die verbetering in leerlinge se opleiding en kwalifikasies sou die weg baan vir beter vergoeding.

Vergoeding hou ook verband met die verskillende posvlakke wat werkers beklee. Hoe hoër die posvlak is, hoe groter is die vergoeding wat 'n werker kan verwag. 'n Studie wat in 1972 onderneem is, het die volgende oor die gemiddelde maandelikse lone van nie-blanke werkers aan die lig gebring (let veral op na die verskil in lone tussen die werkers in toesighoudende poste teenoor die res) (Langenhoven, 1977:35):

	Minimum	Maksimum
Ongeskoolde werkers	R47,00	R69,00
Halfgeskoold	R58,00	R87,00
Geskoold	R78,00	R133,00
Toesighoudend	R99,00	R149,00

- Studies toon aan dat werkers wat in hul eie diens staan, gemiddeld langer ure werk as werkers wat in diens van 'n werkgever is en wat dieselfde werk verrig. Dit het 'n invloed op die vergoeding vir hul arbeid. Hul vergoeding word verder beïnvloed deur die bereidheid om nuwe ondernemings aan te gaan en risiko's wat geneem moet word. Dit dra alles daartoe by dat selfgeëmplojeerde werkers gemiddeld meer verdien as werkers wat in diens staan van werkgevers. Die volgende kan as voorbeeld genoem word: In 1984 het selfgeëmplojeerde gegradueerde blanke mans gemiddeld R43 000 per jaar verdien, teenoor die R27 140 wat 'n gegradueerde blanke man in die openbare sektor verdien het (Van Pletzen, 1984:10).
- Lewenstandaard speel ook 'n rol by vergoeding. Waar 'n werker 'n laer lewenstandaard het en bereid is om met minder oor die weg te kom, beteken dit dat die persoon ook 'n laer inkomste sal aanvaar (Langenhoven, 1977:37).
- In 1973 het 80% van die goudmynwerkers in Suid-Afrika van buite die landsgrense gekom. Onstabieleit in Mosambiek, 'n vliegtuigongeluk waarin 172 Malawiërs dood is en die repatriasie van 10 000 mynwerkers (hoofsaaklik Basotho) ná faksiegevegte het die Kamer van Mynwese gedwing om eerder binne die landsgrense werkers te werf. Dit het hulle reggekry deur hoër lone te betaal (Nattrass, 1990:194). Bogenoemde voorbeeld bevestig dat in 'n land met 'n vrye ekonomie, soos Suid-Afrika, vraag en aanbod 'n rol by vergoeding speel. Wanneer daar 'n ooraanbod van werkers in 'n sekere kategorie is, word vergoeding afwaarts gedwing. Die teenoorgestelde gebeur wanneer daar 'n tekort is aan werkers in

sekere beroepe. Sulke werkers kan self bepaal wat hul as vergoeding vir hul arbeid wil ontvang (Langenhoven, 1977:37).

- Tegnologiese ontwikkeling het tot gevolg gehad dat ongeskoolde werk gemeganiseer, ge-automatiseer en gerekenariseer is. Dit het minder werkgeleenthede tot gevolg gehad. Werkers kon alleen hul werk behou as hulle bereid was om vir lae lone te werk. Dit het 'n beduidende invloed gehad op die vergoeding wat werkers vir hul arbeid ontvang het. 'n Ondersoek wat in 1977 gedoen is, het aangetoon dat 'n groot persentasie firmas kapitale beleggings in hul besighede gedoen het, omdat dit op die lang duur koste sou bespaar (Nattrass, 1977:422).

Bogenoemde faktore wat 'n bepalende rol gespeel het by die vergoeding van arbeid gedurende die sewentigerjare, het tot 1994 en ook daarna 'n rol bly speel in vergoeding. In die tagtiger- en negentigerjare het ander faktore ook 'n invloed gehad op die vergoeding wat werkers vir hul arbeid ontvang het.

Gedurende 1981 tot 1984 het 'n kwaai droogte die land getref. Na beraming het 140 000 beeste in die tuislande gevrek. Die verlies aan diere én oesmislukkings het mense gedwing om in stede 'n heenkome te vind. Teen die einde van 1983 het sowat 85 000 mense per maand na die stede gestroom (Pottinger, 1988:275).

Die situasie is vererger met hoë inflasie wat in die tagtigerjare in die land geheers het. Swaar belastings wat in hierdie tyd gehê is, het persone wat hoë inkomstes verdien het, nadelig geraak. Die hoë inflasie het werkgewers gedwing om groot salarisaanpassings aan hul werknemers se vergoeding te maak. As voorbeeld kan genoem word dat waar die staat in 1983 R5,3 miljard bestee het aan salarisse en diensvoordele, dit vyf jaar later R13,4 miljard beloop het (Pottinger, 1988:277, 281).

Die regering het maatreëls begin tref om meer mense in staat te stel om vir hulself te werk en nie van die staat vir werk en vergoeding afhanklik te wees nie. Gedurende die tagtigerjare het die staat maatreëls verwyder wat die ontwikkeling van die informele sektor belemmer het. Die ontwikkeling van informele besighede is ook aangemoedig. Teen 1988 was daar reeds 100 000 taxibestuurders, 150 000 straatmouse, 50 000 eienaars van klein besighede en minstens 70 000 klein vervaardigers. Hulle het ongeveer R1 miljard tot die land se ekonomie bygedra (Pottinger, 1988:181, 182).

Die staat het in hierdie tyd ook sy rol as werkgever verklein deur staatsbates te privatiseer. As deel van die privatiseringsproses is duisende werkers afgelê. Eskom het sy werkmag gedurende 1985 tot 1991 met 14 000 verklein. Voor en na Iscor se privatisering in 1989 is 20 000 werkers afgelê. Transnet het van 63 000 werkers ontslae geraak tussen 1985 en 1991. Transnet is in 1990 in 'n openbare maatskappy omgeskep (Nkosi, 1991:108, 113).

Teen 1986 het die regering maatreëls opgehef wat mense se bewegingsvryheid verhinder het. Dit het die weg vir swart werkers gebaan om sonder verandering werk op plekke (veral stede) te soek, waar hulle beter vergoeding kon ontvang (Pottinger, 1988:190).

Gedurende die tagtigerjare het vakbonde al hoe meer polities betrokke geraak. Hoewel die vakbonde as een van hul primêre doelwitte die ekonomiese beskerming (lone, werksekuriteit en werksomstandighede) van hul lede gehad het, het hulle ook politieke oogmerke gehad. Vakbonde het polities betrokke geraak, omdat veral die Afrikane in die land nie in die regering verteenwoordig was nie (Marais, 1990:152, 153).

Die politieke oogmerke van vakbonde het tot politieke onrus gelei. Dit het 'n negatiewe invloed gehad op die vergoeding wat werkers ontvang het. Wegbly-aksies deur duisende werkers het hul vergoeding direk geraak. Verbruikersboikotte in dié tyd het kleiner sakemanne geruïneer, met nadelige gevolge vir hulle en hul werkers (Pottinger, 1988:315). Vakbondfederasies het sanksies en disinvestering gepropageer, met gevolglike werkvermindering en groter werkloosheid (Marais, 1990:152, 153). Die Amerikaanse verbod op die invoer van steenkool, uraan, yster, staal, ammunisie, tekstiel, landbouprodukte en voedsel het werkers in hierdie bedrywe nadelig getref. Die Europese Raad en Statebondslende het ook sanksies toegepas, met verdere nadelige gevolge. Saam met die sanksies het disinvestering plaasgevind. Tussen 1984 en 1988 het 156 Amerikaanse maatskappye uit die land onttrek (Pottinger, 1988:385). Disinvestering het veroorsaak dat werkers R100 miljoen in sosiale verantwoordelikhedsfondse verloor het. Tussen 8 000 en 10 000 werkgeleenthede het verlore gegaan (Marais, 1990:158).

Hoewel die politieke situasie in die land 'n groot rol gespeel het, was dit nie al rede waarom maatskappye gedisinvesteer het nie. Die verhoging in lone van ongeskoolde arbeid sonder 'n verhoging in produktiwiteit het kleiner winste tot gevolg gehad (Pottinger, 1988:385). Dit, tesame met die politieke onrus het talle buitelandse beleggers oorreed om te disinvesteer. Die gevolg van disinvestering is gevoel tot na 1994.

Aan die begin van die negentigerjare het 'n internasionale resessie geheers. Suid-Afrika het die resessie nie vrygespring nie. Die resessie is vererger deur een van die ergste droogtes van die eeu én 'n skerp daling in die prys van goud en ander uitvoerprodukte. Indiësneming het met 4,5% gedaal (De Klerk, 1999:245). Dit het alles 'n negatiewe uitwerking gehad op die vergoeding van werkers.

In die tydperk van 1970 tot 1994 het baie faktore 'n invloed gehad op die vergoeding wat werkers ontvang het. 'n Groter vraag na geskoolde arbeid het daartoe gelei dat swart werkers beter vergoeding vir hul arbeid begin kry het. Stakings, inflasie, sanksies en disinvesterings het werkers se vergoeding beïnvloed. Universele faktore soos geslag, kwalifikasies, intellektuele vermoëns, posvlak, jare diens en tekorte in sekere sektore het ook 'n invloed gehad op die vergoeding wat vir arbeid betaal is. Tydelike faktore soos droogtes, resessies en 'n lae goudprys het soos verskeie kere vantevore in Suid-Afrika se geskiedenis weer 'n invloed gehad op talle werkers se vergoeding. Dit was ook 'n tydperk van lae ekonomiese groei. Tussen 1976 en 1994 was die jaarlikse gemiddelde groei slegs 1,65%, teenoor die 4,5% in die voorafgaande drie dekades (Giliomee, 2003:597). Die lae groeikoers het ook 'n uitwerking gehad op die vergoeding wat werkers ontvang het.

HOOFSTUK 3

VERGOEDING VIR ARBEID IN SUID-AFRIKA SEDERT 1994

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na die faktore wat sedert 1994 'n invloed op vergoeding vir arbeid het, sodat dit in 'n volgende hoofstuk aan die hand van Bybelse beginsels beoordeel kan word. 1994 was 'n belangrike jaar in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, omdat dit die jaar is waarin die land se eerste volle demokraties verkose regering aan bewind gekom het. Sedertdien is verskeie wette met betrekking tot arbeid aanvaar. In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na die uitwerking van die wetgewing op vergoeding vir arbeid. Aangesien daar ook ander faktore is wat 'n invloed op die vergoeding vir arbeid het, word ook ondersoek ingestel na watter ander bepalende faktore sedert 1994 na vore gekom het. Daar word gekonsentreer op faktore wat onvoldoende sowel as hoë vergoeding in die hand werk.

Dertien faktore wat 'n invloed op die vergoeding vir arbeid het, is deur middel van 'n analise van hoofsaaklik toepaslike navorsingsresultate, wetgewing en koerantartikels vasgestel. In hierdie hoofstuk word 'n sintese van die analise aangebied. Daar word sover moontlik gepoog om by elkeen van die geïdentifiseerde faktore vas te stel wat die omvang daarvan is, wat die agtergrond en oorsake is, sowel as die gevolge van dié faktore wat vir hierdie studie van belang is. Daar word ook ondersoek ingestel na die optredes wat reeds geneem is in gevalle waar die faktore 'n nadelige uitwerking op die vergoeding vir arbeid het.

In die eerste gedeelte van die hoofstuk kom faktore wat onvoldoende vergoeding in die hand werk onder die vergrootglas, terwyl faktore wat hoë vergoeding veroorsaak, daarna ondersoek word. Aan die einde van die hoofstuk word 'n kort samevatting gemaak oor die faktore wat 'n invloed op vergoeding vir arbeid sedert 1994 gehad het.

3.2 FAKTORE WAT ONVOLDOENDE VERGOEDING BEVORDER

Die faktore wat onvoldoende vergoeding bevorder, kan in twee groepe onderskei word, naamlik interne en eksterne faktore. Onder die interne of binnelandse faktore word faktore gegroepeer waar buitelanders weinig of geen direkte rol speel nie. Hierdie faktore is nie noodwendig uniek aan Suid-Afrika nie en kom ook in ander lande voor, waar dit 'n invloed op die vergoeding van

die betrokke lande het. Onder die interne of binnelandse faktore word die volgende ondersoek: werkloosheid, kinderarbeid, MIV/vigs en dobbelary.

Onder die eksterne of buitelandse faktore word verstaan invloede wat hul oorsprong in die buiteland het, maar wat werk en vergoeding in Suid-Afrika direk beïnvloed. Eksterne faktore wat ondersoek word, is onwettige immigrasie en goedkoop invoere.

3.2.1 Werkloosheid

Werkloosheid het 'n baie nadelige invloed op die vergoeding wat werkers vir hul arbeid ontvang. Hoewel werkloos self geen vergoeding ontvang nie, druk werkloosheid die vergoeding van werkers afwaarts, omdat werklose mense gewoonlik bereid is om teen laer vergoeding te werk.

3.2.1.1 Omvang van werkloosheid

By die vasstelling van die omvang van werkloosheid, is dit belangrik om daarop te let dat daar twee definisies gebruik word om 'n werklose te definieer. Volgens die amptelike definisie "is werkloos mense binne die ekonomies aktiewe bevolking wat nie gewerk het in die week voordat hulle aan die opname deelgeneem het nie, wat wil werk en binne 'n week kan begin werk en wat aktief werk gesoek het in die maand voordat met hulle 'n onderhoud gevoer is". Daar word soms ook gebruik gemaak van 'n uitgebreide definisie vir werkloosheid. Die uitgebreide definisie stel geen voorwaardes by die bepaling van 'n werklose soos in die geval van die amptelike definisie nie (Lestrade-Jeffris, 1999).

In 1995 was die werkloosheidskoers volgens die amptelike definisie 16,9% (Lestrade-Jeffris, 1999). In Februarie 2001 was die werkloosheidskoers volgens die amptelike werkloosheidsdefinisie 26,4% en teen Maart 2003 was dit 30,5% (Qoza, 2003:2). Wanneer die uitgebreide werkloosheidsdefinisie gebruik word, was die koers 37% in 2001 (Erasmus, 2001a:1) en 40% in 2003 (Van der Westhuizen, 2003:10). Hierdie styging in werkloosheid is in ooreenstemming met Statistieke Suid-Afrika se berekeninge dat vanaf 1994 tot 1999 daar 550 000 werkgeleenthede in die land verlore gegaan het. Sommige kenners reken egter dat die syfer vir die genoemde tydperk selfs so hoog as 1,5 miljoen kan wees (Mittner, 1999:34).

Werkloosheid is die grootste onder swart ekonomies aktiewe vroue in landelike gebiede. In 1998 was 39,9% van hierdie vroue werkloos. Indien die uitgebreide werkloosheidsdefinisie

gebruik word, was die werkloosheidsyfer onder vroue in landelike gebiede 59,6% (Van Burick, 2000a:4).

Die werkloosheidsprobleem kan vererger word met die land se grootste werkgever, die staatsdiens, wat te groot is en afdankings wat geruime tyd reeds uitgestel word, maar een of ander tyd sal moet plaasvind (De Lange, 2001a:2). Terwyl werkgeleenthede al minder word, groei die arbeidsmark teen ongeveer 3% per jaar. Nuwe toetreders tot die arbeidsmark het 'n een uit 30 kans om werk te vind in die formele sektor (RGN, 1999a). Dit is teen hierdie agtergrond verstaanbaar dat 41% van alle Suid-Afrikaners werkskepping as die belangrikste nasionale prioriteit beskou (RGN, 2000).

3.2.1.2 Oorsake van werkloosheid

In die vorige hoofstuk is daarop gewys dat werkloosheid lank voor 1994 'n probleem was. Verskeie faktore het egter daartoe bygedra dat die werkloosheidsyfer sedert 1994 byna verdubbel het. Van die belangrikste faktore is die volgende:

- Daar vind wêreldwyd 'n afname in werkgeleenthede plaas. Sedert 1965 het daar verskuiwings in die arbeidsmark plaasgevind. Werkgeleenthede vir professionele mense en diegene in bestuursposisies het meer geword, terwyl die getal werkgeleenthede vir klerklike, verkoops-, diens-, halfgeskoolde en ongeskoolde werkers verminder het. Hierdie verskuiwing het die Suid-Afrikaanse arbeidsmark swaar getref, omdat daar 'n wanbalans in die getal geskoolde werkers teenoor ongeskoolde werkers is. Van die ekonomies aktiewe Suid-Afrikaners het 71% nie hul skoolopleiding voltooi nie (Friis, 2000:11), terwyl daar tot soveel as 500 000 werkgeleenthede vir hoogsgeskoolde werkers in die inligtingstechnologie, ingenieursbedryf en die rekenkundebedryf is (Hlangani, 2002a:5).
- Nuwe arbeidswetgewing het 'n negatiewe uitwerking op die totstandkoming en uitbreiding van veral klein sake-ondernemings, wat die werkloosheidsprobleem vergroot (vgl. Heine, 1999:13).
- Produktiwiteit het in Suid-Afrika die afgelope twee dekades baie verhoog. Berekeninge dui daarop dat produktiwiteit tans ongeveer drie keer beter as in die vroeë 1980's is. Dit het die afgelope tien jaar tussen 30% en 100% toegeneem. Ongeveer die helfte van die verbetering in produktiwiteit is behaal deur die vermindering van werkers. Bykans 12,5%

werkgeleenthede in die formele arbeidsektor het tussen 1996 en 2001 verlore geraak (Schüssler, 2001:5; De Lange, 2000). Dit is meestal die gevolg van fabriek en boere wat meganiseer en maatskappye wat rasionaliseer om op wêreldmarkte te kan meeding (Naudé, 1999:12).

- 'n Verslag van die Wêreldbank in 1997 meld dat stygings in lone gedurende die vorige eeu bydra tot die teenswoordige werkloosheidsyfers. Volgens die bank se berekeninge sou indiensneming ongeveer 13% hoër gewees het as swart werkers se lone tussen 1970 en 1994 op lae vlakke gebly het (Mittner, 1997b:42).
- Na die beëindiging van apartheid in 1994 en veral sedert 1997 was daar 'n sterk verlaging in die tariewe wat op ingevoerde goedere gehef is. Die belasting is voor 1994 gehef om plaaslike vervaardiging te beskerm. Die verlaging in tariewe tesame met globalisering het veroorsaak dat talle produkte ingevoer is, tot nadeel van duisende werkgeleenthede in die plaaslike vervaardigingsektor (Vavi, 2003:12).
- Vakbondbedrywighede dra ook by tot werkloosheid. 'n Ondersoek het aangetoon dat werkgeleenthede vinniger verdwyn in die formele sektor waar vakbonde sterk verteenwoordig word, terwyl werkskepping styg in die informele sektore waar arbeidswetgewing nie sterk afgedwing word nie (Mittner, 1999:34).
- Die sterk verstewiging van die rand teenoor ander geldeenheide gedurende veral 2003 het dit vir talle Suid-Afrikaanse uitvoerders onmoontlik gemaak om op buitelandse markte mee te ding. Volgens Vavi (2003:12) het 60 000 werkers in die tweede kwartaal van 2003 hul werk verloor. Hierdie werkverliese hou verband met die verstewiging van die rand.

3.2.1.3 Gevolge van werkloosheid

Werkloosheid het nie alleen 'n negatiewe sielkundige uitwerking op die persone wat daardeur geraak word nie, maar dit dra ook by tot armoede, honger en siekte. Die gevolge van werkloosheid kring wyer uit as die werklose. Die effek van werkloosheid word duidelik as in gedagte gehou word dat gemiddeld tien mense afhanklik is van elke werker in die land (Jara, 2000:12). Nog 'n belangrike gevolg is dat werkloosheid vergoeding afwaarts druk, omdat werkloses bereid is om ter wille van oorlewing teen laer vergoeding te werk.

3.2.1.4 Optrede om werkloosheid te bekamp

Verskeie pogings word deur verskillende rolspelers aangewend om die verlies van verdere werkgeleenthede te voorkom, terwyl verdere pogings daarop ingestel is om werkgeleenthede te skep. Onder die pogings om werkloosheid te voorkom, tel die volgende:

- Die ontstaan van verdere werkloosheid onder staatsdiensamptenare is probeer voorkom deur die oortollige werkers so ver moontlik in ander vakante poste te plaas. As voorbeeld kan genoem word dat 18 000 onderwysers hul werk behou het, deur herontplooiing in skole waar daar vakante poste was (Van der Westhuizen, 2000a:2). 'n Verdere 25 000 oortollige staatsamptenare is nie summier afgedank nie, maar het die geleentheid ontvang om vir vakante poste in die staatsdiens aansoek te doen (Hlangani, 2003a:6).
- President Mbeki het in 2000 daarop gewys dat nuwe arbeidswetgewing wat sedert 1994 aangeneem is, onverwagte gevolge gehad het. Die wetgewing het dit vir sommige kleiner besighede baie moeilik gemaak om sake te doen, met gevolglike verlies aan werkgeleenthede. In die lig hiervan het dit nodig geword om sommige van die wette te hersien (Mbeki, 2000; Anon., 2000c:6).
- Vakbonde wend ook pogings aan om werkverliese te voorkom. Vakbonde soos die Congress of South African Trade Unions (Cosatu) het stakings en optogte gereël om beswaar te maak teen werkverliese, wat tot groter werkloosheid lei (Hlangani, 2000a:1).
- In sommige dele van die privaat sektor word geld beskikbaar gestel vir vaardigheidsontwikkeling van afgedankte werkers. 'n Mynmaatskappy het byvoorbeeld R50 miljoen vir die doel bewillig (De Lange, 2003a:2).

Die volgende pogings word deur verskillende belanghebbendes aangewend, om meer werkloosheid te bekamp:

- Die Job Creation Trust Fund is onder leiding van vakbonde deur werkers in die lewe geroep, met as doelwit om R100 miljoen bymekaar te maak vir die bekamping van werkloosheid (Hlangani, 2000b:5). Die Mynwerkersunie het, op hul beurt, in 1999 planne aangekondig om binne tien jaar sowat 100 000 werkgeleenthede te skep (De Lange, 1999a:1).

- Groot klerewinkelgroepe het onderneem om, waar moontlik, Suid-Afrikaans vervaardigde klere te verkoop, in plaas van ingevoerde klere (Vavi, 2003:12).
- Die staat wend verskeie pogings aan om werkgeleenthede te skep. Dit sluit die volgende in:
 - In 1996 het die regering die *Growth, Employment and Redistribution (GEAR)* strategie aangekondig, wat as hoofdoelwit werkskepping gehad het. Hierdie strategie het ten doel gehad om 830 000 meer werkgeleenthede te skep (Manuel, 1996; vgl. Schoombee, 1998a:22).
 - In 1998 is 'n Werkskeppingsberaad gereël om werkloosheid, onderindiensneming en werkverlies te bespreek. Op hierdie beraad is besluit om sektorale berade te hou. Sektorale berade (bv. met die mynbedryf en landbou) is daarna gereël.
 - Verskeie projekte waarby die regering, privaat sektor en plaaslike gemeenskappe betrokke was, is geloods.
 - 'n Reeks projekte is geloods om werk te verskaf aan gestremdes en veral vroue en jongmense in landelike gebiede (Mdladlana, 2000:11).

Die regering poog ook om werkskepping te bevorder, deur behuisingsprojekte, toerisme, klein sake-ontwikkeling, die Sosiale Plan, opleiding van werkloses, verbetering van onderwys, bestaansbeveiliging, plaaslike ekonomiese ontwikkelingsinisiatiewe en die verbetering van doeane en aksyns (Mdladlana, 2000:11).

Die regering het ook reeds inisiatiewe geneem om werkers se vaardighede te ontwikkel, sodat hulle toegerus kan word om beter werkgeleenthede te benut of om self werkgeleenthede te skep. Vir hierdie doel is R1 miljard uit die Umsombomvu Fonds vir vaardigheidsontwikkeling onder jeugdiges beskikbaar gestel (Mdladlana, 2000:11). Die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (97/1998) is aangeneem met die doel om werkgewers aan te moedig om hul werkers verdere vaardighede aan te leer. Deur die hersiening van immigrasiewetgewing en immigrasieprosedures hoop die regering om kundige persone na die land te lok, wat sal bydra tot die skep van nuwe werkgeleenthede (Mbeki, 2001).

Dit is nie alleen die staat wat pogings aanwend om werkgeleenthede te skep nie. Top-sakeleiers het hulle in 1998 daartoe verbind om 'n spesiale trustfonds van meer as R1 miljard te skep, waarmee gehoop word om sowat 450 000 werkgeleenthede teen 2005 te skep (Du Plessis, 1998:1). In 2002 het die georganiseerde sakesektor met 'n plan na vore gekom om 1,1 miljoen nuwe werkgeleenthede te skep (Hlangani, 2002b:3).

3.2.2 Kinderarbeid

Die grootskaalse werkloosheid in Suid-Afrika het onder meer tot gevolg dat lone laer gedruk word. Lae lone tesame met die groot getal mense wat van elke werker afhanklik is, veroorsaak dat alle lede in families gedwing word om een of ander vorm van werk te verrig, ten einde inkomste te genereer. Ook kinders word hierdeur geraak.

3.2.2.1 Definiëring van kinderarbeid

By die beoordeling van kinderarbeid is dit noodsaaklik om eers vas te stel tot op watter ouderdom 'n persoon as 'n kind gereken word. In hierdie opsig gee internasionale konvensies belangrike riglyne. Die Internasionale Arbeidsorganisasie se Minimum Ouderdom Konvensie (138/1973) bepaal dat geen persoon onder die minimum skoolpligtige ouderdom mag werk nie, op voorwaarde dat die minimum ouderdom nie laer as vyftien is nie. Dieselfde Konvensie bepaal ook dat geen persoon jonger as agtien jaar oud werk mag verrig wat sy of haar gesondheid, veiligheid of sedes benadeel nie. Die Ergste Vorms van Kinderarbeid Konvensie (182/1999) van die Internasionale Arbeidsorganisasie definieer 'n kind as 'n persoon onder die ouderdom van agtien jaar. Die Verenigde Nasies se Konvensie oor Kinderregte en die Organisasie van Afrika Eenheid se Handves oor die Regte en Welsyn van die Kind beskou 'n kind ook as iemand onder die ouderdom van agtien jaar (Verenigde Nasies, 1989; Organisasie van Afrika Eenheid, 1990).

In Suid-Afrika verbied die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (75/1997) dat 'n kind jonger as vyftien jaar in diens geneem mag word. Hoewel hierdie Wet nie bepaal tot op watter ouderdom 'n persoon as 'n kind gereken word nie, definieer die Ontwerpstrategie op Kinderbeskerming (Departement van gemeenskapsontwikkeling, 2000) 'n kind as 'n persoon onder die ouderdom van agtien jaar.

In die lig van bogenoemde word kinderarbeid vir die doeleindes van hierdie studie beskou as werk wat deur persone onder die ouderdom van agtien gedoen word, met die oog daarop om 'n inkomste daaruit te verdien. Dit sluit dus nie aktiwiteite in wat verband hou met skoolonderrig, kultuur- en sportbeoefening of normale pligte in die huishouding nie.

3.2.2.2 Voorkoms en omvang van kinderarbeid

'n Nasionale peiling van Statistiek Suid-Afrika in 1999 toon aan dat 45% van die 13,4 miljoen kinders tussen die ouderdom van vyf en sewentien jaar by een of ander werkverwante aktiwiteit betrokke was (Moos, 2003:3). Hierdie kinders het gemiddeld een uur of meer per week aan 'n ekonomiese aktiwiteit, vyf ure of meer per week aan skoolwerk en sewe ure per week of meer aan huishoudelike take bestee (Anon., 2003a).

Die aantal kinders tussen die ouderdomme vyf en sewentien wat voltyds werk, is waarskynlik minder as 2% van die land se kinders. Hulle werk gemiddeld 36 uur per week. Van die totale aantal kinders in die land werk 1,4% in die kommersiële landbou en 0,4% in die vervaardigingsbedryf. Bogenoemde getal sluit nie kinders in wat geld verdien uit bedelary, prostitusie, pornografie, dwelmhandel of arbeid op steenkoolwerwe nie (Bhengu, 2000a:10; Gibson, 2000a:17). Dit is moeilik om te bepaal hoeveel kinders in hierdie bedrywe betrokke is, maar dit kan 'n aansienlike getal wees, aangesien berekenings daarop dui dat daar tot soveel as 28 000 kinderprostitute in die land is (Bhengu, 2001:1).

Kinderarbeid in Suid-Afrika word vererger deur duisende kinders van so jonk as twaalf jaar wat uit buurlande – veral Zimbabwe – die land onwettig binnekom, in die hoop dat hulle hier 'n beter lewe sal kan voer (Anon., 1998b:11).

3.2.2.3 Vergoeding van kinderwerkers

Kinderwerkers ontvang 'n klein vergoeding vir hul arbeid. As voorbeeld kan genoem word dat kinders wat in Soweto op steenkoolwerwe werk, so min as 'n brood of R20 per dag tot R40 per dag verdien (Bhengu, 2000b:1). In ander gevalle verdien kinders so min as R120 per maand. Dit gebeur ook dat kinders nie met geld vergoed word nie, maar met klere en kos. Laasgenoemde gebeur veral waar ouers hul kinders aan bure, vriende en familie "uithuur" vir seksuele gebruik (Anon., 1997:44).

3.2.2.4 Oorsake van kinderarbeid

Armoede dwing ouers en voogde om werk vir hul kinders te soek, ten einde die familie se nood te help verlig. Armoede is so omvangryk in die land dat 58,6% van die kinders wat in Suid-Afrika werk dit doen om hul families te help, terwyl slegs 15,7% werk om ekstra sakgeld te verdien (Anon., 2000d:13).

In die afgelope aantal jare het die MIV/vigs pandemie baie kinders wees agtergelaat. Hierdie kinders word gedwing om ter wille van oorlewing te werk (Anon., 2000e:1). Die uitwerking van die siekte word geïllustreer deur die Kabokweni-gemeenskap in Mpumalanga. In die gemeenskap met sy 20 000 inwoners is reeds vyftig huishoudings wat deur kinders tussen twaalf en veertien jaar wie se ouers oorlede is, beheer word (Georgala, 1999:22). Alles dui daarop dat al hoe meer kinders in die toekoms gedwing sal word om te werk. Die teenswoordige 139 000 kan tot 2,5 miljoen in 2012 styg. Daar word verwag dat 20% van die verwagte 2,5 miljoen weeskinders tussen vyf en nege jaar oud en 'n verdere 25% tussen tien en veertien jaar oud sal wees. Dit sal veroorsaak dat nog meer kinders die skool voortydig sal verlaat om werk te soek, in 'n poging om te oorleef (Rademeyer, 2001a:8).

3.2.2.5 Gevolge van kinderarbeid

Kinderarbeid het omvangryke gevolge vir die kinders self. Dit ontnem die kinders die geleentheid om kind te wees en skoolonderrig te ontvang. Baie van hierdie kinders is op stuk van sake nie slegs ongeletterd nie, maar dra ook sielkundige letsels (Bhengu, 2000c:11). Ongeletterdheid werk weer verdere armoede in die hand, omdat hierdie werkers nie in staat is om eendag 'n behoorlike betrekking te beklee nie. Die kinders wat werk, word ook fisies benadeel. 'n Ondersoek het aangetoon dat 2% van die kinders wat in Suid-Afrika werk, sê dat hulle as gevolg van hul werk siek geword het – terwyl 'n verdere 4% beweer dat hulle by die werk beseer is (Anon., 2000d:13).

Radebe (2001:4) wys daarop dat daar in die wêreld miljoene volwassenes is wat nie werk het nie of wat baie laag besoldig word. Intussen is daar ook miljoene kinders wat werk en derhalwe die werkgeleenthede vir volwassenes verminder. Kinders is oor die algemeen bereid om vir kleiner inkomstes te werk. Kinderarbeid veroorsaak dat die bestaande ooraanbod van laagbesoldigde werkers verder vergroot en hul lone afwaarts gedwing word.

3.2.2.6 Optrede om kinderarbeid te bekamp

Tot 1997 toe het die Wet op Kindersorg werkgewers verbied om kinders onder die ouderdom van vyftien jaar in diens te neem of werk aan hulle te verskaf (Labuschagne, 1994:348). Sedertdien het die Suid-Afrikaanse regering reeds verskeie stappe gedoen om met verloop van tyd kinderarbeid uit te roei. Die minister van arbeid wys daarop, dat die regering in sy stryd teen kinderarbeid reeds verskeie internasionale konvensies wat verband hou met kinderarbeid, geratificeer het (Mdladlana, 2002a). Die konvensies wat reeds geratificeer is, is:

- Die Verenigde Nasies Konvensie oor Kinderregte (1989);
- die Minimum Ouderdom Konvensie (138/1973) en die Ergste Vorms van Kinderarbeid Konvensie (182/1999) van die Internasionale Arbeidsorganisasie sowel as
- die Organisasie van Afrika Eenheid se Handves oor die Regte en Welsyn van Kinders (1990).

Verskeie wette wat verband hou met kinderarbeid is in ooreenstemming met hierdie konvensies opgestel. Bepalings met betrekking tot kinderarbeid word gevind in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (75/1997) en die Suid-Afrikaanse Skole Wet (84/1996). Laasgenoemde wet stel dit duidelik dat kinders skoolpligtig is tot die minimum ouderdom van vyftien jaar. Eersgenoemde wet bepaal dat die minimum ouderdom waarop 'n kind in diens geneem mag word, nie laer as die minimum skoolverlatingsouderdom mag wees nie, maar dat dit in elk geval nie jonger as vyftien sal wees nie. Die Wet verbied werkgewers wat kinders in diens neem, (wat vyftien jaar en ouer is) om hulle werk te laat doen wat nie by hul ouderdom pas nie of wat hul welstand, opvoeding, fisiese en geestelike gesondheid of geestelike, morele en sosiale ontwikkeling benadeel.

'n Program word ook deur die regering ontwikkel (Child Labour Action Programme) om 'n einde aan kinderarbeid te maak (Mdladlana, 2002a).

Die eerste vervolging in terme van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (75/1997) het in 2002 plaasgevind, toe die eienaars van 'n plaas met R25 000 beboet is, omdat kinders onder die ouderdom van vyftien jaar in diens geneem is om vrugte te pluk en op te tel (Prince & Arends, 2002:2). Nog 'n boer is in 2003 met R12 000 beboet, omdat hy twee dogters onder die ouderdom van vyftien in diens geneem het (Mabasa, 2003:4). Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes word egter nie steng toegepas nie, omdat dit volgens 'n amptenaar van die

departement van arbeid onder die huidige omstandighede tot verdere nadeel van die betrokke kinders se welstand en lewenskwaliteit kan wees. Volgens hom word daar tans gekonsentreer om die omstandighede wat veroorsaak dat kinders moet werk, te verbeter. Daarna sal toegesien word dat kinders ophou werk (Bhengu, 2000d:13).

3.2.3 MIV/VIGS

MIV/vigs is een van die oorsake waarom kinders gedwing word om ter wille van oorlewing te werk. Die kinders word gedwing om te werk, wanneer hul ouers as gevolg van vigs te swak raak om te werk, of sterf. Volwasse werkers wat MIV/vigs opdoen, word direk geraak, omdat dit hul vermoë om te werk en vergoeding vir hul werk te ontvang, beïnvloed. Die siekte raak nie net geïnfekteerdes en hul afhanklikes nie. Dit raak die hele arbeidsektor.

3.2.3.1 Agtergrond

MIV staan vir Menslike Immunititsgebrekvirus terwyl vigs vir Verworwe Immunititsgebreksindroom staan. Die MI-virus word hoofsaaklik deur seksuele kontak van een persoon na 'n volgende oorgedra. Wanneer iemand met die virus besmet is, val dit die immunititsstelsel van die liggaam aan, sodat dit minder weerstand teen infeksies bied. In die laaste fases van MIV ontwikkel vigs. Dit neem ongeveer tien jaar vanaf besmetting met MIV tot die ontwikkeling van vigs. Gedurende hierdie tydperk kan 'n persoon goed voel en nog produktief besig wees. Wanneer vigs ontwikkel, slaan siektes toe, wat verband hou met 'n lae immunitit. Uiteindelik sterf die pasiënt as gevolg van die gebrek aan immunitit teen infeksies (Your health, 2001).

Van die geïnfekteerdes is 79% heteroseksueel, 13% babas, 7% homoseksueel en 1% MIV-positief as gevolg van bloedkontak (spuitnaalde, bloedoortappings en werkers in bloedbanke) (De Klerk, 2003:379).

3.2.3.2 Omvang van MIV/vigs

Presiese syfers oor die aantal persone in die land wat MIV/vigs positief is, is nie bekend nie. Daar word egter beraam dat 5,3 miljoen mense in Suid-Afrika MIV/vigs positief is. Dit verteenwoordig 11,8% van die land se bevolking (Anon., 2004a).

Die siekte kom voor onder werkers in alle sektore van die ekonomie, soos blyk uit die volgende statistiek:

- Sowat 45% van die land se mynwerkers is MIV-positief (De Lange, 1999b:1);
- 10-12% van weermagdele het vigs (Gibson, 2000b:12);
- tussen 16% en 20% van onderwysers het MIV/vigs en
- tot 25% voorgraadse studente en 12,5% nagraadse studente het MIV/vigs (De Lange, 2001b:4).

Alles dui daarop dat die pandemie nog verder gaan toeneem. Daar word voorspel dat 17% van die land se bevolking teen 2006 MIV/vigs positief sal wees en dat 700 000 mense daaraan in 2005 sal sterf (Momborg, 2000:3). Die totale Suid-Afrikaanse arbeidsmag sal teen 2005 weens vigs sowat 6,2% kleiner wees, teen 2010 sowat 12,8% en teen 2015 sowat 18% (Anon., 2001a:11).

3.2.3.3 Uitwerking van die siekte

Die vergoeding wat werkers ontvang, is direk afhanklik van hul produktiwiteit. In hierdie opsig het MIV/vigs 'n geweldige nadelige uitwerking. As voorbeeld kan die mynbedryf genoem word, waar die produktiwiteit reeds met 15% weens MIV/vigs gekrimp het. Die laer produktiwiteitsvlakke is vanweë die 8% mynwerkers wie se produktiwiteit tans tussen 50% en 80% van die normale is. 'n Verdere 7% is volkome vigslyers. Hul produktiwiteit is tussen 0% en 10%. Om normale produksievlakke te handhaaf, moet myne meer werkers in diens neem (De Lange, 1999b:1).

Produktiwiteitsvlakke in die land kan binne vyf tot tien jaar met tot 50% daal, omdat die virus veral mense tussen 25 en 40 tref. Dit is die ekonomies aktiefste deel van die samelewing (Burger & Bonthuys, 2001). 'n Verlaging in produktiwiteit is nie al probleem waarmee werkgewers te doen het nie. Die volgende nie-regstreekse kostes wat verband hou met die siekte het 'n uitwerking op die vergoeding wat 'n werkgewer aan sy werkers kan betaal:

- 'n toename in die koste van die indiensneming en opleiding van nuwe personeel as gevolg van werkers wat siek raak en sterf;
- die verlies aan wins weens die afname in kliënte;

- die koste van ekstra siekte- en menslikheidsverlof (Jacobs, 2000:3). In 'n opname in 1998 is bevind dat 10,2% van werkers se siekteverlof MIV/vigs verwant was, teenoor 5,2% in 1996. Menslikheidsverlof wat verband hou met die siekte het gestyg vanaf 4,8% in 1996 tot 11,1% in 1998 (Hagen, 2000a:6).
- 'n Sakeleier het bereken dat die koste van 'n werker met die MI-virus sy werkgever tot soveel as R175 000 kan kos (De Lange, 2000).

MIV/vigs het ook 'n negatiewe uitwerking op huidige werkgeleenthede. 'n Bekende meubelgroep in KwaZulu-Natal het in 2001 dertien van sy takke gesluit, om eerder takke in Oos-Europa te open. Dit is gedoen vanweë die hoë voorkoms van MIV/vigs (Burger & Bonthuys, 2001). Die siekte het ook 'n negatiewe uitwerking op die skep van nuwe werkgeleenthede, omdat die ekonomiese implikasies wat MIV/vigs vir maatskappye inhou, een van die redes is waarom buitelandse beleggers onwillig is om in Suid-Afrika te belê (Van Rooyen, 1999a:1). In hierdie verband dui navorsing van die Wêreld Ekonomiese Forum daarop dat 34% van die firmas in Suid-Afrika meen dat die siekte die geskoolde arbeid in die land verminder (Gebhardt, 2000:1). Dit is in ooreenstemming met die mening van 'n aktuaris wat reken dat geskoolde arbeid met ongeskoolde arbeid vervang word (De Lange, 1999b:1).

Die siekte het ook 'n geweldige uitwerking op werkers en hul afhanklikes. Groot bedrae geld moet bestee word aan die versorging van MIV-positiewe familie en vriende wat nie meer hulself kan onderhou nie (Boonstra, 2001:4). Na beraming word drie miljoen families ekonomies geraak weens siek familieleden wat versorg moet word. Waar eens ekonomies aktiewe familieleden siek word, word die versorging gedoen met 'n kleiner of geen inkomste in die families nie. Duur begrafnisse wat vir vigs slagoffers gereël word, benadeel werkers verder. 'n Studie wat in 2002 gedoen is, het aangetoon dat ongeveer 55% van die huishoudings wat 'n begrafnis vir 'n vigs slagoffer moes hou, vier keer die totale maandelikse inkomste van die huishouding aan die begrafnis bestee het (Bhengu, 2002a:8).

MIV/vigs het 'n negatiewe uitwerking op toekomstige werkers. Daar was teen 2001 reeds 139 000 weeskinders as gevolg van vigs. Die getal kan tot 2,5 miljoen styg in 2012 (Rademeyer, 2001a:8). As gevolg van ouers wat aan die siekte te sterwe kom, word al hoe meer kinders verplig om op 'n vroeë ouderdom die skool te verlaat en werk te soek, sodat hulle hul jonger broers en susters kan onderhou (Anon., 2000f:6). Hierdie jong werkers word die geleentheid ontnem om ekonomies produktiewe volwasse werkers te word (Wray, 2003a:6). Hulle kan nie hul skoolloopbane voltooi nie, met die gevolg dat daar 'n tekort aan geskoolde mannekrag kan

ontstaan. Die tekort aan geskoolde mannekrag word vererger deur die geraamde 45 000 onderwysers wat MIV-positief is. Projeksies dui daarop dat daar selfs sonder MIV/vigs 'n tekort aan onderwysers in die toekoms sal wees. Hierdie tekort sal vererger word deur MIV/vigs (Anon., 2002a:5).

Die probleem strek verder as net skoolleerders. In 'n ondersoek het Eskom bevind dat 'n ontstellend hoë persentasie studente wat met beurse van die maatskappy studeer, MIV-positief is. Die beurse beloop miljoene rand. Benewens die geldelike verlies vir die maatskappy ontstaan 'n leierskapsprobleem, omdat die studente wat geormerk is om as leiers op te tree, kan sterf voordat hulle die rol vervul het (Anon., 2000g:6).

Die siekte het ook 'n uitwerking op die staat. Berekeninge dui daarop dat daar teen 2005 na verwagting 150 000 kinders in Mpumalanga óf wees óf MIV-positief sal wees (Georgala, 1999:22). Indien teenswoordige tendense voortduur, kan daar teen 2011 reeds 764 000 weeskinders in die Noordwes Provinsie wees. Die koste om weeskinders te versorg oor die volgende twintig jaar, kan tussen R6 miljard en R9 miljard beloop (Du Preez, 2001:4). Die versorging van 'n verwagte twee miljoen vigs-weeskinders teen 2010 sal waarskynlik ook op die staat neerkom. Dit sal 'n verdere las op die staat plaas, om sy werkers na behore te vergoed (Boonstra, 2001:4).

Die staat se belastinginkomste word nadelig geraak deur die siekte, omdat veral jong volwassenes daaraan sterf. Minder belasting het 'n nadelige invloed op die staat se vermoë om geld te bestee, en op die duur belemmer dit ook ekonomiese groei (Wray, 2003b:6).

Na beraming sal tussen 35% en 45% van die land se polisiedienslede ten 2015 MIV-positief wees (Mpye, 2003:1). Dit sal die staat se vermoë om die reg toe te pas, ernstig benadeel.

3.2.3.4 Optrede om MIV/vigs te bekamp

Hoewel die bestaan van MIV/vigs reeds lank bekend is en die siekte miljoene Suid-Afrikaners raak, het die Suid-Afrikaanse regering tot in 2003 geen duidelike standpunt oor veral die behandeling van die siekte ingeneem nie (Willemse, 2003:10). In 2003 het die regering aangekondig dat R12 miljard oor vyf jaar beskikbaar gestel sal word, om gratis anti-retrovirale middels aan die land se MIV/vigs-lyers te verskaf (Misbach, 2003:1). Aan die begin van 2004

was daar egter nog geen duidelike planne oor wanneer en hoe die medisyne versprei sou word nie (Brümmer, 2004:4).

Terwyl die regering tot in 2003 geweier het om anti-vigs middels aan lyers beskikbaar te stel, het dit wel verskillende inisiatiewe geloods om MIV/vigs te voorkom. Daar word gepoog om kinders reeds op skoolvlak kennis van die siekte te gee, sodat hulle ingeligte besluite kan neem en die siekte op hierdie manier voorkom kan word. Bewusmaking van wat die siekte behels en hoe mense dit kan voorkom, vind op 'n deurlopende basis plaas. Inisiatiewe van die owerheid se kant is hoofsaaklik gegrond op die voorkoming van die siekte deur die gebruik van kondome, terwyl 'n verandering in lewenstyl ook bepleit word.

Teen 2000 het die staat R65 miljoen beskikbaar gestel vir 'n nasionale program ten behoeve van kinders wat MIV opgedoen het of deur die virus geraak is. Dit sluit in die opstel van omvattende wetgewing om weeskinders te beskerm (Anon., 2000h:4).

Groot besighede waarsku deur middel van plakkate hul werkers oor die siekte en deel gratis kondome uit. Opleiding word ook verskaf oor hoe om die siekte te voorkom (Anon., 2000i:6).

In 2002 en 2003 het van die land se grootste myngroepe, Anglo American, AngloGold en Gold Fields, aangekondig dat hulle anti-retrovirale middels gratis aan hul werknemers beskikbaar sal stel. Dit kos die myne tussen R850 en R1800 per maand per werknemer wat behandel word (Altenroxel, 2003:6; Bridge, 2002:1; Smith, 2003a:4). Waar medikasie aan MIV-positiewe werkers verskaf word, het dit 'n positiewe uitwerking. Daar was byvoorbeeld 'n merkbare afname in siekverlof onder Absa se ongeveer 1 320 MIV-positiewe werknemers in 2002. Die behandeling word moontlik gemaak deur die bank se mediese fondse, wat R30 000 per jaar aan elke werknemer vir MIV/vigs-behandeling beskikbaar stel (Bhengu, 2002b:20).

Daar word van werkgewers verwag om 'n MIV/vigs beleid te hê. Wetgewing verbied ook dat teen werkers gediskrimineer word op grond van die feit dat hulle MIV/vigs positief is. In 'n saak in die konstitusionele hof, nadat die Suid-Afrikaanse Lugdiens 'n voornemende vlugkelner se aansoek om werk afgewys het op grond van sy MIV-positiewe status, het regter Ncobo in sy uitspraak onder meer gesê (soos aangehaal deur De Bruin, 2000a:1): "Die uitwerking van diskriminasie teen MIV-lyers is vernietigend, veral as dit verband hou met werk. Dit ontnem hulle die reg om inkomste te verdien."

3.2.4 Dobbelary

Groot werkloosheid en lae lone laat baie mense hul toevlug tot dobbelary neem, in die hoop dat dit hulle van hul armoede sal verlos.

Vir die doeleindes van hierdie studie word onder dobbelary verstaan 'n transaksie tussen twee partye waardeur die oordrag van iets waardevol – gewoonlik geld – afhanklik gestel word van die geluiskans en wel so dat die buitensporige wins van die een party gelykstaan aan die gehele – of gedeeltelike – verlies van die ander party (Van Wyk, 1986:95). Die buitensporige wins word gefinansier uit die verlies van ander deelnemers.

Die Nasionale Dobbelraad van Suid-Afrika (2001:5) beskou dobbel as 'n vorm van vermaak. In praktyk beskou talle Suid-Afrikaners dobbel egter as 'n werk (vgl. Feris, 2001:9).

3.2.4.1 Agtergrond

Volgens die hoof- uitvoerende amptenaar van die Suid-Afrikaanse Nasionale Dobbelraad het die regering dobbelwetgewing die afgelope paar jaar verander, om dobbelary te reguleer wat andersins op die swartmark in onwettige kroeë sou plaasvind. Verder bied dobbelary die regering 'n inkomste om Suid-Afrika se armoede te help verlig (Jeter, 2001:10).

Hoewel verskeie tipes dobbelary voor 1994 wettig was, het dit sedertdien baie toegeneem. Die regering het meer vorms van dobbelary sedert 1994 gewettig as enige ander land in so 'n kort tydperk. Vanaf 1996 tot 2001 is sestig nuwe dobbellisensies aan operateurs toegestaan (Jeter, 2001:10).

In Maart 2000 is 'n nasionale lotery ingestel. 'n Gedeelte van die opbrengs van die nasionale lotery word gebruik vir welsyn, sport en ontspanning, kuns, kultuur en nasionale erfenis, sowel as vir heropbou en ontwikkeling (Smith, 2002:5). Agtien maande ná die instelling daarvan was daar 7 000 verkooppunte dwarsoor die land waar loterykaartjies verkoop word (Jeter, 2001:10), en in 2002 is R9,6 miljard aan lotery bestee (Leuvennink, 2002:1).

Lotery is volgens die Nasionale Program vir Verantwoordelike Dobbel die gewildste vorm van dobbelary, met 68% van die land se dobbelaars wat daaraan deelneem. 'n Verdere 20% dobbel op slotmasjiene, 12% met krapkaarte, 9,5% met koerantboerpotte en 8% neem deel aan

perdewedrenne (Anon., 2001b:3). Uit 'n peiling van die Nasionale Dobbelaad tussen Mei 2001 en April 2002 blyk dit dat 73% van die land se inwoners aan dobbelbedrywighede deelneem, terwyl ander studies daarop dui dat ongeveer 'n derde van die land se inwoners minstens een keer per maand dobbel (Lombaard, 2003:1; Anon., 2001b:3). In 2003 is R10,6 miljard aan dobbelary bestee (Visser, 2003a:18).

3.2.4.2 Gevolge van dobbelary

Casino's verskaf in Gauteng aan 11 000 mense werk en is ook die tweede grootste inkomstebron vir die provinsiale regering. Hierdie provinsie het R300 miljoen in 2001 aan belasting geïen, terwyl die nasionale regering R429 miljoen van 29 casino's ontvang het (Warby & Adams, 2002:1; Stuart, 2002:6). Landwyd verskaf die dobbelbedryf werk aan ongeveer 20 000 mense (Cosatu, 2002).

Hoewel dobbelary aan die regering 'n inkomste bied om armoede te help verlig, word nie al die beskikbare geld vir dié doel aangewend nie. In die boekjaar vir 2001/2002 was R439 miljoen vir 3 500 aansoekers beskikbaar. Daarvan is R220 miljoen aan 1 240 aansoekers wat aan die nodige vereistes voldoen het, toegeken (Gifford, 2002a:3).

Die inkomste uit dobbelary is veronderstel om armoede te help verlig, maar dobbelary het die teenoorgestelde uitwerking. Ongeveer die helfte van Suid-Afrika se bevolking is arm en 'n derde van die werkmag is werkloos. Dobbelary het 'n groot aantrekkingskrag vir arm mense om met behulp van 'n klein bedraggie geld skatryk te word. Dit gebeur dan ook dikwels dat mense hul renteverdienste, spaargeld en hul kinders se skoolgeld wegdoobbel (Jeter, 2001:10). Een uit elke twaalf Suid-Afrikaners wat casino's besoek, bestee meer as 10% van hul salarisse wanneer hulle 'n casino besoek. Mense wat minder as R2 500 per maand verdien, was meer verteenwoordig in hierdie groep as diegene in ander inkomstegroepe (Mohale, 2001:6). Die feit dat tot 10% van alle dobbelaars in Suid-Afrika 'n dobbelprobleem het, onderstreep die nadelige uitwerking van dobbelary (Warby & Adams, 2002:1).

Die Nasionale Dobbelaad het aan 'n parlementêre portefeuljekomitee erken dat dobbel 'n ondeug is en dat dit tot armoede bydra (Anon., 2001c:2). Navorsing wat in opdrag van die Nasionale Dobbelaad gedoen is, toon aan dat daar 'n hoë voorkoms van dobbelary onder werkloos en arm mense is. Die studie toon ook aan dat Suid-Afrikaners veertiende in die wêreld kom op 'n rangorde wat geneigdheid om te dobbel meet, terwyl die land die 91ste

hoogste per capita inkomste het (Maluleke, 2003:4). Die nadelige invloed van dobbelary op mense se inkomste word duidelik, as in ag geneem word dat van die R9,6 miljard wat in 2002 aan loterykaartjies bestee is, slegs R4,6 miljard aan pryse uitbetaal is (Leuvennink, 2002:1).

'n Studie wat die Nasionale Program vir Verantwoordelike Dobbels in 2001 gedoen het, toon aan dat tot 45 000 Suid-Afrikaners aan dobbelary verslaaf is (Anon., 2001b:3). Hierdie liggaam het 37 000 oproepe in 33 maande op hul hulplyn ontvang (Anon., 2003b:4). Dobbelary lei in sommige gevalle tot misdaad. 'n Dobbelsverslaafde is in 2000 vir 22 jaar tronk toe gestuur, nadat hy skuldig bevind is op ses aanklagte van roof. Hy het die roofgeld gebruik om te dobbel (Carstens, 2000a:4). As gevolg van die uitwerking wat dobbelary op die samelewing – veral op armes en bejaardes – het die minister van gemeenskapsontwikkeling gedurende sy begrotingstoespraak in 2001 dit gestel dat die regering miskien sy beleid ten opsigte van dobbelary, veral casino's, weer in oënskou moet neem (Skweyiya, 2001).

3.2.4.3 Optrede om dobbelary teen te werk

Volgens die hoof- uitvoerende ampenaar van die Suid-Afrikaanse Dobbelsraad besef die raad die gevare wat dobbelary inhou. Daarom is besluit om nie meer as 40 casino's in die land toe te laat nie (Jeter, 2001:10). Verder word daar ook op onwettige dobbelmasjiene beslag gelê en dit word vernietig. As voorbeeld kan genoem word dat byna 1 000 onwettige dobbelmasjiene in 2001 in Limpopo vernietig is en ongeveer 90 mense in verband daarmee in hegtenis geneem is (Makgotho, 2001a:4).

Die Nasionale Program vir Verantwoordelike Dobbels gee riglyne aan mense oor hoe om dobbelsverslawing te voorkom (Anon., 2002b:1). Die dobbelsraad verban dobbelaars van casino's op hul eie versoek, as hulle meen dat hulle 'n dobbelsprobleem het (Jeter, 2001:10). In Gauteng het 413 dobbelaars van hierdie optrede gebruik gemaak (Warby & Adams, 2002:1).

Kerke het ook reeds skerp kritiek op die staatslotery uitgespreek, oor onder meer die feit dat die uitbetaling van 'n groot bedrag geld aan 'n individu nie armoede in 'n gemeenskap verlig nie (Jackson, 2002:7). Besware van kerklui en ander organisasies het daartoe bygedra dat die beoogde instelling van 'n daaglikse lotery in 2002 gekanselleer is (Leuvennink, 2002:1).

Die regering is tans besig om die Nasionale Wet op Dobbels (33/1996) te herskryf. In die aanhef tot die wetsontwerp van die Nasionale Wet op Dobbels (48/2003) word dit gestel dat

die wet onder meer ten doel het om die gemeenskap en die ekonomie te beskerm, teen die oorstimulering van die sluimerende drang om te dobbel. Volgens die gewysigde wetsontwerp wat in die parlement ter tafel geneem is, kan die getal casino's in die land moontlik tot 30 beperk word. Hierdie casino's kan moontlik verbied word om naby skole sake te doen. Hulle sal moontlik ook nie vir langer as agtien ure per dag oop mag wees nie. Die vertoon van waarskuwings teen die gevaar van kompulsiewe dobbelary mag verpligtend word, en operators sal moontlik verplig word om mense met dobbelprobleme te help (Loxton, 2003a:1).

3.2.5 Onwettige immigrasie

Werkloosheid, kinderarbeid, MIV/vigs en dobbelary is binnelandse faktore wat 'n negatiewe uitwerking het op die vergoeding wat werkers ontvang. Daar is ook faktore buite Suid-Afrika wat 'n negatiewe uitwerking het op die vergoeding wat werkers in die land ontvang. Onwettige immigrasie en die invoer van goedkoop goedere is buitelandse faktore wat verder ondersoek word.

Onwettige immigrante het 'n invloed op die vergoeding wat Suid-Afrikaanse werkers vir hul arbeid ontvang. Soos reeds aangetoon, is daar miljoene werklose mense in die land wat om die beskikbare werkgeleenthede meeding. Onwettige immigrante verhoog die wedywering om die beskikbare werkgeleenthede, met die gevolg dat vergoeding negatief beïnvloed word.

3.2.5.1 Omvang van onwettige immigrasie

In 2000 was daar na beraming vyf miljoen onwettige immigrante in Suid-Afrika (Anon., 2000j:4). Dit blyk dat die getal onwettige immigrante aan die toeneem is. Daar word daaglik ongeveer 400 onwettige immigrante uit Zimbabwe by Musina aangehou. Die getal onwettige immigrante wat Suid-Afrika uit dié land binnekom, is waarskynlik baie hoër, omdat die grens met Zimbabwe baie lank is en maklik oorgesteek kan word (Bhengu, 2000e:6).

Die meeste onwettige immigrante in Suid-Afrika kom uit Zimbabwe en Mosambiek (Deysel, 2000:7), maar daar is ook al onwettige immigrante gevind uit Zambië, Angola, Kongo, Rwanda, Nigerië, Liberië, Somalië, Egipte, China, Thailand, Indië, Bangladesj, Pakistan, Bulgarye, Rusland, Switserland, Joego-Slawië, Frankryk en Amerika (Carter & Haffajee, 1998).

Onwettige immigrante beklee poste in alle vlakke van die Suid-Afrikaanse samelewing. Immigrante uit Afrika tree op as entrepreneurs en verkoop tradisionele kunswerke, klere, kos en musiek of herstel motors, werk in restaurante, nagklubs, kafees en die in- en uitvoerbedryf (Carter & Haffajee, 1998). Duisende immigrante uit Suid-Afrika se buurlande vind werk op plase (Msimang, 2001a:1). Immigrante uit die ooste is meer betrokke by die verkoop van elektroniese goedere (grys invoere) of die voedselbedryf (Carter & Haffajee, 1998). 'n Kleiner getal onwettige immigrante werk as dosente by tersiêre instellings (Rademeyer, 2000:5) of beklee hoë poste in die staatsdiens (Anon., 2000k:7) en die privaat sektor (Sepotokele, 2002:2).

3.2.5.2 Oorsake van onwettige immigrasie

Die meeste onwettige immigrante kom om ekonomiese redes na Suid-Afrika, maar wil hulle nie permanent hier vestig nie. Volgens 'n studie in 1999 het net 24% van die buitelanders in Suid-Afrika 'n behoefte aan Suid-Afrikaanse burgerskap gehad en net sowat 18% wil in Suid-Afrika aftree (De Lange, 2001c:5). Hulle gebruik Suid-Afrika as 'n plek waar hulle noodsaaklike lewensmiddele vir hulself en hul afhanklikes kan verdien.

Talle van hierdie werkers is bereid om vir gewetenlose werkgewers onder haglike omstandighede te werk teen laer vergoedings as Suid-Afrikaanse werkers, omdat dit in elk geval beter is as die lande waaruit hulle kom (Molakeng, 2001:12; Hlangani, 2002c:5). As voorbeeld hiervan dien Zimbabwe waar tot soveel as 900 000 werkgeleenthede verlore gegaan het sedert president Mugabe in 2000 met 'n grondonteieningsprogram begin het. Die land se werkloosheidskoers het tot meer as 70% gestyg. Dit het duisende Zimbabwiërs gedwing om ter wille van ekonomiese oorlewing na Suid-Afrika te vlug (Wines, 2003:12). Ander onwettige immigrante vul poste waar daar nie Suid-Afrikaanse werkers geredelik beskikbaar is nie, soos byvoorbeeld op plase aan die Limpoporivier (Fourie, 1999:9).

Daar is ook onwettige immigrante wat Suid-Afrika gebruik as aankoopmark, met die oog op die herverkoop van goedere elders in Afrika. 'n Ondersoek het aangetoon dat die helfte van die handelaars uit Afrika (en meer as driekwart uit die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap) die grootste deel van hul winste in Suid-Afrika bestee met die aankoop van goedere om dit elders te gaan verkoop (Carter & Haffajee, 1998).

3.2.5.3 Gevolge van onwettige immigrasie

In 'n ondersoek wat die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) in 1997 gedoen het, is bevind dat 65% van die respondente onwettige immigrasie sterk veroordeel het, omdat hulle meen dat buitelandse werkers plaaslike werkers van werkgeleenthede beroof. Hierdie persepsie veroorsaak xenofobie. Die bevinding word bevestig deur die moord op drie Senegalese mans in 1998. 'n Groep oproerige werklose mans het hulle vermoor. Die werkloses het plakkaat by hulle gehad wat gelui het: "Ons wil werk hê, nie buitelanders nie (Anon., 1998c:12).

Onwettige immigrante benadeel die Suid-Afrikaanse ekonomie ook op 'n ander manier. Dit kos die Suid-Afrikaanse belastingbetaler R25 per dag aan huisvesting en kos vir elke onwettige immigrant wat op repatriasie wag. By hierdie koste kom ook nog vervoerkoste en toelaes vir personeel wat oor die repatriasie toesig moet hou (Lekota & Mpye, 2000:3). In totaal bestee die departement van binnelandse sake jaarliks R35 miljoen aan die repatriasie van onwettige immigrante (Molakeng, 2001:12).

Ondersoeke toon egter ook dat nie alle onwettige immigrante 'n stremming op die Suid-Afrikaanse ekonomie plaas nie, maar dat baie juis werkgeleenthede skep. Uit 'n ondersoek van die South African Migration Project blyk dit dat elke immigrante-entrepreneur aan twee tot vier ander mense werk verskaf. Die helfte van hierdie werkers is Suid-Afrikaners. Die entrepreneurs bestee ook ongeveer die helfte van hul wins in die land, wat die skepping en onderhouding van verdere werkgeleenthede tot gevolg het (Carter & Haffajee, 1998).

3.2.5.4 Optrede teen onwettige immigrasie

Die Suid-Afrikaanse regering probeer onwettige immigrasie op verskillende maniere bekamp. Die belangrikste hiervan is die repatriasie van onwettige immigrante. Daar is byvoorbeeld 42 769 persone in 1999 na Zimbabwe gerepatrieer (Bhengu, 2000e:6). In totaal word na beraming 180 000 persone jaarliks gerepatrieer (Molakeng, 2001:12). Ten spyte van die groot getal persone wat jaarliks na die land van hul herkoms teruggestuur word, word dit oënskynlik nie met groot erns gedoen nie. Toe byna 1 000 onwettige immigrante in 2000 na Mosambiek gerepatrieer is, het ongeveer die helfte van die trein afgeklim, nog voordat die trein Mosambiek bereik het. Die res het aangedui dat hulle vir 'n kort besoek na hul geboorteland sou terugkeer, om 'n dag later weer na Suid-Afrika terug te kom (Bhengu, 2000f:3). Daar is onwettige

immigrante wat selfs toesien dat hulle gevang en gerepatrieer word, sodat hulle gratis na hul plekke van oorsprong vervoer kan word (Matsena, 2002:6).

In 2000 het die direkteur-generaal van die departement van binnelandse sake aangedui dat dit 44 jaar sal neem om al die onwettige immigrante te repatrieer, teen die tempo waarin dit in daardie stadium gedoen is. Die rede hiervoor was te min personeel en 'n te klein begroting (Anon., 2000j:4).

'n Hoof-immigrasiebeampte van die departement van binnelandse sake het ook al laat blyk dat die regering nie ernstig is om onwettige immigrante uit die land te hou nie. Klaarblyklik word niks gedoen om heinings aan die landsgrense waardeur onwettige immigrante die land binnekom, te herstel nie (Anon., 2002c:10). Die Menseregtekommissaris meen dat deportasie slegs 'n vermorsing van belastinggeld is (Matsena, 2002:6).

Benewens die repatriasie van onwettige immigrante probeer die Suid-Afrikaanse owerheid om onwettige immigrasie te ontmoedig, deur werkgewers te beboet wat sulke werkers in diens neem. Werkgewers wat onwettige immigrante in diens neem, kan beboet word met tot R40 000 vir elke onwettige immigrant aan wie werk verskaf word. In 2000 is 'n Kaapstadse sakeman met R120 000 beboet, omdat hy verskeie onwettige immigrante in diens gehad het (Molakeng, 2001:12). Aan die ander kant het die owerheid ook reeds stappe gedoen om aan sommige onwettige immigrante toestemming te verleen om wettig in die land te werk (Radebe, 2001:4).

3.2.6 Goedkoop invoere

Onwettige immigrante is nie die enigste buitelandse faktor met 'n negatiewe uitwerking op die vergoeding wat Suid-Afrikaanse werkers vir hul arbeid ontvang nie. Nog 'n belangrike buitelandse faktor wat 'n negatiewe invloed op plaaslike werkers se vergoeding het, is die invoer van goedere vanuit die buiteland. Die invoer van goedere wat nie plaaslik beskikbaar is nie, is deel van enige land in die wêreld se ekonomie. In hierdie opsig is Suid-Afrika geen uitsondering nie. Jaarliks word miljoene rand bestee aan die invoer van goedere. Invoere het 'n nadelige uitwerking op die vergoeding van werkers wanneer goedere van dieselfde of swakker gehalte as plaaslike produkte teen laer pryse ingevoer word. Sulke invoere plaas druk op plaaslike vervaardigers om mededingend te bly. Die gevolg is laer lone en in die ergste gevalle selfs die sluiting van fabriekke, met die gepaardgaande verlies aan werkgeleenthede.

3.2.6.1 Omvang van invoere

Dit is moeilik om die presiese omvang en uitwerking van invoere op die plaaslike ekonomie en die vergoeding van werkers te bepaal. Dat invoere egter wel 'n beduidende, groeiende invloed op werkgeleenthede en die vergoeding van werkers het, blyk uit die volgende voorbeelde:

- Aan die begin van die 1990's het die Raad op Tariewe en Handel gemiddeld vier klagtes per jaar ondersoek, oor die beweerde storting van buitelandse produkte op die Suid-Afrikaanse mark. In 1996 het die Raad 23 ondersoeke na die beweerde storting van produkte gedoen. Onderzoek is ingestel na die invoer van elektriese kables, aluminiumpote, optiese vesel, metaalpype, papier, komberse en koolstof (Swart, 2000a:2).
- In 1999 is 'n reusebesending sweetpakke en sportskoene met vervalste handelsmerke uit China onderskep, wat vir die Suid-Afrikaanse mark bedoel was. Die skoene was meer as R20 miljoen werd (Holdcroft, 1999:6).
- Die onwettige invoer van gebruikte klere uit Europa wat plaaslik vir so min as R5 per kledingstuk verkoop word, veroorsaak volgens die Suid-Afrikaanse Klere en Tekstielwerkersunie die verlies van tot 1 000 werkgeleenthede per maand (Motsepe, 2003:11).
- Suid-Afrika verloor na raming meer as R34 miljoen per jaar in tariefgeld en belasting, vanweë die onwettige invoer van skaapvleis (Van Burick, 2000b:6).
- Die Batebeslagleggingeenheid het teen 2000 ondersoek ingestel na 100 gevalle waarby nagmaakte ingevoerde produkte betrokke was. Die waarde van die produkte het R250 miljoen beloop (Khangale, 2001:12).

3.2.6.2 Oorsake van goedkoop invoere

Daar is verskillende redes waarom mense sedert 1994 goedere invoer, eerder as om plaaslik vervaardigde goedere te koop. Met die afskaffing van apartheid is sanksies teen Suid-Afrika opgehef en kan goedere maklik uit die buiteland ingevoer word. Dit, tesame met die vermindering in tariefbeskerming en die afskaffing van plaaslike uitvoersubsidies, het 'n groot

rol gespeel waarom goedere tans goedkoper in die buiteland aangekoop word (De Lange, 2002:2). Hoewel plaaslike faktore 'n rol speel, speel buitelandse faktore ook 'n groot rol. Die wêreldwye globaliseringsproses veroorsaak dat buitelandse produkte al hoe meer met plaaslik vervaardigde produkte meeding. As voorbeeld kan die tekstiel- en klerebedryf genoem word. Die plaaslike tekstiel- en klerebedryf kan nie meer met sommige ander lande meeding nie (Du Toit, 2001:3). 'n Skoen wat in Indië R70 kos om te vervaardig, sal 'n Suid-Afrikaanse handelaar R91 kos as dit uit Indië ingevoer word. Dieselfde klaar vervaardigde skoen wat van Suid-Afrika na Indië uitgevoer word, sal as gevolg van invoerbelasting die handelaar daar R167 (BTW uitgesluit) kos (Anon., 1998d:24).

Nie alleen belastings veroorsaak 'n verskil in die prys van produkte nie, maar ook arbeidskoste. Baie klereprodukte kom uit China en Indië waar arbeidskoste laer is as in Suid-Afrika, as gevolg van laer vergoeding en langer werkweke (Anon., 1998d:24).

Baie van die produkte wat die land binnekom is namaaksels van bekende handelsname wat dan teen lae pryse plaaslik verkoop word (Holdcroft, 1999:6). Die gevolg is dat die oorspronklike produk wat plaaslik vervaardig word, nie met die ingevoerde namaaksel kan meeding nie.

Gebruikte klere uit Europa wat vir welsyn bedoel is, beland in die hande van gewetenlose mense wat dit verkoop om hulself te verryk, in plaas daarvan om dit aan armes te besorg (Motsepe, 2003:11).

Die versterking van die rand in veral 2003 het veroorsaak dat goedere goedkoper ingevoer kon word as wat dit plaaslik vervaardig kan word. Die sterk rand word as rede aangevoer waarom 12 000 mense hul werk in die klerebedryf verloor het en minstens 23 klerefabrieke moes sluit of gelikwideer is (Brand, 2003:12).

3.2.6.3 Gevolge van goedkoop invoere

Wettige en onwettige invoere van goedkoop produkte het verreikende gevolge op werkgeleenthede en die vergoeding wat werkers ontvang. Ongeveer 60 000 werkgeleenthede het in die klere- en tekstielbedryf tot niet gegaan en minstens 172 fabrieke en werkplekke het gesluit (De Lange, 2002:2; Du Toit, 2001:3). Dit is voorafgegaan deur 22 000 werkgeleenthede wat in 1998 in die tekstiel- en klerewerkebedryf verlore geraak het (Anon., 1999a:5).

Wanpraktyke wat verband hou met goedkoop invoere kos die staatskas jaarlike miljoene rand aan verlore belasting (Van Burick, 2000b:6). Die invoer en verkoop van nagmaakte produkte bedreig nie alleen die bestaan van wettige vervaardigers en werkgeleenthede nie, maar skrik ook voornemende beleggers af (Khangale, 2001:12).

Hoewel duisende werkgeleenthede as gevolg van goedkoop en onwettige invoere verlore gaan, skep die invoer van gebruikte klere nuwe werkgeleenthede vir veral straatmouse. Die getal werkgeleenthede wat so geskep word, is waarskynlik baie minder as die werkgeleenthede wat verlore gaan (Motsepe, 2003:11).

3.2.6.4 Optrede om goedkoop invoere te bekamp

Verskeie rolspelers tree op om die uitwerking van invoere op die Suid-Afrikaanse arbeidsmark teen te werk.

Van owerheidsweë het die Batebeslagleggingeenheid reeds 100 gevalle van nagmaakte produkte ondersoek. Hiervan is 90% suksesvol afgehandel. R250 miljoen se handelsware was hierby betrokke. In 2001 het die eenheid 500 amptenare opgelei, om oortredings te ondersoek en oortreders te vervolg (Khangale, 2001:12).

Die tekstiel- en klerewerkers het op hul beurt weer op 8 September 1999 hul misnoeë met goedkoop invoere te kenne gegee, toe duisende werkers na die parlement opgeruk het om te eis dat die lae invoertariewe wat verantwoordelik is vir die verlies van werkgeleenthede, geskrap moet word (Anon., 1999a:5).

Die departement van handel en nywerheid het 'n verbod geplaas op die invoer van gebruikte klere (Motsepe, 2003:11).

Groot klerewinkelgroepe en die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielwerkersunie het in 2003 'n verklaring onderteken om werkverliese in die klerevervaardigingsbedryf gesamentlik aan te pak. In die ooreenkoms verbind winkelgroepe hul daartoe om produkte van plaaslike vervaardigers te koop, in 'n poging om werkgeleenthede te beveilig (Brand, 2003:12).

Met die Trots Suid-Afrika-veldtog word mense aangemoedig om plaaslik vervaardigde produkte te koop, in plaas van ingevoerde produkte (Olivier, 2003a:13).

3.3 FAKTORE WAT HOË VERGOEDING BEVORDER

In hierdie gedeelte van die hoofstuk word faktore ondersoek wat daartoe bydra dat werkers hoër vergoeding vir hul arbeid ontvang. Eerstens kom faktore onder die soeklig waarby die staat 'n direkte rol speel by die hoër vergoeding van werkers. Die faktore wat ondersoek word waarby die staat 'n direkte rol speel, is regstellende aksie en minimum lone. Daarna word ondersoek ingestel na faktore waarby werkers 'n meer direkte rol speel, in die hoër vergoeding wat hulle ontvang. Daar word onderskei tussen faktore waar werkers onwettig optree met die oog op hoër vergoeding vir hul arbeid, en faktore waar werkers wettig optree. Faktore wat ondersoek word waar werkers die wet oortree, is diefstal, roof en korrupsie. Faktore wat tot hoër vergoeding lei en wat nie die oortreding van wette insluit nie, is oorvergoeding, stakings en emigrasie.

3.3.1 Regstellende aksie

Regstellende aksie handel oor pogings om die werknemers van die land breedweg verteenwoordigend van die land se bevolking te maak. Regstellende aksie is veral daarop gerig om swartes, vroue en gestremde werknemers 'n groter aandeel in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark te laat bekom. In hierdie afdeling word gekonsentreer op die toepassing van regstellende aksie en die invloed daarvan op vergoeding, met betrekking tot swart- en vrouelike werknemers. Die uitwerking van regstellende aksie op gestremdes word nie ondersoek nie, omdat minder as 1% van die werknemers in Suid-Afrika uit hierdie groep kom, en regstellende aksie tot dusver nog weinig invloed op hierdie groep gehad het (Mdladlana, 2003:15).

3.3.1.1 Agtergrond

In 1993 het Suid-Afrika die *Konvensie oor die uitwissing van alle vorme van diskriminasie teen vroue* onderteken. Ondertekenaars van die konvensie onderneem om wetgewing daar te stel wat diskriminasie teen vroue verbied, en toe te sien dat vroue gelyke toegang tot indiensneming het (Verenigde Nasies, 1979). Gelyke toegang tot indiensneming impliseer dat vroue dieselfde vergoeding as mans in dieselfde poste sal ontvang. In die tydperk ná 1994 het die regering verskeie stappe gedoen om uitvoering aan dié konvensie te gee.

Die stappe wat deur die regering gedoen is, het nie slegs ten doel om die indiensneming van vroue te verbeter nie, maar ook die indiensneming van swartes en gestremdes. Die aanhef van die Wet op Gelyke Indiensneming (55/1998) stel dit dat daar ongelykhede in indiensneming,

beroepe en inkomste in die Suid-Afrikaanse werkmag is, ten opsigte van swart werkers en vroue in senior- en bestuursposte. Dat dit inderdaad so is, blyk uit die feit dat die Suid-Afrikaanse werkersmag byvoorbeeld in 1999 uit 79% swart werkers bestaan het, terwyl slegs 44% van hulle in bestuursposisies was. Vroue het 40% van die werkersmag uitgemaak, maar het 27% van die bestuursposte bekleed (Thomasson, 1999). Sonder inagneming van beroepe blyk dit dat vroue se inkomste oor die algemeen tussen 30% en 60% minder is as die van mans (Hlangani, 2003b:6). Vir elke man wat minder as R60 000 per jaar verdien, is daar agt vrouens in dieselfde inkomstegroep, terwyl dubbeld soveel mans as vroue meer as R100 000 per jaar verdien (Camerer, 2000:12).

Die aanhef tot die genoemde wet stel dit dat apartheid en ander diskriminerende wette en praktyke die oorsaak is van hierdie ongelykhede in indiensneming. Ten einde die Suid-Afrikaanse werkersmag meer verteenwoordigend van die bevolking te maak, bepaal die Handves van Menseregte soos opgeneem in die Suid-Afrikaanse Grondwet (108/1996) dat die staat of enige persoon nie mag diskrimineer teen 'n persoon oor onder andere sy of haar geslag nie. Die Handves bepaal ook dat wetlike en ander maatreëls getref mag word om mense, of kategorieë mense te beskerm of te bevorder wat benadeel is deur onregverdigde diskriminasie, ten einde die verkryging van gelykheid te bevorder.

3.3.1.2 Toepassing van regstellende aksie

Sedert die Handves van Menseregte aangeneem is, is verskeie wetlike stappe gedoen, om regstellende aksie toe te pas. Die belangrikste wette wat sedertdien aangeneem is, is die volgende:

- Die Wet op Arbeidsverhoudinge (66/1995) bepaal dat vakbonde nie teen persone mag diskrimineer op grond van geslag nie.
- Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (75/1997) is ewe van toepassing op manlike as vroulike werkers.
- Die Wet op Gelyke Indiensneming (55/1998) het onder meer ten doel om die konstitusionele reg van gelykheid te bevorder, onregverdigde diskriminasie in indiensneming uit te skakel, die gevolge van diskriminasie te herstel en 'n werkersmag daar te stel wat die inwoners van die land breedweg verteenwoordig. Die wet is in besonder daarop gerig om die

indiensnemingstruikelblokke wat swart mense, vroue en gestremdes in die werksopset ondervind, te verwyder – met die doel dat hulle billik verteenwoordig word in alle beroepskategorieë en arbeidsvlakke in die werkplek. Die wet vereis nie dat teenswoordige werkers uit die nie-aangewese groep (wit mans) uit hul werk geplaas sal word of die moontlikheid van bevordering ontnem sal word nie. Die wet vereis wel dat indien 'n swart en 'n wit persoon met dieselfde kwalifikasies vir 'n pos aansoek doen, moet die swart aansoeker die pos kry. Indien laasgenoemde se kwalifikasies swakker is, maar hy opgelei kan word, moet hy ook die pos kry (Van Rooyen, 2004:3).

Werkgewers wat nie die Wet nakom nie, kan boetes opgelê word wat wissel van R500 000 vir 'n eerste oortreding tot R900 000 vir herhaalde oortredings.

- Daar word gepoog om die gebrek aan vaardighede onder werkers uit te wis met die Wet op Vaardighedsontwikkeling (97/1998). Tydens die bekendstelling van die Groenskrif wat die Wet voorafgegaan het, het die destydse minister van arbeid dit gestel dat “apartheid has left us the legacy of a highly divided skills profile, where only the few enjoy the benefits of high skills and high wages” (Mboweni, 1997). Die Wet op Vaardighedsontwikkeling het ten doel om die groot verskil in vaardighede (en gevolglik ook inkomste) reg te stel. Albei bogenoemde wette het ten doel om gelykheid in die werkplek te bevorder (Hlangani, 2000c:16).
- Die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid (5/2000) voorsien dat nasionale-, provinsiale- en munisipale instellings 'n voorkeurverkrygingsbeleid daar sal stel, waarvolgens kontrakte nie noodwendig aan die goedkoopste tenderaar toegestaan sal word nie. Die doel van die Wet is om kontrakte toe te staan aan mense teen wie histories gediskrimineer is op grond van ras, geslag of gestremdheid.
- Die regulasies wat volgens die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid (5/2000) uitgevaardig is, verseker dat swart bemagtiging plaasvind by die toekenning van staatsprojekte (Leuvennink, 2001a). Die impak van hierdie wet word duidelik as in gedagte gehou word dat die staat 40% bestee van die R34 miljard wat jaarliks in die konstruksiebedryf bestee word (Nasionale departement van openbare werke, 2001).
- In 2003 is die Wetsontwerp op Swart Ekonomiese Bemagtiging aanvaar (27B/2003). Die doel van die voorgenome wet is om onder andere swart mense in die land se ekonomie te

laat deel, 'n omvattende verandering in die rasse-samestelling van eienaarskap en bestuurstrukture te bewerk en ook 'n verandering in die rasse-samestelling van geskoolde werkers in bestaande besighede te bewerk. Die wet wil in besonder swart vroue help om bestaande en nuwe besighede te besit. Die aanhef tot die wet stel dit dat die wet nodig is, omdat die Suid-Afrikaanse ekonomie laer as sy potensiaal presteer, vanweë die lae inkomstevlakke van die meeste werkers. Die staat hoop om met swart ekonomiese bemagtiging die verskil in inkomste wesenlik te verklein (Gumede & Qoza, 2003:1).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die toepassing van die genoemde wette beoog om 'n ingrypende verandering in die werkerskorps van die land teweeg te bring, met die gepaardgaande aanpassing in vergoeding vir die werkers wat deur die wette bevoordeel word.

Regstellende aksie word nie alleen toegepas waar wetgewing dit verplig nie. Die departement van openbare werke beskou homself byvoorbeeld as die regering se grootste agent vir die bevordering van swart bemagtiging, omdat die staat eiendom ter waarde van R120 miljard het wat in stand gehou en herstel moet word (Duvenhage, 2001). Die staat bevorder swart bemagtiging ook in die lewering van professionele dienste. 'n Rooster waarvolgens werk aan argitekte, ingenieurs en bestekopnemers toegeken word, is so opgestel dat bemagtigingsgroepe gouer as gevestigde maatskappye in aanmerking kom om weer werk vir die staat te doen (Van Rooyen, 1999b:11). In 2003 het die regering aangekondig dat R10 miljard vir die daaropvolgende vyf jaar vir swart bemagtigingsbeleggings bewillig is. Dit is ook die staat se voorneme om binne vyf tot tien jaar minstens 50% van alle staatsbeheerde ondernemings aan swartes te besorg, en dieselfde persentasie van die staat se aankope by swart ondernemings te doen (Sathekge, 2003:13).

Ook in die privaat sektor word verskeie pogings aangewend om regstellende aksie toe te pas. Verskeie sektore in die ekonomie het reeds onderneem om swart bemagtiging toe te pas. 'n Voorbeeld hiervan is die finansiële sektor. Groot banke het onderneem om gedeeltes van hul besigheid aan swart beleggers te verkoop, om te help vergoed vir die diskriminasie tydens apartheid (West & Bloomberg, 2003:1). Hulle het ook onderneem om teen 2014 reeds 70% van hul aankope by swart bemagtigingsmaatskappye te doen. Finansiële instellings het verder onderneem dat 4,5% van hul personeelkomponent swart matrikulante sal wees wat in leerlingskappe aangestel gaan word, terwyl maatskappye 1,5% van hul totale salarisuitgawes aan die ontwikkeling van swart vaardighede sal bestee (Le Roux, 2003:2). Finansiële instellings sal

teen 2010 swart eienaarskap van 25% hê (Anon., 2003c:15). Sanlam het intussen die daad by die woord gevoeg en 10% tot 12% van die maatskappy aan Ubuntu-Botho verkoop (Loxton, 2003b:1). Sektore soos die mynbou en petro-chemiese bedryf is met soortgelyke planne besig.

Nampak het die eerste maatskappy op die JSE geword om uitvoerende direkteure se aansporingsbonusse te verlaag, indien hulle nie regstellende aksie-teikens haal nie. Met hierdie reëling wil die maatskappy uitvoerende direkteure aanmoedig om toe te sien dat regstellende aksie toegepas word (Crotty, 2004:1; Dasnois, 2004a:2).

Ook op sportgebied word druk uitgeoefen om regstellende aksie toe te pas. In dié verband kan verwys word na die kwotastelsel wat in sportsoorte toegepas word, met die doel om sportspanne verteenwoordigend van die land se bevolking te maak. Volgens hierdie stelsel moet 'n minimum aantal spelers in 'n span swart wees. Die regering is van voorneme om in te gryp om regstellende aksie op sportgebied af te dwing, indien dit nie vrywillig toegepas word nie (Rooi, 2000). Die Suid-Afrikaanse Rugby-unie bied groot geldelike aansporings aan vir provinsiale rugby-unies wat wit afrigters en amptenare met swartes vervang. Bonusse word ook uitbetaal aan unies wat wit spelers met swart spelers vervang (Volschenk, 2001).

3.3.1.3 Faktore wat regstellende aksie belemmer

Navorsing (RGN, 1999b) dui daarop dat dit baie moeilik is om regstellende aksie toe te pas in sekere beroepsrigtings, omdat daar 'n tekort aan swart werknemers in dié rigtings is. Die probleem word vererger deur die feit dat slegs 45% van die grade wat jaarliks toegeken word deur swart studente verwerf word. Hierdie kwalifikasies is gemiddeld op 'n laer vlak as die van blankes en dit is ook gewoonlik in rigtings waar daar reeds 'n ooraanbod van gekwalifiseerdes is. Daar is veral 'n tekort aan swart gegradueerdes in die natuurwetenskappe, ingenieurswese, boubedryf (bv. argitekte, ens.), gesondheid (behalwe verpleging), regte en alle ekonomiese en bestuurwetenskappe (behalwe administrasie).

3.3.1.4 Uitwerking van regstellende aksie

Die toepassing van regstellende aksie het reeds verskeie gevolge gehad op die poste wat werknemers beklee en dus ook op die vergoeding wat hulle ontvang. Sommige werkers kan op grond van regstellende aksie poste bekom waar hulle goed vergoed word vir hul arbeid.

Regstellende aksie veroorsaak egter ook dat gediskrimineer word teen mense en dat hulle nie vergoed word volgens hul vermoë of arbeidsinset nie.

Die volgende voorbeelde word genoem om aan te dui hoe regstellende aksie tot dusver sommige werkers se posisies en die gepaardgaande vergoeding positief beïnvloed het:

- Die regering het sedert 1994 heelwat gedoen om 'n voorbeeld te stel in die bereiking van geslagsgelykheid. Teen Junie 1999 was 30% van die parlamentslede vroue. Van die 27 ministers en twaalf adjunk-ministers was vyftien vroue (Camerer, 2000:12). Daar is ook amptenare aangestel om 'n wakende oog te hou oor die bestuur van geslagsgelykheid in die verskillende staatsdepartemente. Dit is die taak van geslagsfokuspunte om departemente se aandag te vestig waar daar nie geslagbillikheid is nie (Seale, 2001:9). Dit blyk dat die regering in sy pogings slaag om geslagsgelykheid onder staatsamptenare te bereik. Teen die einde van 2001 was 52% van die meer as een miljoen werkers in diens van die staat vroue. Vroue het byna 30% van die bestuursposisies bekleed, terwyl vroue 21% van alle aanstellings in senior bestuursposisies uitgemaak het (Misbach, 2002:4).
- Dit blyk dat daar ook in die privaat sektor veranderinge besig is om plaas te vind. Uit verslae van werkgewers wat meer as 150 werkers in diens het, blyk dit dat in 2000 alleen 45 610 poste wat deur mans bekleed is, verlore gegaan het, terwyl daar 'n netto wins van 17 397 in vroueposte was. Op bestuursvlak het vroue 'n netto wins van 1 201 poste gehad (Mittner, 2001:11). Navorsing van die RGN (1999c) toon aan dat aan die begin van die negentigerjare daar 'n 10%-gaping was in vergoeding tussen mans en vroue op die vlak van geskoolde en halfgeskoolde werkers. Hierdie verskil het tot 5% verklein. Die verskil is toe te skryf aan geslagsvooroordele, uiteenlopende vlakke van persoonlike vaardighede, ervaring en vraag en aanbod (Erasmus, 2001b:6).
- Die swart elite in die land het binne vyf jaar hul inkomste verdubbel tot 'n totaal van R13,5 miljard. 'n Studie toon ook aan dat 23% van die land se rykste mense nou swartes is. Dit is werkers wat R300 000 en meer per jaar verdien (Anon., 2001d:7).
- Swart ekonomiese bemagtiging het reeds gehelp dat enkele swart sakemanne reuse-bedrae geld verdien het. Tagtig persent van die waarde van die tien grootste swart bemagtigings transaksies is deur net drie sakemanne gedoen. Hierdie drie sakemanne was betrokke by vyf van die tien grootste transaksies. Die waarde daarvan was R24,6 miljard (Dasnois,

2004b:12). Dit het byvoorbeeld gehelp dat mnr. Mzi Khumalo meer as 'n miljard rand gemaak het met die verkoop van 'n maatskappy wat aanvanklik gekoop is as deel van 'n swart bemagtigingstransaksie (Anon., 2003d:2).

- Reeds voor die aanname van die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid (5/2000) het die staat 'n Regstellende Voorkeurverkrygingsbeleid gehad. In die uitvoering van die beleid is meer as R600 miljoen se projekte aan swart hoofkontrakteurs toegeken (Nasionale departement van openbare werke, 2001).
- Regstellende aksie stel sommige swart werkers in staat om met die minimum insette en risiko vergoeding uit kontrakte en kwotas te ontvang. Die regering se beleid om voorkeur te gee aan swart maatskappye het daartoe gelei dat wit maatskappye van swart frontmaatskappye gebruik maak om staatskontrakte te bekom (Swart, 1998:1). Die voorkeurbeleid het ook veroorsaak dat sommige swart groepe wat hoër getender en die werk gekry het, daarna wit ondernemings wat laer getender het, nader om die werk te doen. Hulle steek dan die verskil in hul sakke (Booyens, 1997:1). Dieselfde gebeur ook in die visbedryf waar swart vissers visvangkwotas verkry, maar dit nie self benut nie en dan aan andere verkoop (Zietsman, 2001).
- Teen 2002 het die regering naby sy oogmerk gekom om die staatsdiens ras- en geslagsverteenvoerdigend te maak. Die staat het toe reeds 85% swart werknemers in diens gehad. Volgens die minister van staatsdiens en administrasie moes daar nog 'n 5% aanpassing gemaak word in die vermindering van blanke werknemers en die vermeerdering van swart werkers. Op bestuursvlak was 60% van die werknemers swart, wat 10% meer was as die gestelde teiken (Misbach, 2002:4).
- 'n Verslag van Deloitte en Touche Capital Corporation dui aan dat swart bestuurders op middelbestuursvlak al hoe meer word en wit bestuurders minder. Op senior- en hoofbestuursvlak is daar egter nie 'n groot verandering nie, omdat daar 'n groot tekort is aan mense met gepaste kwalifikasies en ervaring vir veral senior- en hoofbestuursposte. Maatskappye is wel besig om mense vir hierdie poste op te lei (Anon., 2003e:2).
- Swart bestuurders slaan tans munt uit die tekort aan geskikte bestuurders. Regstellende aksie stel hulle in staat om hoër salarisse te eis, omdat daar te min geskikte swart kandidate vir die beskikbare poste is (Visser, 2003b:1).

- 'n Tekort aan geskikte swart direksielede veroorsaak ook in baie gevalle dat dieselfde persoon in verskeie maatskappye se direksies dien (Mashalaba, 2003:23), met die gevolg dat hulle groot vergoedings ontvang.
- In baie gevalle waar swart bemagtiging toegepas word, word maatskappye en die bestuur daarvan aan persone gegee wat gekies word op grond van hul politieke agtergronde en hul verbintenisse in die politiek, sonder dat hulle noodwendig weet hoe om die bates waaroor hulle beheer ontvang, te bestuur. Hulle loop ook nie persoonlike risiko's nie (Mbeki, 2003:15), omdat hulle geld ontvang van spesiale konsortiums (Sefara, 2003a:9).

Uit bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat regstellende aksie reeds tot gevolg het dat talle vroue en swart mense nou poste beklee wat hulle nie voorheen beklee het nie, met die gevolglike positiewe uitwerking op die vergoeding wat hulle vir hul arbeid ontvang. Regstellende aksie het op sommige werkers se arbeid en die vergoeding wat hulle daarvoor ontvang 'n negatiewe uitwerking. Onderstaande is voorbeelde hiervan.

- Sommige werkgewers gebruik versnelde bevorderingsprogramme ten einde hul werkers so gou moontlik verteenwoordigend van die land se bevolking te maak. Dit gebeur dat maatskappye blanke aansoekers oorslaan en ter wille van die nakoming van regstellende aksie swart werkers soek, al het hulle geen ondervinding nie of minderwaardige kwalifikasies (Kenny, 2001:13). In 1999 het die aanstelling van 'n brigadier-generaal opslae veroorsaak, toe hy as deel van die lugmag se regstellende aksie en versnelde bevorderingsproses bó sewentien beter gekwalifiseerde kolonels aangestel is (Gibson, 1999:7). Daar is ook gevalle waar die wit werkers persone wat bo hulle aangestel is, moet oplei sodat hulle hul werk kan verrig (Carstens, 2002:11).
- Daar is maatskappye wat wette oortree in hul poging om regstellende aksie toe te pas. In 1999 het die arbeidshof in Johannesburg beslis dat Eskom verkeerd was, deur 'n wit dame nie aan te stel nie in 'n pos waarvoor sy aansoek gedoen het. Die hoofrede vir Eskom se besluit was dat sy wit was. Sy het 'n jaar lank waargeneem in die pos waarvoor sy aansoek gedoen het. 'n Keurkomitee het ook aan haar 'n beoordelingspunt van 80% toegeken en beslis dat sy in die pos aangestel moes word. Die pos is egter toegeken aan 'n kleurlingvrou wat 64% in die keurproses gekry het (De Lange, 1999c:1).

Rand-Water is daaraan skuldig bevind dat hulle nie 'n pos aan 'n bekwame wit vrou toegeken het, maar dit aan 'n swart vrou toegeken het sonder dat daar eens 'n onderhoud met haar gevoer is. Die aanstelling is gemaak, omdat daar te veel vroue by Rand-Water is (Tempelhoff, 2003a:2). Ook die Suid-Afrikaanse Polisie is daaraan skuldig bevind dat hulle onregverdig gediskrimineer het teen tien wit plofstofdeskundiges, deur hulle nie vir bevordering in aanmerking te neem nie. Hulle is nie in aanmerking geneem nie, omdat hulle wit is (Stuart & Maluleke, 2003:1). Die deskundiges is verbied om aansoek te doen vir twintig vakante poste waarvoor geen swart werkers beskikbaar was nie (Mabasa, 2002:2).

- Regstellende aksie het ook reeds tot diskriminasie en ongelyke vergoeding van werkers op dieselfde posvlak gelei. Eskom het aan swart werkers motortoelae gegee, terwyl blanke werkers op dieselfde posvlakke nie die toelae ontvang nie. Die toelae word gegee om die maatskappy in staat te stel om sy rasseteikens na te kom (De Lange, 2001d:1).
- Regstellende aksie was die rede waarom sommige uitvoerende direkteure van Nampak tussen 15% en 25% van hul aansporingsbonusse verbeur het. Hulle het dit verloor, omdat hulle nie toegesien het dat die maatskappy sy regstellende aksie-teiken haal nie. Slegs 18% van die bestuurders was Afrikane terwyl die teiken 20% was. Die gestelde teiken vir bestuurders uit al die voorheen benadeelde groepe was 35%. Hierdie teiken is met 8% oortref (Dasnois, 2004a:2).
- Regstellende aksie benadeel nie alleen die bevordering en gepaardgaande vergoeding van sommige wit werkers nie. Dit kan ook tot hul werkverlies lei. Santam Lewens het in 2003 te kenne gegee dat hy sy werkmag met 350 sou verminder en dat diensbillikheid (regstellende aksie) 'n rol sou speel in die proses om die werkmag te verklein. Hieruit word afgelei dat die werkmag op so 'n manier verklein wou word dat die maatskappy in 'n groter mate die land se bevolking weerspieël (De Lange, 2003b:8).
- Maatskappye wat gedwing word om kunsmatige personeelvermindering toe te pas, staan gevaar om vanweë ondoeltreffendheid nie die mas teen buitelandse mededinging op te kom nie. Dit noop hulle om hul hoofkantore na die buiteland te verskuif, waarvandaan hulle dan hul bedrywighede verder bestuur (Booyens, 1997:1).
- Ook op sportgebied word regstellende aksie toegepas met negatiewe gevolge vir beter deelnemers. Springbok-rugbyspelers Chris Badenhorst en Pieter Rossouw is al uit

provinsiale spanne weggelaat, om ruimte te maak vir swart spelers – sodat die betrokke spanne aan die aan die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie se kwota-vereistes kon voldoen (Van Eck, 1999:6; Hoffmann, 2000).

- In 2000 het die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie die Blou Bulle met R75 000 en vier ligapunte en die Goue Leeus met R50 000 en vier ligapunte beboet vir oortredings van die Curriebeker-kwotaregulasies, nadat die onderskeie spanne gekleurde spelers gedurende wedstryde met wit spelers vervang het. R30 000 en die ligapunte van die Blou Bulle en R20 000 en vier ligapunte van die Goue Leeus is opgeskort (Gilbert, 2000).

Regstellende aksie was ook reeds die oorsaak van 'n verlaging in werksgehalte:

- In 1998 het die regering R200 miljoen bewillig vir die aankoop van handboeke vir skole. Tenders vir die lewering van dié boeke is aan klein maatskappye toegeken, om swart bemagtiging te bevorder. Die maatskappye kon vanweë 'n verskeidenheid probleme nie hul kontrakte na behore nakom nie, met die gevolg dat skole nie betyds hul handboeke ontvang het nie (Joubert, 1999:1).
- 'n Nasionale organisasie wat hom op padveiligheid toespits, Drive Alive, het die mislukking van die 2002/2003 Arrive Alive-veldtog aan regstellende aksie toegeskryf. As deel van regstellende aksie is aanloklike pakkette aan kundige en ervare personeel aangebied. Die kundige verkeersbeamptes is deur onkundiges vervang (Oosthuizen, 2003:1).

Regstellende aksie het daartoe bygedra dat werkers in alle sektore die land se bevolking meer verteenwoordig. Talle vroue en swart werkers het hierby gebaat deur onder meer meer vergoeding vir hul arbeid te ontvang. Aan die ander kant word veral wit manlike werkers se vergoeding vir hul arbeid nadelig geraak, omdat dit vir hulle moeiliker is om werk te vind of hoër poste te bekom.

3.3.2 Minimum lone

Daar is verskeie sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie waar werknemers lae vergoeding vir hul arbeid ontvang. Huishulpe, plaaswerkers, werkers in die groot- en kleinhandel, bosboubedryf, tydelike werkers, taxibestuurders en maritiemewerkers ontvang in die algemeen lae vergoeding (vgl. Pela, 2002:5).

Ondersoek word hoofsaaklik ingestel na die uitwerking van die instelling van minimum lone vir huishulpe en plaaswerkers, omdat die getal werkers in hierdie sektore baie groot is en dit ook die eerste sektore is waar minimum lone kragtens die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (75/1997) ingestel is.

3.3.2.1 Omvang van werkers wat lae lone ontvang

In Suid-Afrika het in 2002 tussen 900 000 en 1000 000 mense as huishulpe gewerk (Momborg, 2003a:13). Huishulpe het in 2001 gemiddeld R409 per maand in landelike gebiede en R588 per maand in stedelike gebiede verdien (Departement van arbeid, 2001a). Terwyl die gemiddeld R750 per maand in Gauteng was, was dit R355 per maand in die Noord-Kaap en R273 in die Vrystaat (Leuvennink, 2001b:6). Dit was tussen 7% en 12% van die inkomste van geskoolde werkers, tussen 20% en 30% van halfgeskoolde werkers en tussen 37% en 43% van ongeskoolde werkers.

'n Verdere groot groep werkers in die land wat maandeliks lae vergoeding ontvang, is plaaswerkers. Landbou en jag verskaf 930 000 werkgeleenthede in die land. Dit verteenwoordig 11,4% van Suid-Afrika se formele werknemers. Die gemiddelde maandelikse loon in die landbou was R419 per maand in 1996 en R544 per maand in 2000 (Departement van arbeid, 2001b; Wa ga Tau, 2003:18).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat 'n groot persentasie van die land se werkers as huishulpe of op plase werk. Hierdie werkers ontvang gemiddeld 'n vergoeding laer as die armoedegrens. In 1999 was die armoedegrens R650 per maand (Swart, 1999a:15).

3.3.2.2 Oorsake van lae lone

Die lae vergoeding wat huishulpe en plaaswerkers vir hul arbeid ontvang, was voor 1994 reeds 'n ernstige probleem (kyk Hoofstuk 2). Suid-Afrika se hoë werkloosheidskoers van ongeveer 4,8 miljoen mense het tot gevolg dat werkers gedwing word om ter wille van oorlewing teen 'n lae vergoeding te werk (Momborg, 2003a:13). Omdat die meeste huishulpe slegs primêre skoolopleiding het, gemiddeld 41 jaar oud is en in plattelandse gebiede woon, is dit vir hulle baie moeilik om ander werkgeleenthede te vind en skep dit 'n geleentheid vir uitbuiting (Departement van arbeid, 2001a).

Dit is dikwels vir werkgewers van huishulpe moeilik om beter vergoeding te gee, omdat huishulpe uit die aard van hul werk nie vir hul werkgewers meer wins maak nie, maar hulle eerder in staat stel om self te werk of om ander aktiwiteite te beoefen. Huishulpe word soms ook nie beskou as ware loonarbeiders nie, maar word gesien as 'n verlengstuk van huishoudelike verpligtinge. Verder is daar gewoonlik ook net een huishulp in die diens van een werkgewer. In so 'n situasie het die werknemer weinig bedingingsmag wat maklik tot uitbuiting kan lei (Mdladlana, 2001:12; Naude, 2001:14).

Lae lone was voor 1994 ook 'n probleem by plaaswerkers. Dit het die afgelope aantal jaar vererger, omdat kommersiële boere vanaf 120 000 'n paar jaar gelede afgeneem het tot 40 000. Die gevolg was dat indiensneming van plaaswerkers vanaf 1,2 miljoen in 1988 afgeneem het tot 860 000 (Swart, 2000b:2). Ten spyte van die afname in die getal plaaswerkers, reken ongeveer 'n derde van die boere dat hulle te veel permanente werkers in diens het (Departement van arbeid, 2001b).

Wanneer daar 'n ooraanbod van werkers in 'n bepaalde sektor is, word lone in die bepaalde sektor afwaarts gedruk. Plaaswerkers kan vanweë ongeletterdheid of lae opvoedkundige kwalifikasies nie maklik elders werk vind nie. Ongeveer 'n kwart van hulle het geen opvoedkundige kwalifikasies nie, terwyl net 20% verder as Graad 7 onderrig ontvang het (Cosatu, 1999a).

3.3.2.3 Gevolge van lae lone

Lae vergoeding veroorsaak armoede en het verskeie negatiewe gevolge op werkers en hul families. As voorbeeld kan genoem word dat ongeveer 'n derde van die kinders van plaaswerkers 'n groeigebrek toon en omtrent 20% ondergewig is. 'n Derde staan die gevaar om honger te ly (Departement van arbeid, 2001b). Die lae opvoedkundige kwalifikasies kan waarskynlik ook in 'n mate toegeskryf word aan die lae vergoeding wat werkers ontvang, omdat hulle nie die middele het om hul kinders van behoorlike skoolonderrig te voorsien nie.

3.3.2.4 Optrede

Tot in 1994 was daar weinig arbeidswetgewing wat huishulpe beskerm het (Mdladlana, 2001:12). Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (75/1997)) het wetgewing wat werkers

beskerm – insluitende plaaswerkers en huishulpe – daargestel. Die Wet het die ruimte gelaat vir die Minister van Arbeid om minimum lone vir sekere sektore van die arbeidsmag vas te stel.

Nadat die Minister van Arbeid ondersoek ingestel het na die moontlike uitwerking van minimum lone vir huishulpe en plaaswerkers, is minimum lone vir hierdie twee sektore vasgestel. Die minimum loon vir huishulpe in stede is vasgestel op R800 per maand en in gebiede met 'n laer inkomste is dit R650 per maand (Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 75/1997, Sektorale Vasstelling 7). Die minimum lone geld vanaf November 2002 en word jaarliks met 8% aangepas. Die minimum loon vir plaaswerkers is vasgestel op R650 per maand (in lae inkomste gebiede) en R850 per maand in gebiede met 'n hoër inkomste. Die minimum loon vir plaaswerkers word jaarliks met onderskeidelik 10% en 9% aangepas en is geldig vanaf Maart 2003 (Mdladlana, 2002b).

Die vasstelling van minimum lone vir bogenoemde sektore het die meeste aandag en bespreking in die media geniet – waarskynlik omdat dit vir eerste keer in die land se geskiedenis was dat minimum lone vasgestel is vir honderde duisende werkers in hierdie sektore, wat in die verlede oor die algemeen baie laag besoldig is. Minimum lone word ook beoog vir ander sektore in die ekonomie. Die kleinhandelsektor was die derde sektor waar minimum lone vasgestel is. In die kleinhandelsektor is die hoogste minimum loon vasgestel op R2 091 per maand vir winkelvloerbestuurders in stedelike gebiede. Op die laagste posvlak is die minimum loon vir veiligheidswagte vasgestel op R426 per maand. Die lone is vir drie jaar vasgestel, met 'n verhoging van 8,8% per jaar in die tweede en die derde jaar (De Lange, 2003c:4).

Die bepaling van minimum lone is pogings van die regering om weerlose werknemers teen uitbuiting te beskerm (Wa ga Tau, 2003:18). Die departement van arbeid het ook reeds aangedui dat minimum lone vir nog sektore vasgestel kan word. Die sektore waar minimum lone moontlik vasgestel kan word, sluit in tydelike werkers, die bosbou-, taxi- en skeepsbedrywe (Pela, 2002:5).

3.3.2.5 Gevolge van die vasstelling van minimum lone

Studies wat die instelling van minimum lone voorafgegaan het, het daarop gedui dat minimum lone duisende mense se vergoeding positief sou beïnvloed, maar ook tot werkverliese kon lei. Volgens die studies sou omtrent die helfte (200 000) huishulpe op die platteland baat vind by 'n minimum loon van R400 per maand. Hierdie werkers het voor die instelling van minimum lone

heelwat minder verdien as die gemiddelde R409 per maand wat huishulpe op die platteland verdien het. Voor die vasstelling van minimum lone het studies aangedui dat 38% van die huishulpe in stedelike gebiede (112 000 werkers) baat sou vind by 'n minimum loon van R500 per maand (De Lange, 2001e:9; Departement van arbeid, 2001a). Aangesien die minimum loon vir huishulpe hoër vasgestel is as bogenoemde bedrae, kan aangeneem word dat meer huishulpe gebaat het by die instelling van minimum lone. Dieselfde geld ook vir die meer as 900 000 plaaswerkers wat in 2001 gemiddeld R544 per maand verdien het (Wa ga Tau, 2003:18) en wat vanaf 2003 minstens R650 per maand verdien.

In modelle wat gebruik is in die ondersoek wat die vasstelling van minimum lone voorafgegaan het, is vasgestel dat minimum lone tot werkverliese sou lei. Dit blyk dat dit inderdaad gebeur het met huishulpe (Maphumulo, 2002:9). Die presiese omvang van werkverliese vir huishulpe is nog nie duidelik nie, maar volgens 'n model wat gebruik is in die opstel van die *Investigation into minimum wages and conditions of employment of domestic workers* is bereken dat elke 1%-verhoging in die vergoeding van huishulpe tot 'n werkverlies van tussen 0,15% en 0,7% sou lei (Departement van arbeid, 2001a). 'n Minimum loon van R400 per maand op die platteland sou tot 'n verlaging van tussen 6% en 26% in indiensneming lei. Dit beteken dat tussen 24 000 en 100 000 werkgeleenthede verlore sou gaan. 'n Minimum loon van R600 per maand in stedelike gebiede kon tot 'n daling van tussen 5% en 23% in indiensneming lei, wat tussen 15 000 en 69 000 werkers kon raak (Leuvennink, 2001b:6).

Die vasstelling van minimum lone vir plaaswerkers het ook tot werkverliese gelei. Volgens Agri-SA het meer as 100 000 plaaswerkers hul werk verloor, as 'n uitvloeisel van die vasstelling van minimum lone (Hlangani, 2003c:3).

Die Congress of South African Trade Unions (Cosatu) is van mening dat al verloor sommige werkers hul werk vanweë die instelling van minimum lone, is die algemene uitwerking nie so nadelig nie. Volgens Cosatu kan 'n 10%-verhoging tot 'n 7%-verlies aan werkgeleenthede lei. Ten spyte van die werkverlies ontvang werkers in geheel steeds meer geld. Cosatu is van mening dat werkers as geheel dan beter daaraan toe sal wees, omdat die werkendes na die werkloses omsien (Cosatu, 1999a; Cosatu, 1999b).

Die instelling van minimum lone het vir honderde duisende werkers hoër vergoeding bewerk, terwyl ander werkers hul werk verloor het en nou geen vergoeding ontvang nie. Van hierdie werkloses mag moontlik baat vind by werkers wat wel beter vergoed word.

3.3.3 Diefstal en roof


Talle werkers ontvang vergoeding vir hul werk deur onwettig op te tree. Diefstal en roof (diefstal wat met geweld plaasvind) is een van die metodes om op onwettige manier vergoed te word vir arbeid. Werkers wat diefstal en roof pleeg, wend hul tyd en energie aan om met min arbeid ander mense se eiendom hul eie te maak en daarmee in hul lewensonderhoud te voorsien. Die wettige eienaars se arbeidsinsent om goedere te bekom, is baie meer as die arbeidsinsent van die dief en rowers wat die goedere onwettig by hulle afneem.

3.3.3.1 Omvang van diefstal en roof

Hoewel diefstal en roof (diefstal met geweld) voor 1994 reeds 'n probleem was, dui statistiek daarop dat daar sedertdien 'n merkbare toename was. Roof met verswarende omstandighede het vanaf 1994 tot 2000 jaarliks met gemiddeld 4,6% toegeneem vanaf 84 303 voorvalle in 1994 tot 110 479 in 2000. In dieselfde tydperk het gewone roof jaarliks met 17,9% toegeneem vanaf 32 256 tot 86 559 voorvalle. Diefstal se toename was minder dramaties, met 'n gemiddelde jaarlikse toename van 0,6% (vanaf 440 631 tot 456 078 gevalle) (SAPD Misdaadinligtings Analise Sentrum soos aangehaal deur Altbeker, 2001).

Volgens die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge het huisinbrake vanaf 1994 tot 2001 met 25,2% toegeneem, ander inbrake met 121,5% en gewapende roof met 14,5% (Anon., 2001e:2). Die omvang word meer konkreet as in gedagte gehou word dat daar in 1997 vir elke 100 000 lede van die bevolking 542,8 inbrake was en dat 29,1 uit elke 100 000 motors gekaap is (Coetzee, 1999a:2).

Die onderstaande grafiek is saamgestel uit statistiek van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (2000:53, 54). Die grafiek toon die aantal rooftogte en huisinbrake wat vanaf 1994 tot 1998 by die polisie aangemeld is.



Volgens Interpol is Suid-Afrika die land waar die tweede meeste gewapende rooftogte ter wêreld uitgevoer word (Coetzee, 1999b:13). Soms word groot bedrae geld in rooftogte buitgemaak. Die volgende is van die opspraakwekkendste rooftogte wat die afgelope paar jaar uitgevoer is:

- In die bekende Bronkhorstspuit-transitoroof is R17,4 miljoen geroof (Mulder, 2001:1).
- In 1996 is R31,4 miljoen in 'n enkele rooftog gebuit (Anon., 2001f:6).
- Rowers het met R64 miljoen op die Johannesburgse Internasionale Lughawe weggekom (Potgieter, 2001:1).

Onskuldige mense word daagliks in talle minder opspraakwekkende voorvalle beroof. Ongeveer R55 miljoen word byvoorbeeld jaarliks as gevolg van misdaad by outomatiese tellermasjiene gebuit (Koopman, 2000:8). Rowers is bereid om brutaal op te tree, ter wille van 'n klein “vergoeding”. Verskeie mense is al deur rowers vermoor, ter wille van klein bedraggies geld en selfone (vgl. Harrison, 2001:12; Louw, 2001:14).

Dit is egter nie net in rooftogte waar instansies en persone verliese ly nie. Groot maatskappye verloor soms reusebedrae as gevolg van diefstal. Spoorwet het byvoorbeeld in sy finansiële jaar van 2000 tot 2001 weens die diefstal van treinwaens, spoorstawe en dwarslêers R200 miljoen verloor. Die maatskappy het 'n verdere R55 miljoen verloor in 1 772 koperdiefstalle (Hagen, 2001:4; Phasiwe, 2002:13). Nog 'n groot maatskappy wat onder diefstalle deurloop, is Eskom. In die eerste tien maande van 2002 het dié by 355 geleenthede kables van die maatskappy gesteel. Die kables is gesteel sodat die koper en aluminium daarin vir skroot verkoop kon word (Hills, 2002:4).

Mense uit alle vlakke van die samelewing maak hulle skuldig aan roof of werk saam met rowers. Polisieledes, sekuriteitswagte, 'n regsgeleerde en 'n welgestelde sakeman is al skuldig bevind (Anon., 2001f:6; Van Niekerk, 1999:5).

3.3.3.2 Redes waarom mense steel en roof

Dit is moeilik om in alle gevalle presies vas te stel waarom mense steel en roof. In 'n land met 'n baie hoë werkloosheidsyfer is dit logies dat sommige mense ter wille van oorlewing sal steel. Tog is dit nie al rede nie. Met vonnisoplegging van drie moordenaars en rowers het die regter “onversadigbare gierigheid” as oorsaak van hul oortredings aangedui (Liebenberg, 2001a:2). In 'n ander voorval het 'n regter bevind dat 'n man wat sy eie onderneming het, maar wat hom aan transitoroof skuldig gemaak het, dit weens “hebsug en selfverryking” gedoen het (Jonker, 1999:8).

Die algemene publiek moedig soms ook roof aan. Motorkapings word aangehelp deur 'n mark vir goedkoop tweedehandse motorvoertuigonderdele. Ongeveer 70% van geroofde voertuie word opgekap, om te dien as goedkoop tweedehandse motoronderdele. Hierdie mark word gevoer deur lede van die publiek wat nie vir duur onderdele kan of wil betaal nie (Van Wyk, 2001:18).

In sommige gevalle speel werkloosheid ook 'n rol waarom mense misdade pleeg, soos blyk uit 'n studie onder veroordeelde plaasaanvallers (Van Burick, 2001:11).

3.3.3.3 Gevolge van diefstal en roof

Verskeie regters het in hofuitsprake waarin diewe en rowers skuldig bevind is, daarop gewys dat hul optrede die land se beeld skade berokken en die ekonomie benadeel. Dit skrik voornemende buitelandse beleggers en plaaslike sakemane wat nuwe ondernemings wil begin, af – met die gevolg dat nuwe werkgeleenthede nie geskep word nie (Van der Westhuizen, 1999:6; Anon., 2003f:8).

Wanneer buitelandse toeriste geroof word – soos die sogenaamde “blouligbende” gedoen het – het dit 'n baie negatiewe uitwerking op die land se buitelandse beeld.

'n Kenmerk van rooftogte is die feit dat dit dikwels met die moord op onskuldige mense gepaard gaan. Persone wat beroof is, veiligheidswagte en onskuldige omstanders is by verskeie geleenthede al vermoor of vermink (Van der Westhuizen, 1999:6; Mulder, 2001:1; Jonker, 1999:8). Soms gebeur dit dat selfs doelbewus gemoor word, as deel van roofpogings (Liebenberg, 2001a:2).

Diefstal hou soms vir die oortreders gevaar in. Volgens Eskom is 160 mense in twee jaar gedood, as gevolg van onder meer kabeldiefstal en onwettige elektriese aansluitings. 'n Verdere 230 is beseer (Mahlangu, 2002:5). Diefstal van kables veroorsaak groot ontwigting vir onskuldige inwoners van die land. Tot 20 000 mense word vir 'n tyd lank sonder elektrisiteit gelaat, waar 'n kabel gesteel word (Hills, 2002:4).

Rooftogte en diefstal dwing besighede en individue om al hoe meer geld aan sekuriteit te bestee. Banke bestee ongeveer R1 miljard per jaar aan veiligheidsmaatreëls (Koopman, 2000:8).

Dit is ironies dat sommige mense wel op 'n wettige manier by diefstal en roof baat. Verskerpte veiligheidsmaatreëls het nuwe werkgeleenthede geskep. Sekerheidsondernemings het vanaf 1994 tot 1998 vanaf 2 600 tot 5 939 toegeneem. Dit verteenwoordig 'n toename van 128% (Anon., 1999b:2)

Ook die staat baat by diefstal en roof. Die staat ontvang jaarliks meer as R200 miljoen aan Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) wanneer gesteelde goedere vervang en eiendom wat as gevolg van misdaad beskadig is, herstel word (Meyer, 2003:1).

3.3.3.4 Optrede om diefstal en roof te bekamp

Die polisie tree meer sigbaar op, deur byvoorbeeld gereeld padversperrings en patrollies te hou. Dié optrede het huisinbrake in die Johannesburgse middestad in 2000 met 35,8% laat daal, terwyl motordiefstal met 28,6% gedaal het (Lackay & Van Zyl, 2000:12).

Dorpe en stede installeer toenemend kringtelevisiekameras teen groot koste, om onder meer roof en diefstal te bekamp (vgl. Harrison, 2000:14; Lackay & Van Zyl, 2000:12).

Howe lê rowers swaar strawwe op, veral waar dit met moord gepaard gegaan het. Lewenslange tronkstraf en selfs dubbele lewenslange tronkstraf, asook vonnisse van selfs meer as 'n honderd

jaar is in hierdie verband nie vreemd nie (vgl. Liebenberg, 2001a:2; Van der Westhuizen, 1999:6; Mulder, 2001:1; Jonker, 1999:8).

3.3.4 Korrupsie

3.3.4.1 Omskrywing van korrupsie

Korrupsie is 'n verskynsel wat nie maklik definieerbaar is nie. Dit hou verband met diefstal, maar verskil onder meer daarin dat skuldiges wel arbeid verrig terwyl die skyn van reg voorgehou word. Esterhuyse (1998a:26) wys daarop dat korrupsie 'n multi-dimensionele en ingewikkelde verskynsel is. Vir die doel van hierdie studie word korrupsie beskou as die misbruik van 'n pos in die openbare of private sektor vir eie gewin (vgl. Transparency International, 1999).

3.3.4.2 Omvang van korrupsie

Volgens 'n ondersoek van Pricewaterhouse Coopers was 21% van die maatskappye in Suid-Afrika in 2001 tot 2003 slagoffers van korrupsie en omkoperij. Die wêreldgemiddeld is 14% (Anon., 2003g:1). Hieruit is dit duidelik dat korrupsie buitengewoon baie voorkom in Suid-Afrika. Vanweë die beperkte aard van hierdie studie is dit onmoontlik om al die gevalle van korrupsie onder die soeklig te plaas. Uit al die gevalle van korrupsie is die onderstaande gekies, om 'n breë oorsig te gee van die omvang van korrupsie in Suid-Afrika.

- Korrupsie het so deel geword van die Suid-Afrikaanse samelewing dat dit selfs onder **parlementslede** voorkom. In 2003 is 'n voormalige parlementslede en hoofseep van die ANC vier jaar tronkstraf opgelê, weens bedrog wat hy gepleeg het. Hy het sy posisie as voorsitter van die parlement se Komitee oor Verdediging misbruik om 50% afslag op 'n weelidemotor te bekom (Anon., 2003h:10; Carstens, 2003:2). Die afslag wat hy gekry het, het verband gehou met die moontlike aankope van wapens ter waarde van R43 miljard vir Suid-Afrika (Gibson, 2001:1). Die voormalige parlementslede was nie die enigste persoon wat onregmatig deur die potensiële transaksie bevoordeel is nie. 'n Staatsamptenaar is skuldig bevind daaraan dat hy sy posisie misbruik het en ook 'n geskenk in die vorm van afslag op 'n weeldevoertuig ontvang het (Gibson, 2002a:1). Dit is moontlik dat tot 30 persone – onder wie parlementslede – onregmatig deur die wapentransaksie bevoordeel is (Anon., 2001g:10).

- In die verskillende vertakkinge van die **regering** is korrupsie algemeen, soos uit die ondergenoemde voorbeelde blyk. In 2001 het twee senior amptenare in die departement van omgewingsake en toerisme in Mpumalanga in die hof verskyn oor vergoeding van R500 000 wat hulle na bewering ontvang het, vir 'n tender van miljoene rand vir nuttelose rekenaars (Anon., 2001h:2). 'n Adjunk-direkteur in die departement van arbeid in Limpopo Provinsie is geskors oor bewerings dat sy R75 000 ontvang het om 'n opleidingskontrak van R700 000 toe te staan (Carstens, 2001:7), terwyl 'n voormalige minister van welsyn en bevolkingsontwikkeling in die Wes-Kaap in 2000 op 36 aanklagte van diefstal en vier klagte van korrupsie skuldig bevind is. Laasgenoemde skuldigbevindings het verband gehou met die aankoop van rekenaars en die toekenning van 'n pensioenuitbetalingskontrak by sekere firmas (Van Hees, 2000:3). Die voormalige adjunk-speaker van die Mpumalanga-regering is afgedank, nadat sy na bewering meer as R700 000 uit 'n geheime regeringsrekening laat verdwyn het (Anon., 1998e:8).

Die ouditeur-generaal van Limpopo Provinsie het bevind dat in 1998/99 petrolkaartbedrog van meer as R8 miljoen rand in die provinsie se departement van vervoer gepleeg is. Die bedrog is gepleeg deur amptenare wat hul voertuie oor naweke en op vakansiedae by vulstasies volgemaak het (Fourie, 2001:14). In 'n stadium het die Mpumalanga-regering R71 000 per dag aan petrolkaartbedrog weens korrupte amptenare verloor (De Meyer, 1998a:11).

Twee amptenare van die departement van openbare werke in Limpopo is daarvan aangekla dat hulle 60 regeringsvoertuie van die provinsiale regeringsdepartemente gesteel het (Bester, 1998a:5).

Twaalf staatsamptenare het in 2001 in die hof verskyn in verband met bedrog, korrupsie en diefstal, wat verband hou met die uitreiking van vals geboortesertifikate en identiteitsdokumente (Chuenyane, 2001:3).

Wydverspreide bedrog met huissubsidies kom voor. In KwaZulu-Natal het 54 000 en Gauteng 108 000 gevalle voorgekom van eiendomme wat die staat gekoop het en wat nie bestaan nie, of waar die kopers wat subsidies ontvang het nie bestaan nie, of die verkopers van die eiendom nie bestaan nie (Booyens, 2000:6). 'n Voormalige voorsitter van die Natal Housing Board het R53 miljoen wat vir laekostebehuising gebruik moes word, in sy eie rekening inbetaal (Sefara, 2002a:3).

Dit is nie alleen die staat wat ly as gevolg van korrupte amptenare nie. Ook mense wat finansiële swaarkry, word getref. Bedrog met welsyngeld het so 'n omvang aangeneem dat R53 miljoen wat vir welsyn in net een stad bestem was, verduister is (Booyens, 2000:6). Die beskikbare begroting vir maatskaplike pensioene word deur spookpensioenarisse onder druk geplaas. Gedurende die 1998/99-boekjaar is vasgestel dat daar 70 772 spookpensioentrekkers was. Die meeste was mense wat reeds oorlede is, maar wie se pensioengeld steeds deur hul familieëde opgeëis is (Anon., 1999c:8).

In die KwaZulu-Natal Onderwysdepartement is bevind dat salarisuitbetalings gedoen is aan 1 015 onderwysers wat nie bestaan het nie. Skoolhoofde en onderwysers het ook leerlinggetalle aangepas, om meer geld en onderwysers vir skole te beding (Erasmus, 1999:3; Mthethwa, 1999a). In 1997 is 433 spookonderwysers in Mpumalanga aan die kaak gestel (De Meyer, 1998b:9).

- Amptenare op **plaaslike regeringsvlak** maak hulle ook skuldig aan korrupsie, soos blyk uit die ondersoek wat ingestel is na die optrede van 'n raadslid van die Capricorn Distrik Munisipaliteit oor die wanaanwending van R1,2 miljoen (Makgotho, 2001b:4). Vyftien werkers van die Johannesburgse stadsraad is geskors, oor die beweerde ontvangs van omkoopgeld om munisipale rekenings te verklein (Altenroxel, 2001a:1); en 'n stadsklerk is daaraan skuldig bevind dat hy duisende rande se elektrisiteit gesteel het (De Meyer, 1999:16)
- Talle gevalle van korrupsie onder **wetstoepassers** is reeds aangemeld. Dit sluit 'n groot verskeidenheid oortredings in. Daar is byvoorbeeld in 2000 na raming sowat 1 400 vervalste rybewyse elke maand by die Kwa Mhlanga-sentrum verkoop (Anon., 2000l:4), terwyl ander verkeersmanne hul ook skuldig maak aan die ontvangs van omkoopgeld, diefstal en bedrog. In 2000 is 66 verkeersbeamptes in een provinsie aangekla, vir 1 650 sake wat met bogenoemde oortredings verband hou (Anon., 2000m:5; Mabuza, 2001:6). Na beraming is daar net in Limpopo meer as 10 000 lisensies onwettig uitgereik (Niewoudt, 2003). Ook polisiebeamptes maak hulle skuldig aan korrupsie. In 1996 het die polisie se teen-korrupsie-eenheid 2 300 klagtes van korrupsie ondersoek. In 1999 is 4 638 klagtes teen polisiebeamptes ondersoek (Stiehler, 2000:8). Van die oortredings waaraan korrupte polisieëde hul skuldig gemaak het, is die diefstal van R500 000 van die polisie deur 'n bevelvoerder van 'n handelsmisdaadeenheid (Carstens, 2000b:13), die ontvang van geld deur 'n polisiebeampte om 88 dossiere te laat "verdwyn" (Van der Westhuizen, 2001:1) en die beweerde ontvangs van R2,3 miljoen deur die hoof van 'n polisie-eenheid en twee kollegas

om casino's te beskerm wat hulle eintlik moes vasvat (Liebenberg, 2000:14). Omtrent 25 polisiemanne is geskors oor hul beweerde betrokkenheid by motordiefstal by verskeie motorskutte (Nxusani, 1998:2), terwyl polisiemanne ook gevang is wat gehelp het om teen betaling gesteelde motorvoertuie uit die land uit te smokkel (Bester, 1998b6).

- Onder **mediese werkers** kom ook grootskaalse korrupsie voor. In 2003 is agtien homeopate ontmasker, wat met vervalste kwalifikasies gepraktiseer het (Pather, 2003:8). 'n Enkele mediesefonds het byvoorbeeld vanaf 1998 tot 1999 eise ter waarde van R10 miljoen ontvang van mediese laboratoriums wat nie bestaan het nie. 'n Adjunk-direkteur-generaal van die nasionale departement van gesondheid was onder die persone wat weens die bedrog aangekla is. Berekeninge dui daarop dat tussen 25% en 30% van die betrokke mediese skema se uitbetalings bedrog is (Fourie, 2000:4). Tot soveel as R2,5 miljard word jaarliks vermors as gevolg van bedrog wat met siekefondse gepleeg word (Swanepoel, 2000:11).

Die departement van gesondheid in KwaZulu-Natal het 30 amptenare vanaf 1995 tot 2000 weens diefstal ter waarde van meer as R7,3 miljoen aangekla. Medisyne te waarde van R1,2 miljoen is by vier hospitale in die provinsie gesteel, terwyl R7 miljoen bestee is vir goedere waarvoor daar geen kwitansies beskikbaar is nie. Die geraamde verlies weens bedrog met verlofvorms beloop R10 miljoen (Van der Westhuizen, 2000b:22). 'n Persoon wat skuld beken het op 339 aanklagte van korrupsie het getuig dat korrupsie so omvangryk is in KwaZulu-Natalse hospitale, dat leweransiers net sake kan doen as hulle bereid is om aan korrupsie mee te doen (Liebenberg, 2003a:4).

In 2000 het dit aan die lig gekom dat twee van Suid-Afrika se grootste patologiese laboratoriums jaarliks miljoene rande bestee aan gunsone, om dokters te vergoed wat hul laboratoriums gebruik om toetse te laat doen (Altenroxel, 2001a:1). Die een maatskappy het gemiddeld R247 000 maandeliks aan 84 dokters uitbetaal, terwyl die ander maatskappy jaarliks R3,9 miljoen aan 103 dokters uitbetaal het (Altenroxel, 2001b:1).

- Grootskaalse bedrog vind met **versekering** plaas. Tot 55% van motorinbrake hou verband met versekeringsbedrog (Steenkamp, 2003). Jaarliks beloop versekeringsbedrog in Suid-Afrika tussen R1 miljard en R3 miljard (Anon., 2003i). Vals lewensversekeringseise vir “dooie” mense beloop 'n verdere ongeveer R3 miljard per jaar (Hosken & Ndadana, 2003:1).

- Daar is verskeie werknemers wat vergoed word vir werk wat hulle doen, maar waarvoor hulle **nie gekwalifiseer** is nie. Ongeveer vyftig werknemers – onder andere onderwysers – van die Kwazulu-Nataalse Onderwysdepartement is in 1998 tot 1999 daaraan skuldig bevind dat hulle vals kwalifikasiebewyse voorgelê het. 'n Hoofdirekteur van Statistiek Suid-Afrika is geskors, ná onthullings dat hy vervalste matrieksertifikate, universiteitsgrade en ander kwalifikasies gebruik het om verskeie hooggeplaaste posisies te bekom (Anon., 2000h:4). Die omvang van vervalste kwalifikasies is so groot dat die regering in 2003 begin het met 'n proses om die kwalifikasies van 15 000 staatsamptenare op middelbestuursvlak na te gaan. Kwalifikasie-vervalsing het die afgelope twee jaar so toegeneem dat tot 20% van die kwalifikasies wat werknemers voorlê, vervals is (Rapitso, 2003:2).
- Onder **regslui** kom ook wydverspreide korrupsie voor. Sommige prokureurs koop hospitaalwerknemers en sekuriteitspersoneel om, om hulle te help om kliënte te werf uit motorongelukslagoffers, met die oog op die hantering van eise teen die Padongelukkefonds (Kotlolo, 2001:2). In KwaZulu-Natal is in 2003 sowat 100 eisers, drie prokureurs en drie dokters in verband met honderde vals eise aangekeer (Liebenberg, 2003b). Vals eise kos die Padongelukkefonds jaarliks R500 miljoen (Modisane & Khangale, 2002:2).

Landdroste het landwyd korrupsie van R48 miljoen gepleeg deur ongemagtigde herstelwerk aan hul huise te laat doen (Booyens, 2000:6), terwyl 'n hoofmagistraat al in hegtenis geneem is vir die diefstal van R73 000 se onderhoudstoelae en die diefstal van R10 000 se bier wat deur die polisie tydens klopjagte gekonfiskeer is (Sefara, 2001a:1). 'n Staatsaanklaer het in 1999 in die hof verskyn, omdat sy omkoopgeld aanvaar het om verkeerskaartjies te verminder of af te skryf (Lieberum, 1999:5). Die Meester van die Hooggeregshof in Pretoria en twee van sy adjunkte is in 1999 geskors, oor ongerymdhede in verband met die aanstelling van voorlopige en finale likwidateurs en kurators (De Bruin, 1999:6).

Die hoof van die Universiteit van die Noorde se regsafdeling is afgedank, nadat hy R500 000 van die instelling gesteel het (Sefara, 2001b:3).

- Daar word op bedenklike wyse selfs **uit dooies** geld gemaak. Begrafnisondernemers betaal tot R1 022 kommissie aan hospitaalamptenare, lykshuiswerkers in hospitale, ambulansmanne, polisiemanne en priesters vir die verwysing van lyke na die betrokke ondernemers. Hierdie geld word weer deur die onwetende families betaal (Altenroxel, 2001b:1; Altenroxel, 2001c:1; Smit, 2001:6).

- Gedurende die afgelope paar jaar het duisende beleggers miljoene rand in **piramideskemas** verloor. Toe die meesterbrein van die *Miracle 2000*-skema in hegtenis geneem is, is meer as R14 miljoen kontant in sy besit gevind (Chuenyane & Rantsekeng, 2000:2). In die Kriopiramideskema het 30 000 beleggers tot R1,5 miljard verloor. 'n Groot aantal van die beleggers het al hul geld verloor en dorpe waar die skemas bedryf is, se ekonomieë is ernstig geknou (Tempelhoff, 2002:4; Tempelhoff, 2003b:2).
- **Binnehandel** is 'n vorm van korrupsie wat veral onder direksielede en uitvoerende amptenare van maatskappye voorkom (Block, 2000). Hoewel 'n klein persentasie Suid-Afrikaners hulle hieraan skuldig maak, is dit een van die algemeenste misdade in die korporatiewe sektor (Anon., 2001i:8). Binnehandelaars maak groot hoeveelhede geld op grond van hul kennis wat nie tot almal toeganklik is nie. Hul winste is ten koste van beleggers. Die omvang van hierdie soort korrupsie kan afgelei word uit skikkings wat vermeende binnehandelaars met die Raad op Finansiële dienste aangegaan het. In drie onverwante voorvalle van beweerde binnehandel is bedrae van onderskeidelik R800 000, R1 miljoen en R4,2 miljoen betaal (De Lange, 1999d:3; Block, 2000; Bonorchis, 2001:3).
- Korrupsie kom ook op **sportgebied** voor. 'n Voormalige kaptein van die Suid-Afrikaanse krieketspan het in totaal VS\$110 000 van beroepswedders ontvang, in ruil vir inligting wat verband gehou het met wedstryde (Brand, 2000:3).

Hoewel dit uit voorgaande mag lyk of korrupsie hoofsaaklik in die regering en sy verskillende vertakkinge voorkom, is dit nie so nie. Omvattende korrupsie kom in die privaat sektor voor. As voorbeelde kan genoem word dat in 2001 'n in- en uitvoermaatskappy op 285 aanklagte van bedrog skuldig bevind is. R62,4 miljoen was by die aanklagte betrokke (West, 2001:1). Die omvang van korrupsie word nog duideliker uit die R4 miljard wat banke jaarliks as gevolg van bedrog verloor (Anon., 1999d:3). In totaal verloor die land ongeveer R40 miljard aan witboordjie misdaad. Die getal werknemers wat hulle hieraan skuldig maak, is aan die toeneem (Momborg, 2003b:1). Dit het met 13% gestyg vanaf 1999 tot 2002 en is die grootste oorsaak van verliese wat besighede ly (Anon., 2002d:10).

3.3.4.3 Gevolge van korrupsie

Korrupsie het verreikende gevolge vir 'n land en sy inwoners. Skrywers toon die volgende belangrike gevolge van korrupsie aan:

- Korupsie benadeel die ontwikkeling van 'n land, omdat dit binnelandse en buitelandse beleggers verdryf en vertroue in openbare instellings ondermyn (Schoombee, 1998b:20). Dit lei ook daartoe dat die politieke ondersteuning van hulpprogramme deur ontwikkelde lande in gedrang kom (Esterhuyse, 1998b:28). In hierdie verband kan genoem word dat volgens Transparency International (2001) die persepsie bestaan dat Suid-Afrika in 2001 die 38ste mees korrupte land in die wêreld was.
- Korupsie plaas 'n groot las op 'n land se begroting (Schoombee, 1998b:20). As voorbeeld kan genoem word dat die staat in 'n stadium ongeveer R20 miljoen per jaar bestee het aan spookonderwysers in KwaZulu-Natal, terwyl 'n verdere R1,2 miljoen per jaar aan onderwysers met vals kwalifikasies uitbetaal is (Mthethwa, 1999b).
- Korupsie ondermyn makro-ekonomiese stabiliteit, omdat daar 'n verlies aan belasting is, terwyl daar terselfdertyd buitensporige besteding plaasvind – veral waar duur projekte net 'n paar mense bevoordeel (Esterhuyse, 1998b:28).
- Dit moedig ook belastingontduiking aan, omdat belastingontduiking direk verband hou met die persepsie dat die staat korrupt is (Esterhuyse, 1998b:28).
- Korupsie veroorsaak dat produkte duurder verkoop moet word. Versekeringsbedrog is byvoorbeeld verantwoordelik vir 15% van die koste van versekeringspremies (Clayton & Du Preez, 2003:1).
- Korupsie kan tot die ondergang van ondernemings lei. Korrupte werkers is verantwoordelik vir tot 30% van korporatiewe ondernemings wat misluk (Momborg, 2003b:1).
- Dienste wat gelewer word wat gepaard gaan met korupsie in die verkryging van tenders, is dikwels nie van gehalte nie, met die gevolg dat daar uiteindelik meer betaal moet word om die gelewerde dienste te kry (Esterhuyse, 1998b:28).
- Wanneer korupsie gepleg word, word kapitaal gebruik om gunste te koop in plaas daarvan dat die geld aangewend word om bates te bou, groeieleenthede te benut of werk te skep (Esterhuyse, 1998b:28).

3.3.4.4 Optrede teen korrupsie

Die regering poog sedert 1994 op verskillende maniere om korrupsie te bekamp.

In 1995 is 'n spesiale kommissie onder leiding van regter Willem Heath op die been gebring om wanadministrasie en korrupsie in die Oos-Kaap te ondersoek. Die jaar daarop is die regter se mandaat uitgebrei om landwyd te werk, vanweë die “serious malpractices or maladministration of state institutions, state assets and public money” (South Africa, 74/1996). Teen 2000 het die Heath-ondersoekteenheid sowat 220 000 gevalle van bedrog en korrupsie landwyd ondersoek (Booyens, 2000:6). Die spesiale ondersoekteenheid wat in 1997 gestig is, het binne vyf jaar meer as R1,4 miljard vir die staat teruggekry (Van der Westhuizen, 2002a:4).

In 1999 is die Nasionale Direktooraat vir Spesiale Operasies (Skerpioene) gestig, met onder meer as doel die bekamping van korrupsie (Maduna, 1999). Hierdie eenheid en die Ondersoekdirektooraat vir Ernstige Ekonomiese Misdaad (Odeem) het reeds baie gedoen om korrupsie uit te roei. 'n Spesiale Ondersoekdirektooraat na Korrupsie in die Strafstelsel (Odiks) is ook in die lewe geroep, om korrupsie in die polisie, howe en korrektiewe dienste te ondersoek (De Bruin, 2000b:2). In Pretoria en Johannesburg is kommersiële misdaadeenhede op die been gebring, wat uitsluitlik op witboordjiemisdaad konsentreer. Die Johannesburgse eenheid het in sy eerste tien maande 151 sake voor die hof gebring, waarvan 95% tot skuldigbevindings gelei het (Anon., 2003j:11).

Staatsdepartemente tree ook intern op om korrupsie uit te roei. Die volgende voorbeelde kan genoem word:

- Personeel van die departement van onderwys van KwaZulu-Natal wat aan korrupsie skuldig bevind is, het elk vier jaar gevangenisstraf ontvang (Mthethwa, 1999a), terwyl die waarnemende hoof- uitvoerende amptenaar van North West Housing Corporation vyf jaar tronkstraf opgelê is, nadat hy skuld erken het op korrupsie-aanklagte wat verband hou met die toekenning van kontrakte (Mfoloe, 2002:4).
- Die bekamping van bedrog met die uitbetaling van pensioengeld aan spookwerkers het in 1999 reeds 'n besparing van R281,9 miljoen te weeg gebring (Anon., 1999c:8).

- Owerheidsinstansies probeer om die publiek te betrek om korrupsie te help uitroei, deur telefoonnommers beskikbaar te stel waar beweerde korrupsie aangemeld kan word (vgl. Ramatlhodi, 1998:11; Gifford, 2002b:2).
- Staatsdepartemente lei personeel op om korrupsie te bekamp. Die departement van binnelandse sake het 99 amptenare opgelei om korrupsiesake te ondersoek. Dit het meegewerk dat 180 werknemers waarskuwings ontvang het en 'n verdere 31 as gevolg van korrupsie ontslaan is (Anon., 2002e:6). Die departement van justisie het soortgelyke stappe gedoen, deur 'n spesiale taakspan op die been te bring wat ondersoek instel na korrupsie in die departement (De Bruin, 2004:1).
- Die Staatsdienskommissie het maatreëls aangekondig om korrupsie met staatsdienskontrakte te beperk, deur instellings wat hulle aan bedrog, korrupsie of onetiese optrede skuldig maak op 'n "swartlys" te plaas (Grobler & Smith, 2002:3).

Die owerheid probeer ook om faktore wat aanleiding gee tot korrupsie, te verander. In die opsig kan genoem word dat die afwaartse aanpassing van belastingkoerse die afgelope paar jaar waarskynlik onder meer ten doel het om korrupsie ten opsigte van die betaling van belasting te verminder, omdat hoë belastingkoerse gepaard gaan met groter belastingontduiking (Meyer, 1997:14).

Die proses om staatsondernemings in die land te privatiseer, kan ook gesien word as 'n poging om korrupsie te verminder, omdat ondervinding toon dat korrupsie meer voorkom in staatsondernemings as in privaat ondernemings (Meyer, 1997:14).

Ook die privaat sektor wend pogings aan om korrupsie te bekamp. Lewensversekeraars het byvoorbeeld daarin geslaag om met die instelling van 'n eiseregister R100 miljoen se bedrog bloot te lê wat verband hou met eise, bloot te lê (Clayton & Du Preez, 2003:1).

3.3.5 Oorvergoeding van werknemers

Die term *oorvergoeding* word gebruik vir vergoeding wat werkers ontvang, terwyl hul arbeidsinset veel laer is in verhouding met die vergoeding wat hulle ontvang. In sommige gevalle verrig hulle selfs geen arbeid nie, maar word vergoed.

3.3.5.1 Omvang van oorvergoeding

Dit is baie moeilik om die presiese omvang van oorvergoeding vas te stel, omdat daar 'n sterk subjektiewe faktor is in die bepaling van 'n billike vergoeding vir 'n bepaalde werk. Vir die doeleindes van hierdie studie word gekonsentreer op gevalle waar persone geen werk doen nie en tog vergoed word, of waar die media reageer op vergoeding wat werknemers ontvang. Die reaksie hou verband met die omvang van die vergoeding wat die werknemers wettig ontvang.

Die volgende voorbeelde kan genoem word van werkers wat geen of weinig werk verrig het, maar volle vergoeding daarvoor ontvang het:

- Die ouditeur-generaal het in 2001 bevind dat die staat R65,2 miljoen betaal het aan werkers wat reeds geruime tyd nie meer in diens was nie. 'n Verdere R3,3 miljoen is bestee aan 194 personeellede wat gelyktydig deur meer as een departement vergoed is. Meer as R10 miljoen is aan werkers wat reeds dood was, uitbetaal (Granelli, 2001:3). Onder diegene wat deur die staat vergoed word terwyl hulle ander hoë poste ook beklee, tel die president van die South African Democratic Teachers Union wat vyf jaar nadat hy die pos begin beklee het, steeds 'n onderwyssalaris ontvang het (Hlangani, 2002d:2). Die burgemeester van Bohlabela het ook twee jaar nadat hy die amp van burgemeester begin beklee het, steeds sy onderwyssalaris gekry, al het hy nie meer klas gegee nie (Makgotho, 2003:4). Minstens een parlamentslid ontvang ook haar volle salaris terwyl sy nie haar pligte nakom nie. In 2002 was sy vir 63 van die 76 sittingsdae afwesig, terwyl sy net nege dae siekteverlof gehad het (Radebe, 2003a:16).
- Die minister van staatsdiens en administrasie het in 1998 in die parlement gesê dat 55 000 staatsdiensamptenare nie werk gehad het om te doen nie. Dit het die staat jaarliks sowat R2,5 miljard gekos om dié amptenare te onderhou (Coetzee, 1998:26).
- In 2002 het die staat R3,2 miljoen betaal aan sewentien offisiere, waaronder ses generaals, wat geen arbeid verrig het nie. Hul poste was oortollig, maar hulle het vanweë hul ouderdom (almal was bo 60) spesiale verlof gekry om as lede van die weermag aan te bly, totdat pensioendraende voordele vir integrasiesoldate goedgekeur is (Gibson, 2002b:2).
- Onderwysers by drie tegniese sentrums het vir meer as twee jaar lank vergoeding ontvang, terwyl hulle nie kon skoolhou nie as gevolg van 'n gebrek aan fasiliteite en toerusting (Bhengu, 1998:1).

- Dit gebeur dikwels dat geskorste werkers vir lang tydperke geen werk verrig nie, terwyl daar gesloer word met ondersoek wat verband hou met hul skorsing. Die volgende gevalle is voorbeelde hiervan: In 1998 het 172 staatsamptenare wat weens bewerings van korrupsie van hul pligte onthef is, na 'n tyd steeds volle salarisse ontvang (Anon., 1998a:6). In die departement van finansies was daar 'n amptenaar wie se dienste vanweë wangedrag opgeskort is. Na vier jaar was sy verhoor nog nie afgehandel nie en het hy steeds sy volle salaris ontvang (Swart, 1999b). In Limpopo het 'n vervoeramptenaar meer as R650 000 in twee jaar verdien, terwyl hy niks gedoen het nie, omdat hy vanweë onreëlmatighede geskors is (Anon., 1999e:8). 'n Geskorste waarnemende Meester van die Hooggeregshof het vanaf 1999 tot 2003 meer as R700 000 verdien, terwyl hy geen werk verrig het nie. Hy is geskors hangende 'n ondersoek van die Kantoor vir Ernstige Ekonomiese Misdad, maar is tot op daam nie aangekla nie (De Bruin, 2003a:6).
- Dit gebeur soms dat werknemers salarisse bly ontvang, al word hulle skuldig bevind aan ernstige oortredinge. Vyf onderwysers wat daaraan skuldig bevind is dat hulle kinders verplig het om seksdade by die skool te doen, het drie maande na hul skuldigbevinding steeds hul salarisse ontvang (Anon., 1999f). 'n Skoolhoof wat in 2002 tronk toe gestuur is as gevolg van bedrog, het na vier maande in die tronk steeds sy volle salaris ontvang (Liebenberg, 2002:10). Vyf verkeersbeamptes van die Mpumalanga-regering wat afgedank is oor lisensiebedrog en ander onreëlmatighede, het 'n jaar na hul afdanking weer salarisse begin ontvang (Anon., 2000m:5).
- Die staat betaal aan sommige persone salarisse sonder dat 'n teenprestasie vereis word. In 1999 het die minister van provinsiale en plaaslike bestuur aangekondig dat 739 tradisionele leiers elk 'n salaris van R780 853 van die staat sou ontvang, sonder dat daar 'n prestasiekontrak tussen die staat en die ontvangers van die geld is (Giliomee, 2000:10). Hulle sou dus vergoed word, sonder dat hulle enigsins hoef te werk.
- Die ouditeur-generaal het in 1999 bevind dat staatsamptenare gemiddeld twaalf dae per jaar van die werk weg is weens siekte, teen 'n beraamde koste van R1,5 miljard per jaar vir die staat (Swart, 1999c:1). Al die amptenare het volle vergoeding ontvang ten spyte daarvan dat die gemiddelde siekteverlof so hoog is. Omtrent 34% van alle werkers op provinsiale vlak en 63% in nasionale departemente neem jaarliks siekteverlof. Die meeste mense is op Maandae siek. Siekteverlof word gebruik om naweke te verleng. Baie werkers neem siekteverlof vanweë huishoudelike probleme en nie omdat hulle siek is nie (Tabane, 2002a:1;

Tabane, 2002b:8). Die hoogste siekteverlof kom waarskynlik in die weermag voor, waar soldate in 2001/02 gemiddeld 32 dae met siekteverlof was (Gibson, 2002b:2).

Dit is duidelik dat 'n werker oorvergoed word vir werk wanneer hy weinig of niks verrig nie. Werkers wat elke dag werk kan ook oorvergoed word, wanneer sy arbeidsinset nie verband hou met die werk wat hy verrig of met sy werkgewer se vermoë om te betaal nie. Onderstaande is voorbeelde van werknemers wat buitensporige vergoeding vir hul arbeid ontvang:

- In 2001 het verskeie veranderinge op plaaslike owerheidsvlak plaasgevind. Dit het onder meer behels dat sekere verkose raadslede aangestel is as permanente werkers van die onderskeie rade en daarvoor vergoed is. In sommige gevalle is buitensporige vergoedings aan dié raadslede aangebied. Die speaker van die Klerksdorp Munisipale Raad ontvang byvoorbeeld R18 000 per maand vir sy deeltydse werk as speaker, terwyl hy ook vergoed word vir sy werk as heeltydse skoolhoof (Anon., 2001j:2). Die klein Mandini plaaslike owerheid wat R5 miljoen se noodlediging in 2001 moes ontvang om kop bo water te hou, het sy munisipale bestuurder R400 000 per jaar aangebied (Liebenberg, 2001b:6).
- Dit gebeur soms dat persone in diens van instansies wat onder finansiële druk verkeer, veel meer verdien as eweknieë verbonde aan instansies waar die finansies veel gesonder is. As voorbeeld kan genoem word dat die rektor van die Universiteit van die Noorde in 2000 'n jaarlikse pakket van R1,2 miljoen (wat 'n maandelikse salaris van R76 052 insluit) verdien het. Die vergoeding is betaal terwyl studente die instelling miljoene rande geskuld het en daar 'n reuse-oortrokke bankrekening was. Sy vergoeding was byna twee keer soveel as dié van rektore aan instansies wat in 'n veel beter finansiële posisies was (Naidu, 2000:6).
- Die Gautengse Dobbelaar betaalt sy 75 werkers gemiddeld R146 000 per jaar. Die skoonmaker en teemaakster verdien elk R60 000 per jaar (Radebe, 2000:3).
- 'n Uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Lugdiens het vanaf Junie 1998 tot April 2001 altesaam R232,2 miljoen verdien (Leuvennink, 2001c:1).

'n Verdere kategorie werknemers wat buitengewoon baie vergoed word vir hul arbeid, is sommige hoofamptenare in veral die finansiële sektor. Voor 1994 was buitengewoon hoë vergoeding in die land hoofsaaklik beperk tot enkele families. Na 1994 het die getal werknemers wat buitengewoon hoë vergoeding ontvang, baie toegeneem (Parker, 2002:1). Daar is

verskillende redes waarom dit so is. Een van die redes hou verband met die afskaffing van apartheid en die opheffing van sanksies. Sedert 1994 kan maatskappye internasionaal handel dryf, met die gevolg dat die vergoeding van mense in hoë poste internasionaal mededingend geraak het (vgl. Parker, 2002:1). 'n Verdere oorsaak waarom sekere werknemers die afgelope paar jaar buitengewoon hoë vergoeding ontvang, hou verband met 'n internasionale tendens waarvolgens uitvoerende hoofde van maatskappye die geleentheid kry om aandele-opsies uit te oefen. Die bedoeling van die opsies is om werknemers aan te spoor om toe te sien dat hul besighede groter winste maak. Die uitoefening van aandele-opsies stel uitvoerende amptenare in staat om buitengewoon hoë vergoeding vir hul werk te ontvang (Anon., 2002f:5).

Die volgende voorbeelde van buitengewoon hoë vergoeding van hoofamptenare kan genoem word:

- Bankdirekteure se gemiddelde vergoeding is R3,6 miljoen per jaar, terwyl die gemiddelde minimum vergoeding in die finansiële sektor R22 451 per jaar is (Dasnois, 2002:2). Die uitvoerende hoof van Standard Bank is die hoogsbetaalde uitvoerende bankamptenaar in die land. In 2002/2003 het hy R4,227 miljoen in kontant, 'n verdere R5,9 miljoen in bonusse en R1,12 miljoen deur die uitoefening van aandele-opsies verdien (Mittner, 2003:1).
- Groot vergoedings word dikwels moontlik gemaak deur aansporingskemas waarvolgens hoë werknemers in groot maatskappye gratis aandele in maatskappye kan bekom. Die waarde van die aandele kan miljoene rand beloop, soos in die geval van die uitvoerende voorsitter van Gencor wat in 2001 buiten sy gewone vergoeding 'n verdere R14,3 miljoen verdien het – danksy die maatskappy se aandele-aansporingskema (Crotty, 2002:3).
- Direkteure van maatskappye se vergoeding styg dikwels jaarliks baie meer as die vergoeding wat gewone werknemers ontvang. Volgens 'n verslag van Labour Research Service was die gemiddelde vergoeding in 2001 van uitvoerende maatskappydirekteure R1,859 miljoen. Dit was 23% hoër as in 2000. Nie-uitvoerende direkteure se vergoeding het vanaf 2000 tot 2002 met 35% tot gemiddeld R162 000 per jaar toegeneem. In dieselfde tyd was die gemiddelde toename in werkers se lone 7% (Anon., 2002g:2).

Die laaste voorbeelde van werknemers wat oorvergoed word, is dié van werknemers wat nie geskik is of na behore opgelei is om hul werk te doen nie, maar steeds daarvoor vergoed word:

- 'n Oudit het aangetoon dat ongeveer 25% van ANC Munisipale Raadslede nie geskik is om hul werk te doen nie, maar hulle het elk 'n maandelikse vergoeding ontvang (Zybrands, 2000:12).
- Meer as 37 000 Suid-Afrikaanse Polisieagentslede is ongeletterd. Dit verteenwoordig meer as 'n kwart van die werksmag van die Polisieagents (Anon., 2001k).

3.3.5.2 Gevolge van oorvergoeding

Die oorvergoeding van werkers in diens van die staat en wat geen werk verrig nie, is 'n las op die staat se begroting en op die land se belastingbetalers. Groot bedrae geld wat andersins aangewend kon word in ruil vir produktiewe arbeid, gaan so verlore.

Die buitensporige vergoeding wat hoë amptenare kan ontvang met die uitoefening van aandele-opsies, veroorsaak dat dit oorsee reeds vir eie verryking misbruik is. Sommige hoofamptenare het twyfelagtige en oneerlike rekenkundige praktyke gebruik om hul maatskappye se aandeelpryse op die korttermyn so hoog moontlik te laat styg, en op grond daarvan deur middel van die uitoefening van aandele-opsies buitensporige vergoeding ontvang (Elsner, 2002:2; Anon., 2002h:2).

3.3.5.3 Optrede om oorvergoeding teen te werk

Terwyl die staat self verantwoordelik is vir die oorvergoeding van sommige amptenare, word pogings aangewend om dit hok te slaan. Die parlement se staande komitee oor openbare rekeninge het aanbeveel dat die staatsdienskommissie ondersoek instel na nuwe bestuursinligtingstelsels, om werksafwesigheid meer doeltreffend te administreer (Swart, 1999c:1).

Die Suid-Afrikaanse Polisieagents het drie volwasse opleidings- en onderrigprogramme ingestel, om sy ongeletterde lede verder op te lei. Die meeste van hierdie lede het deel geword van die Suid-Afrikaanse Polisieagents met die integrasie van die voormalige elf polisieagents. Alle nuwe lede van die Polisieagents moet oor 'n senior sertifikaat beskik (Anon., 2001k).

Die regering oorweeg dit om geskorste staatsamptenare se salarisbetalings te staak, terwyl hulle onderhewig is aan tugstappe weens beweerde oortredings. Indien amptenare onskuldig bevind word, sal hulle dan hul volle salaris terugwerkend ontvang (Van der Westhuizen, 2002b:4).

Die JSE Sekuriteitebeurs stel tans hoë standaarde aan genoteerde maatskappye, wat onder meer daarop gemik is dat maatskappye die volle vergoeding van nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure bekend sal maak (Wessels, 2003:1). Dit kan tot gevolg hê dat amptenare nie hulself so maklik ten koste van ander aandeelhouders kan verryk nie.


3.3.6 Stakings

'n Staking kan omskryf word as die tydelike opskorting van arbeid, ten einde gunstiger arbeidsvoorwaardes en arbeidsomstandighede te beding (vgl. Van Wyk, 1993b:18).

Stakings is reeds dekades lank deel van die Suid-Afrikaanse arbeidsopset. Werkers het voor 1994 reeds die reg gehad om in sekere omstandighede te staak. Sedert 1996 bepaal Hoofstuk 2 van die Suid-Afrikaanse Grondwet (108/1996) (Handves vir Regte) dat elke werker die reg het om te staak. Hierdie basiese reg wat elke werker in die land het, word verder bepaal en omskryf deur die Wet op Arbeidsverhoudinge (66/1995). Die Wet bepaal onder meer dat werkers slegs mag staak nadat sekere prosedures gevolg is. Werkers wat noodsaaklike dienste en onderhoudswerk verrig, word verbied om te staak. Die Wet maak ook voorsiening vir simpatiestakings. Stakings wat nie aan die vereistes van die Wet op Arbeidsverhoudinge voldoen nie, is onwettig (onbeskermd) en kan tot die afdanking van werkers lei.

3.3.6.1 Redes vir stakings

Onderstaande grafiek toon die oorsake aan waarom werkers tot stakings oorgegaan het, in die tydperk vanaf 1994 tot 1998. Die grafiek is saamgestel uit statistiek van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (2000:38).



'n Gemiddeld van 75,32% van die stakings vanaf 1994 tot 1998 is veroorsaak deur loondispute. Griewe (bv. oor werksvoorwaardes en diskriminasie) was verantwoordelik vir gemiddeld 15,44% van die stakings. Afdankings en dissiplinêre optrede was vir gemiddeld 3,8% en ander redes (bv. simpatiestakings) was vir 'n verdere 0,26% van die stakings verantwoordelik.


Hoewel vergoeding die belangrikste oorsaak is waarom werkers staak, het die reusestaking van 10 Mei 2000 aangetoon dat daar ook ander redes is waarom werkers staak. Gedurende hierdie staking het meer as twee miljoen werkers, sowat 50% van die land se arbeidsmag, gestaak (Anon., 2000n:1) om beswaar te maak teen:

- die herstrukturering van staatsbates en die toenemende gebruik van stukarbeid;
- die vermindering in handelstariewe en die regering se makro-ekonomiese beleid;
- die gebrek aan werkskepping;
- artikel 189 van die Wet op Arbeidsverhoudinge (wat vereis dat werkgewers met vakbonde moet konsulteer in plaas van onderhandel, wanneer werksvermindering beoog word);
- en die Insolvensie Wet (werkers verloor dikwels wanneer gelikwideerde maatskappye verkoop word, omdat krediteure voorkeur geniet by die betaling van skuld) (Anon., 2000o:8).


Ander faktore wat 'n rol speel by stakings is ongeletterdheid, oningeligtheid, frustrasie van werkers en intimidasie (De Lange, 2003d:12).

3.3.6.2 Omvang van stakings

Die omvang van stakings word gewoonlik gemeet aan die mandae wat as gevolg van stakings verlore raak. In die tydperk wat in hierdie hoofstuk ondersoek word, het die meeste mandae (3,9 miljoen) in 1994 verlore geraak en in 2000 die minste (500 000) (Swart, 2000c:3; De Lange, 2001f:1). Onderstaande tabel gee 'n beeld van die verlies in mandae sedert 1994. Die tabel is saamgestel uit inligting van Andrew Levy en Medewerkers (soos weergegee deur De Lange (2001d:1) en De Lange (2003e:20)).



Stakings kom in alle sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie voor. Onderstaande grafiek toon die hoofsektore aan waar stakings vanaf 1994 tot 1998 voorgekom het. Die grafiek is saamgestel uit statistiek van die SAIR (2000:38).



Uit bostaande grafiek is dit duidelik dat stakings in alle sektore voorkom, maar dat dit die algemeenste is onder werkers in die staatsdiens (18,26%), die mynbou (16,38%), die motornywerheid (13,66%) en die voedselbedryf (12,46%).

3.3.6.3 Gevolge van stakings

Die meeste stakings hou direk verband met vergoeding en vind gewoonlik plaas tydens onderhandelinge tussen werkgewers en vakbonde oor loonsverhogings. Daar kan aanvaar word dat stakings wel 'n bydrae lewer om hoër lone vir werkers te beding.

Hoewel stakings werkgewers oënskynlik dwing om hoër lone te betaal, baat werkers nie noodwendig finansiëel wanneer hulle hul tot stakings wend nie. Dit blyk duidelik uit die R48,3 miljoen wat stakende werkers in 1998 aan inkomste verloor het. In 1999 het stakende werkers 'n verdere R71,2 miljoen van hul salarisse prysgegee (Jaiya, 1999:5; Swart, 2000c:3). In 2002 het stakende munisipale werkers R29 miljoen verloor, tydens 'n drieweeklange staking (Msimang, 2002:4). Hierdie verliese is gely, omdat werkgewers nie stakende werkers hoef te betaal nie. Stakings kan werkers selfs op die lang termyn nadelig beïnvloed. Volgens berekeninge kan dit tot ses jaar neem om die finansiële verlies wat werkers in die voertuig- en bandenrywerhede tydens 'n drieweeklange staking in 2001 gely het, uit te wis (Cokayne, 2001:8).

Onwettige stakings het ook al daartoe gelei dat werkers afgedank is. In 1993 het 583 werkers van die Springs Stadsraad wat aan 'n onwettige staking deelgeneem het hul werk verloor. Hul vakbond (South African Workers Union) moes meer as R5 miljoen skadevergoeding aan hul uitbetaal, omdat die vakbond nooit die werkers gewaarsku het dat hulle hul werk kan verloor nie (Chikanga, 1999:1). In 2000 het 1 336 werkers van Volkswagen Suid-Afrika hul werk verloor, omdat hulle aan 'n onwettige staking deelgeneem het (De Bruin, 2003b:1). Die afgedankte stakers het daarna 'n eis van R385 miljoen teen hul vakbond ingedien (Bell, 2003:2).

Daar is reeds gewys op die aantal werksdae wat jaarliks as gevolg van stakings verlore raak. Dit het 'n negatiewe uitwerking op produktiwiteit. Dit is onmoontlik om presies vas te stel wat die uitwerking op produktiwiteit is, omdat werkgewers dikwels vooraf planne beraam om die ontwrigting wat stakings veroorsaak, te versag (De Lange, 2001f:1). Dat stakings wel 'n reuse-uitwerking op produktiwiteit kan hê, blyk uit die omsetverlies van R350 miljoen wat Volkswagen Suid-Afrika in 2000 tydens 'n onwettige staking gely het (Anon., 2000p:4).

Stakings in Suid-Afrika raak nie alleen die stakende werkers en hul werkgewers nie. Intimidasie en gewelddadige optrede vind dikwels hand aan hand met stakings plaas. Werkers wat nie wil staak nie word gedreig, van meelopenery met werkgewers beskuldig en met geweld weerhou om te werk en selfs aangeval, met gevolglike polisie-optrede en beserings. Kliënte word geïntimideer en verhoed om sake te doen by besighede waar werkers staak (vgl. Anon., 1998f:1; Rademeyer, 2001b:10; Msimang, 2001b:7).

Baie stakings gaan ook gepaard met vandalisme, versperring van paaie en ontwrigting van verkeer. In 1998 is R2 miljoen se skade in 'n enkele geval van vandalisme deur stakende werkers aangerig. Stakers het al hospitale met rommel bestrooi, stoele uitgebreek en brandslange binne die hospitale oopgedraai. Stakings deur hospitaalpersoneel het al veroorsaak dat operasies nie kon plaasvind nie en ongevalle- en kraamafdelings moes sluit. Dit het ook al gebeur dat lyke vir 'n dag lank tussen pasiënte lê, omdat hospitaalportiers op 'n sloerstaking was. Stakings wat handuit ruk het in die verlede al tot beserings en selfs die dood van stakers gelei (vgl. Deysel, 1999:4; Rademeyer, 1999:4; Nxumalo, 2000:5; Anon., 1998g:1; Hagen, 2000b:3; Msimang, 2001c:3; Anon., 1998h:5; Hlangani, 1998:5; De Lange, 1999e:4; Nkwanyane, 1998:1; Louw, 2002:1).

Simpatiestakings kom ook dikwels voor. In 2001 het 13 000 poskantoorwerkers landwyd gestaak, oor 'n vergoedingsgeskil wat 900 werkers in die Wits-omgewing geraak het (Anon., 2001i:12).

Sommige stakings raak nie net die produktiwiteit van die stakers nie, maar ook van ander werkers. Toe 17 000 werkers in die busvervoerbedryf in 1999 gestaak het, het dit miljoene ander werkers verhoed om by hul werkplekke uit te kom (Hlangani, 1999:3). Ander stakings raak nie alleen mede-werkernemers nie, maar die hele gemeenskap. As voorbeeld kan genoem word dat dringende herstelwerk aan infrastruktuur na 'n vloed in Makhado vertraag is, weens die staking van munisipale werkers as gevolg van salaris-eise (Tempelhoff, 2000). In 2002 het stakers 'n tak van Standard Bank beset, in 'n poging om die bank te dwing om op hul werkgewers (wat 'n kliënt van die bank was) druk vir hoër lone uit te oefen (Ngobese, 2002:7).

Stakings in die land het 'n invloed selfs buite die landsgrense. Dit het 'n negatiewe uitwerking op oorsese beleggers, werkskepping en toekomsbesluite wat deur groot maatskappye geneem word (Anon., 1998i:8; Breytenbach, 1998:1).

3.3.7 Emigrasie se invloed op vergoeding

3.3.7.1 Omvang van emigrasie

Dit gebeur reeds eeue lank dat mense op ander plekke as hul woonplek werk, dikwels in ander lande (vgl. Leuvennink, 2000:9). Voor 1994 was dit vir Suid-Afrikaners moeilik om elders in die wêreld werk te kry. Met die opheffing van sanksies rondom 1994 tesame met die wêreldwye verskynsel dat werkers heen en weer deur die wêreld beweeg, het Suid-Afrikaners al hoe meer werkgeleenthede in ander lande begin benut. Sommige werkers vestig hulle permanent in ander lande (emigreer), terwyl ander vir korter of langer tye in die buiteland werk, maar Suid-Afrika steeds as hul tuiste beskou (trekarbeiders).

Presiese syfers oor die aantal mense wat Suid-Afrika sedert 1994 verlaat het, is nie beskikbaar nie, maar die volgende syfers kan help om 'n aanduiding te gee van die omvang van die getal mense wat die land verlaat het. Volgens Statistiek Suid-Afrika het 82 811 mense tussen 1989 en 1997 die land verlaat (Williams, 1999). Die ware emigrasiesyfer is egter waarskynlik 3,5 keer hoër as die syfer wat Statistiek Suid-Afrika bekend maak (Olivier, 2003b:2). Navorsing wat SA Network of Skills Abroad (Sansa) gedoen het, dui daarop dat in totaal 233 609 Suid-Afrikaners na Brittanje, die VSA, Australië, Kanada en Nieu-Seeland geëmigreer het. Dit verteenwoordig 75% van die Suid-Afrikaanse emigrante in hierdie tydperk. Volgens Sansa woon tussen 12,5% en 20% Suid-Afrikaners met tersiêre opleiding oorsee (Williams, 1999). 'n Groep navorsers aan die Universiteit van Kaapstad bereken dat 41 496 professionele mense die land tussen 1989 en 1999 verlaat het. Volgens die navorsers verlaat die room van die samelewing die land. Dit sluit mense met hoë kwalifikasies soos dokters, regsliu, ingenieurs, onderwysers, verpleegkundiges, rekenkundiges en inligtingstegnoloë in. Baie van hulle is innoverende mense wat baanbrekerswerk verrig (Hattingh, 2001:15; Steyn, 2002:8; Nieuwoudt, 2003:15).

Die omvang van emigrasie – veral in sekere beroepe – word onderstreep deur die minstens 26% dokters wat die land tussen 1990 en 1997 verlaat het (Pela, 2001:8). Dit is nie net dokters in die gesondheidsrigting wat die land verlaat nie. In 1999 het 1 640 verpleegsters uit Suid-Afrika hulle in die Verenigde Koninkryk gevestig, terwyl ongeveer 350 verpleegsters maandeliks aansoek om buitelandse registrasie doen (Anon., 2001m:3).

Die moontlikheid bestaan dat nog meer mense kan emigreer, soos blyk uit 'n ondersoek wat gedoen is onder maatskappyhoofde in die land. Die resultate van die ondersoek toon aan meer as

40% van die maatskappyhoofde 'n werkgeleentheid oorsee sou aanvaar, as hulle 'n aanbod kry (Fraser, 2000:1).

Die emigrasie van hoogs opgeleide werkers is nie uniek aan Suid-Afrika nie. Jaarliks emigreer ongeveer 23 000 professionele mense uit Afrika op soek na beter werkgeleenthede (Anon., 2001n:18). Duisende Suid-Afrikaners werk tans in die buiteland, maar emigreer nie. Dit is onbekend hoeveel mense tans trekarbeid elders in Afrika en oorsee verrig.

3.3.7.2 Oorsake van emigrasie

Daar is verskillende redes waarom mense verkies om die land te verlaat en hulle elders te vestig of net elders te werk. Vir die doel van hierdie studie is dit belangrik om daarop te let dat die lae vergoeding wat werknemers in Suid-Afrika ontvang, een van die redes is waarom mense emigreer of in die buiteland werk soek. Die verpleegprofessie is 'n voorbeeld hiervan. Verpleegsters verdien gemiddeld R6 000 per maand in Suid-Afrika, terwyl hulle meer as R36 000 per maand in Brittanje kan verdien (Anon., 2001m:3). Verpleegkundiges met opleiding in hoërsorgeenhede kan in lande soos Engeland, Amerika, Nederland, Switserland en Saoedi-Arabië tot vier keer hul aanvangsalaris in Suid-Afrika verdien. In Nieu-Seeland het gewese Suid-Afrikaners die hoogste gemiddelde inkomste. Dit is hoër as enige ander immigrantegroep of die Nieu-Seelanders self (Rademeyer, 2002:11).

Geld is egter nie al rede waarom hulle verkies om oorsee werk te soek nie. Die haglike omstandighede in staatshospitale, -klinieke, en -daghospitale dra daartoe by dat verpleegkundiges oorsee werk soek (Anon., 2001n:11). Nog 'n rede waarom veral jongmense die land verlaat, is die toepassing van regstellende aksie wat werkgeleenthede vir blankes beperk (Steyn, 2002:8).

3.3.7.3 Gevolge van emigrasie

Die emigrasie van kundiges uit die land het baie nadelige gevolge vir die land se ekonomie en ook vir die vergoeding wat werkers ontvang. Emigrasie veroorsaak dat daar minder opgeleide, professionele werkers in die land beskikbaar is. Daar was byvoorbeeld 'n dramatiese styging in die aantal verpleegsters wat die land vanaf 2000 verlaat het. Die emigrasie van verpleegsters is deels verantwoordelik vir die 24%-tekort aan verpleegsters wat tans ondervind word (Anon., 2002i:6). Waar plaaslik 'n tekort aan werkers ondervind word, styg die vergoeding van

professionele werkers in dié rigtings om hulle te behou. As voorbeeld hiervan kan genoem word dat die regering in 2003 'n bykomende R2,3 miljard oor drie jaar beskikbaar gestel het om dokters, aptekers en ander gesondheidswerkers met skaars vaardighede in die land te behou (Pienaar, 2003:2). Nog 'n voorbeeld is werknemers in die inligtingstechnologie. Werknemers in hierdie rigting se vergoeding word ook opwaarts gedruk, weens die internasionale aanvraag na bekwame werkers in hierdie rigting (Williams, 1999).

Emigrasie veroorsaak ook dat daar 'n groot omset in werkers in opgeleide-, professionele- en bestuursposisies is. 'n Studie het aangetoon dat 15% van die werknemersomset as gevolg van emigrasie plaasvind. Dit is drie keer hoër as wat tradisioneel die geval was. Dit kos die Suid-Afrikaanse ekonomie jaarliks R2,5 miljard rand om werkers wat geëmigreer het, te vervang (Williams, 1999). Die onderrig van professionele werkers aan tersiêre inrigtings kos die staat jaarliks miljoene rand. Wanneer hierdie opgeleide persone die land verlaat, kry die land geen opbrengs op die belegging wat gemaak is nie.

Nie alleen werkgewers ly as gevolg van werkers wat emigreer nie, maar ook die staat word nadelig getref. Goodall (2001:12) wys daarop dat vir elke geskoolde werker wat die land verlaat, verloor die staat ongeveer R100 000 per jaar net aan belasting. Berekeninge dui daarop dat Suid-Afrika net in 1997 belastinginkomste van R800 miljoen hierdeur verloor het (Kriel, 2003:15). In dieselfde jaar was emigrasie verantwoordelik vir 'n 1,5%-daling in die land se bruto binnelandse produk (Radebe, 2003b:10). Met elke professionele werker wat die land verlaat en jaarliks R300 000 verdien het, gaan die belastingondersteuning vir ongeveer agt persone verlore (Goodall, 2001:12).

Geskoolde werkers is gewoonlik ook werkskeppers. Vir elke kundige wat die land verlaat, gaan gemiddeld agt werkgeleenthede verlore (Kriel, 2003:15). Die gevolg vir Suid-Afrika is dat elke werker wat die land verlaat, nog 'n aantal werkgeleenthede verlore raak en daar verdere negatiewe druk kom op die vergoeding wat hierdie werkers ontvang (Goodall, 2001:12).

Wanneer kundiges die land verlaat, word minder geld plaaslik bestee, wat weer die groei in die ekonomie strem. Die verlies aan kundigheid maak dit baie moeilik vir die Suid-Afrikaanse ekonomie om met meer as 3% per jaar te groei (Kriel, 2003:15). 'n Ekonomie wat stadig groei, het 'n negatiewe uitwerking op werkgeleenthede en die vergoeding wat werkers ontvang.

3.3.7.4 Optrede

Tot onlangs toe is geen aktiewe stappe deur die owerheid gedoen om emigrasie te ontmoedig of te keer nie. In 2003 het die regering onderneem om geld beskikbaar te stel om gesondheidsdienspersoneel se vergoeding te verhoog, in 'n poging om emigrasie te ontmoedig (Pienaar, 2003:2). Die regering is ook besig om 'n databasis te skep, om die kundigheid van Suid-Afrikaners wat hul oorsee bevind, tot die land se voordeel aan te wend (Joubert, 2002:11).

Voorstelle is al deur mediese akademici gemaak dat die staat 'n studenteleningstelsel moet instel, met 'n "terugbetaal"-komponent om opleidingskoste te verminder en om emigrasie te ontmoedig (Pela, 2001:8).

Verskillende organisasies probeer om die negatiewe uitwerking van emigrasie te verlig, deur emigrante se kundigheid vir die land te behou. Sansa probeer om 'n netwerk te skep van opgeleide mense oorsee – insluitend Suid-Afrikaners wat geëmigreer het – wat 'n bydrae wil lewer tot die Suid-Afrikaanse ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling (Williams, 1999). So 'n netwerk kan die negatiewe uitwerking van emigrasie verlig. Die FAK, die Maatskappy vir Immigrasie en die vakbond Solidariteit probeer met hul "Kom huis toe"-veldtog om emigrante na Suid-Afrika terug te lok. Die internetmaatskappy House of Synergy en die advertensie maatskappy morrisjones&co poog ook om emigrante te oorrede om na die land terug te keer (Nieuwoudt, 2003:15).

HOOFSTUK 4

VERGOEDING VIR ARBEID IN DIE LIG VAN DIE SKRIF

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word Bybelse perspektiewe met betrekking tot arbeid en die vergoeding daarvan ondersoek. Vir die doel van hierdie studie word arbeid onderskei van vryetydswerk en vakansiewerk (Van Wyk, 1996:156). Onder arbeid word die volgende verstaan: dit is dié menslike aktiwiteit wat verrig word met die oog op lewensonderhoud, maar só dat dit diens aan God en die naaste, asook selfontplooiing en natuurbeheersing insluit (Koning, 1986:58; Van Wyk, 1996:155, 156). In hierdie studie word arbeid en werk as sinonieme gebruik.

Alhoewel meer perspektiewe ondersoek kan word (vgl. Van Wyk, 1996:161-168), is die bedoeling van hierdie studie nie om 'n volledige ondersoek van arbeid vanuit die Bybel te doen nie. Daar word gekonsentreer op perspektiewe oor arbeid en die vergoeding daarvan met die doel om Bybelse beginsels en norme vas te stel, sodat die faktore wat die vergoeding van arbeid sedert 1994 beïnvloed, beoordeel kan word. Daarom word geen ondersoek gedoen na byvoorbeeld arbeid en natuurbeheersing nie. Perspektiewe wat wel ondersoek word, is die volgende: skeppingsperspektief, naasteperspektief, onderhoudsperspektief, sondeperspektief, verlossingsperspektief en eskatologiese perspektief.

Bybelse beginsels en norme wat vir die ondersoekveld van belang is, word deur middel van eksegeese en analise vasgestel. In die ondersoek word ruim gebruik gemaak van die eksegetiese insigte van skrywers wat reeds navorsing oor arbeid gedoen het.

4.2 SKEPPINGSPERSPEKTIEF

4.2.1 Geskape na God se beeld

In artikel 1 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word bely dat God sekere eienskappe of deugde het. Hy is “ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is”. God het ook ander eienskappe (vgl. Calvyn, 1984:I, 10, 2). Hierdie eienskappe word soms onderskei in mededeelbare en onmededeelbare eienskappe (Bavinck, 1909:141). Hoewel daar kritiek

ingebring kan word teen die verdeling van die eienskappe in mededeelbare en onmededeelbare eienskappe (vgl. Heyns, 1978:61), bly dit steeds 'n gangbare metode om 'n onderskeid tussen die eienskappe te tref.

Die onmededeelbare eienskappe is uniek aan God en kom nie in skepsele voor nie. Teenoor hierdie onmededeelbare eienskappe is daar ook eienskappe wat hoewel hulle eie aan God is, tog ook flou in die mens as beeld van God weerkaats word. Om na God se beeld geskape te wees (Gen. 1:26), beteken dat God sekere eienskappe wat eie is aan Hom in mense se lewens weerkaatsing laat vind (Bavinck, 1909:48, 142, 146).

Een van God se eienskappe wat weerkaatsing vind in die mens se lewe, is sy voortdurende werksaamheid. Na die skepping het God aktief betrokke gebly in die bestuur en die regering van die wêreld soos dit blyk uit byvoorbeeld Johannes 5:17 waar Jesus sê: “My Vader werk (ἐργάζεται – praes. ind.) tot nou toe, en Ek werk (ἐργάζομαι – praes. ind.) ook”. Na sy hemelvaart het Hy aan sy Vader se regterhand gaan sit, vanwaar sy Vader deur Hom heers (Ef. 1:20-22, Heidelbergse Kategismus 19:50). So openbaar God Hom as 'n God wat voortdurend met arbeid besig is.

Die werksame God wil 'n werksame mens naas Hom hê en het die mens dan ook so geskep dat arbeid een van die mens se eienskappe is waardeur hy God se beeld vertoon (Gremmels, 1978:366; Van Wyk, 1988:45). Dit is nie toevallig dat arbeid deel is van die mens se lewe nie. Arbeid is ook nie bloot die gevolg van 'n oorlewingsdrang nie. Arbeid is deel van die voorreg om na God se beeld geskape te wees (Velema, 1980:5). Omdat die mens na die beeld van die kreatiewe God geskape is, het hy ook die behoefte om homself uit te druk in die werk van sy hande (Goudzwaard, 1993:111). Dit is egter nie net 'n behoefte nie, maar hy staan ook onder 'n verpligting om hierdie beeld in en deur sy arbeid te vertoon (Marshall, 1991:12). Sonder arbeid kan die mens nie beeld wees van die God wat hom geskape het en steeds onderhou nie (Goudzwaard, 1993:111).

4.2.2 Arbeid as skeppingsdoel

Nou verwant aan die mens wat na die beeld van die altyd werksame God geskape is, is God se doelwitte met die mens. Een van die doelwitte was dat die mens moet heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel en die diere wat op die aarde kruip (Gen. 1:26). Die woord *רָדָה* (heers) word in Genesis 1:26 in die qal imperfektum met 'n waw-kopulatief gebruik. Hierdie

konstruksie dui die doel van die voorafgaande handeling (skep) aan (vgl. Davidson, 1974:97). Die gedagte van arbeid wat deel is van menswees word bevestig in Genesis 2:15 waar לעבדה (bework) en וקשרה (bewaak) in die infinitief constructus met die voorvoegsel -ל voorkom. Hierdie konstruksie is ook doelaanduidend (vgl. Davidson, 1974: 86). Reeds van voor die mens se skepping het God ten doel gehad dat die mens moet werk.

Ooreenkomstig hierdie doelwit het God aan die mens die opdrag gegee om die aarde te onderwerp (וְכָבְשָׁהּ) en daaroor te heers (וַיִּרְדּוּ) (Gen 1:28). Beide כבש en רדה is in die qal imperatief. Die arbeidsopdrag word ook afgelei uit die vierde gebod (Velema, 1980:6). In Eksodus 20:8 beveel God sy volk dat hulle moet onthou om die Sabbatdag te onderhou. Die Afrikaanse vertaling van die woorde wat volg op die bevel om die Sabbatdag te onderhou (Eks. 20:9), mag die indruk skep dat God enersyds die mens beveel om vir ses dae te werk en andersyds weer beveel dat hy op die sewende dag moet rus. In die Hebreeus word geen imperatiewe gebruik nie, maar 'n qal imperfektum (תַּעֲבֹד) en 'n qal perfektum met 'n waw-konsekutief (וַתַּעֲבֹד). Aangesien die imperfektum en die perfektum met waw-konsekutief albei 'n *actio imperfecta* (onvoltooide handeling) aandui (Gemser, 1975:46), is dit duidelik dat die vierde gebod van die veronderstelling uitgaan dat die mens 'n werkende wese is wat elke sewende dag sy gewone arbeid moet (imperatief) onderbreek (De Beer, 1998:54).

Arbeid het van die begin af reeds inspanning geverg. Dit blyk daaruit dat dieselfde woord vir arbeid (עבד) voor die sondeval (Gen. 2:5, 15) en ná die sondeval (Gen. 3:23) gebruik word (Velema, 1980:5). Die mens wat na die beeld van die altyd werksame God geskape is, is (in ooreenstemming met God se beeld) geskep met die doel om onder meer met inspanning te arbeid. Arbeid moet nie negatief beskou word nie. Dit is deel van God se skepping (Heyns, 1986:251).

4.2.3 Reg tot arbeid

Om te werk is een van die eienskappe wat die mens wat na God se beeld geskape is, van Hom ontvang het (vgl. 2.1). Die mens moet God se beeld vertoon. Die mens word ook beveel om werksaam te wees (Gen. 1:28). Op grond van bogenoemde het die mens ook die reg om te werk (Norval, 1966a:110; Petersen, 1990:180). Die reg om te arbeid stel die mens in staat om sy Godgegewe arbeidsopdrag na te kom (Heyns, 1986:255).

Die reg om te arbeid het wyer implikasies. Dit impliseer dat 'n werker die reg het om in goeie trou aan bedinging deel te neem, om beskerm te word in die arbeidsituasie, om opleiding te ontvang sodat hy sy vermoëns optimaal kan benut en om saam met mede-arbeiders te werk (Heyns, 1986:259, 260). Omdat die mens die reg tot arbeid het, mag arbeid nie gebruik word om werkers uit te buit nie. Werksomstandighede moet ook nie mense se lewens ontwig of werkers verhoed om sinvolle arbeid te verrig nie. Die reg tot arbeid impliseer ook dat werkers 'n regverdige vergoeding vir hul arbeid sal ontvang (GES, 1984 in Handeling, 1988:635). Hierdie reg mag nie van 'n werker weggeneem word nie. Selfs al sou mede-werkers nie wil werk nie, het so 'n werker steeds die reg om te werk (Rushdoony, 1973:507).

4.2.4 Arbeid as diens aan God

Vanuit 'n Christelike beskouing kan die diepste motief en omvattendste doelstelling van arbeid as *diens* aangedui kan word (Heyns, 1986:255). Dit sluit diens aan God in. Om God deur arbeid te dien, is inherent aan menswees. Die mens het God deur sy arbeid gedien, selfs voordat God op 'n doelbewuste gemeenskaplike manier gedien is (Gen. 4:26) (Aalders, 1960:171). Aan die begin was daar geen skeiding of onderskeiding tussen diens aan God en die opdrag om die tuin te bewoon, te bewerk en te bewaar nie. In die bewoning, bewerking en bewaring van die tuin is God gedien. Hierdie diens aan God word deur Christelike skrywers oor arbeid aangedui as een van die belangrikste dimensies van arbeid (Agrell, 1976:14; Antonides, 1989:8; Velema, 1980:5).

Die mens se verbondenheid aan God het 'n deurslaggewende invloed op arbeid. Wanneer die werker sy verbondenheid aan God verloor, tree 'n nuwe gerigtheid teenoor arbeid in: arbeidsvermyding of arbeidsverslawing, arbeidsdevaluasie of arbeidsvergoding, arbeidsgeringskatting of arbeidsoorskating (Heyns, 1986:263). Die mens kan alleen God in sy arbeid dien as dit in verbondenheid aan God verrig word. Verbondenheid aan God is die fondament waarop die hele Bybelse arbeidsetos gebou is. Daarom het die nie-nakoming van die arbeidswette in die Tora tot 'n skeiding met God gelei (Bienert, 1956:65). Israeliete wat op 'n Sabbat gewerk het, moes gestraf word (Eks. 35:2, 3). Die teenoorgestelde is ook waar, want diegene wat die Sabbat nagekom het, het vreugde in die Here ondervind (Jesaja 56:6-8; 58:14).

Diegene wat in verbondenheid aan God Hom deur hul arbeid dien, ontvang arbeid as 'n seën uit sy hand. So 'n persoon ontvang die vrug van arbeid as 'n seën, maar die arbeid is self ook 'n

4.2.5.1 Kinders en arbeid

Volgens Klaagliedere 3:27 is dit “goed vir ’n mens om sy las in sy jeug te dra”. Die Ou-Testamentiese Jode het hierdie vers so verklaar dat die las betrekking gehad het op onderrig, familieversorging en werk (Bienert, 1956:78). Daarom was dit goed as ’n mens in sy jeug leer en ook werk. In die Joodse samelewing was dit ’n vader se plig om sy seun op te lei om ’n beroep te beoefen. Seuns is gewoonlik opgelei in dieselfde beroep as wat hul vaders beoefen het (Edersheim, 1988:182, 185). In die Bybel is daar voorbeelde van seuns wat dieselfde beroep as hul vaders beoefen het. Jakobus en Johannes was soos hul pa ’n visser (Matt. 4:21). Hulle was juis saam met hul pa besig om nette reg te maak, toe Jesus hulle geroep het. Jesus het ook dieselfde beroep as sy pa gevolg. Hulle was timmermans (Matt. 13:55; Mark. 6:3). Indien ’n vader nie sy seun geleer het om ’n beroep te beoefen nie, het die Jode dit beskou asof hy geleer is om te steel (Auerbach, 1944:185). Die opleiding het van jongs af tuis plaasgevind, omdat daar in die pre-nywerheidsamelewing nie ’n onderskeid tussen werk- en woonplek was nie.

Arbeid is gesien as ’n seën vir volwassenes én kinders. Deur te werk het kinders arbeidsmetodes, handvaardigheid en die gewoonte om te werk, aangeleer. Verder het dit hulle ook moreel beskerm teen ondeug en die vreugde van werk geleer (Bienert, 1956:80).

In die Bybel vind mens enkele voorbeelde van jongmense wat vanaf ’n redelike vroeë ouderdom werksaam was. Josef het op sewentienjarige leeftyd saam met sy broers kleinvee opgepas (Gen. 37:2). Ook Dawid het as sestien- of sewentienjarige skape opgepas (1 Sam. 16:12) (Goslinga, 1959:204).

Uit die voorbeelde van beide Josef en Dawid blyk dit egter dat hulle nie blootgestel was om presies dieselfde werk as hul ouer broers te verrig nie. Toe Josef se broers vee opgepas het by Sigem, het hy tuis gebly en het hy as boodskapper namens sy vader opgetree (Gen. 37:12, 13). Sigem was ver van Hebron (Aalders, 1963:83). Dit kan moontlik die rede wees waarom die relatief jong Josef by hierdie geleentheid tuis gebly en nie saam met sy broers vee opgepas het nie.

Dawid het as jongste tuis gebly, toe sy broers deelgeneem het aan die oorlog teen die Filistyne (1 Sam. 17). Hoewel hy moontlik reeds 20 of 21 jaar oud was (Goslinga, 1959:204), is hy nie aan dieselfde gevare as sy ouer broers blootgestel nie. Josef en Dawid se ouderdomme het waarskynlik 'n rol gespeel in die feit dat hulle nie dieselfde arbeid as hul ouer broers verrig het nie.

Kinders het op die laaste in hul tienerjare begin werk. Hierdie arbeid is gewoonlik saam met hul ouers of broers gedoen. Op hierdie wyse is hulle opgelei, sodat hulle mettertyd selfstandig kon werk en in hul eie behoeftes voorsien.

4.2.5.2 Vroue en arbeid

God het die mens na sy beeld geskape, as manlik (זָכָר) en vroulik (אִשָּׁה) (Gen. 1:27). God het albei geseën en die opdrag gegee om die aarde te bewoon (וַיְבָרֶכְהֶם - Qal imp. mv.) en te bewerk (וַיִּשְׁׁ - Qal imp. mv.) (Gen. 1:28). Albei geslagte tree op as verteenwoordigers van God op aarde. Die skepping van die vrou as hulp vir die man (Gen. 2:18) beteken dat sy hom ook in sy werk sal bystaan. Saam moet hulle die tuin bewerk en bewaak (Van Wyk, 1988:63, 116).

Daar is in die lig van die skepping van die verskillende geslagte geen arbeidsreservering van die een geslag teenoor die ander nie (Heyns, 1986:276). Hoewel daar vanweë die verskil in geslag tog 'n noodwendige verskil in werksaamhede is (vroue bring kinders in die wêreld en is veral in die beginjare ten nouste by hul kinders betrokke, en mans is weer fisies sterker en is noodwendig meer betrokke by werk wat fisiese arbeid vereis) (vgl. Bienert, 1956:118), is daar in beginsel geen werkreservering tussen die twee geslagte nie. Dit word bevestig in die lied van Spreuke 31:10-31 wat oor die ideale vrou gaan (Gispen, 1954:344). Daar word 'n vrou beskryf wat nie alleen haar gesin goed versorg nie (v. 15, 21, 27, 28), sy koop ook grond en bewerk dit (v. 16), sy help behoeftiges (v. 20) en sy dryf handel (v. 24). Dit is alles aktiwiteite wat ook deur mans verrig is.

Die feit dat daar nie 'n absolute werkreservering tussen die twee geslagte was nie, word in die Nuwe Testament bevestig deur die egpaar Priscilla en Akwila, wat saam tentmakers was (Hand. 18:3).

In beginsel kan vroue dieselfde werk verrig as mans, met die oog daarop om hulself en hul afhanklikes te onderhou. Vanweë praktiese redes mag dit egter gebeur dat vroue sekere werk sal verrig, eerder as mans. Die omgekeerde is ook waar.

4.3 NAASTEPERSPEKTIEF

4.3.1 Arbeid gerig op die naaste

Die arbeidsopdrag is gesamentlik aan die man en die vrou gegee (Gen. 1:28). In hierdie gesamentlike opdrag is die fondament vir arbeid wat op die naaste gerig is, geleë. Deur saam te werk, dien die mens mekaar en is hy in staat om die ander opdrag van Genesis 1:28 na te kom, naamlik: “Wees vrugbaar, word baie . . .”. Die mensdom kan net meer word wanneer ouers die vrug van hul arbeid met hul afhanklike kinders deel (vgl. par. 19, 20 van Leo XIII, 1891).

Die arbeidsopdrag betrek ook die kinders wat vir die werkende mens gebore word. Na aanleiding van Deuteronomium 21:18-21 waar ’n seun wat ’n vraat en ’n suiplap is, veroordeel word, stel Koole (1964:122) dit dat van elke lid van ’n familie ’n bydrae verwag word vir die gemeenskaplike belang. Die kind wat ’n vraat en ’n suiplap is, kom nie sy verantwoordelikhede na nie en word daarom veroordeel. Die naastegerigtheid is in die eerste plek gerig op die naaste van die naaste. Paulus stel dit: “as iemand nie vir sy eie mense en veral nie vir sy huisgesin sorg nie, het hy die geloof verloën en is hy slegter as ’n ongelowige” (1 Tim. 5:8).

Die naastegerigtheid van arbeid strek wyer as die familie. Die mens is deel van ’n samelewing en het ’n plek en rol in die samelewing. Die samelewing is van elke werker afhanklik. Sekere funksies kan net verrig word met behulp van die vrug van elke werker se arbeid. Die staat is byvoorbeeld van werkers afhanklik vir belasting, wat aangewend word vir onder meer welsynsdienste. Die kerk is ook van werkers afhanklik vir die verkondiging van die evangelie en die versorging van armes (Stoker, 1972a:45, 46; Van Wyk, 1996:164).

Die versorging van armes is nie net die kollektiewe verantwoordelikheid van lidmate en belastingbetalers nie. Elke werker het self ook die verantwoordelikheid om armes te help. Paulus sê in Handeling 20:35 “dat ons hard moet werk, sodat ons die armes kan help”. Aan die

Efesiërs (4:28) skryf hy dat 'n dief moet ophou steel en deur harde werk in sy eie onderhoud moet voorsien, "dan sal hy iets hê om vir die armes te gee".

Wanneer arbeid op die onderhoud van die naaste gerig is, word die liefdesgebod prakties toegepas. Liefde en diensbaarheid het 'n invloed op die verhouding tussen werkers en werkgewers (Orsmond, 1993:134). Die werknemer moet die gesag van die werkgewer eerbiedig en gehoorsaam, maar die werkgewer moet van sy kant af sy gesag verantwoordelik gebruik. Alhoewel die werknemer van die werkgewer afhanklik is vir die moontlikheid om loon te verdien, moet die werkgewer die werknemer sien as mede-skepsel, mede-arbeider en mede-beelddraer van God, met 'n eie persoonlike roeping, opdrag, bestemming, taak ens. (Norval, 1966a:226). Hierdie wedersydse erkenning en eerbied is alleen moontlik wanneer werkgewer en werknemer liefde en diensbaarheid as basis het. Met dit as basis word arbeid nie gebruik om die naaste te verarm, uit te buit of te onderdruk nie (Vos, 1986:7).

4.3.2 Arbeidsontplooing

Die opdrag om die aarde te bewerk, gee aan die mens 'n baie wye arbeidsveld. Dit impliseer dat die hele aarde se hulpbronne deur die mens ontdek en bewerk kan word (vgl. par. 14 van Johannes Paulus II, 1981). Om hierdie omvangryke taak na te kom, het God mense nie almal dieselfde geskape nie, maar aan elkeen sy eie eienskappe, talente, vermoëns en belangstellings gegee (Antonides, 1989:9). Dit is dan ook die grondslag vir die arbeidsverdeling en arbeidsontplooing wat oor eeue heen besig is om plaas te vind (vgl. Duvenage, 1957:145).

Reeds in die eerste hoofstukke van die Bybel word melding gemaak van die diversifisering van arbeid vanaf die vroegste tye. Kaïn se seun het 'n stad gebou en sy nakomelinge het veeboere, musikante en metaalwerkers geword (Gen. 4:17, 20-22). Noag het 'n wingerd aangelê (Gen. 9:20), terwyl sy nageslag 'n hoë gebou opgerig het (Gen. 11:3) (Dautzenberg, 1978:345).

Arbeidsontplooing vind nie gelykmatig of los van ander gebeure plaas nie. Verskillende omstandighede dra by tot arbeidsontplooing en die ontwikkeling van verskillende beroepe. Ekonomiese ontwikkeling het 'n direkte invloed op die ontwikkeling van beroepe. Die Israëliete was aanvanklik bestaansboere wat deur middel van ruilhandel bekom het wat hulle nie self

geproduseer het nie. In die monargale tyd het daar drastiese veranderinge plaasgevind, wat die manier van regeer in Israel sowel as die regspraak en ekonomie ingrypend beïnvloed het (Deist, 1991:117, 119). Met die instelling van die koningskap het 'n amptenary (paleis- en landsadministrasie) en offisiële priestergroep ontwikkel, wat nie meer self landbouprodukte geproduseer het nie. 'n Vinnige bevolkingstoename het verdere beroepsdifferensiasie meegebring. Die werkgeleenthede wat ontstaan het, het uitkoms gebied aan werklose mense (Van Heerden, 1991:224). Werkgeleenthede is aangevul deur die opkomende handel en ambag (Koole, 1964:123).

Beroepsdifferensiasie gaan hand aan hand met politieke en ekonomiese ontwikkeling. Politieke en ekonomiese ontwikkeling het 'n invloed op die vergoeding wat werkers vir hul arbeid ontvang.

4.3.3 Die mens as gemeenskapswese

God het nie alle mense gelyk gemaak nie. Mense verskil in vaardighede, geslag, aanleg en die mag wat elkeen het. Hierdie verskille dryf egter nie mense uit mekaar nie, maar bring hulle juis na mekaar sodat hulle as 'n gemeenskap kan saamleef en daar 'n wisseling van geestelike, materiële en kulturele goedere kan plaasvind (Goudzwaard, 1980:9). In hierdie opsig speel arbeid 'n besondere rol, want dit is op die arbeidsterrein dat mense gemeenskaplik met mekaar verkeer. Terwyl 'n werker vir homself werk, voorsien hy met sy arbeid ook in die behoeftes van ander (Haselbarth, 1976:133). Sodoende komplementeer werkers mekaar met hul arbeid (Marshall, 1991:5). Hierdie gemeenskaplike werk wat mense in afhanklikheid van mekaar verrig, bring 'n band tussen hulle tot stand (De Quervain, 1956:29).

Die onderlinge band wat tussen werkers tot stand kom, is nie alleen die gevolg van hul onderlinge afhanklikheid van mekaar nie, maar dit is ook as gevolg van die mens wat as gemeenskapswese geskep is. Daarom word arbeid nie net verrig tot diens van die naaste nie, maar ook om sáám met die naaste te kan dien (Koning, 1986:62). Wanneer mense mekaar saam dien, is arbeid 'n samebindende en verrykende faktor tussen mense. Hulle ervaar dimensies van medemenslikheid daarin en word ook daardeur bymekaar gehou. So gee arbeid die geleentheid aan mense om hulself en mekaar te vind (Bienert, 1956:62). Dit skep ook menswaardigheid by

die werker om 'n plek te beklee in die gemeenskap waarin hy betrokke is (Goudzwaard & De Lange, 1995:35).

Van Wyk (1983:72, 80) wys daarop dat arbeid 'n medium van kommunikasie is. 'n Arbeidsgemeenskap is 'n kommunikasiegemeenskap. Deur arbeid word mense so aan mekaar gebind, dat hulle vir mekaar iets sê. Werk gee aan hulle die geleentheid om hulself uit te druk en ook self te vervul.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat arbeid nie alleen dien om die mens se fisiese behoeftes te bevredig nie. Dit is ook belangrik vir die sosiale lewe van die mens, omdat die gemeenskaplikheid van die mens in arbeid na vore kom (Rendtorff, 1981:27).

4.4 ONDERHOUDSPERSPEKTIEF

4.4.1 Die skepping en vergoeding

Daar is 'n onlosmaaklike band tussen die mens (אָדָם) en die aarde (אֶרֶץ) waaruit hy gemaak is (Agrell, 1976:9). Die mens is van die aarde waaruit hy gemaak is afhanklik om te kan leef, maar die aarde voorsien nie sonder meer in die mens se lewensbehoefte nie (Westermann, 1984:187). Die mens moet die aarde bewerk, sodat hy kan leef van die vrug van sy arbeid. In Genesis 1:28 word die mens geseën en beveel om te vermeerder, die aarde te bewoon en te bewerk en oor die diere te heers. In die volgende vers gee God al die plante wat saad gee en bome wat vrugte en saad gee as kos vir die mens. 'n Mens vind dieselfde noue verbintenis tussen arbeid en voedsel in Genesis 2:15 en 16. In vers 15 word die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en in die volgende vers hoor die mens: "Van al die bome in die tuin mag jy eet". Daar is dus 'n innerlike samehang tussen die opdrag om die tuin van Eden te bewerk en te bewaar, en die eet van die vrugte in die tuin (Velema, 1980:7).

Reeds in die tuin van Eden is die beginsel vasgelê dat die mens geregtig is om vergoed te word vir sy arbeid, sodat hy kan leef. Elke werker het reg om sonder inagneming van ras of geslag vergoed te word vir sy arbeid, omdat dit hom en sy afhanklikes in staat stel om te lewe (Petersen,

1990:182). Dit impliseer ook dat die mens nie kan verwag om te eet as hy nie daarvoor gewerk het nie.

Die mens het geen absolute reg op die vergoeding wat hy vir sy arbeid ontvang nie, omdat “die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon” aan die Here behoort (Ps. 24:1). Hoewel die mens reg het op vergoeding vir sy arbeid, behoort die vergoeding in wese steeds aan God. Die mens is slegs ’n rentmeester daarvan. Hy is ook rentmeester van die eiendom wat hy bekom, met die vergoeding wat hy vir sy arbeid ontvang. Al is hy slegs rentmeester daarvan, het hy die reg om dit te besit. Dit mag hom nie sonder sy toestemming ontnem word nie. Smedes (1983:183) stel dit so: “There is a wrong of taking because there is a right of keeping”.

4.4.2 Reg op vergoeding vir arbeid

Die mens het ’n reg op lewe, omdat God hom geskep het, asem in hom geblaas en lewe aan hom gegee het. Hierdie lewe word in stand gehou deur kos, want daarsonder sterf die mens. Hy verkry sy voedsel deur arbeid. Daarom is die voorsiening van voedsel ’n elementêre arbeidsdoel. Stoker (1972a:54) stel dit dat die mens ’n ontiese reg op lewe het en dus ook op arbeid waardeur hy hom van voedsel kan voorsien. Hierdie reg vorm die sin en begroning van arbeidersloon.

Die reg op vergoeding vir arbeid word op verskillende plekke in die Bybel bevestig, met die uitdrukking dat die arbeider sy loon werd is. Hierdie reg geld vir dier (Deut. 25:4) en mens. Wanneer Jesus Christus 72 volgelingen voor Hom uitstuur (Luk.10:7), stel Hy hulle gerus dat hulle nie sleg hoef te voel oor die gratis verblyf en versorging wat hulle ontvang nie, want elke arbeider is sy loon werd. Hy het reg om vergoed te word vir sy arbeid (Hendriksen, 1978:574). Paulus bevestig hierdie beginsel wanneer hy Jesus se woorde in sy eerste brief aan Timoteus herhaal (1 Tim. 5:17, 18). In 1 Timoteus 5 hou dit verband met die vergoeding wat ouderlinge vir hul werk ontvang het (Guthrie, 1983:105, 106).

Dit beteken egter nie dat ’n werker van die reg gebruik móét maak nie. Paulus het byvoorbeeld in die Korintiese gemeente gewerk en het die reg gehad om deur hulle vergoed te word sodat hy kon lewe, maar hy en sy mede-evangelieverkondigers het nie van die reg gebruik gemaak nie,

sodat hulle nie 'n "hindernis in die weg van die evangelie van Christus sou lê nie" (1 Kor. 9:3-18; 2 Kor. 11:8, 9). Hulle het nie van die reg om vergoeding vir hul arbeid te ontvang gebruik gemaak nie, omdat hulle die indruk wou vermy dat hulle dit doen ter wille van die lewensonderhoud wat hulle daaruit ontvang (Groenewald, 1980:115).

In gewone omstandighede sal 'n werker van die reg gebruik maak om sy loon op te eis vir die arbeid wat hy verrig het. Op die werkgewer rus die verpligting om op die afgesproke tyd die loon te betaal. In die geval van 'n huurling moes hy aan die einde van die dag betaal word, "want hy is arm en reken op sy loon" (Deut. 24:14, 15). Indien 'n werkgewer die loon sou terughou, staan hy skuldig voor God. Die profeet Maleagi (3:5) veroordeel Juda onder meer omdat die dagloners in hul loon te kort gedoen is. Hy waarsku hulle dat God teen hulle sal regsprek. Ook Jeremia waarsku die werkgewers van sy tyd dat hulle ellende te wagte moet wees, omdat hulle mense sonder betaling laat werk het (Jer. 22:13). Dieselfde waarskuwing word in die Nuwe Testament gerig aan rykes, wat die loon agterhou van werkers wat hul lande geoes het (Jak. 5:4).

4.4.3 Minimum vergoeding

Elke werker het die reg om vir sy arbeid vergoed te word. Aangesien 'n werker van die vergoeding van sy arbeid afhanklik is, behoort 'n werker so vergoed te word dat hy as totale mens sy plek en rol in die samelewing kan vervul (Stoker, 1972a:54). Adam en Eva moes die aarde bewoon en bewerk, maar hulle kon eet van al die plante wat saad dra en al die bome wat vrugte dra (Gen. 1:29). Hul arbeid is so beloon dat hulle genoegsaam in hul lewensbehoeftes voorsien is.

'n Werker se behoeftes strek wyer as net sy persoonlike behoeftes. Daarom behoort 'n werker so vergoed te word dat hy in sy eie persoonlike behoeftes, maar ook in die behoeftes van sy familie en bure kan voorsien (Vanderkloet, 1980:39). In hierdie verband meld Bienert (1956:96) dat in die Ou en Nuwe Testamentiese tye die vergoeding van 'n dagwerker een dragma was. Dit was genoeg om 'n klein familie te onderhou. Die bedrag is nie deur wetgewing vasgestel nie, maar werkers en werkgewers het deur middel van onderhandeling tot 'n vergoedingsbedrag gekom. Vergoeding behoort van so 'n omvang te wees dat werkers hul verpligtinge teenoor die kerk en staat kan nakom en voorsiening vir ouderdom en siekte kan maak (Norval, 1966a:135).

Die vergoeding wat 'n werker ontvang, behoort ook so te wees dat hy vreugde uit sy werk ondervind. Volgens Deuteronomium 20:5-7 was iemand wat pas 'n huis gebou of 'n wingerd geplant het waarvan hy nog nie vrugte geëet het nie, van oorlogsdienste vrygestel. Die rede hiervoor was dat so 'n persoon eers van die goeie dinge wat God hom gee op grond van sy arbeid, kon geniet (Keil & Delitzsch, 1981:401, 402; Agrell, 1976:25). 'n Werker moet vreugde geniet as deel van die vergoeding vir sy insette. Daarom moet loon 'n mens in staat stel om 'n menswaardige lewenstandaard te handhaaf (Heyns, 1986:268). Indien 'n mens nie so vergoed word dat hy 'n menswaardige lewenstandaard kan handhaaf nie, ontnem dit die werker die vreugde wat hom toekom. Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op werkgewers wat moet toesien dat werkers so ver moontlik na behore vergoed word.

Daar is ook 'n swaar verpligting op die werkers. Werkers moet so werk dat die werkgever in staat sal wees om al sy verpligtinge teenoor hulle én ook teenoor homself en sy afhanklikes na te kom. 'n Werker wat met liefde, oorgawe en toewyding werk, kan verwag om na behore vergoed te word (Norval, 1966a:135, 159).

4.4.4 Ontwikkeling in vergoeding vir arbeid

Die opdrag van Genesis 1:28 dat die mens die aarde moet bewerk (עָבַד - Qal imp.) en daaroor heers (רָבַד - Qal imp.) is 'n universele opdrag wat vir alle mense van alle tye geld. Gehoorzaamheid aan die opdrag impliseer ontwikkeling en verandering op die arbeidsterrein. Veranderinge op die arbeidsterrein hou noodwendig in dat daar verandering in die vergoeding vir arbeid plaasvind.

In sy eenvoudigste vorm vind vergoeding vir arbeid plaas waar 'n werker direk vir sy arbeid vergoed word, soos in die geval van Adam en Eva wat geëet het van die plante en bome wat hulle bewerk het en die klere aangetrek het wat hul self gemaak het (Gen. 1:28, 29; 3:7). So was dit ook in die ou-Israelitiese samelewing met sy agrariese struktuur. Hulle het die meeste benodigdhede self vervaardig en ook self vir hul voedsel en kleding gesorg (Koole, 1964:120). Goedere wat hulle nie self kon produseer nie, is met ruilhandel bekom (Deist, 1991:120).

Die diversifisering in werk wat veral met die instelling van die monargie plaasgevind het (vgl. 3.2), het 'n direkte invloed gehad op die vergoeding wat mense vir hul arbeid ontvang het. Met die instelling van die koningskap en die ontwikkeling van 'n amptenary en offisiële priestergroep het daar 'n groep werkers tot stand gekom, wat nie landbouprodukte geproduseer het nie. Hulle is vir hul arbeid vergoed met belastings wat die boere opgelê is (Olivier, 1991:161). Geld het langamerhand 'n belangriker rol begin speel, namate boere van hul produkte moes verkoop ten einde geld te bekom, sodat hulle weer kon koop wat hulle nodig gehad het (Deist, 1991:119, 120).

In die tyd van die Nuwe Testament was dit algemeen dat mense met geld vir hul arbeid vergoed is (vgl. Matt. 20:1-16). Ontwikkeling op arbeidsgebied en die vergoeding vir arbeid het nie die beginsel dat die mens moet werk en dat hy geregtig is om vir sy arbeid vergoed te word, opgehef nie.

4.4.5 Verskil in loon

In die Bybel is daar voorbeelde van mense wat arm was, en mense wat ryk was. Die profete vertel van die lyding van arm mense in die Ou-Testamentiese tyd (vgl. Jes. 29:19; Jer. 2:34 en Am. 8:4, 6). In die Nuwe Testament word melding gemaak van die arm weduwee wat haar laaste geld in die offergawekis van die tempel gegooi het (Luk. 21:2). Die gelowiges in Masedonië was ook arm (2 Kor. 8:2). Die Bybel maak ook melding van gelowiges wat ryk was. Abraham (Gen. 24:35), Job (Job 1:2-3; 42:12) en Josef van Arimatea (Matt. 28:57) was almal welgestelde mense. Ook Lidia, die handelaar in pers wolmateriaal (Hand. 16:14) was waarskynlik ryk (Hiebert, 1976:1011). Armoede en rykdom hou verband met die vergoeding wat mense vir hul arbeid ontvang. Uit die Bybel is dit duidelik dat alle werkers nie dieselfde vergoeding vir hul arbeidsinset ontvang nie.

Daar is verskillende redes waarom mense verskillend vergoed word. Die voor die hand liggendste rede is dat sommige mense harder werk as ander. Die Spreukedigter verwoord hierdie aspek so: “'n Mens wat nie sy hande uit sy mou steek nie, word arm; dit is vlyt wat ryk maak” (Spr. 10:4).

Duvenage (1957:162, 163) wys daarop dat prestasie nie die enigste beginsel is wat die grootte van 'n loon mag bepaal nie. 'n Ander beginsel wat net so belangrik is, is dat loon voorsiening moet maak vir die werker se behoefte (vgl. 4.3). 'n Regverdige arbeidsloon behoort dus rekening te hou met prestasie en ook behoefte (Stoker, 1972b:33).

In die moderne wêreld is daar ook ander faktore wat 'n invloed het op die grootte van die vergoeding wat 'n werker ontvang. Een van die faktore is die omstandighede waarin 'n werker sy arbeid verrig. Wie 'n onaangename werk beoefen, mag meer vergoed word (Roscam Abbing, 1969:121).

Vraag na spesifieke kundigheid speel ook 'n rol. Werkers wat arbeid verrig waarvoor daar 'n groot aanvraag is, word meer vergoed as diegene wat werk verrig wat deur enige iemand gedoen kan word. Loongrootte word ook bepaal deur die gehalte van werk wat gelewer word (Vos, 1986:9). Werk van beter gehalte is duursamer. Daarom behoort 'n werker wat werk van hoër gehalte lewer, beter vergoed te word.

Die samelewingskonteks waarbinne 'n onderneming val, is ook van wesentlike betekenis vir die bepaling van arbeidersloon. Die samelewingskonteks gee aan die taak van 'n onderneming sy eintlike bestaansgrond, sin en doel (Stoker, 1973:5). Daarom kan vergoeding vir arbeid ten tye van depressie of oorloë verlaag word, en kan die werker gevra word om aan sy benodighede te besnoei (Stoker, 1972b:32). Deel van die samelewingskonteks is die winsgewendheid van 'n bedryf en die heersende algemene ekonomiese klimaat (Vos, 1986:9).

Calvyn (1992:IV, 20, 13) reken dat vorste van die belastinge en staatsvordering kan gebruik "met die oog op die voortreflikheid van hul eie huishouding, wat in 'n sekere sin met die aansien van die regering wat hulle bestuur, verbind is". Hoewel hy waarsku dat hulle die belastinge nie moes verkwis nie, gee hy erkenning daaraan dat 'n persoon se posisie in die gemeenskap ook 'n invloed op die vergoeding van sy arbeid kan hê.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat verskillende faktore 'n rol mag speel in die vergoeding vir arbeid. Daar is ook faktore wat nie 'n rol behoort te speel nie, byvoorbeeld taal, kultuur en geslag (Heyns, 1986:268).

Ten spyte van 'n verskil in vergoeding vir arbeid, behoort die vergoeding nooit onder die broodlyn te wees nie. Bienert (1956:275) meen dat wanneer Jesus Christus sê dat 'n arbeider sy loon werd is, stel Hy 'n minimum vas, maar Hy sê nie hoeveel gegee moet word nie. Die Bybel stel geen perke aan hoe groot vergoeding mag wees nie, maar 'n regverdige arbeidsloon het 'n hoogteplafon. Wanneer 'n loon bo alle verhouding tot benodigdhede en prestasie is, is dit miskien nie onregverdig nie, maar wel sinloos (Stoker, 1972b:40, 43, 50).

4.4.6 Die regte ingesteldheid teenoor vergoeding vir arbeid

Hoewel die mens geroep word om te werk en hy die reg op vergoeding het, is gehoorsaamheid aan die arbeidsopdrag geen versekering dat die mens vrug op sy arbeid sal ontvang nie. Psalm 127:1, 2 stel dit duidelik dat die arbeid om 'n huis te bou of 'n stad te bewaak tevergeefs is, as die Here nie self die huis bou of die stad beskerm nie. Lang ure van harde werk is geen waarborg tot sukses nie. Aan die ander kant is God by magte om die vrug van arbeid te gee, sonder dat die mens daarvoor gewerk het. Dit beklemtoon die feit dat wie homself afsloof, omdat hy reken hy *self* vir die vrug van sy arbeid moet sorg, se arbeid tevergeefs is (Noordtjiz, 1973:238). Die vrug op arbeid is afhanklik van God se seën (Heyns, 1986:254).

Dit beteken nie dat die mens in vrees moet leef of sy arbeid enige vrug sal lewer nie. Jesus Christus waarsku dat die mens nie bekommerd moet wees oor wat hy moet eet of drink nie (Matt. 6:25). Hy moet sy daaglikse werk verrig soos die wilde voëls kragtens hulle aard kos bymekaar maak (Morris, 1992:158). Hulle is nie bekommerd oor hul versorging nie, maar tree op volgens hul Godgegewe instinkte. So voorsien God in hul behoeftes (Hendriksen, 1976a:351).

God voorsien in die mens se behoeftes wanneer arbeid gerig is op God se koninkryk (Morris, 1992:161). Die korrekte verhouding tussen arbeid en geloof word goed saamgevat deur Coetzee (1981:9): “Werk dus GETROU – maar VERTROU op God wat vir ons sorg”. Waar met hierdie ingesteldheid gewerk word, versorg God deur vergoeding wat genoegsaam is.

4.5 SONDEPERSPEKTIEF

4.5.1 Sondeval

Die sondeval het nie die arbeidsopdrag opgehef nie. Die oorspronklike opdrag is na die sondeval en ook na die sondvloed (Gen. 9:1-3, 7) herhaal. Hoewel die sondeval (Gen. 3:1-7) nie op die arbeidsterrein plaasgevind het nie, het dit wel 'n geweldige uitwerking op arbeid en ook op die vergoeding daarvoor. Arbeid self is nie vervloek nie, maar die mens se werkplek, die aarde, is vervloek (Gen. 3:17). Die vervloeking van die aarde het 'n uitwerking op die mens, omdat die mens en die aarde op mekaar gerig is (Van Wyk, 1988:63). Daarom het die vervloeking van die aarde 'n direkte uitwerking op die mens se arbeid en ook op die vrug wat hy vir sy arbeid ontvang (Velema, 1980:8; Van Wyk, 1988:65). Die gevolg van die sondeval word vererger deur die mens wat ook op die arbeidsterrein 'n sondaar geword het (Norval, 1966a:120). Dit het 'n universele uitwerking op die arbeidsopdrag (par. 39 van Johannes Paulus II, 1981).

Die gevolg van die sondeval is dat die mens sy lewe lank met swaarkry 'n bestaan uit die aarde sou maak. Frustrasie en swaarkry het in 'n baie groot mate die plek ingeneem van vreugde, vervulling en seën op die arbeidsterrein (Kaiser, 1991:150). Die swaarkry neem verskillende dimensies aan. Dorings en dissels spruit uit (Gen. 3:18) wat die werk moeilik maak, nie net vir boere nie, maar vir alle beroepe. Die mens moet hard werk om 'n bestaan te voer (Gen. 3:19). Dit is alleen met moeisame werk dat die mens 'n bestaan maak (Agrell, 1976:12; Bienert, 1956:59). Dit manifesteer in die pyn, ellende, teleurstelling, armoede en werkloosheid wat deel van die arbeidsopset geword het (Antonides, 1989:8). Die sondeval het 'n negatiewe uitwerking op arbeid en ook op die vrug (vergoeding) wat die werker vir sy arbeid ontvang.

Hoewel die mens as gevolg van die sondeval nie deur God vervloek is nie (Velema, 1980:8), het die sondeval wel verwydering tussen mens en God gebring. Die mens is gedwing om die tuin van God, waar hy in 'n besondere verhouding voor God geleef het, te verlaat (Gen 3:23). Hy moet nou buite die tuin die aarde bewerk, om daaruit 'n bestaan te maak. Die mens wat van God vervreemd is ondervind arbeidsmoeite en -ellende, omdat sy arbeid aan God se Heer-skap onttrek word (Vos, 1986:3). Hy wil nou self Skepper wees, sy eie wette bepaal en God uitskakel (Duvenage, 1983:5). Waar die mens sy eie wette bepaal, kom hy nie meer sy roeping na nie en het arbeid 'n sosiale funksie geword waar die mens sy eie doelwitte bepaal (Duvenage, 1957:3).

Die sondeval het ook die verhouding tussen die mens en sy medemens versteur. Hierdie versteuring is duidelik uit die egoïsme, wrywing, ongeregtheid, uitbuiting, opstand teen gesag en valse vryheidsreg wat op die arbeidsterrein neerslag vind (Duvenage, 1983:4). Die versteuring lei tot die arbeidsprobleme wat werkers en werkgewers ondervind (Norval, 1966a:124).

Die versteurde verhoudings tussen mense word aangevuur deur 'n verkeerde ingesteldheid teenoor arbeid. Die verkeerde ingesteldheid is ook die gevolg van die sondeval. As gevolg van die sondeval kry mens twee kenmerkende houdings teenoor arbeid. Hiervolgens word arbeid òf oorskat òf onderskat. Waar arbeid oorskat word, moet dit dien as sleutel tot heil en voorspoed. Hiermee saam hang arbeidverslawing. Waar arbeid onderskat word, hang dit saam met werkskuheid (Duvenage, 1983:4).

Die sondeval raak alle vlakke van die arbeidsterrein: die werkplek, die verhoudings tussen werkers en die werkers self.

4.5.2 Werkloosheid

As gevolg van die sondeval gebeur dit dat daar werkers is wat wel aan die Bybelse arbeidsopdrag gehoorsaam wil wees, maar nie die geleentheid ontvang om te werk nie. Werkloosheid is die gevolg van fluktuierende ekonomiese omstandighede, 'n snel groeiende bevolking, veranderende werkstrukture waar vorige opleiding nie pas nie, meganisasie, outomatisering en globalisasie (Van Wyk, 1988:136). Werkloosheid is kenmerkend aan 'n arbeidsomgewing wat wegbeweeg van 'n bestaanseconomie na 'n ekonomie waar beroepsdiversifisering en spesialisasie plaasvind.

Die werklose word van een van die belangrikste geleenthede om God in die wêreld te dien, beroof (Volf, 1987:417). Werkloosheid raak veel meer as net die werker se diens aan God. Omdat werklose mense nie die geleentheid het om te werk en geld te verdien nie, ontvang hulle ook geen vrug op hul arbeid nie. Daarom gaan werkloosheid en armoede hand aan hand. Werkloosheid maak die lewe misrabel: mense het nie kos om te eet of klere om aan te trek nie. Dit het ook 'n vernietigende uitwerking op menswaardigheid en menswees (Wilson, 1991:17) en

veroorzaak omvangryke lyding. Werklose mense ly fisies as gevolg van ongebalanseerde diëte, 'n gebrek aan geskikte behuising en mediese sorg. Dit veroorsaak psigologiese lyding, omdat werkloses 'n gebrek aan selfstandigheid, geleenthede, hoop en 'n afbreek van selfvertroue en eiewaarde ondervind. Werkloosheid laat mense sosiaal ly, omdat daar spanning is in die familie en gemeenskapslewe. Dit het 'n negatiewe uitwerking op opvoeding en onderrig. Daar kan bygevoeg word dat jongmense sonder werk sukkel om volwasse te raak, terwyl vroue depressief, beangs en sensitief raak in sosiale verhoudings wanneer mans hul werk verloor het (Nürnberger, 1991:32-34).

Werkloosheid lei tot 'n wanfunksionering van die gemeenskap. Werkloses word oorgelewer aan ledigheid en word die geleentheid ontnem om 'n bydrae te lewer tot die algemene welvaart van die gemeenskap (Volf, 1987:427). Hulle kan nie beheer neem oor hul eie lewens nie en word beskou (en beskou ook hulself) as "passasiers" wat geen bydrae lewer nie (Heyns, 1986:256). Hulle kan hulp ontvang, maar kan niks in ruil daarvoor gee nie. Die hulpverskaffers kry ook niks in ruil vir die hulp wat hulle gee nie. Dit lei tot verwronge verhoudings (Nürnberger, 1991:33). Die gevolg is dat werkloses voel of hulle deur die samelewing verwerp is (Van Wyk, 1988:39) en hulle verloor lewensin (Thielicke, 1955:416, 417).

Een van die grondliggende kenmerke van die Ou-Testamentiese wetgewing wat betrekking het op arbeid, is die bekamping van werkloosheid. Elke Israeliet het die geleentheid ontvang om te werk. Kanaän is so verdeel dat elf van die stamme grond gehad het. Hulle kon dit bewerk en uit die opbrengs daarvan leef (Num. 32, Deut. 3:12-30, Jos. 13-19). Die toewysing is gedoen na gelang van die grootte van die families (Koole, 1964:125). Die twaalfde stam, Levi, se lede het in die tabernakel en tempel gewerk. Hulle het 'n klein grondgebied gekry, waar hulle met vee geboer het (Num. 35:1-50). Verder is hulle vir hul arbeid vergoed met die tiendes wat die ander stamme uit hul opbrengs moes betaal (Num. 18:20-21, Deut. 26:12).

Die ideaal was dat elke Israeliet sy erfpand moes bewoon en vir homself daarop werk (Agrell, 1976:29). Selfs wanneer iemand vanweë omstandighede verarm geraak het en gedwing is om sy grond te verlaat en vir iemand anders te gaan werk, het die Jubeljaarwetgewing so 'n persoon of familie in staat gestel om sy grond wat hy moes verkoop, weer terug te kry (Lev. 25:13). Die erfdeel wat God aan sy volk gegee het, mag nie permanent in die hande van iemand anders

oorgegaan het nie (Lev. 25:23, Num. 36:9), maar moes elke 50 jaar teruggee word aan die oorspronklike eienaars. Daar kon hy homself weer met die vrug van sy arbeid onderhou.

Die Jubeljaar het elke vyftigste jaar plaasgevind. Dit kon gebeur dat iemand weens omstandighede kort na 'n Jubeljaar sy grond moes “verkoop”, en dan vir dekades sonder grond en moontlik sonder werk sou wees. Die Ou-Testamentiese wette het ook vir so 'n gebeurlikheid voorsiening gemaak. 'n Verarmde Israeliet mag nie as slaaf verkoop word soos by die omliggende nasies die geval was nie (Lev. 25:42). So 'n persoon moes deur 'n mede-Israeliet in diens geneem word en vir 'n maksimum van ses jaar vir die mede-Israeliet werk (Eks. 21:2; Deut. 15:1, 12). Gedurende hierdie tyd moes hy soos 'n dagloner of bywoner behandel word (Lev. 26:40). Nadat hy sy skuld afgewerk het, moes hy vergoed word met vee, graan en wyn (Deut. 15:14). Met hierdie wetgewing het God toegesien dat elke Israeliet 'n werkgeleentheid gehad het, ten spyte van teenspoed wat 'n werker kon tref. Die werkgeleenthede het die werkers in staat gestel om in hul basiese behoeftes te voorsien. Onderliggend aan hierdie wet is die beginsel dat elke Israeliet 'n gewaarborgde geleentheid gehad het om te kan leef (Koole, 1964:125).

4.5.3 Uitbuiting

'n Gevolg van die sondeval is dat werkers soms wel die geleentheid het om te werk, maar in hul werk uitgebuit word en as gevolg daarvan ly. Uitbuiting vind plaas wanneer 'n werker gedwing word om moeilike werksomstandighede wat 'n werkgewer wel kan verbeter, maar nie wil verbeter nie, te aanvaar (vgl. par. 63 van Leo XIII, 1891:par. 63).

In die Bybelse tyd het slawerny algemeen voorgekom. Slawerny was deel van die antieke Nabye-Ooste en die Grieks-Romeinse wêreld (Rupprecht, 1976:453). Hoewel slawe dikwels goed behandel is, is baie ook uitgebuit. Die Israelitiese slawe in Egipte het byvoorbeeld gely onder lang ure waartydens swaar, dwangarbeid verrig moes word (Eks. 5:6-17). Petrus (1 Pet. 2:18) maak ook melding van onredelike (σκολιος) eienaars. Σκολιος dui op ontaarde, gewetenlose en oneerlike eienaars (Louw & Nida, 1988:771). Die slawe se uitbuiting het verband gehou met die arbeid wat hulle verrig het. Ook jongmense is uitgebuit. Josef was nog 'n jong man toe hy as slaaf verkoop en na Egipte weggevoer is (Gen. 37).

God het nie toegelaat dat die Israeliete mekaar uitbuit nie. Anders as die destydse heidennasies mag die Israeliete mekaar nie as slawe verkoop het nie (Lev. 25:42, 46). Indien 'n mede-Israeliet verarm geraak het, mag die persoon nie verkoop geword het nie, maar moes hy die geleentheid kry om sy skuld af te werk. Die maksimum tyd wat hy homself kon "verkoop" om sy skuld af te werk, was ses jaar (Deut. 15:12). In die tydperk is hy beskerm teen mishandeling en moes hy 'n menswaardige bestaan kon voer (Lev. 25:35-38). Hy moes soos 'n dagloner of bywoner behandel word (Lev. 25:40). Die persoon moes ook so vergoed word dat hy in staat sou wees om, nadat sy skuld afgewerk is, weer 'n selfstandige bestaan te kon voer (Deut. 15:13, 14). Deur die wetgewing is die potensiële uitbuiting van 'n weerlose werker beperk. God het die maatreëls teen uitbuiting ingestel, omdat Hy sy volk uit Egipte gered het, waar hulle slawe was (Lev. 25:42; Deut. 15:15).

Die Israeliete mag wel slawe by die nasies rondom hulle gekoop het (Lev. 25:44-46). Die Ou-Testamentiese wette het nie daarvoor voorsiening gemaak dat die Israeliete slawe maak van nie-Israeliete nie, maar wel dat hulle werkers wat reeds slawe was, kon koop. Hulle is ook teen uitbuiting beskerm (Eks. 21:20-26; Deut. 24:17-22).

Ten spyte van die maatreëls wat God ingestel het, het dit vanweë die uitwerking van die sondeval wel gebeur dat werkers uitgebuit is. Die profeet Amos het teen die middel van die agste eeu voor Christus die vroue van Samaria gewaarsku omdat hulle veroorsaak het dat hul mans die armes verdruk en mishandel het, om hul uitspattige lewenstandaard te handhaaf (Ridderbos, 1966:199). Israel is ook veroordeel oor die heffings wat arm mense opgelê is, in die vorm van koring wat hulle aan die rykes moes betaal (Am. 5:11). Die arm boere moes hierdie heffings aan die ryk here in die stede betaal, byvoorbeeld as rente vir skuld wat hulle aangegaan het. God het egter verbied dat 'n mede-Israeliet rente opgelê word (Deut. 23:19-21) (Ridderbos, 1966:215). Daarmee wou Hy voorkom dat iemand munt slaan uit 'n ander se nood (Koole, 1964:121). Teen die agste eeu voor Christus het Jeremia (22:13) koning Jojakim veroordeel, omdat hy werksmense uitgebuit het deur hulle nie te betaal nie. Die uitbuiting van werkers was een van die redes waarom God sy volk in ballingskap laat gaan het (Eseg. 22:29). Ook ná die ballingskap was daar uitbuiting toe van die vooraanstaande burgers en ampsdraers sommige van hul volksgenote so verdruk het, dat hulle verplig was om van hul seuns en dogters as slawe te verkoop, om kos te bekom (Neh. 5:1-5).

God wil nie hê dat werkers uitgebuit word nie (Lev. 19:13). Daarom wou Hy ook nie hê dat daar armes onder sy volk sou wees nie (Deut. 15:4-5). Om armoede en uitbuiting te voorkom, moes die arme in nood gehelp en ook in staat gestel word om homself te versorg as vry mens (Bienert, 1956:101). In aansluiting hierby word werkgewers in die Nuwe Testament vermaan om nie hul werkers uit te buit nie (Ef. 4:1), omdat die werkgewers (slawe-eienaars) ook onder die gesag van iemand gestaan het, naamlik die Here. Werkgewers se optrede behoort daarop gemik te wees om vir hul werkers te doen wat vir die Here goed is (Roberts, 1990:172).

4.5.4 Vreemde werkers

Saam met die opdrag om die aarde te bewerk (Gen. 1:28), het die mens ook die opdrag ontvang om die aarde te bewoon, letterlik te vul (אָלף - Qal imperatief). Hierdie opdrag is na die sondeval herhaal, toe Noag en sy seuns die opdrag gekry het om vrugbaar te wees en die aarde te bewoon (Gen. 9:1). Die toring van Babel is gebou sodat die mense van destyds nie oor die hele aarde sou versprei nie (Gen. 11:4), maar God het verwarring gebring in hul taal, sodat die een nie die ander verstaan het nie en hulle gevolglik oor die hele aarde verstrooi is (Gen. 11:9).

Die implikasie van bogenoemde is dat die mensdom oor die hele aarde werksaam sou wees. Met verloop van tyd het die mensdom dan ook oor die aarde versprei. Nuwe gemeenskappe en owerheidstrukture het ontwikkel. Dit het egter nie beteken dat mense permanent in gemeenskappe gebly het nie. Daar het steeds individue of groepe mense bly rondtrek as gevolg van onder meer oorloë, hongersnood en pes. Hulle is *vreemdelinge* (גֵּר) genoem (Holladay, 1971:64). Abraham was so 'n vreemdeling in Hebron (Gen. 23:4), Moses in Midian (Eks. 2:22), Elimeleg in Moab (Rut 1:1) en 'n Eframiet in die Benjaminitiese gebied (Rig. 19:16).

Vreemdelinge was vanweë die aard van hul omstandighede 'n maklike prooi vir uitbuiting. God het besondere maatreëls ingestel, om sulke uitbuiting en onderdrukking te voorkom (Eks 22:21; Lev. 19:33). Dit het ook uitbuiting op arbeidsgebied ingesluit. Vreemdelinge wat vir Israeliete gewerk het mag net soos hul werkgewers net ses dae 'n week gewerk het, sodat hulle die sewende dag kon rus (Eks. 23:12; Deut. 5:14). Hoewel vreemdelinge besonder uitgelewer was en daarom ook reg gehad het op bystand (vgl. Deut. 10:18, 19; 14:28, 29), het dit nie beteken dat hulle nie hoef te gewerk het nie. Die beginsel dat die werker van die vrug van sy arbeid sal leef, het ook vir hulle gegeld. Vreemdelinge het dieselfde geleenthede as weduwees en weeskinders

gekry, om die oorblyfsels van oeste op die landerye, olyfbome en wingerde te oes (Lev. 19:9-10; 23:22; Deut. 24:19-21). Aan hulle is die geleentheid gebied om te kan werk en die vrug van hul arbeid te geniet. Hulle het egter nie dieselfde regte en voorregte as 'n land of streek se inwoners geniet nie. In Israel het vreemdelinge byvoorbeeld nie soos die Israëliete grond besit nie. Hulle was oor die algemeen arm en moes vir Israëliete werk (Martin-Archard, 1984:410).

In beginsel het enige werker die reg om enige plek op aarde te woon, te werk en daarvoor vergoed te word. Hierdie reg is nie losstaande van die organisasie en reëlins wat owerhede op 'n plek of in 'n land het nie. Dit is die owerheid se plig om tot die beswil van sy onderdane te regeer (Rom. 13:4). Dit impliseer dat elke owerheid sekere maatreëls sal tref, om te verseker dat die onderdane die geleentheid sal hê om te werk en in hul behoeftes te voorsien. Die owerheid het ook die verantwoordelikheid om kwaaddoeners te straf (Rom. 13:4). In die opsig speel die owerheid 'n belangrike rol ten opsigte van immigrante wat die land onwettig binnekom.

God self het bepaal dat die aarde die mens se werkplek is. As gevolg van die sondeval word mense meermale gedwing om vanweë omstandighede 'n nuwe heenkome en werk te soek, om aan die leef te bly. Sulke vreemdelinge is 'n prooi wat maklik uitgebuit kan word en moet beskerm word, maar dit beteken nie dat hulle outomaties deel sal hê aan al die regte en voorregte van die wettige inwoners van 'n land nie. Vreemdelinge is verplig om oral aan die betrokke owerhede onderdanig te wees.

4.5.5 Trekarbeid

Dit kan gebeur dat werkers weens omstandighede gedwing word om hul gemeenskap te verlaat en elders werk te soek. Normaalweg verhuis hulle saam met hul gesinne na 'n nuwe werkplek, waar hulle hulself as vreemdelinge vestig. Dit kan ook gebeur dat werkers gedwing word om elders werk te doen, ter wille van hul eie en hul afhanklikes se onderhoud, maar sonder dat hul gesinne saam verhuis. Sulke werkers se tuiste en werkplek is op verskillende plekke. Gevolglik woon trekarbeiders gewoonlik 'n groot deel van die jaar by hul werk, en net 'n klein deeltjie van die jaar by hul huise.

Trekarbeid is deel van die uitwerking van die sondeval op die arbeidsterrein. In Suid-Afrika werk duisende werkers as trekarbeiders op die myne, sedert die ontdekking van goud en diamante. Wetgewing het hulle aanvanklik verbied om hul families na hul werkplekke saam te neem. Gedurende die afgelope tien jaar het 'n nuwe vorm van trekarbeid in die land posgevat, met talle Suid-Afrikaners wat elders in Afrika of oorsee werk, terwyl Suid-Afrika steeds hul tuiste is. Die redes waarom Suid-Afrikaners elders werk, hou verband met beskikbaarheid van werk, beter vergoeding en die vraag na bepaalde vaardighede.

Vanweë die sondeval kan dit gebeur dat gehoorsaamheid aan die arbeidsopdrag met die oog op die versorging van 'n werker en sy afhanklikes terselfdertyd tot nadeel van die werker se gesin kan wees, soos in die geval van trekarbeid. Die arbeidsopdrag wat gesamentlik aan Adam en Eva gegee is (Gen. 1:28), impliseer dat daar 'n verbintenis is tussen werk en familielewe. Die werker is terselfdertyd eggenoot of eggenote, vader of moeder. Dit is vir 'n trekarbeider moeilik om hierdie rolle te vervul en aan die arbeidsopdrag gehoorsaam te wees.

4.5.6 Diefstal en roof

Wanneer iemand nie die geleentheid kry om te werk nie, word hy die geleentheid ontnem om van die vrug van sy arbeid te leef. Dit kan daartoe lei dat hy ter wille van oorlewing moet steel. Om hierdie rede het Agur reeds gebid (Spr. 30:7-9) dat God hom nie arm sou maak sodat hy moes steel en gevolglik God se Naam oneer aandoen nie.

In die Ou-Testamentiese tyd is verskillende maatreëls ingestel om arm mense die geleentheid te gee om hulself steeds met die absoluut noodsaaklike te versorg, sodat dit nie nodig was om te steel nie. Hierdie maatreëls het vereis dat die arme steeds moes werk vir sy versorging, want vir die Palestynse mens was die verbod om te steel, 'n gebod om te werk. 'n Oortreding van die diefstalgebod was tegelykertyd ook 'n oortreding van die arbeidsgebod. Iemand wat die arbeidsgebod oortree het, het in die versoeking gekom om die diefstalgebod te oortree (Bienert, 1956:67, 68).

Die Ou-Testamentiese maatreëls het aan die werkers die geleentheid gebied om hulself steeds te versorg, omdat die Israelitiese boere byvoorbeeld nie die wenakkers geoes het nie (Lev. 23:22).

Hulle moes dit vir die armes en vreemdelinge gelos het. Om dieselfde rede mag hulle nie landerye, olyfbome of wingerde totaal skoon geoes het nie (Deut. 24:17-22). Rut het van hierdie bepaling gebruik gemaak, om haarself en haar skoonma, Naomi, aan die lewe te hou (Rut 2:2-7). Aan die armes, weduwees en vreemdelinge is op hierdie manier die geleentheid geskep om hulself te onderhou, sodat dit vir hulle nie nodig sou wees om te steel nie.

Ten spyte van hierdie maatreëls het diefstal deel van die mensdom se bestaan gebly. Daarom word dit in die agste gebod in baie duidelike terme verbied: “Jy mag nie steel nie” (Eks. 20:15). Indien iemand hom hieraan sou skuldig maak en daarna betrap word, is hy gestraf. Daar is in die Ou Testament sekere wette wat aandui wat die toepaslike straf vir diene was. ’n Dief was verplig om die persoon van wie hy gesteel het, te vergoed vir die skade wat gely is (Eks. 22:1-4, 7). Uit die omvang van die straf is dit duidelik hoe ernstig diefstal beskou is en hoe belangrik dit was dat die slagoffer behoorlik vir die verlies van eiendom vergoed word (Shields, 1983:183). Die dief moes die slagoffer vergoed, na gelang van die skade wat gely is. Indien vee lewend terug gevind is, moes dit dubbeld vergoed word. Indien dit geslag is, moes dit vyfvoudig in die geval van beeste en viervoudig in die geval van kleinvee vergoed word. Die rede hiervoor was dat skape benewens die vleis wat hulle verskaf het, ook wol vir klere gelewer het. Om ’n skaap te steel, het iemand van sy toekomstige onderhoud beroof. ’n Os was ook lewendig meer werd as om geslag te word. ’n Os kon geleer word om as trekdier ingespan te word, maar dit het tyd geneem. Daarom moes ’n boer vir sy verlies aan eiendom en arbeid vergoed word (Rushdoony, 1973:459, 460).

Dit was nie net armes wat hulself aan diefstal skuldig gemaak het nie. Ook rykes het hul daaraan skuldig gemaak. Die profeet Miga (2:1-3) het God se oordeel uitgespreek oor diegene wat kwaad bedink en dan die huise en grond wat hulle begeer het, met mag gevat het. Die skuldiges was rykes wat hul mag misbruik en armes van hul plase en huise beroof het (Shields, 1983:187). Deur dié optrede is armes die geleentheid om vir hulself te sorg, ontnem.

Rykes steel nie om in hul basiese behoeftes te voorsien nie. Hul diefstal en roof is die gevolg van gierigheid wat die oorhand kry. Dit vind plaas waar hulle nie deur harde en eerlike werk verkry wat hulle graag wil hê nie. Diefstal en roof is hul arbeid. Die vrug van hul “arbeid” is eintlik die vrug van iemand anders se arbeid (Vos, 1986:5).

Ook in die Nuwe Testament word diefstal negatief beoordeel. Jesus Christus noem diefstal en roof in dieselfde asem as moord en roof. Dit is dinge wat 'n mens onrein maak (Matt. 15:18-20; Mark. 7:21-23).

Diefstal word soms onder die skyn van reg gepleeg. Hiervan is korrupsie 'n voorbeeld. Met korrupsie word iemand anders se eiendom deur doelbewuste misleiding bekom (Song, 1995:841). In Spreuke 11:1 en 20:23 word verwys na valse weegskale. Met behulp van valse weegskale het mense meer gekry as wat hulle toegekom het. Vir God was sulke optrede ontoelaatbaar. Sy volk is uitdruklik verbied om deur valse gewigte en inhoudsmate te gebruik, bedrog te pleeg (Lev. 19:35, 36). Vir God is dit onaanvaarbaar, omdat dit diefstal is wat onder die waan van reg gepleeg word (Deut. 25:15, 16).

Dit kan gebeur dat 'n werker wettig werk, maar dat hy sy posisie misbruik en homself bykomend vir sy arbeid "vergoed". Sodoende verryk hy homself op 'n oneerlike wyse. Judas Iskariot was so 'n persoon. Hy het meer gekry as wat hom toegekom het. Hy het sy posisie as beursdraer van Jesus en sy dissipels misbruik, om homself te verryk. Sulke korrupte optrede is niks anders as diefstal nie (Joh. 12:6). Heyns (1986:269) wys daarop dat diefstal ook plaasvind wanneer 'n werker meer ontvang as wat hom toekom, kragtens sy aanleg, prestasie en persoonlike behoeftes. Dit is eweneens diefstal as 'n werkgewer nie 'n werker volgens sy aanleg, prestasie en behoeftes vergoed nie.

'n Ernstiger vorm van diefstal is roof. Roof is diefstal wat gepaard gaan met geweld of 'n dreigement van geweld (Song, 1995:841). Roof het ook reeds in die Bybelse tyd voorgekom. Jesus vertel in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Luk. 10:30) van 'n rower (ληστής) wat 'n Samaritaan beroof het, terwyl die Fariseër God dank (Luk. 18:11) dat Hy nie soos 'n rower (άρπάζ) is nie. In albei gevalle vorm geweld (Louw & Nida, 1988:584-585) deel van die "arbeid" wat rowers verrig, om hulself ten koste van ander te verryk.

Weens die sondeval gebeur dit dat mense op oneerlike en selfs gewelddadige metodes die arbeidsvrug van hul naaste vir hulself toe-eien. Die gevolge van diefstal, korrupsie en roof strek verder as die verlies van 'n werker se arbeidsvrug of die geleentheid om dit te geniet. Dit veroorsaak ook ang, haat, ongelukkigheid, 'n gevoel van wraak en wantroue (Song, 1995:842).

Om van diefstal en roof te leef, is vir God so onaanvaarbaar dat diewe (κλεπται) en rowers (ῥπαγες) in die sondeslys van 1 Korintiërs 6:10 genoem word as mense wat nie deel aan God se koninkryk kry nie.

4.5.7 Ongeoorloofde arbeid

Diefstal en roof is nie die enigste maniere waarop mense op ongeoorloofde wyses vergoeding vir hul arbeid kan najaag nie. In die Bybel is daar verskeie verwysings na prostitute. Prostitute het geld verdien met hul buite-egtelike seksuele aktiwiteite (vgl. Gen. 38:15). Prostitusie is in wese 'n oortreding van die sesde gebod. Die aktiwiteit self is vir God onaanvaarbaar. Die loon wat daarmee verdien is, is ook vir Hom onaanvaarbaar. Dit geld vir manlike en vroulike prostitute (Deut. 23:17, 18). Sulke loon mog nie eens gebruik word om 'n belofte wat teenoor God afgelê is, te betaal nie (Ridderbos, 1964:50).

Prostitusie as beroep is onaanvaarbaar, omdat die arbeid wat verrig word, onsedelik is. Duvenage (1957:147) wys daarop dat enige arbeidsvorme wat in hulself onsedelik is, vir die gelowige ongeoorloof is, byvoorbeeld diefstal, werkkringe waar bedrog noodwendig 'n rol speel, prostitusie en beroepswedderij (Duvenage, 1957:147). Ander beroepe wat in die verlede al as oneerbaar beskou is, is die van soldate, koppelaars en gladiatore (Trillhaas, 1959:315). Al hierdie beroepe is deel van die gevolg van die sondeval. Ná die sondeval tree die mens nie meer sedelik op nie. Dit veroorsaak dat hy probeer leef van werk wat in wese onsedelik is.

4.5.8 Dobbelary

Dobbelary kan so gedefinieer word: dit is “'n ooreenkoms tussen twee partye waardeur die oordrag van iets waardevols afhanklik gestel word van die geluiskans, en wel so dat die buitensporige wins van die een party gelykstaan aan die gehele – of gedeeltelike – verlies van die ander party. Onder dobbelary word ook wedderij en lotery verstaan (Field, 1995:401; Van Wyk, 1980:3). In die Bybel is daar geen verwysing na dobbelary in bogenoemde sin nie. Hoewel sommige skrywers reken dat dobbelary aanvaarbaar is, omdat die Bybel niks daarteen sê nie (Field, 1995:402), behoort norme vir die beoordeling van dobbelary eerder afgelei te word uit beginsels wat wel in die Bybel na vore kom.

Vaardigheid speel soms 'n rol in dobbelary, maar geluk is die oorheersende faktor wat bepaal of 'n persoon vir sy "arbeidsinset" vergoed word of nie. Met dobbelary plaas die mens sy vertroue op geluk, in plaas daarvan om te werk en daarvoor vergoed te word. Die arbeidsopdrag vervaag en die arbeid beantwoord nie meer aan sy doel nie. Die resultaat van dobbelary lewer geen sinvolle bydrae tot die beheer oor en die ontwikkeling van die skepping nie (Koning, 1986:65).

Daar is geen verband tussen die arbeidsinsette wat gedoen word en die "loon" wat die arbeider ontvang nie. Die feit dat 'n minimum inset 'n buitensporige opbrengs kan lewer, word as trekpleister gebruik om mense te laat dobbel. Dobbelary word aangevuur deur begeerte en gierigheid (Field, 1995:402). Dit veroorsaak 'n bouse kringloop, omdat dit luiheid, gierigheid en hebsug stimuleer (Heyns, 1986:272).

Met dobbelary tree die mens nie as waardige rentmeester oor die vrug van sy arbeid op nie (Field, 1995:402). Dobbelary se uitwerking strek verder as die deelnemers daaraan. Talle dobbelaars raak aan dobbel verslaaf, met die gevolg dat hulle begin steel, hul werk verloor en huweliksprobleme ondervind (Field, 1995:402). Dit het daarom nie 'n positiewe nie, maar 'n negatiewe uitwerking op die samelewing, waar enkelinge ten koste van die massa verryk word (Heyns, 1986:272).

Vir 'n gesonde ekonomie moet daar 'n gesonde verhouding tussen loonverdiensie en loonprestasie wees. In dobbelary word die arbeidsmotief aangetas, omdat geldvermeerdering en arbeid op so 'n wyse van mekaar geskei word dat dit die etiek van die ekonomie gevaarlik aantast (Van Wyk, 1980:3, 4).

4.5.9 Onvermoë om te kan werk as gevolg van siekte en beserings

God gee aan die mens lewe. Hy gee ook gesondheid, sodat die mens kan lewe en beeld van God kan wees. Hierdie gawe uit God se hand plaas 'n verpligting op die mens om na sy eie gesondheid en ook na die gesondheid van ander om te sien. Die inwoning van God se Gees in die liggaam van die gelowige is des te meer rede dat hy na sy liggaam sal omsien (Atkinson, 1995:89).

Sonder gesondheid kan die mens nie werk en leef van die vrug van sy arbeid nie. As gevolg van die sondeval, gebeur dit dat 'n werker nie sy arbeidsopdrag vanweë siekte of 'n liggaamsgebrek kan uitvoer nie. Dit plaas dan 'n groot stremming op sy eie onderhoud, sowel as op dié van sy afhanklikes.

In die evangelies word verskeie voorbeelde genoem, van mense wat siek was en dan hul toevlug tot bedelary geneem het, ten einde te oorleef. By geleentheid het Jesus 'n blinde man wat langs die pad by Jerigo gesit en bedel het, se sig herstel (Matt. 20: 29-34; Mark. 10:46-52; Luk. 18:35-43). In Jerusalem was daar ook iemand wat van sy geboorte af blind was en gebedel het, wat deur Jesus genees is (Joh. 9:1-12). Petrus het weer iemand wat van sy geboorte af lam was, genees. Van die lamme word gesê dat hy daagliks by die tempelpoort neergesit is, om daar te bedel (Hand. 3:1-10).

Hierdie mense kon vanweë hul persoonlike omstandighede nie werk en daarvoor vergoed word nie. Hulle is gedwing om te bedel, om aan die leef te bly. Hulle het nie as gevolg van hul eie toedoen in die omstandighede beland nie, soos blyk uit die vermelding dat hulle van geboorte af blind of lam was. Bedelary is nooit deur die Israëliete as 'n beroep gesien nie. Aan die armes onder die Israëliete – onder wie die gestremdes wat nie kon werk nie, ook getel het – moes vrygewigheid betoon word (Deut. 15:4, 5, 7) (Stark, 1976:510).

Die Ou-Testamentiese wette het voorsiening gemaak dat 'n werker wat weens 'n besering nie kon werk nie, vergoed kon word vir sy verlies aan inkomste. Eksodus 21:18-19 bepaal dat indien iemand in 'n bakleiery beseer is en hy 'n tyd lank in die bed moes bly of met 'n kerie moes loop, “moet die slaner vergoed vir die tyd wat hy nie kan werk nie en vir hom sorg tot hy behoorlik gesond is”. Die skuldige was verplig om “werkerskompensasie” en “gesondheidsvoordele” te betaal, vir die tydperk wat die werker nie in sy eie onderhoud kon voorsien nie (Cole, 1973:168). Maatreëls soos hierdie lê ten grondslag van die werkgewer se plig om die lewe en die gesondheid van werkers te beveilig (Johannes Paulus II, 1981:par. 93).

Onderliggend aan die bepalings van Eksodus 21:18-19 is die feit dat elke mens in staat moes wees om in sy eie lewensonderhoud te voorsien. Indien iemand hom die vermoë om te werk ontnem, moet hy daarvoor vergoed word, sodat hy kan leef. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat elke werker moet toesien dat wat sy veiligheid en gesondheid betref, hy so moet optree

dat hy homself en sy afhanklikes kan bly versorg. Dit plaas 'n groot verpligting op 'n werker self om na sy eie liggaam en gesondheid om te sien, sodat hy in staat sal bly om te werk en homself en sy afhanklikes te versorg. Wanneer 'n werker sy gesondheid en vermoë om te werk in gevaar stel, is dit nie alleen 'n oortreding van die sesde gebod nie (De Bruyn, 1993:135), maar dit kan ook daartoe lei dat hy nie God se opdrag om te arbeid, kan nakom nie.

Vir die gelowige is daar 'n verdere rede waarom werkers nie hul liggame in gevaar moet stel nie. Die gelowige se liggaam is 'n tempel van God se Gees en daarom word van gelowiges verwag om God in hul liggame te verheerlik (1 Kor. 6:19, 20).

4.5.10 Werkolisme

As gevolg van die sondeval kan arbeid uitrafel en 'n doel op sigself word in plaas daarvan om 'n middel tot 'n doel te wees. Waar dit gebeur, kom 'n werker sy arbeidspelig só na dat dit ten koste van sy verantwoordelikheid teenoor God en sy naaste is (Duvenage, 1957:124, 156). Waar God en die naaste uit die oog verloor word, werk die werker net vir homself. Arbeid word dan 'n middel tot selfverryking ten koste van ander (Vos, 1986:5). 'n Sug na prestasie (Petersen, 1990:183) wat die werker groot en magtig en hooghartig en onafhanklik laat voel, vuur werkolisme aan (Heyns, 1986:264).

Hoewel die mens van die begin af as 'n werkende mens geskep is, wat alleen deur harde werk 'n bestaan kan voer, beteken dit nie dat arbeid die alleroorheersende in die mens se lewe mag wees nie. Omdat die mens ná die sondeval nie meer van sy arbeid rus soos God van syne nie, maar soos 'n slaaf sy brood moet eet, het God bepaalde opdragte gegee om te voorkom dat die mens 'n slaaf van sy werk word. In die vierde gebod word uitgegaan van die veronderstelling dat die mens voortdurend werksaam is (vgl. 2.2). Dit beteken egter nie dat die mens 'n slaaf is van sy werk nie. Op die sewende dag mag die mens nie werk nie (Eks 20:10) (לֹא-תַעֲשֶׂה – Qal impf.). Die konstruksie waar לֹא met die imperfektum gebruik word, dui op 'n volstreekte verbod (Gemser, 1975:52, 53). Daarom is die dag die Sabbat (שַׁבָּת) genoem. שַׁבָּת dui daarop dat gestaak, gestop moet word. Die Sabbat is ingestel sodat die werksdiere kon rus en werkers 'n bietjie kon asem skep (Eks. 23:12).

In die weergawe van die Tien Gebooie in Deuteronomium 5 word as rede vir die Sabbatsgebod genoem dat die Israeliete daaraan moes dink dat hulle slawe in Egipte was en dat God hulle daarvan bevry het (Deut. 5:15). In Egipte moes hulle sonder ophou werk (Eks. 1:11-13, 23-25). Daarom mag hulle nie weer slawe van arbeid geword het nie. Die mens is nie bestem om as arbeidslaaf te leef nie, maar om as beeld van God koninklik te leef (Norval, 1966a:111). Die nakoming van die Sabbatsgebod stel die mens in staat om in plaas van slaaf, weer heer van sy arbeid te word (Velema, 1980:6).

Die opdrag om arbeid te onderbreek, is verder gevoer met die Sabbatsjaar wat elke sewende jaar (Eks. 23:9, 10; Lev. 25:3,4) en die Jubeljaar (Lev. 25:8-22) wat elke nege en veertigste jaar onderhou moes word. Die Sabbat wat die land moes onderhou (Lev. 25:1), het implikasies vir die arbeid van die land se werkers gehad. Gedurende hierdie jare moes daar nie gesaai (gewerk) word of die wingerd en olyfbome bewerk word nie. Arbeidsverabsoluttering is met hierdie bepalings teengewerk.

Arbeid is deel van die lewe en nie die lewe self nie. Daarom mag dit nie verabsoluteer word nie. Die mens verloor die adel van sy menswees wanneer hy slaaf word van arbeid en die opbrengs van arbeid. Arbeid wat die tendens toon om die mens te verslaaf, het sy sin verloor (Heyns, 1986:259) en moet veroordeel word (Norval, 1966b:200).

4.5.11 Werkskuheid

Die teenoorgestelde van werkolisme is werkskuheid. Hoewel werkolisme en werkskuheid teenoorgestelde is, is beide arbeidsingesteldhede die gevolg van die sondeval.

Werkskuheid moet onderskei word van werkloosheid. In die eerste geval het 'n werker die vermoë en die geleentheid om te kan werk, maar hy is te lui om die geleentheid te benut. In die tweede geval het die werker die vermoë om te werk en hy wil werk, maar hy kry nie werk nie. Werkskuheid kom onder enkelinge en ook in sommige samelewings voor waar gesinne tevrede is as een of twee lede van 'n gesin werk, terwyl ander nie werk nie, maar wel in staat is om te werk (Van Wyk, 1988:137).

'n Lui mens het gewoonlik 'n verskoning waarom hy nie kan werk nie. In Spreuke 20:4 word die koue voorgehou as rede waarom hy nie in die saaityd ploeg nie (Gispen, 1954:92). Spreuke 22:13 en 26:13, 14 noem die voorbeeld van 'n lui persoon wat aanvoer dat daar 'n leeu is wat hom verhinder om sy werk te doen, omdat hy moontlik doodgemaak kan word. Die ware rede is egter sy onwilligheid om te werk.

Luiheid word in die Ou en die Nuwe Testament ten sterkste veroordeel. In die Ou Testamentiese wysheidsliteratuur word luiaards op verskeie plekke veroordeel. Hiervan is Spreuke 6:6-11 van die bekendste. Daar word die luiaard geroep om te kyk hoe die mier sonder ophou werk. Miere doen hul werk sonder om voorgesê te word. Wie te lui is om geleenthede te benut, kan ook geen vrug verwag nie (Spr. 20:4). Dit lei noodwendig tot armoede (Spr. 6:11) en honger (Spr. 13:4).

In die Nuwe Testament word dit in 2 Tessalonisense 3:10 duidelik gestel dat wie nie *wil* werk nie, moet ook nie eet nie. Hierdie is geen algemene arbeidsmaatreël nie, maar 'n strafmaatreël vir diegene wat nie wil werk nie (Heyns, 1986:256). Hierdie maatreël geld dus nie vir die werklose wat graag wil werk, maar nie werk kan kry nie. Dit geld in besonder vir die persoon wat die vermoë het om te werk en werk kan kry, maar die geleentheid nie gebruik nie, omdat hy nie wil werk nie.

Werkskuheid behels nie alleen onwilligheid om aan God se arbeidsopdrag gehoorsaam te wees nie, maar dit hou ook in dat die mens verwag ander se arbeidsvrug moet in sy skoot val. Hy kom nie die verantwoordelikheid na om in sy eie en ander se behoeftes te voorsien nie (Vos, 1986:5). Werkskuheid is nie versoenbaar met Christus se selfopofferende liefde nie. Wie Jesus Christus navorolg, sal nie uit selfsug 'n las vir sy naaste wees nie, maar eerder werk en sy verdienste met sy naaste deel (Du Rand, 1992:159).

4.6 VERLOSSINGSPERSPEKTIEF

Van Wyk, (1996:166) wys daarop dat Christus nie net gekom het vir die “redding van 'n siel” nie, maar dat die hele kosmos, wat die totale mens insluit, deel is van sy verlossingswerk. Deur die Heilige Gees maak Hy mense nuut. Hulle word gelykvormig gemaak aan God se Beeld,

Jesus Christus (Velema, 1980:11). Dit het 'n uitwerking op hul werk en die vergoeding wat hulle daarvoor ontvang.

4.6.1 Die “reeds” en “nog nie” van Christus se verlossingswerk

Jesus Christus het die mens kom verlos van die sonde én gevolg van die sondeval. Met die skepping het God eers die materie, aarde en hemel, plante en diere en laastens die mens geskep. Met die herskepping draai Hy die volgorde om en begin Hy by die mens eerste (Coetzee, 1984a:352). Die herskeppingswerk het begin, maar is nog nie voltooi nie. Coetzee (1984b:238) stel dit so:

“* Satan is oorwin aan die kruis, en tog sien ons byna net sy magswerke in hierdie lewe -

* Die mag van die sonde oor ons is deur Christus verbreek, en tog sondig ons daaglik”.

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit belangrik om daarop te let dat al het Jesus Christus na die aarde toe gekom en al is Hy gekruisig en het Hy die dood oorwin en opgevaar na die hemel toe, beteken dit nie dat die herskepping voltooi is nie. Die mensdom ly steeds as gevolg van die sondeval. Dit geld ook vir die arbeidsterrein.

Wanneer Petrus aan die slawe in Klein-Asië skryf, skryf hy onder andere aan gelowiges wat in hul werkplek lyding ondervind (1 Pet. 2: 18-25). Petrus verduidelik die sin van lyding in hul arbeid so: “Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg”. Sy verlossingswerk beteken nie dat werkers in hierdie aardse bedeling van alle lyding verlos sal wees nie.

Al is die mens nog nie van alle lyding verlos nie, het die kruis nou reeds 'n uitwerking op die gelowige werker. Deur die kruis is die gelowige 'n nuwe mens. Sy arbeid behoort by sy nuwe lewe, al is dit in 'n ou wêreld wat wag om herskep te word (Bienert, 1956:189). Die werker wat deur Christus verlos is, sien sy werk in 'n ander lig as die ongelowige. Die las van die arbeid het vir die versoende ligter geword (Norval, 1966a:123). Sy ingesteldheid teenoor arbeid is anders. Paulus se sug in Romeine 7:19 geld ook vir die gelowige se werk, naamlik: “Die goeie wat ek

wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek". Die gelowige verrig onvolkome arbeid, in die verlange na die volmaakte.

Die onafgehandelheid van die herskepping is geen vrypas om in sonde te volhard nie. Jakobus (5:4) waarsku dat die geroep van werkers wat nie hul loon op die regte tyd gekry het nie, tot by God gekom het. Hierdie onreg sal nie ongestraf bly nie. God self sal die verdrukkers oordeel (Calvyn, 1972:307).

Dit is nie net die werker wat na die koms van Christus nog ly weens, die sondeval nie. Die aarde, die mensdom se werkplek, ly ook nog as gevolg van die sondeval. Christus doen sy herskeppingswerk in 'n omgekeerde orde as wat God die skeppingswerk gedoen het (Coetzee, 1984a:352). Die aarde, soos die hele skepping, wag dat God sal bekend maak wie sy kinders is, want dan sal dit bevry word van die verganklikheid waaraan dit onderworpe is (Rom. 8:19-21). Tot daardie dag toe is dorings en dissels deel van die aarde met die gevolg dat die mens steeds met moeite 'n bestaan uit die aarde maak. Dit sal so wees tot met Christus se wederkoms.

4.6.2 Christus se heerskappy

Die woord *κύριος* is die woord wat onder andere slawe as aanspreekvorm vir hul eienaars gebruik het. Die woord word nie net gebruik om die verhouding tussen werkers (slawe) en werkgewers (eienaars) aan te dui nie, want Jesus Christus is die gelowiges se *κύριος* (Bietenhard, 1981:513, 514). Sy eienaarskap van alle gelowiges beïnvloed die onderlinge verhouding tussen werkers (*δουλοι*) en werkgewers (*κυριοι*).

Wanneer Paulus aan slawe en hul eienaars in Efesiërs 6:5-9 skryf, gee hy erkenning aan die feit dat die slawe van destyds *κυριοι* gehad het. Christus se koms het die slaaf-eenaarverhouding nie beëindig nie. Sy koms verleen wel 'n nuwe dimensie daaraan. Die slawe word beveel om steeds aan hul eienaars gehoorsaam te wees (Ef. 6:5), omdat hierdie gehoorsaamheid ten diepste 'n gehoorsaamheid aan Christus, dié *κύριος*, is. Hulle moes hul slawewerk doen as slawe van Christus, omdat Hy hul Here is en hulle onder sy gesag staan. Die eienaars, *κυριοι*, staan ook onder sy gesag (Ef. 6:9). Die slawe en hul eienaars staan onder dieselfde gesag, want hulle het dieselfde Here (Floor, 1986:60).

Dieselfde gedagte word in Kolossense 3:22-4:1 herhaal. Ook daar word die slawe beveel om in alles gehoorsaam te wees aan hul eienaars en hul werk met 'n opregte hart te doen, uit eerbied vir die Here (Kol.3:22). Die eienaars word beveel om hul slawe reg en billik te behandel, omdat hulle onder die Here in die hemel staan (Kol. 4:1).

Die heerskappy van die opgestane Christus hef nie verskillende werksverhoudinge op nie, maar bykomende verhoudinge kom tot stand. Paulus wys in 1 Timoteus 6:2 daarop dat die Christenbaas tegelykertyd ook die broer van die Christen-slaaf is. Paulus verwys na hierdie nuwe verhouding in sy brief aan Filemon, die eienaar van Onesimus, die slaaf wat weggeloop het. Hy sê dat Onesimus nie meer net 'n slaaf vir Filemon is nie, "maar meer as 'n slaaf: . . . 'n geliefde broer" (Fil. :16).

Christus se heerskappy oor 'n eienaar en sy slaaf, 'n werkgewer en sy werker, bring 'n bykomende verhouding tussen hulle tot stand. Hierdie verhouding behoort ook weerspieël te word in die arbeidsverhouding waarin hulle tot mekaar staan. Waar Christus erken word as die *κύριος* van sowel die werkgewer as die werker, moet dit ook 'n invloed hê op die manier waarop die eienaar sy werkers behandel. Die eienaars moes hulle reg en billik behandel (Kol. 4:1). Christus as gesamentlike Eienaar van slawe en hul eienaars het ook 'n uitwerking op die slawe. Die gelowige slawe wat vir gelowige eienaars gewerk het, behoort hulle beter te dien, omdat diegene wat uit hul werk voordeel trek, een in geloof en liefde met hulle is (1 Tim. 6:2).

Die erkenning van Christus as *κύριος* deur werkers en werkgewers bring 'n verhouding tot stand, wat in lyn is met die Ou-Testamentiese wetgewing wat die behandeling van verarmde Israeliete wat hulself as slawe moes verkoop, gereël het. Omdat die verarmde Israeliete God se dienaars (*עֲבָדִים*, slawe) was, moes hulle menslik behandel word (Lev. 25:42). Die erkenning van Jesus Christus as Heerser behoort die oriëntasiepunt van alle gelowiges se arbeidsbetrekkinge te wees (Du Rand, 1992:161).

4.6.3 Die werk van die Heilige Gees

Ten spyte daarvan dat Jesus Christus se herskeppingswerk nog nie voltooi is nie, vind daar reeds veranderinge plaas. Die Heilige Gees openbaar die heiligheid wat Jesus Christus reeds verwerf

het, nou reeds in gelowiges. Daarmee maak die Heilige Gees die toekoms van die herskepping nou reeds 'n werklikheid (Coetzee, 1984b:239).

Die Heilige Gees werk geloof in mense en daarmee saam ook 'n nuwe lewe (indikatief). Hierop volg die imperatief dat wie deur die werking van die Gees leef, se gedrag moet ook deur die Gees bepaal word (Gal. 5:25). Gelowiges ontvang die opdrag om met die Gees vervul te word (Ef. 5:18) en deur die Gees te wandel (Gal. 5:16) (vgl. Coetzee, 1984a:250, 251). Aan die gelowige kom die opdrag: "... leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper ..." (Kol. 3:10). Met die mens se skepping is hy geskape na God se beeld (Gen. 1:27). As gelowige moet hy vernuwe word om weer God se beeld te vertoon. Dit gebeur deur die werking van die Heilige Gees (Heidelbergse Kategismus 44:115). Aangesien die mens ook op arbeidsgebied na God se beeld geskape is, beteken dit dat die gelowige se vernuwing om God se beeld te vertoon, ook 'n uitwerking op die mens se werk sal hê.

Bogenoemde blyk duidelik uit die optrede van die eerste lidmate in die gemeente van Jerusalem. Na die uitstorting van die Heilige Gees het van die gelowiges hul eiendom en besittings verkoop en die opbrengs onder mede-gelowiges verdeel, volgens wat elkeen nodig gehad het (Hand. 2:45; 4:34, 35). Die rykes het so voorsiening gemaak vir die armes, sodat niemand honger of 'n gebrek aan die noodsaaklike gehad het nie (Bruce, 1977:108, 109). Die Heilige Gees het hulle gelei om die beginsels rakende die versorging van armes wat reeds in die Ou Testament vasgelê is, na te kom.

Die gemeente van Jerusalem het waarskynlik later kroniese armoede ondervind (Bruce, 1977:109). Toe is hulle bygestaan deur die gelowiges van Agaje en Masedonië (Rom. 15:26, 27). Laasgenoemde gelowiges het hulle materieel ondersteun, omdat hulle deel gekry het aan die geestelike rykdom ($\piνευματικοις$) van die Jode in Jerusalem. Die geestelike rykdom was die gevolg van die werk van die Heilige Gees ($\piνευμα$). Dit is die Heilige Gees wat die bereidheid werk om mede-gelowiges wat selfs baie ver is, te help. Die materiële ondersteuning het bestaan uit geld wat die gelowiges op die eerste dag van elke week opsy gesit het (1 Kor. 16:1, 2). Dit was 'n gedeelte van die voorafgaande week se opbrengs wat uit hul werk verdien is (Groenewald, 1980:229).

Die Heilige Gees het ook 'n uitwerking op diegene wat nie bereid is om te werk nie, maar van die vrug van andere se arbeid wil leef. Paulus wys die Tessalonisense daarop dat God wil hê dat hulle heilig moet lewe (1 Tess. 4:3). Die Heilige Gees, wat aan die gelowiges gegee is (1 Tess. 4:8), speel 'n deurslaggewende rol in heiligmaking. Wanneer Paulus enkele voorbeelde noem waarin hul heiligmaking na vore moet kom (Hendriksen, 1976b:101, 104), noem hy onder meer dat dit na vore moet kom deur self in hul lewensonderhoud te voorsien (1 Tess. 4:11). Daar was klaarblyklik mense in die gemeente wat leeggelê het en van ander vir hul lewensonderhoud afhanklik was. Hulle moes eerder hul aandag by hul werk bepaal, en hul eie brood verdien (1 Tess. 3:12).

Die Heilige Gees speel 'n deurslaggewende rol, wanneer dit kom by werksywer en die vergoeding vir werk, omdat die Gees 'n mens 'n nuwe lewe laat lei. In Efesiërs 4 word verskille aangedui, tussen die ou lewe en die nuwe lewe van die gelowige wat volgens God se wil leef (Ef. 4:24). Waar die ou mens moontlik as dief gesteel het, moet hy as nuwe mens ophou steel en “deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien”, sodat hy ook iets sal hê om vir die armes te gee (Ef. 4:28). Wie nie bereid is om so verander te word nie, bedroef die Heilige Gees (Ef. 4:30).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die Heilige Gees mense se lewens so verander dat hulle ywerig in hul onderhoud sal voorsien, sowel as in die behoeftes van diegene wat afhanklik is. Die Heilige Gees werk in gelowiges se lewens, sodat hulle die beginsels wat reeds in die Ou-Testamentiese wette vasgelê is, nakom.

4.7 Eskatologiese perspektief

4.7.1 Geen hemel op aarde nie

Slovo (1995:81) skryf: “Let us work together to build a paradise on earth”. Met hierdie ingesteldheid probeer die mens deur arbeid vir homself 'n toekoms op hierdie aarde verseker. Marxisme – soos ook kapitalisme – wil arbeid aanwend, om die mens van die swaarkry en slawerny van arbeid te bevry. Die vergoeding van sy arbeid moet vir hom hemel op aarde

bewerkstellig. In beide stelsels word arbeid vergoddelik en as verlosser voorgelê (Mickey, 1995:900).

Die doel van die mens se arbeid is nie om vir hom 'n finale toekoms op die aarde te skep nie. Dit is nie die hoogste vorm van vergoeding vir die mens se arbeidsinsette nie. Wie dit probeer doen, hou nie rekening met die sondeval en die gevolge daarvan op die mens, sy werk en sy werkplek nie. Die Prediker (2:4-11, 17) het groot ondernemings aangepak en met sukses uitgevoer. Toe hy na afloop daarvan nadink oor wat hy alles vermag het, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat dit “alles niks was, 'n gejaag na wind” (Pred. 2:11). Die huise en damme wat hy gebou het, die wingerde, tuine en parke wat hy aangelê het en die vee wat hy besit het, was van geen blywende waarde nie. In Matteus 6:19, 20 verwys Jesus ook na die verganklikheid van die vrug van die mens se arbeid, wanneer Hy daarteen waarsku om skatte op aarde bymekaar te maak, waar mot en roes dit verniel en die weë inbreek en steel. Die vrug van 'n mens se aardse werk is aan verganklikheid onderworpe.

Dit is nie net die vrug van die mens se arbeid wat vergaan nie, maar ook die mens se werkplek, die aarde, is aan verganklikheid onderworpe. Romeine 8:21 maak dit duidelik dat die skepping (waarvan die aarde deel is) 'n slaaf van verganklikheid is. Die dag wanneer die Here kom, sal die aarde met al die werke daarop vergaan (2 Pet.3:10). Die mens se werkplek sal saam met die vrug van sy arbeid vergaan (Green, 1983:138).

Die onmoontlikheid vir die mens om hemel op aarde te bewerkstellig, word beklemtoon deur die verganklikheid van die werker self. Prediker 12:1-8 beskryf die mens in sy ouderdom, wanneer sy kragte en vermoëns so afneem dat hy tot die gevolgtrekking kom: “Alles kom tot niks” (Pred. 12:8). Selfs indien die mens vir hom hemel op aarde deur sy arbeid kon maak, sou dit van geen waarde wees nie, omdat dit vir hom geen sin sal hê nie.

Van Wyk (1996:167, 168) stel dit dat wie met sy arbeid 'n paradys op aarde probeer skep sonder die hoop op 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, voer 'n wanhoopsbestaan.

4.7.2 Geen verlossing deur arbeid nie

Om te werk, is 'n baie belangrike deel van 'n gelowige se lewe. Dit stel die mens in staat om op aarde te kan leef, maar dit is vir hom geen waarborg dat hy vir ewig sal leef nie. Die mens kan nie heil deur sy arbeid verwerf nie. Dit kan nie as middelaar tussen mens en God dien nie, dit kan nie sonde uitwis of 'n nuwe skepping tot stand bring nie (Mickey, 1995:899). Die mens word alleen verlos deur in Jesus Christus te glo (Joh. 1:12; Rom. 1:17). Geloof self is ook geen goeie daad nie, maar 'n gawe wat God deur sy Gees gee (Ef. 2:8). Omdat die mens se heil nie van sy arbeid afhang nie, kan dit sonder angs of spanning verrig word. Dit is onder die mens se beheer en mag hom nie beheer nie (Bienert, 1956:378).

Hoewel God die mens vir goeie werke – insluitende goeie werke op arbeidsgebied – wil beloon, het die mens geen reg op so 'n beloning soos 'n arbeider reg op sy loon het nie. God beloon goeie werke alleen uit genade (Heidelbergse Kategismus 24:62). Die beloning dra nie by tot sy verlossing nie.

Uit bogaande is dit duidelik dat arbeid nie verlossing vooruitgaan nie, maar daarop volg. Verlossing dien nie as vergoeding vir arbeid nie. Bienert (1956:16) stel dit dat arbeid 'n dankbaarheidsantwoord vir die mens se verlossing is. Wanneer arbeid verrig word uit dankbaarheid, is dit ook nie net op die mens self gerig nie, maar word dit 'n diens aan sy naaste.

4.7.3 Arbeid tot met die wederkoms

Die arbeidsopdrag van Genesis 1:28 bly geldig terwyl die mensdom op hierdie aarde is, en van die vrug van sy arbeid afhanklik is om te leef. In 2 Tessalonisense 3:10 waarsku Paulus: “As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie”. Dit het hy moontlik geskryf, omdat daar gelowiges was wat vanweë 'n oorspanne verwagting van Jesus se wederkoms dit nie nodig geag het om te werk nie (Van Leeuwen, 1966:190).

Uit die profetiese rede is dit duidelik dat die mense met hul normale werksaamhede besig sal wees, wanneer Hy onverwags weer kom. Daar sal op landerye gewerk word en vroue sal by die meul maal (Matt. 24:40-41, 44).

Die komende wederkoms van Jesus Christus en die herskepping wat daarmee saam sal plaasvind, hef nie die geldende arbeidsopdrag op nie. Dit hef ook nie die vergoeding vir arbeid op nie, want die mens bly van vergoeding afhanklik om te leef, tot op die dag wanneer Jesus Christus weer kom.

4.7.4 Arbeid deel van die lewe na die dood

Arbeid hou nie op met die dood nie. In Jesaja 65:17-25 word profeties vooruitgewys na die nuwe hemel en die nuwe aarde. Die inwoners van die nuwe aarde bou steeds huise en bewoon dit. Hulle plant ook wingerde en eet die vrug daarvan (vers 20). Hierdie arbeid gaan nie met moeisaamheid gepaard nie (vers 23). Uit hierdie verse is dit duidelik dat die mense op die nuwe aarde steeds aktief besig sal wees (Heyns, 1986:251). Openbaring 5:9 en 10 stel dit dat die gelowiges van hul sonde vrygekoop is, en dat hulle priesters vir God gemaak is en oor die aarde sal regeer. Openbaring 22:3 en 5 stel dit dat die gelowiges God sal dien en tot in ewigheid sal regeer. Hoewel die Skrif nie presies sê waaruit die diens sal bestaan nie, kan daar wel afgelei word “dat ons tot in die ewigheid aktief besig sal wees” (De Bruyn, 1976:56).

Die mens sal na die herskepping van die aarde steeds uitvoering gee aan die oorspronklike opdrag om die aarde te bewoon, te bewerk en daaroor te heers (Gen. 1:28). Die mens se werk sal nie meer aan die sondeval en verganklikheid onderworpe wees. Die moeisaamheid van arbeid sal tot 'n einde kom.

HOOFSTUK 5

BEOORDELING VAN VERGOEDING VIR ARBEID SEDERT 1994

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die faktore wat vergoeding sedert 1994 in Suid-Afrika bepaal of beïnvloed, soos in Hoofstuk 3 vasgestel, beoordeel. Die faktore word beoordeel in die lig van die Bybelse perspektiewe op arbeid, soos uiteengesit in Hoofstuk 4. Die faktore word beoordeel in dieselfde volgorde as wat dit in Hoofstuk 3 behandel is.

5.2 BEOORDELING VAN FAKTORE WAT ONVOLDOENDE VERGOEDING BEVORDER

Die faktore wat geïdentifiseer is wat onvoldoende vergoeding in Suid-Afrika sedert 1994 bevorder, is werkloosheid, kinderarbeid, MIV/vigs, dobbelary, onwettige immigrasie en goedkoop invoere.

5.2.1 Werkloosheid

Daar is 'n onlosmaaklike band tussen die mens en die aarde waaruit hy gemaak is. Dit is ook nie toevallig dat die mens van die aarde afhanklik is om te kan leef nie. God het die mens geskep, met onder andere as doel dat die mens die aarde sal bewerk en van die vrug van sy arbeid kan leef. In sy werk vertoon die mens God se beeld, en is hy gehoorsaam aan die skeppingsopdrag om oor die aarde te heers. Omdat God die mens opdrag gee om te werk, het hy ook 'n reg om te kan werk. Elke werker is geregtig op vergoeding vir sy arbeid, sodat hy homself en sy afhanklikes van die nodige lewensbehoeftes kan voorsien. Die Ou-Testamentiese wetgewing oor die Jubeljaar het onder meer aan mense werkgeleenthede verseker. Die beginsel onderliggend aan hierdie wetgewing (om te kan werk) is vandag steeds geldig, omdat werk aan die mens die geleentheid gee om God te dien, homself te onderhou en tot diens van sy naaste te wees. Dit gee aan 'n mens ook menswaardigheid en 'n plek en rol in die gemeenskap. Dit bind mense aan mekaar en bied 'n geleentheid vir kommunikasie en selfvervulling. Daarom is dit belangrik dat elke mens die geleentheid om te kan werk, behoort te hê.

Die vernietigende gevolge van die sondeval het die arbeidsterrein nie oorgeslaan nie. Een van die gevolge van die sondeval is werkloosheid. Werkloosheid verhoed dat mense aan een van die basiese doelwitte van die mens se skepping kan voldoen, naamlik om oor die aarde te heers, van die vrug van sy arbeid te leef en dit te geniet. Dit ontnem mense wat wil werk, die geleentheid om aan God se arbeidsopdrag gehoorsaam te wees en sy beeld te vertoon. Dit ontnem 'n werker die geleentheid om God te dien, homself en sy afhanklikes te versorg en lei tot 'n wanfunksionering van die gemeenskap. In plaas daarvan dat 'n werker vreugde vind in sy arbeid, het werkloosheid 'n negatiewe uitwerking op sy menswaardigheid en menswees. Dit veroorsaak fisiese en psigiese lyding. Dit raak meer mense as net die werkloses, omdat hulle nie die geleentheid kry om hul vermoëns tot voordeel van hul naaste aan te wend nie. In plaas daarvan dat hulle hul naaste bevoordeel, is hulle van hul naaste afhanklik. Dit het 'n negatiewe uitwerking op die vergoeding van diegene in 'n gemeenskap wat wel werk het.

Dit is ironies dat arbeidsontplooiing (wat in die opdrag om die aarde te bewerk, geïmpliseer word) dikwels tot werkloosheid lei. Werkloosheid kom veral voor in 'n arbeidsomgewing wat besig is om weg te beweeg van 'n bestaanseconomie na 'n ekonomie waar beroepsdifferensiasie, spesialisasie en meganisasie plaasvind. Gehoorsaamheid aan die arbeidsopdrag deur sommige werkers verhoed weer ander werkers om uitvoering aan dieselfde opdrag te gee. Dit gebeur tans ook in Suid-Afrika. Suid-Afrika is 'n land waar beroepsdiversifikasie (arbeidsontplooiing), spesialisasie en meganisasie eers in die afgelope 200 jaar werklik begin plaasvind het. Die proses is nog nie afgehandel nie, met die gevolg dat miljoene mense in Suid-Afrika nie werk het nie. Hoewel die gevolge van die sondeval onafwendbaar is, beteken dit nie dat dit fatalisties aanvaar moet word nie.

Jesus Christus het met sy koms na die aarde 'n proses van herskepping begin. Hierdie proses is nog nie voltooi nie. Die gelowige leef egter reeds as 'n nuwe mens, wat God se beeld ook in sy arbeid moet vertoon. In hierdie opsig speel die Heilige Gees 'n deurslaggewende rol. Die Heilige Gees werk in die gelowige, sodat hy die wil sal hê om deur sy arbeid in sy eie (en afhanklikes se) behoeftes te voorsien (Ef. 4:28). Die Heilige Gees werk ook in gelowiges om diegene wat nie in hul eie behoeftes kan voorsien nie, te help (Hand. 2:43-47). In die lig van die werking van die Heilige Gees behoort gelowiges daarop ingestel te wees om diegene in nood te help, deur werkgeleenthede so ver moontlik te bewaar en waar moontlik meer werkgeleenthede te skep. Jesus Christus se herskeppingswerk is nog nie voltooi nie. Daarom moet daar soms moeilike keuses gemaak word in 'n poging om God se beeld op die arbeidsterrein te vertoon.

Een van die moeilike keuses om te maak, is die keuse tussen meer werkgeleenthede met minder vergoeding of minder werkgeleenthede met hoër vergoeding (vgl. Landman, 2003:12). In die lig van die skeppingsdoel van die mens (Gen. 1:26) wat die skepping (en die sondeval) voorafgegaan het, word geoordeel dat die arbeidsopdrag voorop staan. Die gehoorsame uitvoering van die arbeidsopdrag sou in al sy lewensbehoefte voorsien het. Die sondeval beïnvloed die uitvoering van die arbeidsopdrag sowel as die vergoeding vir arbeid negatief. Gehoorsaamheid aan die arbeidsopdrag bly egter primêr, omdat dit die bron van vergoeding en lewensonderhoud is. Vergoeding is nie moontlik sonder arbeid nie. Die negatiewe uitwerking van die sondeval op vergoeding behoort behandel te word wanneer die geleentheid om te werk, wel bestaan. Dit is teen hierdie agtergrond dat geoordeel word dat meer werkgeleenthede 'n prioriteit behoort te wees. Dit impliseer nie dat uitbuiting van werkers toegelaat kan word nie. 'n Werkgewer mag nie homself verryk deur 'n werksituasie ter wille van eie gewin uit te buit nie.

In die lig van bogenoemde is dit belangrik dat al die verskillende rolspelers wat 'n invloed het op die aantal werkgeleenthede in die land, sal poog om soveel moontlik werkgeleenthede daar te stel. Die proses van groeiende werkloosheid behoort so ver moontlik gestuit te word, deur bestaande werkgeleenthede te beskerm.

Pogings deur die regering, die grootste werkgewer in die land, om oortollige werkers nie af te dank nie, maar na vakante poste te skuif, is lofwaardig. Vir elke gelowige werkgewer behoort dit 'n gewetensaak te wees, om werkgeleenthede so ver moontlik te behou en nie sonder rede af te skaf nie. Werkgewers moet in die lig van die Bybelse beginsels die noodsaak van tegnologiese vooruitgang voortdurend opweeg teen die werkverlies wat dit kan meebring – en die gepaardgaande verlies aan vergoeding van werklose mense in berekening bring.

Dit is die regering se taak om tot beswil van sy onderdane te regeer. Dit geld ook vir die arbeidsterrein waar die owerheid so behoort te regeer, dat die onderdane hul Godgegewe arbeidsopdrag kan nakom. Daarom dra die regering 'n groot verantwoordelikheid, om toe te sien dat arbeidswetgewing sover moontlik tot meer werkgeleenthede sal lei en nie tot verdere werkloosheid nie. Hoewel goed bedoelde arbeidswetgewing wat sedert 1994 ingestel is in 'n groot mate ten doel het om die vergoeding van werkers en werksomstandighede te verbeter, het dit tot baie werksverliese gelei. Die afskaffing van invoertariewe en globalisasie het tot verdere werkloosheid gelei. Werkloosheid is vererger deur die regering se doelbewuste keuse om nie 'n goedkoop arbeidsmark te hê nie (De Lange, 1998:3). Die regering het 'n moeilike taak om

uiteenlopende doelwitte – soos beter vergoeding en werksomstandighede, posisionering in die wêreld ekonomie en meer werkgeleenthede – met mekaar te versoen. Vanuit 'n teologiese hoek beskou, behoort die verskaffing van meer werkgeleenthede 'n basiese uitgangspunt te wees, in die vasstelling van nuwe wetgewing en regulasies wat op arbeid betrekking het.

Vakbonde het ook 'n groot verantwoordelikheid in die beskerming en vermeerdering van werkgeleenthede. Vakbonde moet daarteen waak dat hul eise en optrede nie daartoe lei dat finansiële voordele wat vir werkers beding word, op stuk van sake tot die permanente vermindering van werkgeleenthede lei nie. Vakbonde het tot dusver hul stakingsmag hoofsaaklik gebruik om beter vergoeding vir lede te beding. Hierdie optrede het ook 'n rol in die vermindering van werkgeleenthede gespeel.

In die nastreef van genoeg werkgeleenthede sal verder gegaan moet word as net die beskerming van bestaande werkgeleenthede. Daar sal gepoog moet word om werkgeleenthede vir werklose mense sowel as nuwe toetreders tot die arbeidsmark te skep. Arbeidsintensiewe werkgeleenthede (bv. onderstandswerke) behoort waar moontlik, voorkeur bo gemeganiseerde arbeid te geniet (vgl. Milani, 2003:2).

'n Groot verpligting rus op elke werklose persoon en toekomstige werker. Die arbeidsopdrag is nie net 'n kollektiewe opdrag aan die mensdom nie. Dit is ook 'n persoonlike opdrag wat vir elke individu geld. Daarom behoort werklose mense nooit in hul situasie te berus nie, maar moet hulle dit oorweeg om eerder laagbesoldigde of onbetaalde werk (bv. welsynswerk) te doen. Sodoende word God se arbeidsopdrag steeds gehoorsaam (Van Wyk, 1996:173). Aangesien die vraag na geskoolde arbeid toeneem, terwyl die vraag na ongeskoolde arbeid afneem (Dasnois, 2000:1), behoort voornemende werkers (skoliere en studente) hulle so goed moontlik te bekwaam vir beroepe waar daar 'n tekort aan werkers is.

Pogings uit die privaat sektor om werkers wat hul poste verloor het nuwe vaardighede aan te leer, is prysenswaardig. So ook is die inisiatiewe van vakbonde en die regering wat nuwe werkgeleenthede probeer skep. Hierdie inisiatiewe moet nie net gedagtes bly nie, maar daadwerklik tot uitvoer gebring word. Die staat behoort sonder verwyldheid wat vir vaardigheidsontwikkeling en werkskepping beskikbaar is (Anon., 2003k:12; Sefara, 2002b:3), daarvoor aan te wend.

Hoewel alle verskillende rolspelers 'n verantwoordelikheid het om toe te sien dat daar meer werkgeleenthede geskep word, het gelowiges in die privaat sektor, regering en staatsdiens 'n besondere verantwoordelikheid in hierdie verband. Vir gelowiges is 'n werkgeleentheid meer as 'n oorlewingsmeganisme. 'n Werkgeleentheid stel iemand in staat om God en sy naaste deur sy arbeid te dien. Daarom behoort gelowiges daarop ingestel te wees om meer werkgeleenthede te skep.

Aangesien die herskepping nog nie voltooi is nie, is dit verstaanbaar dat werkers steeds vanweë onder meer werkloosheid sal ly. Die gelowige werklose kan weet dat, ten spyte van sy moeilike situasie, sy arbeid (of gebrek aan arbeid) nie sy verlossing voorafgaan nie. Sy heil verkry hy nie deur sy arbeid nie. Selfs al kan die werklose nie homself onderhou nie (en so sy skeppingsdoel nakom nie), behoort hy uit dankbaarheid vir sy verlossing steeds werksaam te probeer wees (bv. deur welsynwerk te doen). So kan hy ongeag sy werkloosheid vreugde ondervind, wanneer hy tot God se eer besig is. Hy vertoon Christus se beeld, in afwagting van die voltooiing van die mens (werker) en die aarde (werkplek) se herskepping.

5.2.2 Kinderarbeid

Die Bybelse arbeidsopdrag geld in beginsel vir alle mense, omdat alle mense na God se beeld geskape en die arbeidsopdrag (Gen 1:28) 'n universele opdrag is. Daarom geld die arbeidsopdrag in beginsel ook vir kinders en word in die Bybel geen verbod gevind wat kinders verbied om te werk nie. In die Bybel is verskillende voorbeelde van jongmense wat in hul tienerjare werksaam was. Hierdie werk is gewoonlik aan huis of saam met familie gedoen en was daarop gerig om die huishouding te help, maar ook om jongmense toe te rus om mettertyd selfstandig te werk, en in hul eie behoeftes te voorsien. Daar is nie van jongmense verwag om dieselfde werk as ouer werkers te verrig nie. Die arbeid wat kinders verrig het, het nie hul ouers se versorgingsplig opgehef nie (vgl. 2 Kor. 12:14). Kinders het ook 'n verantwoordelikheid teenoor hul ouers (1 Tim 5:8) gehad. Dit het in besonder gegeld vir kinders wat reeds oud genoeg was om 'n bydrae tot hul familie en die gemeenskap te lewer. Om 'n sinvolle bydrae te lewer, moes kinders eers daarvoor opgevoed en toegerus word. Kinders kon vanweë hul status in die samelewing maklik die prooi van uitbuiting word, veral indien hulle vir hul eie lewensonderhoud verantwoordelik was.

Die uitwerking van die sondeval op die arbeidsterrein word duidelik deur die voorkoms van kinderarbeid in Suid-Afrika geïllustreer. As gevolg van omvangryke werkloosheid in Suid-

Afrika, armoede en die MIV/vigs-pandemie word duisende kinders (jongmense jonger as 18 jaar) gedwing om ter wille van oorlewing te werk en 'n inkomste te verdien. Hierdie jong werkers word swak vergoed. Hul werk maak 'n inbreuk op hul skoolonderrig en is gewoonlik nie daarop gerig om hulle toe te rus om eendag self sinvolle werk te verrig nie. Kinderarbeid dra by tot die groot aantal werklose volwassenes, omdat kinders bereid is om teen lae vergoeding te werk.

Gesien in die lig van die Bybelse perspektiewe op kinderarbeid is dit duidelik dat kinderarbeid soos dit in Suid-Afrika voorkom, nie aan die Bybelse beginsels vir kinderarbeid voldoen nie. Kinders word soms genoodsaak om vanweë hul sosio-ekonomiese omstandighede te werk. Die meeste kinders se arbeid ondermyn behoorlike skoolonderrig. Dit berei kinders gewoonlik nie voor om eendag as volwassenes werk te verrig waar hul vermoëns ten volle benut kan word nie. Derhalwe kan hulle nie 'n goeie vergoeding verdien nie. Kinders in Suid-Afrika werk gewoonlik uit noodweer, en nie om sinvol aan die Bybelse arbeidsopdrag gehoor te gee nie. Hulle is vanweë die aard van hul posisie in die samelewing besonder weerloos en word dikwels uitgebuit.

Die onderliggende oorsake van kinderarbeid (werkloosheid, armoede, MIV/vigs) behoort verdere aandag te geniet. Indien hierdie probleme nie opgelos word nie, sal kinderarbeid bly voortbestaan. Daar is geen vinnige en eenvoudige oplossings vir hierdie probleme nie, maar dit onthef verskillende rolspelers nie van hul verantwoordelikheid om kinderarbeid en die gevolge daarvan te probeer voorkom nie.

Ten spyte van groot armoede behoort ouers hul kinders so ver moontlik goeie skoolonderrig te laat geniet, sodat hulle die geleentheid kan hê om hul vermoëns so goed moontlik te ontwikkel, met die oog op 'n betrekking in die arbeidsmark. Op kinders rus weer die verantwoordelikheid om die geleentheid wat hulle het om onderrig te ontvang, na die beste van hul vermoëns te gebruik. Sodoende word hulle dan toegerus vir betrekkinge waar hul vermoëns aangewend kan word, en hulle dienoreenskomstig vergoeding kan ontvang.

Die ondertekening van verskillende konvensies met betrekking tot kinderarbeid deur die regering, is 'n positiewe stap met die oog op die bekamping van kinderarbeid, aangesien dit die owerheid verbind om daarteen op te tree. Wetgewing wat aangeneem is en wat kinders onder die ouderdom van 15 (die ouderdom waartoe alle kinders skoolpligtig is) verbied om te werk, is in die algemeen positief. 'n Tekortkoming in die wetgewing is dat dit geen ruimte laat vir kinders

om in gekontroleerde omstandighede werk te verrig wat gerig is op vaardighedsontwikkeling of om families in nood te help nie. In 'n land soos Suid-Afrika – waar daar 'n groot gebrek aan vaardighede is – behoort besin te word of kinders onder die ouderdom van 15 jaar in sekere omstandighede nie toegelaat behoort te word om te werk nie, met die doel om hulle voor te berei en op te lei vir 'n sinvolle beroep. Hierdie saak het sterk in die soeklig gekom, na aanleiding van die eerste hofspraak waarin werkgewers skuldig bevind is aan die verskaffing van werk aan kinders. Die eienaars van 'n plaas is daaraan skuldig bevind dat hulle kinders tydens 'n skoolvakansie in diens geneem het (op versoek van die kinders se ouers), om vrugte te pluk en op te tel. Die werk wat die kinders verrig het, het nie inbreuk op hul skoolonderrig gemaak nie en dit het hulle ook nie fisies, geestelik of andersins benadeel nie (Anon., 2002j:10).

Botha (1992:22) het reeds in 1992 voorgestel dat kinders toegelaat behoort te word om onder sekere voorwaardes te werk. Volgens die voorstel moet die werk wat kinders verrig, nie tot die ontwrigting van hul skoolonderrig lei nie, hulle nie fisies of geestelik benadeel of tot nadeel van volwasse werkers wees nie. Die vergoeding wat hul ontvang moet ook billik (markverwant) wees, sodat dit nie werkgeleenthede van volwasse werkers in die gevaar stel nie. Waar kinderarbeid in gekontroleerde toestande verrig word, kan dit bydra tot die ontwikkeling van 'n gesonde werksetiek, die aanleer van vaardighede en 'n kind in staat stel om sakgeld te verdien. Gesien teen die agtergrond van die huidige Suid-Afrikaanse arbeidsituasie verdien Botha se voorstelle verdere ondersoek, met die oog daarop om kinders die geleentheid te gee om aan die Bybelse arbeidsopdrag gehoorsaam te wees, sonder dat hulle benadeel of uitgebuit word.

Omdat kinderarbeid in Suid-Afrika in verreweg die meeste gevalle uit noodweer gedoen word, behoort hierdie kinders (en hul families) gehelp te word, sodat hulle hulself behoorlik kan voorberei om eendag hul vermoëns na behore te gebruik. In dié opsig rus daar 'n groot verantwoordelikheid op gelowiges om hul hul mede-gelowiges in nood by te staan (vgl. Hand. 2:43-47; 4:32-37); en die geleentheid vir kinders te skep om hulself te bekwaam, om as toegeruste werkers oor God se skepping te heers.

Gelowige werkers het 'n besondere verantwoordelikheid om kinders toe te rus vir die arbeidsmark, terwyl hulle teen uitbuiting beskerm word. Kinders kom van God en is vir hom belangrik (vgl. Mark 5:21-43; 10:13-16). Hoewel kinderarbeid en die gepaardgaande probleme waarskynlik nog 'n geruime tyd in Suid-Afrika teenwoordig gaan wees, kan dit nie sonder meer aanvaar word nie. Gelowiges behoort 'n voorbeeld te stel in die opvoeding en beskerming van kinders, in aspekte rakende die arbeidsterrein. Hulle behoort so toegerus te word dat hulle God

se beeld kan vertoon. Hiervoor is die leiding van God se Gees onontbeerlik, sodat God se wil gesoek sal word, ten spyte van al die faktore wat aanleiding gee tot kinderarbeid.

5.2.3 MIV/vigs

God gee aan die mens lewe en gesondheid. Gesondheid is vir elke werker belangrik sodat hy sy Godgegewe arbeidsopdrag kan nakom. Daardeur kan die mens God kan dien, homself en sy afhanklikes versorg en sy rol in die samelewing vervul. As gevolg van die sondeval gebeur dit soms dat sommige mense vanweë siekte nie in staat is om te werk nie, en dan van ander werkers afhanklik word vir hul lewensbehoeftes. Waar 'n werker weens die optrede van 'n ander persoon nie sy werk kan verrig nie (bv. as gevolg van 'n besering wat 'n werker toegedien is), is die skuldige verplig om die werker te vergoed, sodat hy nie 'n gebrek aan lewensbehoeftes het nie. Die implikasie is dat elke werker ook na sy eie lewe en gesondheid sal omsien, sodat hy kan leef en werk om in sy eie en sy afhanklikes se behoeftes te voorsien.

MIV/vigs is 'n siekte waarvoor tans geen geneesmiddel bestaan nie. In Suid-Afrika het meer as 5 miljoen mense reeds die MI-virus opgedoen. Die meeste hiervan is mense wat nog redelik aan die begin van hul arbeidsloopbaan staan. In verreweg die meeste gevalle doen werkers MIV/vigs weens hul eie optrede, die optrede van lewensmaats of die optrede van hul moeders op. Hul optrede hou verband met die oortreding van die sewende gebod. Die MI-virus word meestal oorgedra deur seksuele omgang. Waar mense voorhuweliks nie seksueel aktief is nie en na huweliksluiting getrou aan hul huweliksmaats bly, is die kanse uiters gering dat hulle die MI-virus kan opdoen.

Aangesien MIV/vigs 'n siekte is waarvan die besmetting tot 'n groot mate deur werkers self voorkom kan word, rus daar 'n groot verantwoordelikheid op werkers om toe te sien dat hulle nie geïnfekteer word nie. Onverantwoordelike optrede kan veroorsaak dat werkers MIV/vigs opdoen en daarmee hul vermoë om te werk, vergoeding daarvoor te ontvang en 'n bydrae tot hul medemens en die samelewing te lewer, kortwiek en selfs beëindig. In plaas daarvan dat hulle hulself en hul afhanklikes onderhou en hul vermoëns tot voordeel van hul naaste aanwend, word hulle afhanklik van andere. Dikwels raak vigslyers afhanklik van diegene wat eintlik direk van hulle afhanklik is, naamlik hul kinders.

Dit is vanuit 'n arbeidsetiese hoek uiters belangrik dat MIV/vigs sover moontlik voorkom moet word en dat geïnfekteerdes ondersteun en gehelp moet word. Verskillende rolspelers dra 'n

groot verantwoordelikheid in die voorkoming van die siekte en die onderskraging van geïnfekteerdes en siekes.

Werkers behoort groter verantwoordelikheid aan die dag te lê, met betrekking tot hul seksuele gedrag en die nakoming van die sewende gebod. Die verontagsaming van die gebod kan daartoe lei dat hulle nie hul Godgegewe arbeidsopdrag na behore kan nakom nie, en hulle afhanklik raak van andere – in plaas daarvan dat hulle hulself versorg en 'n bydrae lewer teenoor die samelewing. Die opdrag aan die Efesiërs (Ef. 4:7-19) – om nie meer soos heidene te leef wat hulle met 'n onversadigbare drang na losbandigheid oorgegee het nie – geld ook vir gelowiges wat gevaar staan om vanweë 'n sondige lewenstyl die MI-virus op te doen. So 'n sondige lewenstyl hoort by die ou lewe, waarvan Christus gelowiges verlos het. Die Heilige Gees bepaal die gedrag van mense wat in Christus 'n nuwe lewe lei. Waar gelowiges hul vryheid in Christus gebruik om te breek met 'n ou, sondige lewenstyl en hulle deur God se Gees laat vernuwe, sal MIV/vigs feitlik geen gevaar meer inhou nie. Die inwoning van God se Gees in gelowiges se liggame is 'n verdere rede waarom gelowiges die sewende gebod behoort na te kom, en God deur hulle liggame te verheerlik.

Die sondige optrede van werkers wat hul eie gesondheid benadeel, hef nie die verantwoordelikheid van die gemeenskap, werkgewers of die staat op teenoor MIV/vigslyers nie. In navolging van Jesus Christus het gelowiges die plig om teenoor alle mense goed te doen (Gal. 6:10). Jesus Christus het juis ter wille van sondaars na die aarde toe gekom. Dit sluit mense in wat hulself aan die oortreding van die sewende gebod skuldig maak (vgl. Joh. 8:1-11). Gelowiges behoort as lig vir die wêreld 'n voorbeeld te stel oor hoe om seksualiteit verantwoordelik te gebruik. Hulle het ook 'n besondere verantwoordelikheid om uit dankbaarheid vir hul verlossing noodlydendes te help. Dit sluit siek en sterwende vigslyers, hul families en vigswesies in.

Werkgewers het ook 'n verantwoordelikheid teenoor MIV-lyers. Pogings deur werkgewers om werkers oor die siekte in te lig en ook om anti-retrovirale middels te verskaf, moet positief geoordeel en behoort ook so ver moontlik uitgebrei te word. Gelowige werkgewers behoort die sewende gebod as basis te gebruik, in die aanbieding van vigsprogramme by werkplekke. Werkgewers behoort MIV/vigslyers so lank moontlik in diens te hou en hulle te vergoed vir die werk wat hulle lewer. Werkgewers behoort ook kragtens die liefdesbeginsel siek werkers so ver moontlik by te staan. Hoewel werkgewers die morele plig het om siek werkers by te staan, sal die bystand afhanklik wees van die vermoë van 'n werkgewer om bystand te verleen.

Terwyl werkgewers 'n verantwoordelikheid het om teenoor MIV/vigslyers te bly goed doen, het werkers en organisasies wat hulle verteenwoordig, ook verantwoordelikhede wat hulle moet nakom. Vakbonde, MIV/vigs-organisasies en die Arbeidsektor van die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap is gekant teen werkgewers wat voornemende werknemers laat toets om hul MIV-status vas te stel (Anon., 2004b; Sefara, 2003b:1). Volgens hul mening behoort voornemende werknemers slegs algemene doktersondersoeke te ondergaan, sonder dat daar spesifiek ondersoek gedoen word of die persoon aan MIV/vigs ly. In die lig van die omvang van MIV/vigs en die koste verbonde aan die gevolge van die siekte, moet die siening van vakbonde en MIV/vigs-organisasies bevraagteken word. Dit is aanvaarbaar dat voornemende werkers psigometriese en ander toetse kan ondergaan, om hul geskiktheid vir 'n pos vas te stel en sodat die geskikste kandidaat gevind kan word. In die lig hiervan behoort werkgewers ook die geleentheid te kry om die fisiese geskiktheid van kandidate in ag te neem, veral vir poste waar groot bedrae geld aan die opleiding van werknemers of voornemende werknemers bestee word, of waar die fisiese welstand van werkers van deurslaggewende belang is (bv. soldate). Indien werkgewers voornemende werknemers se fisiese potensiaal en vermoë wil toets, behoort daar konsekwent opgetree te word, en behoort dit ook ten opsigte van ander ernstige siektes gedoen te word (vgl. Rossouw, 1994:104).

Die regering behoort 'n baie duideliker standpunt oor MIV/vigs te hê. Die ideaal is dat die staat die sewende gebod as basis in voorkomingsprogramme sal gebruik. Seksuele onthouding voor die huwelik en huwelikstrou na huweliksluiting behoort aangemoedig te word. In die opsig rus daar 'n groot verantwoordelikheid op gelowige beleidmakers, om druk uit te oefen dat die sewende gebod as basis in die regering se MIV/vigs-voorkomingsprogramme gebruik word. Gelowiges in die regering behoort ook druk uit te oefen dat die staat anti-retrovirale middels vinniger en meer algemeen beskikbaar stel, sodat siek mense behandeling kan ontvang. Die sesde gebod vereis immers dat mense se lewens so ver moontlik beskerm moet word. Dit sluit ook mense in wat vir hul eie siektetoestand verantwoordelik is. Die toediening van anti-retrovirale middels kan siek werkers in staat stel om so lank moontlik te bly werk en in hul eie (en hul afhanklikes) se behoeftes te kan voorsien. Dit is tot voordeel van die werkers, die staat én die samelewing as werkers so lank moontlik ekonomies onafhanklik is, en deur hul arbeid 'n bydrae tot die gemeenskap en die ekonomie lewer. Vanuit 'n teologiese hoek beskou, stel die toediening van anti-retrovirale middels werkers in staat om so lank moontlik God se arbeidopdrag uit te voer.

5.2.4 Dobbelary

Die mens se daaglikse onderhoud is ten nouste aan sy arbeid gekoppel. God het die mens so geskep dat hy deur sy arbeid in sy lewensonderhoud kan voorsien. Die vergoeding wat die werker vir sy arbeid ontvang en waarmee hy homself kan onderhou, behoort in wese steeds nie aan hom nie. God bly die Eienaar van alles wat Hy geskep het. Die mens is slegs 'n rentmeester daarvan. Daarom moet 'n mens met verantwoordelikheid omgaan met dit wat God onder sy beheer geplaas het. Dit sluit die vergoeding vir sy arbeid in.

Voorts is die mens se arbeid nie net op homself gerig nie. Dit behoort ook op die naaste gerig te wees. 'n Suksesvolle samelewing is van die arbeid van die verskillende lede in die samelewing afhanklik. 'n Samelewing kan net suksesvol funksioneer wanneer werkers hul verskillende eienskappe, vermoëns en talente tot voordeel van die gemeenskap aanwend. Arbeid behoort daarop gerig te wees om die samelewing te bevoordeel, en nie om mense in die samelewing uit te buit nie.

By die beoordeling van dobbelary is dit belangrik om in gedagte te hou dat die mens 'n verantwoordelikheid teenoor sy naaste het. Hy het 'n individuele en kollektiewe verantwoordelikheid. Die kollektiewe verantwoordelikheid word gewoonlik deur die staat en die kerk behartig, deur die insameling van belasting en barmhartigheidsoffers wat weer in die vorm van pensioene, toelaes en hulp aan noodlydendes uitbetaal word. Elke mens het ook 'n individuele verantwoordelikheid teenoor sy naaste, wat onder meer insluit dat hy die belange van sy naaste sal bevorder en sy naaste in nood sal help (vgl. Heidelbergse Kategismus 42:111).

Amptelik word dobbelary (in sy verskillende vorme) as 'n vorm van vermaak beskou. Indien dobbelary wel net 'n vorm van vermaak is, sou mens kon oordeel dat dit 'n verkwisting van geld is. Verdermeer kan ook geoordeel word dat die dobbelaar nie sy rentmeesterskap met verantwoordelikheid nakom nie, maar gawes wat van God kom, verkwis. Dobbelary kan egter nie net as 'n onskuldige vorm van vermaak beskou word nie. Dit is daarop ingestel om wins te maak, uit iemand anders se verlies. Hierdie optrede bots lynreg met die Christelike liefdesbeginsel, wat juis daarop ingestel is om nie die naaste te benadeel nie, maar sy belange te bevorder (Field, 1995:402).

Talle Suid-Afrikaners beskou dobbel nie as vermaak nie, maar as 'n werk. Wanneer dobbel as 'n werk beskou word, met die oog op die verdiening van 'n inkomste, moet dit steeds negatief

beoordeel word. Die werksame God het die mens so na sy beeld geskape, dat hy deur sy arbeid God se beeld vertoon. Die mens wat deur sy arbeid God se beeld vertoon, kan van sy arbeid leef. Met dobbelary is dit anders. Die inkomste wat uit dobbelary verkry word, hang nie van die arbeidsinset af nie, maar van geluk. Daarom gebeur dit dat dobbelaars dikwels baie “werk”, maar geen vergoeding ontvang nie en hul geld inderdaad verloor. Waar die arbeidsopdrag getrou uitgevoer word, het ’n werker die reg om daarvoor vergoed te word. By dobbelary is dit nie so nie, omdat die verlies van die vrug van die mens se arbeid inherent aan dobbelary is. By dobbelary is daar geen sprake dat die arbeider sy loon werd is nie. Geen ware loon kan uitbetaal word nie, omdat geen konstruktiewe arbeid tot voordeel van die “werker” of die gemeenskap verrig is nie. ’n Dobbelaar se vermoëns en talente lewer nie ’n bydrae tot die samelewing nie, omdat die “arbeid” wat hy verrig, nie die naaste dien nie. Die “vergoeding” wat dobbelaars ontvang, is ook geen vergoeding in die ware sin van die woord nie. Die “vergoeding” is die resultaat van geluk en nie van harde werk nie.

Waar dobbelary as ’n werk beoefen word, word dit nie met die regte ingesteldheid teenoor werk gedoen nie. In dobbelary word op geluk vertrou, om vergoeding vir “werk” te ontvang. Daarteenoor is die regte ingesteldheid dat ’n werker getrou sy werk sal doen terwyl hy vertrou dat God hom sal versorg.

Dobbelary word aangevuur deur begeerte en gierigheid, wat op hul beurt weer luiheid, verdere gierigheid en hebsug stimuleer. Dit is alles eienskappe van die ou mens wat nog ’n slaaf van sonde is (Ef. 5:3-5). God se Gees werk in gelowiges ’n gesindheid van hardwerkendheid (Ef. 4:28), sodat hulle in hul eie onderhoud en in die onderhoud van die afhanklikes in die samelewing sal voorsien. Die sondige gesindheid wat dikwels ten grondslag van dobbelary lê, dra slegte vrugte (vgl. Luk. 6:43-45). Dobbelary ondermyn ’n gesonde, Bybelgetroue arbeidsetiek en skep ’n vals beeld van hoe ’n mens homself moet versorg. Op die duur kan dit ’n vernietigende effek op die gemeenskap hê, omdat ’n dobbelaar se “arbeid” net op homself gerig is en geen bydrae lewer om in iemand anders se behoeftes te voorsien nie.

Talle mense neem aan dobbelary deel, in die hoop om deur hierdie arbeidsvorm van hul moeilike omstandighede bevry te word. Soos by enige ander arbeidsvorm bied dit geen ware bevryding nie, en veroorsaak dikwels groter ellende. Omdat baie mense dobbel met geld waarmee hulle andersins verbruiksgoedere sou gekoop het, het dit ’n uitkringende negatiewe uitwerking op ander bedrywe en nywerhede waar mense werk. Laer verbruik van goedere lei uiteindelik tot minder werkgeleenthede (Warby & Adams, 2002:1).

Die gevolge van dobbelary is uiters negatief, soos blyk uit die erkenning van persone wat ten nouste by die dobbelbedryf betrokke is. Enkele mense word bevoordeel, ten koste van baie meer mense wat in menige gevalle ernstig benadeel word. Waar mense aan dobbelary verslaaf raak, is die gevolge nog ernstiger vir die dobbelaars en hul afhanklikes.

Lotery word beskou as 'n metode om vrywillig geld van vermoënde mense te ontvang, en dan aan liefdadigheidsorganisasies te skenk. Hoewel die motief edel mag klink, is dit uit die praktyk uit duidelik dat deelnemers aan lotery nie daaraan deelneem met die doel om liefdesdiens te doen nie. Hulle neem deel met die doel om geld te wen (vgl. Nieuwoudt, 2002:3; Sangqu, 2003:23). Die praktyk het tot dusver getoon dat veral arm mense aan lotery deelneem. Daarom word dit as 'n vorm van belasting beskou wat deur arm mense betaal word (Cosatu, 2002; Maluleke, 2003:4; Anon., 2001c:2). Arm gemeenskappe baat nie werklik by dobbelary nie. Ongeveer 50% van die geld wat met lotery geïen word, word as wengeld aan individue uitbetaal. Slegs 23% van die geld wat aan lotery bestee word, word aan verdienstelike aansoekers uitgekeer (Leuvennink, 2002:1). Die geld word nie aan behoeftige individue uitgekeer nie, maar aan gemeenskapsorganisasies. Dit sou baie meer Bybelsverantwoord wees om belasting te hef, wat dan op 'n verantwoordelike manier onder verdienstelike organisasies versprei word.

Provinsiale regerings baat by dobbelary, deur middel van die belasting wat hulle ontvang. Hulle raak van die geld afhanklik, om hul begrotings te laat kloep (Mkhondo, 2000:12). Owerhede behoort eerder deur middel van belastings die geld wat nodig is vir hul werksaamhede te in, as om geld te gebruik wat veral die arm deel van die bevolking verder verarm.

Die oënskynlik enigste positiewe aspek van dobbelary is die nuwe werkgeleenthede wat uit die bedryf tot stand gekom het. Hoewel die werk wat mense in die dobbelbedryf doen nie op sigself noodwendig verkeerd is nie (bv. rekenmeesters- of sekuriteitswerk), is die verkeerde daarin dat geld vir die vergoeding van hierdie werkers uit 'n onaanvaarbare praktyk gegenereer word. Die verandering in dobbelwetgewing met die doel om die bedryf so te reguleer dat dobbelary nie op die swartmark en in onwettige kroeë plaasvind nie, het nie die wese van dobbelary verander nie. Dit het eerder meer mense gelok om aan praktyke wat eties nie geregverdig kan word nie, deel te neem.

In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat die wettiging en toename van talle dobbelpraktyke in Suid-Afrika sedert 1994, nie eties verantwoordbaar is nie. Met dobbelary word geen positiewe arbeid verrig nie. Miljoene mense staan die vrug van hul arbeid aan enkelinge af, wat

nie daarvoor gewerk het nie. Dobbeldary kan nie vir die gelowige 'n geoorloofde beroep wees nie, omdat enige beroep wat in sigself onsedelik is (soos dobbeldary), onaanvaarbaar is.

5.2.5 Onwettige immigrasie

Die mens het saam met sy abeidsopdrag die opdrag gekry om die aarde te bewoon (Gen. 1:28). In beginsel het 'n werker die reg om op enige plek op aarde te werk, met die oog daarop om vergoeding te verdien en homself en sy afhanklikes te onderhou. In 'n volmaakte bedeling sou daar genoeg werkgeleenthede vir die inwoners van elke land gewees het. Weens die sondeval gebeur dit dat daar nie oral genoeg werkgeleenthede is nie. Ook word werkers nie oral na behore vir hul arbeid vergoed nie. Dit dwing werkers om elders (selfs in ander lande) werk te soek.

Op grond van die opdrag om die aarde te bewoon en te bewerk, is dit in beginsel nie verkeerd dat mense op enige plek ter wêreld die geleentheid soek om te werk nie. Die opdrag om te werk en die aarde te bewoon, is nie losstaande van reëlins wat owerhede met betrekking tot werkers en hul arbeid tref nie. Owerhede het 'n besondere verantwoordelikheid teenoor die burgers van 'n land wat onder hul jurisdiksie val. Die owerhede moet tot hul beswil regeer (Rom 13:4), sodat hulle 'n rustige en stil lewe kan lei, waarin hulle hulself aan God kan toewy (1 Tim. 2:2). Owerhede staan onder die verpligting om ook oor arbeidskwessies so te regeer, dat dit tot beswil van hul onderdane is.

Bogenoemde impliseer dat 'n land se owerheid sake so behoort te orden, dat werknemers rustig hul werk kan doen. Wetgewing behoort tot beswil van die wetsgehoorsame werkers (en werkgewers) van 'n land te wees.

By die beoordeling van die invloed van onwettige immigrante op die vergoeding wat werkers ontvang, is dit belangrik om daarop te let dat dit nie gaan oor wettige immigrante wat die land binnekom en op 'n aanvaarbare manier werk soek en vind nie. Onwettige immigrante is mense wat die wette oortree in die manier waarop hulle die land binnekom, werk bekom en selfs permanent vestig. Deur hul onwettige optrede onderwerp hulle hulself nie aan die gesag wat God daar gestel het nie.

Hoewel onwettige immigrante die land se wette oortree, doen die meeste van hulle dit ter wille van oorlewing. In die lande van hul herkoms is daar gewoonlik weinig werkgeleenthede. Die werk wat hulle in Suid-Afrika verrig, is in die meeste gevalle ongeskoolde arbeid. In hierdie

sektor is daar reeds 'n ooraanbod van werkers. Onwettige immigrante wat in hierdie sektor om 'n werkgeleentheid meeding, vererger net die werkloosheidsprobleem. Onwettige immigrante het ook 'n negatiewe uitwerking op die arbeidsmark, omdat hulle gewoonlik bereid is om vir laer lone te werk. Dit veroorsaak spanning in die arbeidsmark.

Die owerheid het 'n taak om plaaslike werkers se werkgeleenthede te beskerm (tot hul beswil te regeer). Dit is altyd beter om 'n probleem te probeer voorkom, eerder as om dit na die tyd te probeer oplos. In hierdie verband kan beter grensbeheer baie doen om onwettige immigrasie te voorkom. Dit sal onnodige spanning op die plaaslike arbeidsmark voorkom, werkgeleenthede vir wettige (en wetsgehoorsame) burgers beskerm, voorkom dat plaaslike werkgewers in die versoeking kom om onwettige immigrante in diens te neem en die hoë koste van repatriasie besnoei. Die repatriëring van immigrante wat daarin geslaag het om wel die land onwettig binne te kom (en ook hier werk), behoort ook met meer erns en doeltreffendheid gedoen te word.

Boetes wat werkgewers opgelê word wanneer hulle onwettige immigrante in diens neem, is 'n positiewe stap om werkgewers af te skrik. Dit bly egter eties bevraagtekenbaar dat die owerheid weinig doen om onwettige immigrasie te voorkom, of om streng teen onwettige immigrante op te tree, maar wel streng optree teen werkgewers wat onwettige immigrante in diens neem. Indien toegelaat word dat onwettige immigrante in die land woon, behoort hulle ook toegelaat te word om te kan werk. Indien hulle nie mag werk nie, maar wel (nie-amptelik) toegelaat word om die land binne te kom en hier te woon, kan hulle daartoe gedryf word om ter wille van oorlewing misdaad te pleeg.

Werkgewers staan onder 'n verpligting om nie ter wille van eie gewin weerlose, onwettige immigrante in diens te neem en hulle dan uit te buit nie. Die land se wette word oortree wanneer onwettige immigrante in diens geneem word (ten spyte van die etiese probleme wat daarmee saamhang, soos reeds uitgewys), en dit moedig meer mense aan om die land onwettig binne te kom. Talle onwettige immigrante bedreig ook plaaslike werkgeleenthede.

Hoewel Suid-Afrika se regering 'n besondere verantwoordelikheid teenoor sy eie onderdane het, sluit dit nie die land se verantwoordelikheid teenoor inwoners van ander sukkelende lande uit nie. Die realiteit is egter dat die Suid-Afrika self beperkte hulpbronne het, wat dit onmoontlik maak om ander lande se ekonomiese probleme (die hooforsaak van onwettige immigrasie) op te los (vgl. Anon., 2003:15). Die ideaal waarna gestreef behoort te word, is om die oorsaak waarom werkers na Suid-Afrika stroom, te behandel. Dan sal dit nie vir werkers uit ander lande

nodig wees om hier werk te soek nie. Die behandeling van die oorsake is nie eenvoudig nie en vereis toegewyde optrede deur verskillende rolspelers. Dit sluit onder meer optrede deur die immigrante self in, wat hul stemreg in die lande van hul herkoms behoort te gebruik, om regeringsverteenwoordigers te kies wat sal toesien dat die arbeidsopset in hul lande van burgerskap meer positief is.

'n Sterker roepingsbewustheid by onwettige immigrante is waarskynlik ook nodig, sodat hulle hul vermoëns sal ontwikkel en gebruik om die lande van hul herkoms te ontwikkel, en meer werkgeleenthede te skep. Elke inwoner het die plig om sy eie vermoëns ter wille van homself en sy naaste aan te wend; en die aarde waar hy ook woon te bewerk en te ontwikkel. So 'n ingesteldheid kan bydra dat onwettige immigrante self werkskeppend sal optree, in plaas daarvan om die bestaande werkgeleenthede in ander lande te beset. Vir so 'n ingesteldheid sal werkers tot die begrip moet kom dat hulle rentmeesters is, wat die (arbeids-) wêreld in hul eie lande kan verander (vgl. Van der Walt, 1999:117). 'n Arbeidsbeskouing gegrond op die Woord van God is onderliggend aan 'n ingesteldheid van rentmeesterskap. So 'n ingesteldheid vereis gehoorsaamheid aan God se Gees, wat nuwe lewe in 'n mens werk. Hierdie nuwe lewe het 'n invloed op die mens se arbeidsbeskouing.

Werkers is nie die enigste rolspelers in die bekamping van onwettige immigrasie nie. Regerings behoort verantwoordelikheid vir hul eie optrede te neem en die klimaat vir meer en beter werkgeleenthede daar te stel. Die uitgangspunt behoort te wees dat regerings hul gesag van God ontvang het en dat hulle tot beswil van hul onderdane moet regeer. Verskillende meganismes (bv. die opstel en toepassing van wetgewing, gesprekvoering met lande waaruit onwettige immigrante kom en besprekings op internasionale forums) behoort gebruik te word, om hierdie probleem te probeer oplos.

Die Suid-Afrikaanse regering behoort ook onwettige immigrante op 'n meer gedifferensieerde wyse te behandel. Onwettige immigrante wat tot beswil van die land se inwoners optree, deur byvoorbeeld werkgeleenthede te skep of internasionale handel te bevorder, se optrede kan moontlik gewettig word. Onwettige immigrante wat werk verrig waaraan daar in elk geval 'n tekort aan vaardighede in die land is, kan ook tegemoet gekom word.

5.2.6 Goedkoop invoere

Die mens het in beginsel die reg om dwarsoor die wêreld te werk en vergoeding vir sy arbeid te ontvang. God het nie alle mense presies dieselfde geskape en ook nie dieselfde eienskappe, talente, vermoëns en belangstellings aan hulle gegee nie. Dit het arbeidsverdeling en arbeidsontplooiing tot gevolg. Arbeidsverdeling en arbeidsontplooiing is prosesse wat wêreldwyd plaasvind. Verskillende mense ruil (koop) onder mekaar die verskillende produkte van ander se arbeid, na gelang van wat hulle nodig het of graag wil hê. Op hierdie manier verkry hulle die produkte wat hulle nie self produseer nie. Dit vind nasionaal en internasionaal plaas.

In beginsel is daar geen fout te vind met internasionale handel nie. Dit stel mense in staat om die vrug van die arbeid van werkers oor die hele wêreld te bekom. As gevolg van die sondeval word werkers nie altyd deur die arbeid van werkers in ander wêrelddele bevoordeel nie. Hulle word benadeel as werkers elders goedere produseer en verkoop teen laer pryse as wat werkers dit plaaslik kan verskaf. Hoewel dit in beginsel nie verkeerd is dat daar 'n verskil in werkers se vergoeding is nie, behoort werkers altyd so vergoed te word dat hulle en hul afhanklikes daarvan kan leef. Waar werkers in die buiteland uitgebuit word en goedere goedkoper vervaardig as wat plaaslike werkers dit teen 'n minimum loon kan doen, moet ernstig besin word of die invoer van sulke goedere toegelaat behoort te word. Die lande waar sulke goedere vervaardig en werkers uitgebuit word, het gewoonlik self hoë werkloosheidsyfers. Die verskaffing van werkgeleenthede in sulke lande het 'n direkte invloed op plaaslike werkgeleenthede. In hierdie opsig het die plaaslike owerheid 'n rol om in die beskerming van sy onderdane te speel.

Die owerheid speel 'n belangrike rol in die beskerming van sy onderdane, omdat dit die plig van die owerheid is om tot beswil van sy onderdane te regeer. Daarom behoort die owerheid maatreëls te tref om plaaslike werkers se werkgeleenthede te beskerm, teen onbillike optrede van lande wat hul werkers ten koste van plaaslike werkers bevoordeel. Die regering het reeds verskeie positiewe stappe gedoen om plaaslike werkers se werkgeleenthede te probeer beskerm sodat hulle die geleentheid kan hê om van die vrug van hul arbeid te leef. Die beslaglegging en vernietiging van onwettig ingevoerde nagmaakte produkte van bekende handelsmerke is vanuit arbeidsetiese hoek gesien positief, omdat dit plaaslike werkgeleenthede beskerm.

Die verbod op die invoer van gebruikte klere is positief in die beskerming van plaaslike werkgeleenthede. Dit bring egter ander vrae na vore, soos of dit geregverdig is om die invoer van klere wat eintlik vir arm mense bestem is, totaal te verbied. Dit sou waarskynlik meer

verantwoordbaar wees as strenger beheer toegepas word, sodat die klere die mense vir wie dit bestem is, wel bereik. Sodoende kan arm mense bevoordeel word, sonder om werkgeleenthede in gevaar te stel.

Voor 1994 was daar tariefbeskerming om plaaslike nywerhede te beskerm. Daar is in 'n redelike kort tyd afstand van hierdie beskerming gedoen, met ernstige negatiewe gevolge in sekere sektore van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark. Die owerheid behoort oor hierdie saak ernstig te besin. Tariefbeskerming kan moontlik weer ingestel word vir produkte uit lande waar die werkers wat die produkte vervaardig, ernstig uitgebuit word. Terselfdertyd sal dit meer mense in staat stel om te werk, vergoeding te ontvang en hulself en hul afhanklikes te onderhou.

Dit is positief dat winkelgroepe hulle daartoe verbind het om plaaslik vervaardigde produkte te koop, in 'n poging om werkgeleenthede te beveilig. Die Trots Suid-Afrikaans-veldtog wat mense aanmoedig om plaaslik vervaardigde produkte te koop, behoort ondersteun en aangemoedig te word.

Goedkoop invoere veroorsaak in Suid-Afrika lyding vir werkers wat 'n klein inkomste verdien en dan moet meeding met werkers wat elders in die wêreld uitgebuit word. Hierdie lyding behoort so ver moontlik verlig te word. Die lyding behoort ook nie werkers daarvan te laat afsien om steeds getrou hul arbeidsopdrag te probeer nakom nie. Hoewel gelowige werkers nie gevrywaar is van lyding op die arbeidsveld nie, hef dit nie hul arbeidsopdrag op nie. Die navolging van Jesus Christus wat onskuldig gely het, behoort elke gelowige werker aan te spoor om ten spyte van sy omstandighede, so ver moontlik steeds getrou te werk (vgl. 1 Pet. 2:18-25).

5.3 BEOORDELING VAN FAKTORE WAT HOË VERGOEDING BEVORDER

Die geïdentifiseerde faktore wat sedert 1994 hoër vergoeding tot gevolg het, is regstellende aksie, minimum lone, roof en diefstal, korrupsie, stakings, oorvergoeding en emigrasie. Hierdie faktore word beoordeel in dieselfde volgorde as wat dit in Hoofstuk 4 behandel is.

5.3.1 Regstellende aksie

In beginsel behoort daar geen werkreservering tussen die arbeid wat werkers van verskillende geslagte of rasse verrig nie, te wees nie. God het aan alle mense die opdrag gegee om te werk,

en ook bepaal dat die mens uit die vergoeding wat hy vir sy werk ontvang, sal leef. Dit is 'n universele bepaling wat vir mense van alle rasse en albei geslagte geld.

Produktiwiteit, werksomstandighede, kundigheid, werkgehalte en die samelewingskonteks waarbinne werk verrig word, is regverdigbare faktore wat 'n invloed het op die vergoeding wat werkers ontvang. Ras en geslag behoort nie 'n rol te speel by die vergoeding wat werkers ontvang nie. Voor 1994 het dit gebeur dat vroue soms laer vergoed is vir dieselfde arbeid as wat mans verrig het. Die verskil in vergoeding vir dieselfde arbeid het verder gestrek as 'n verskil in vergoeding tussen mense van verskillende geslagte. Voor 1994 het werkers van verskillende rasse verskillende vergoeding ontvang, ten spyte daarvan dat hulle dikwels dieselfde werk verrig het. Die verskil in vergoeding tussen verskillende rasse is vererger deur werkreservering, wat sekere werkgeleenthede tot sekere rasse beperk het.

Voor en na die regeringsverandering van 1994 is vanuit verskeie oorde gewys op die noodsaak van regstellende aksie, met die doel om "gelyke geleenthede vir alle burgers te fasiliteer en verontregte gemeenskappe te kompenseer vir agterstande" (Van der Merwe, 1994:3). Vanuit 'n Bybelse perspektief is dit duidelik dat een of ander vorm van regstellende aksie sou moes plaasvind, om toe te sien dat werkers van verskillende geslagte en rasse vir hul arbeidsinset vergoed word, sonder inagneming van hul geslag of ras. Reeds voordat met regstellende aksie begin is, is voorsien dat die staat die leiding sou moes neem met die implementering van regstellende aksie-wetgewing en -programme. Die privaatsektor sou nie hiervan uitgesluit wees nie en sou ook regstellende aksie moes toepas (Van der Merwe, 1994:12-16).

Die regering het besluit om regstellende aksie so toe te pas dat die arbeidsektor uiteindelik 'n weerspieëling van die land se bevolking moet wees. Om die doel te behaal, is drie groepe mense aangewys wat kwalifiseer om deur regstellende aksie bevoordeel te word, naamlik vroue, swartes en gestremdes. Regstellende aksie is tot dusver veral ten opsigte van vroue en swartes toegepas; en daarom word regstellende aksie slegs ten opsigte van die twee groepe beoordeel.

Apartheid en diskriminerende wette word gewoonlik voorgehou as die belangrikste redes waarom daar voor 1994 geslagsongelykheid in indiensneming was. Apartheid het 'n rol gespeel in die vergoeding wat swart vroue ontvang het, omdat baie van hulle nie veel bewegingsvryheid gehad het nie, maar in tuislande moes bly en daar moes werk soek. Apartheid was egter nie die enigste rede waarom mans voor 1994 inderdaad beter vergoeding as vroue ontvang het nie.

Arbeidsverdeling tussen mans en vroue is in Suid-Afrika (soos elders in die wêreld) 'n eeue-oue verskynsel, wat reeds onder jagters en bestaansboere voorgekom het. In dié samelewings het die arbeid van die verskillende geslagte mekaar gekomplementeer. Ekonomiese ontwikkeling en beroepsontplooiing het dit die afgelope eeu toenemend moontlik gemaak dat mans en vroue dieselfde beroepe kan beoefen. Die feit dat vrouens kinders in die wêreld bring en meer met hul opvoeding gemoeid is, bring mee dat mans en vroue nie altyd presies dieselfde werk verrig en gevolglik ook nie dieselfde vergoeding ontvang nie.

Daar is in die verlede geredeneer dat mans aangewys is as die broodwinners van hul huise, en dat die vrou se verantwoordelikheid meer op die terrein van die opvoeding van kinders en algemene huishouding is. Om die rede is gereken dat dit regverdig is dat mans meer as vroue verdien, sodat hulle in staat sou wees om hul huishoudings te versorg (vgl. Stoker, 1973:21-25; Duvenage, 1983:249). Die implikasie van hierdie standpunt was dat vroue wat werk (met die uitsondering van vroue wat broodwinners is), nie dieselfde as hul manlike eweknieë vergoed hoef te word nie, omdat hulle nie die broodwinners is nie en hul behoefte nie so groot is nie. Hierdie standpunt het nie die Bybelse beginsel dat die arbeidsopdrag aan die man en vrou gegee is en dat 'n arbeider sy loon werd is, ongeag sy of haar geslag, genoegsaam in ag geneem nie. In beginsel behoort daar nie 'n onderskeid tussen die vergoeding wat vroue en mans ontvang, te wees nie. Die gelyke vergoeding vir mans en vroue wat dieselfde werk doen, is Bybels meer verantwoord.

Apartheid het 'n groot rol gespeel in die vergoeding wat swartes vir hul arbeid ontvang het. Wette het hulle verhoed om sekere poste te beklee, al het hulle die vermoë gehad om die vereiste werk te doen. Ander faktore het weens apartheid ook 'n rol gespeel in die vergoeding wat swart werkers vir hul arbeid ontvang het, soos byvoorbeeld onderwys wat nie op dieselfde standaard as die van blankes was nie en die ver afstande wat swart werkers na hul werkplekke moes aflê. Dit is eties nie aanvaarbaar dat mense nie op grond van hul arbeid vergoed word nie, maar dat ras die grootte van vergoeding bepaal. Regstellende aksie speel 'n belangrike rol, om gelyke vergoeding vir gelyke werk af te dwing.

Die toepassing van regstellende aksie is nie eenvoudig nie, omdat dit nie duidelik is wat die omvang van die benadeling vanweë apartheid was nie. Arbeidsontwikkeling en arbeidsontplooiing het teen die einde van die negentiende eeu baie verder onder blankes gevorder as onder die inheemse inwoners, van wie baie in daardie stadium nog 'n bestaansboerdery gevoer het. Die blankes was afkomstig uit Europa, waar arbeidspesialisasie en

arbeidsontplooiing sedert die Industriële Rewolusie van die agtiende eeu geweldig gevorder het. Die ontdekking van goud en diamante het 'n plaaslike "industriële rewolusie" ontketen, en het arbeidsontplooiing onder die inheemse inwoners van Suid-Afrika baie bevorder. Apartheid het daarna die ontwikkeling en ontplooiing van arbeid onder swart werkers ten gunste van blanke werkers onderdruk. Een van die grootste probleme wat tot dusver weinig aandag geniet het met betrekking tot regstellende aksie, is die vasstelling van die omvang van die benadeling wat swart werkers weens apartheid ondervind het, gesien teen die agtergrond van die verskil in arbeidsontwikkeling en arbeidsontplooiing tussen blank en swart werkers met die instelling van apartheid. Indien daar groter duidelikheid oor bogenoemde saak was, kon dit moontlik bygedra het om te oordeel tot watter mate regstellende aksie toegepas moet word.

Met regstellende aksie probeer die regering sedert 1994 om die Suid-Afrikaanse arbeidsmark meer verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse bevolking te maak. Dit geld nie alleen vir die getal werkers in die arbeidsmark nie, maar dit geld ook vir die verskillende posvlakke in die arbeidsmark. Baie moeite word gedoen om meer vroue en swartes deel te laat kry aan die arbeidsmark, veral op posvlakke wat in die verlede deur blanke mans oorheers is.

Die druk wat deur regstellende aksie toegepas word om vroue en swart werkers volgens hul arbeidsinset te vergoed, is eties regverdigbaar en behoort ondersteun te word, omdat die arbeider sy loon verdien. Om gelyke lone vir gelyke werk af te dwing, is redelik eenvoudig en maklik afdwingbaar. Regstellende aksie gaan egter verder as dit. Werkgewers moet toesien dat hul werkerskorps mettertyd die bevolking van die land ten opsigte van geslags- en rasseverteenvoording weerspieël. Die Wet op Gelyke Indiensneming bepaal dat persone uit die aangewese groepe aangestel moet word, indien hulle dieselfde kwalifikasie as aansoekers uit die nie-aangewese groep het. In die praktyk gebeur dit egter dat kandidate met minder opleiding en ervaring bo kandidate met meer opleiding en ervaring aangestel word. Hoewel die wetgewing geregverdig kan word teen die agtergrond van die benadeling wat met apartheid gebeur het, is die praktiese uitvoering daarvan in baie gevalle bevraagtekenbaar, aangesien ras en geslag by die aanstelling van werkers belangriker as vaardigheid geag word.

In die toepassing van regstellende aksie het duisende bekwame mense hul werk verlaat of verloor, terwyl baie van hulle deur minder bekwame werkers vervang is. In baie gevalle moet konsultante gehuur word om die werk wat die onbekwame werkers veronderstel is om te doen, te verrig. Waar ander werkers gehuur moet word om die werk te verrig, van diegene wat eintlik daarvoor aangestel is, beteken dit dat werkers vergoed word vir werk wat hulle nie in staat is om

te doen nie. In hierdie geval is die arbeider nie sy loon werd nie. In sulke gevalle word mense wat die vermoë het om werk na behore te verrig, die geleentheid ontnem om hul Godgegewe vermoëns tot voordeel van hulself en die samelewing uit te leef. Die samelewing is van die arbeid van elke werker in die gemeenskap afhanklik.

Die toepassing van regstellende aksie deur die privaat sektor laat ook ernstige etiese vrae ontstaan. Swart sakemanne bekom tans deur middel van swart bemagtiging (regstellende aksie) aandele in talle groot maatskappye. Hierdie aandeelhoudings is dikwels miljoene rand werd en word gewoonlik nie deur die nuwe aandeelhouders self gefinansier nie, maar deur middel van spesiale lenings waarin die lener (werker) die minimum risiko dra. In wese vind hier transaksies plaas, sonder dat daarvoor gewerk is, of die vergoeding van vorige werk as teenprestasie aangebied is. Die deurslaggewende faktor vir hierdie transaksies is nie vermoëns nie (alhoewel dit ook 'n rol speel), maar ras.

Die feit dat enkele prominente figure die meeste baat by swart bemagtiging, laat ook verskillende vrae ontstaan: Gaan dit werklik oor die bemagtiging van swart werkers sodat hulle 'n meer direkte rol in die land se ekonomie kan speel, of is die bemagtiging van enkele prominente persone 'n soort omkoperij met die oog daarop dat maatskappye hul voortbestaan probeer verseker? Is daar werklik so min vaardighede en vermoëns onder swart mense dat 'n handjievol soveel bevoordeel word deur swart bemagtiging? Waarom word nie meer mense deur bemagtiging bevoordeel nie? Swart bemagtiging skep tans werk vir slegs 'n klein klompie swart sakemanne, maar slaag nie daarin om groot getalle voorheen benadeelde mense aan die ekonomie deel te laat kry nie (vgl. Dasnois, 2004b:12). Onderliggend aan dié vrae is die feit dat arbeid onder meer daarop gerig moet wees om die naaste te dien, en nie net om eie belange uit te bou of te beveilig nie.

In sekere sektore is daar 'n tekort aan vaardighede by swart mense. Die tekort het tot gevolg dat maatskappye bereid is om hulle meer te vergoed, ter wille van die nakoming van regstellende aksie en die verkryging van werk. Ook in die geval speel ras die deurslaggewende faktor vir vergoeding, en nie die werker se arbeid nie. Waar dit gebeur, is dit eties nie regverdigbaar nie, omdat ras en nie vaardighede nie die deurslag gee in die vergoeding wat werkers ontvang.

Regstellende aksie word verbind met die ontwikkeling van vaardighede. Waar werkers met die nodige vermoëns in die verlede verhoed is om hul vaardighede te ontwikkel, is dit reg dat hulle die geleentheid kry om hul vaardighede te verbeter, sodat hulle hul vermoëns kan ontwikkel en

dienooreenkomstig vergoed word. Die staat behoort met groter doeltreffendheid op te tree, sodat geld wat reeds beskikbaar is vir vaardigheidsontwikkeling, daaraan bestee word en werkers ná opleiding die geleentheid kan benut om werk te doen waarvoor hulle beter vergoeding ontvang.

Regstellende aksie bevorder tans oneerlike optrede met blanke kontrakteurs, wat swart frontmaatskappye gebruik om tenders te bekom. Hierdie optrede is afkeurenswaardig en behoort nie toegelaat te word nie. Die onetiese optrede by frontmaatskappye strek verder as oneerlike kontrakteurs. Waar frontmaatskappye tenders ontvang en die werk deur ander maatskappye laat doen, ontvang die aandeelhouders van die frontmaatskappye vergoeding, sonder dat hulle daarvoor gewerk het.

Ras word 'n al hoe groter faktor in die toepassing van regstellende aksie, soos blyk uit verskillende oproepe wat in die afgelope tyd deur onder andere die minister van arbeid gemaak is, dat alleen Afrikane vir regstellende aksie behoort te kwalifiseer (vgl. Smith, 2003b:3; Oliphant, 2003:5). Indien daar sonder verdere motivering aan hierdie oproepe gehoor gegee sou word, sal dit die regverdigbaarheid van regstellende aksie verder onder verdenking plaas. Regstellende aksie behoort ten doel te hê om werkers die geleentheid te bied om ongeag geslag of ras hul vermoëns tot voordeel van die samelewing aan te wend. Daarvoor moet hulle vergoed word. In praktyk beteken dit dat vermoëns (ongeg ras) beklemtoon sal moet word, en nie ras nie.

Voor die instelling van regstellende aksie is reeds daarop gewys dat dit 'n tydelik maatreël behoort te wees, wat in 'n stadium tot 'n einde moet kom (vgl. Van der Merwe, 1994:28). 'n Afsnydatum vir regstellende aksie word al hoe noodsaakliker, gesien in die lig van die feit dat die eerste kinders wat na 1994 met skoolonderrig begin het (toe leerders van verskillende rasse dieselfde onderrig in dieselfde skole kon ontvang), binnekort tot die arbeidsmark sal toetree. Teen 2012 sal die eerste werkers wat na 1994 gebore is, begin werk. Hierdie mense behoort toegang tot werk en vergoeding te kry op grond van hul belangstelling, vermoë en vaardighede, omdat hulle nie onregverdig deur apartheid bevoordeel is nie. Indien regstellende aksie ook teenoor hulle toegepas word, word arbeid en vergoeding van nuuts af deur rassisme beïnvloed.

Regstellende aksie loop die gevaar om in nuwe rassisme te ontaard. In plaas daarvan dat daarop gekonsentreer word dat mense 'n regverdige geleentheid ontvang om hul Godgegewe vaardighede en vermoëns te gebruik, speel ras 'n al hoe groter rol in die toekenning van werk en

die gepaardgaande vergoeding. Die vergoeding wat werkers ontvang, behoort eerder deur faktore soos produktiwiteit, vermoëns, gevaar van werk, en aanvraag bepaal te word.

Waar werkers deur regstellende aksie benadeel word, hef dit nie hul arbeidsopdrag op nie. Die opdrag en roeping om deur werk in eie lewensonderhoud te voorsien en die gemeenskap en God te dien, geld ook vir werkers wat deur regstellende aksie benadeel word. Gelowiges wat benadeel word, kan ten spyte van benadeling steeds hul werk met vreugde doen, omdat hulle dit tot God se eer doen.

5.3.2 Minimum lone

Die altyd werksame God het die mens na sy beeld geskape en bepaal dat die mens deur sy arbeid sal leef. Daarom het die mens ook die reg om te werk en deur sy arbeid so vergoed te word, dat hy kan lewe. Die mens en die aarde is so geskep dat dit moontlik was dat die mens deur sy bewerking van die aarde in al sy lewensbehoeftes kon voorsien. Die opdrag om te vermeerder en die aarde te bewoon en te bewerk, impliseer dat ontwikkeling op die arbeidsgebied moes plaasvind. Hierin is die grondslag vir arbeidsverdeling (spesialisasie) en arbeidsontplooiing geleë. God het aan die mens verskillende gawes gegee, sodat arbeidsverdeling kon plaasvind. Met die verdeling van arbeid het dit noodwendig gebeur dat nie alle mense meer direk in hul eie behoeftes voorsien nie. Die groei in bevolkingsgetalle maak dit ook onmoontlik dat alle mense uit bestaansboerdery 'n bestaan kan maak. Mense word gevolglik verplig om deel te word van 'n gespesialiseerde arbeidsmark, waar sommige mense as werkgewers optree, maar die meeste werknemers is. Dit het tot gevolg dat nie alle mense dieselfde vergoeding vir hul arbeidsinset ontvang nie. Hoewel dit in beginsel nie verkeerd is dat verskillende werkers nie dieselfde vergoed word nie, behoort vergoeding nooit so laag te wees dat werkers nie hulself en afhanklikes kan versorg of hul verantwoordelikhede in die samelewing kan nakom nie.

Die sondeval het die arbeidsveld so geraak dat baie werkers nie meer die geleentheid het om te werk nie, en miljoene mense dwarsoor die aarde wat wel werk, so karig vergoed word dat hulle nie 'n behoorlike bestaan kan voer nie. Dit gebeur veral in lande wat besig is om van 'n bestaanseconomie na 'n ontwikkelde ekonomie weg te beweeg. Hierdie situasie skep die geleentheid aan werkgewers om dit uit te buit, deur werkers so min moontlik te betaal, met die oog daarop om hulself te verryk. Dit is in Suid-Afrika met sy grotendeels kapitalistiese ekonomiese stelsel 'n wesenlike gevaar, omdat arbeid as 'n blote produksiefaktor beskou kan word.

God het in die Ou Testament maatreëls ingestel om werkers teen uitbuiting te beskerm. Die Ou-Testamentiese wetgewing is so opgestel dat werkers geregtig was om minstens so vergoed te word vir hul arbeid, dat hulle in hul eie en hul familie se behoeftes kon voorsien. In die Nuwe Testament is hierop voortgebou. Jesus Christus (Luk. 10:7) en Paulus (1 Tim. 5:18) bevestig dat 'n arbeider sy loon verdien. Ook in die Nuwe Testament is die uitgangspunt dat lone so behoort te wees dat werkers in hul eie en hul afhanklikes se behoeftes kan voorsien. Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op werkgewers om werknemers so te vergoed dat hulle 'n menswaardige lewenstandaard kan handhaaf en vreugde in hul werk ondervind. Op werkers rus weer die verantwoordelikheid om so vir hul werkgewers te werk, dat die werkgewers in staat is om hulle na behore te vergoed. Aangesien werkers dikwels uitgebuit word, is die instelling van minimum lone met die oog daarop om weerlose werkers te beskerm en hulle in staat te stel om 'n menswaardige bestaan te voer, in beginsel 'n positiewe stap. Dit is 'n belangrike stap in 'n poging om uitbuiting te voorkom.

Die instelling van minimum lone in Suid-Afrika is egter nie sonder probleme nie. Alles dui daarop dat die vasstelling van minimum lone vir huishulpe en plaaswerkers nog meer mense werkloos laat. Dit laat mens voor die moeilike keuse tussen lae vergoeding en meer werkgeleenthede, of hoë vergoeding met minder werkgeleenthede (vgl. Landman, 2003:12).

Vanuit vakbondgeledere word geredeneer dat dit beter is as minder werkers meer geld ontvang, omdat diegene wat dan meer verdien, die werkloses sal help. Hierdie standpunt is eie aan 'n kommunalistiese ingesteldheid, waar gelykheid en solidariteit voorkeur bo individualiteit geniet (Van der Walt, 1999:134), maar is vanuit 'n Bybelse hoek perspektief nie geregverdig nie. God het reeds voor die skepping bepaal dat die mens werksaam sal wees (Gen. 1:26). Die mens vertoon God se beeld in sy daaglikse werk. Die mens het daarom ook 'n basiese reg om te werk en daardeur God te dien, 'n bydrae te lewer tot die samelewing (sy naaste te dien) en deel van 'n gemeenskap te wees. Selfs 'n werker wat 'n lae loon verdien, het steeds hieraan deel, terwyl 'n werklose dit ontbeer. Daarom is dit nie verantwoordbaar dat sommige mense, ter wille van ander se bevoordeling, die geleentheid om te werk verloor nie.

Indien minimum lone op 'n te lae vlak ingestel word, kan dit daartoe lei dat werkers wat reeds meer verdien se inkomste mettertyd laer neig of selfs verlaag word (vgl. Anon., 2002k:8). Daarom het die owerheid gekies om die minimum lone van huishulpe en plaaswerkers op twee verskillende vlakke in te stel. Werkers op die platteland (waar minder ekonomiese aktiwiteit is) se minimum lone is laer vasgestel as werkers in stedelike gebiede s'n, waar meer ekonomiese

aktiwiteit is. Werkgewers wat nie die minimum loon kan betaal nie, kan ook aansoek doen om vrystelling daarvan. Ten spyte van hierdie maatreël, het die vasstelling van minimum lone reeds tot werkverliese gelei.

In beginsel is die vasstelling van minimum lone noodsaaklik en in ooreenstemming met Bybelse beginsels wat werkers beskerm. Dit voorkom uitbuiting en probeer werkers in staat stel om 'n menswaardige bestaan te voer. Die manier waarop hierdie beginsel tot dusver uitgevoer is, wek vrae, omdat die instelling van minimum lone reeds tot werkverliese gelei het. Dit het gebeur ten spyte daarvan dat werknemers aansoek om vrystelling van minimum lone kan doen. Dit is nie duidelik waarom dit gebeur het nie. Onderzoek na die instelling en uitwerking van die bepalinge rakende minimum lone is nodig, sodat so min moontlik werkgeleenthede verlore gaan, terwyl die ideaal van billike vergoeding terselfdertyd nagestreef word.

In gevalle waar die instelling van minimum lone mense nie bevoordeel nie en waar gelowige werkers steeds ly, is hul werk steeds sinvol waar dit tot God se eer gedoen word. Hulle behoort steeds met 'n opregte gesindheid te werk, omdat hulle ook in God se diens staan.

Die instelling van minimum lone skep die geleentheid aan werkgewers wat hul werkers beter kan vergoed, om hulle net die minimum wettige vergoeding te gee. Op alle werkgewers, en in die besonder gelowiges, rus daar 'n groot verantwoordelikheid om nie die vasstelling van minimum lone te misbruik om werkers die minimum te vergoed nie. Die uitgangspunt behoort steeds te wees dat die arbeider sy loon werd is, en dat vergoeding van so 'n aard behoort te wees dat 'n werker sy rol in die samelewing kan vervul en 'n menswaardige bestaan voer. 'n Werker se arbeid behoort nie bekommernis te veroorsaak nie, maar behoort hom in staat te stel om vreugde in sy arbeid te geniet. Waar werkers met liefde, oorgawe en toewyding werk, behoort hulle so goed moontlik vergoed te word.

As nuwe mense behoort gelowiges hul gelowige werkers te vergoed, in die besef dat Jesus Christus die Here oor gelowige werkers en werknemers is. Gehoorsaamheid aan die leiding van die Heilige Gees is deurslaggewend in die bereidheid van gelowige werkgewers om hul werkers na behore te vergoed. Die gelowige se dankbaarheid vir sy verlossing behoort ook neerslag te vind in hoe hy sy werkers behandel en vergoed. Nie die vasgestelde minimum loon nie, maar gehoorsaamheid aan God se Woord en Gees en dankbaarheid behoort 'n deurslaggewende rol te speel, in die vergoeding wat gelowiges aan hul werkers betaal. Die Heilige Gees verander mense

se ingesteldhede so dat hulle billik optree teenoor diegene wat van hulle afhanklik is. Dit sluit ook die betaling van ongelowige werkers in.

5.3.3 Diefstal en roof

Die hele skepping behoort aan God. Die mens is as rentmeester daarvan aangestel. Die mensdom is kollektief en ook elkeen individueel verantwoordelik om as rentmeester op te tree. Die individuele rentmeesterskap kom veral na vore in die eiendom wat 'n werker bekom, danksy die vergoeding vir sy arbeid. Al is die mens slegs rentmeester van dit wat hy bekom met die vergoeding vir sy arbeid, het hy ook die reg om te besit. Hierdie reg mag hom nie ontnem word nie. Diefstal en roof ontnem 'n werker die reg om dit waaroor hy rentmeesterskap moet uitoefen, te besit.

As gevolg van die sondeval mag dit gebeur dat mense soms ter wille van oorlewing daartoe gedryf word om te steel (bv. 'n werklose). God het in die Ou Testament maatreëls ingestel om so 'n situasie te voorkom sodat mense ten spyte van hul omstandighede steeds kon werk, om hulself met die noodsaaklike te versorg. Sulke weerlose mense het die geleentheid gehad om die agterblyfsels van die oes, wenakkers en die na-oes in te samel. Dit kon ook gebeur dat iemand nêrens kon werk met die oog daarop om 'n inkomste te verdien nie (vgl. Matt. 20:6, 7). Diegene in nood moes bygestaan word. In veral die Nuwe Testament word melding gemaak van hulp wat mede-gelowiges aan mense in nood verskaf het (vgl. Hand. 2:44-45; 4:32-37; Rom. 15:25-28; 1 Kor. 16:1-4; 2 Kor. 8:1-4; 9:1-15). Hierdie hulp het die gelowiges in nood in staat gestel om versorg te bly, sonder om hulle tot diefstal te wend. Die ideaal was steeds dat mense deur te werk, in hul eie lewensonderhoud moes voorsien. (vgl. 2 Tess. 3:10).

Toegepas op die Suid-Afrikaanse konteks beteken bogenoemde maatreëls dat weerlose mense die geleentheid behoort te kry om hulself met die minimum te onderhou. Verskillende rolspelers kan in hierdie opsig elkeen 'n bydrae lewer. Onderstandswerke en arbeidsintensiewe projekte soos in die eerste helfte van die twintigste eeu aangepak is, kan weer aangepak word. Die bedoeling hiervan behoort te wees om mense in staat te stel om hulself met die basiese te versorg, sodat hulle nie daartoe gedryf word om te steel nie. Maatreëls wat groter werkloosheid veroorsaak (bv. minimum lone) en wat kan veroorsaak dat mense ter wille van oorlewing tot diefstal gedryf word, behoort opgeweeg te word teen die Bybelse uitgangspunt dat mense in staat moet wees om hulself met die minimum te versorg. Die bedoeling moet nie wees om 'n geleentheid vir uitbuiting te skep nie, maar om 'n persoon wat reeds in nood is, te help.

Diefstal en roof kom nie net by arm mense wat ter wille van oorlewing gedryf word om te steel, voor nie. Dit word bevestig deur uitsprake in verskeie hofsake, waar gierigheid as die hooforsaak van diefstalle en rooftogte aangedui is. Waar diefstal en roof gepleeg word uit gierigheid, is die skuldiges nie tevrede met dit wat God onder hul rentmeesterskap geplaas het nie. Hulle is ook nie bereid om deur harde, eerlike arbeid wat hulle nodig het te bekom nie. Werkskuheid lê dikwels ten grondslag van diefstal, wat dus om ander redes as nood gepleeg word. Diewe en rowers probeer die las van “swaarkry” en “harde werk” (Gen. 3:17, 19) op die arbeidsterrein vermy, deur iemand anders se arbeid vir hulself toe te eien. Dit veroorsaak dat die wettige eienaar nie die vrug van sy eie arbeid kan geniet en daarvan kan leef nie.

Die Bybel lê sekere beginsels neer vir die vergoeding van diegene wat beroof is. In wese kom dit daarop neer dat die benadeelde, benewens vir die strafelement wat die skuldige opgelê word, in 'n posisie geplaas word waarin hy steeds van die vrug van sy arbeid kan leef, en dit mag geniet. In gevalle waar toekomstige onderhoud in gedrang is, moet dit in berekening gebring word by die vergoeding van die benadeelde. Die strawwe wat opgelê word, behoort so te wees dat dit 'n verhaling is van die produk van die arbeid wat die wettige eienaar aanvanklik verloor het.

In hierdie opsig moet ernstig besin word oor die doel en funksionering van die Suid-Afrikaanse regstelsel. Wanneer iemand die produk van sy arbeid weens diefstal verloor, gebeur dit gewoonlik dat die skuldige tronkstraf opgelê word, terwyl die persoon wat benadeel is selde ten volle vir sy verlies vergoed word. Die uitgangspunt is tans dat die skuldige gestraf moet word, sonder dat die benadeelde vir sy verlies vergoed moet word. Daar behoort in die lig van Bybelse beginsels gevra te word of die straf wat toegepas word, nie ook as oogmerk die vergoeding van die benadeelde behoort te hê nie. Die benadeelde se reg om van die vrug van sy arbeid te leef en dit te geniet, is hom ontnem. Daarvoor behoort hy vergoed te word.

Deur die kruis van Jesus Christus is die gelowige 'n nuwe mens met 'n nuwe ingesteldheid. Deel van hierdie nuwe ingesteldheid is dat 'n mens nie sy naaste se besittings op onregmatige manier probeer bekom nie, maar eerder die belange van sy naaste so ver moontlik bevorder (Heidelbergse Kategismus 42:110, 111). So 'n nuwe ingesteldheid het Jesus Christus se opofferende liefde ten grondslag. Dit is deel van die herskeppingsproses wat Hy begin het en behoort in gelowiges se lewens weerspieël te word.

Hoewel die herskeppingsproses nog nie voltooi is nie, is die Heilige Gees nou reeds besig om dit 'n werklikheid te maak, deur onder andere 'n nuwe gees en gedagte in gelowiges te werk, sodat hulle volgens God se wil sal leef (Ef. 4:23). Harde werk en die voorsiening in eie lewensonderhoud is deel van 'n lewe volgens God se wil. Daarteenoor is diefstal deel van 'n ou lewe wat nie deur God se Gees gelei word nie (Ef. 4:28, 30). Die vrug van diefstal is die teenoorgestelde as die vrug wat God se Gees werk. Dit het negatiewe gevolge soos angs, haat en wantroue tot gevolg, wat nie tot voordeel van die samelewing is nie. Diefstal en roof versteur die verhouding tussen mense en dryf hulle uit mekaar, terwyl arbeid juis ten doel het om mense bymekaar te bring, sodat daar 'n wisseling van geestelike-, materiële- en kultuurgoedere kan plaasvind.

Gelowiges wat hulle bly skuldig maak aan diefstal en roof, onderdruk die werking van God se Gees en bedroef Hom. Die erns van 'n weiering om gehoorsaam te wees aan God se Gees en op te hou om te steel en roof, blyk daaruit dat mense wat hulle nie hiervan bekeer nie, geen deel aan God se koninkryk het nie (1 Kor. 6:9, 10).

5.3.4 Korrupsie

Korrupsie is 'n verskynsel wat moeilik definieerbaar is. Dit hou verband met diefstal, maar verskil onder meer daarin dat die skuldige wel arbeid verrig, terwyl die skyn van reg voorgehou word. Korrupsie is bederwende optrede wat verband hou met arbeid wat verrig word, met die oog daarop dat die werker homself sal verryk. 'n Persoon wat korrupsie pleeg, tree op in stryd met die Bybelse arbeidsopdrag, omdat hy sy posisie in die arbeidsmark misbruik – met die oog daarop om vergoeding wat hom nie toekom nie, te ontvang. Onder die skyn dat hy sy werkgewer en die gemeenskap deur sy arbeid dien, is hy eintlik besig om sy eie belange bo die van sy werkgewer en die gemeenskap te plaas, en eien die vrug van iemand anders se arbeid op onregmatige manier vir homself toe.

Korrupsie is 'n baie algemene verskynsel in alle afdelings van die staatsdiens en die privaat sektor. Dit is egter geen nuwe verskynsel nie en het in verskillende vorme reeds in die Bybelse tyd voorgekom. Diefstal (bv. met vals mate) met die skyn van reg is toe reeds gepleeg. 'n Ander dimensie van korrupsie wat ook reeds in die Bybelse tyd plaasgevind het, is die misbruik van 'n persoon se posisie ter wille van selfverryking. 'n Voorbeeld hiervan is Judas Iskariot wat sy posisie misbruik het om Jesus Christus te verrai, om geld daaruit te verdien.

Elke werker is daarop geregtig om vergoed te word vir die arbeid wat hy verrig, want 'n arbeider is sy loon werd. Wanneer korrupsie deur 'n werker gepleeg word, word hy meer vergoed as waarop hy kragtens sy aanleg, prestasie en persoonlike behoeftes geregtig is. Ten spyte van die skyn van reg wat met korrupsie voorgehou word, bly dit diefstal – omdat die arbeider homself vergoeding toeëien, waarvoor hy nie gewerk het nie en wat hom nie wettig toekom nie.

Die regte ingesteldheid van werkgewers (om werkers billik te behandel) en werknemers (om hul loon werd te wees) is nodig om 'n arbeidsveld waar daar wedersydse vertroue en harmonie is, te skep. Korrupsie verbreek hierdie vertroue en is 'n verbreking van die liefdesgebod. Dit skep agterdog en wantroue tussen werker en werkgewer. Die nadelige gevolge van korrupsie strek baie verder as die werker-werkgewerverhouding. Dit raak die hele gemeenskap.

Diefstal en roof is gewoonlik meer gerig teen individue, klein groepe mense of 'n enkele sake-onderneming en dit raak slegs hulle direk. Korrupsie raak gewoonlik 'n groter deel van die gemeenskap. Geld wat verduister word en wat bestem was vir die gemeenskap (bv. vir onderwyssalarisse, welsyngeld en huissubsidies), benadeel 'n groot deel van die gemeenskap. God wil hê dat arbeid die gemeenskap bevoordeel, maar arbeid wat verband hou met korrupsie, is juis nie tot die voordeel van die gemeenskap nie. Korrupsie in die finansiële sektor (bv. binnehandel en piramideskemas) kan mense finansiële ruïneer en selfs gemeenskappe ekonomies benadeel. Onder die skyn dat mense se vergoeding wat hulle ontvang en belê het meer sal word (bevoordeel sal word), gebeur die teenoorgestelde en word hulle daarvan besteel.

Waar wetmakers en wetstoepassers hulle skuldig maak aan korrupsie, is hulle besig om die gesag wat God aan hulle toevertrou het, te ondermyn. Dit veroorsaak dat wetsoortreders nie vir hul optrede skuldig bevind en gestraf word nie, met die gevolg dat wetsoortreding in der waarheid aangemoedig word en onskuldige mense ly. Korrupte wetstoepassers gebruik nie hul mag tot beswil van 'n land se inwoners nie, maar stel eiebelang bo die van die inwoners. Die optrede van korrupte wetstoepassers kan selfs onskuldige burgers se lewens in gevaar stel, wanneer hulle byvoorbeeld vals rybewyse uitreik. Dit het 'n negatiewe uitwerking op hoe gewone landsburgers die owerheid sien, en plaas 'n stremming op die gehoorsaamheid wat van gewone burgers verwag word.

Korrupsie onder mediese werkers veroorsaak dat mediese koste vir onskuldige persone onnodig duur gemaak word. Die diefstal van medisyne deur korrupte amptenare stel mense se lewens in gevaar.

Korrupsie in die staatsdiens veroorsaak dat belastinggeld nie doeltreffend aangewend word nie. Hoër belasting en swak dienslewering is die gevolg hiervan. Dit skep 'n negatiewe beeld van die land en ondermyn ekonomiese groei en die skep van meer werkgeleenthede.

Die regering se optrede teen korrupsie moet positief beoordeel word. Gesien in die lig van die wye omvang van korrupsie, kan wel gevra word of die optrede genoeg en met die nodige erns gedoen word. Persone wat aan korrupsie skuldig bevind word, word tronkstraf opgelê. Hoewel tronkstraf 'n swaar straf is, moet – soos ook in die geval van diefstal en roof – gevra word of alternatiewe strawwe nie opgelê moet word nie, waarvolgens die benadeelde terugbetaling (en selfs vergoeding) vir sy verlies ontvang. So 'n stelsel sal die skuldige in staat stel om ten spyte van sy oortreding steeds aan God se arbeidsopdrag gehoorsaam te wees, wat gewoonlik nie die geval is wanneer iemand tronkstraf opgelê word nie.

Korrupsie, soos diefstal en roof, is nie versoenbaar met Jesus Christus se selfopofferende liefde nie. Persone wat hulle daaraan skuldig maak, stel hul eie belange bo die van hul medemens. Waar gelowiges korrupsie pleeg, bedroef dit die Heilige Gees, omdat die Heilige Gees mense tot eerbare werksaamheid lei. Wanneer korrupsie gepleeg word, word 'n vals beeld voorgehou dat reg geskied, terwyl diefstal plaasvind. Sulke optrede is ook nie versoenbaar met die werk van die Heilige Gees nie. Die Heilige Gees werk in mense sodat hulle nie vals sal wees nie, maar waarheid sal nastreef (Ef. 4:25).

Soos by diefstal en roof, is gierigheid dikwels die grondoorsaak van korrupsie. Gierigheid speel by korrupsie waarskynlik 'n nog groter rol, omdat diegene wat korrupsie pleeg, gewoonlik reeds 'n werk het (wat dikwels nie die geval is by diewe en rowers nie), wat misbruik word om diefstal te pleeg. Gierigheid word deur 'n verkeerde ingesteldheid teenoor arbeid en vergoeding aangewakker. Waar gierigheid die botoon voer, is die mens nie bereid om sy wettige vergoeding te aanvaar nie, maar wil hy homself verder “vergoed”. Daarteenoor is die regte ingesteldheid dat 'n werker getrou sy werk doen, in die vertroue dat God hom sal versorg.

5.3.5 Oorvergoeding

Alle mense ontvang nie dieselfde vergoeding vir hul arbeid nie. Dit was reeds in die Bybelse tyd so en is nie noodwendig verkeerd nie. In die Bybel is sekere maatreëls deur God ingestel, om werkers wat die minimum vergoeding ontvang het, teen uitbuiting te beskerm. Daar is egter geen maatreëls ingestel wat die maksimum vergoeding vasgestel het nie. Die vergoeding wat 'n

werker vir sy arbeid ontvang, word deur verskeie faktore bepaal. Dit sluit hardwerkenheid, werksomstandighede, kundigheid, werkgehalte en die samelewingskonteks in. Ook die posisie wat werkers in die samelewing beklee, kan 'n invloed hê op die vergoeding wat hulle ontvang. Wanneer 'n werker se vergoeding buitengewoon groot is en geen verband hou met bogenoemde faktore nie, kan oorvergoeding ter sprake wees. Tans vind oorvergoeding in Suid-Afrika veral op twee verskillende maniere plaas. Oorvergoeding vind plaas waar werkers weinig of geen werk verrig nie, maar vergoed word asof hulle daaglik hul volle arbeidsinsette lewer. Oorvergoeding vind ook plaas waar werkers wel werk (gewoonlik buitengewoon hard werk), maar hul vergoeding buitengewoon groot is in verhouding met hul arbeidsinset.

Die eerste soort oorvergoeding (vergoeding vir geen arbeidsinset) vind veral in die staatsdiens plaas, waar oortollige, geskorste, afgedankte en selfs afgestorwe werkers vergoeding ontvang, terwyl hulle geen werk verrig nie. In die meeste van hierdie gevalle hou die vergoeding wat werkers ontvang, verband met die onvermoë (of onwilligheid) van die werkgever om toe te sien dat alleen ware werknemers vergoeding ontvang. Waar die staat as werkgever vergoedings uitbetaal sonder dat arbeid verrig word, word belastingbetalers se geld verkwis. Hoewel baie maatreëls reeds getref is om die vermorsing van belastinggeld te beperk, behoort dit met nog groter erns gedoen te word. Indien daar nie opgetree word nie, skep dit 'n atmosfeer waarin arbeid nie werklik vir vergoeding nodig is nie.

Daar is ook 'n verantwoordelikheid op werkers om, so ver moontlik, 'n bydrae te bly lewer vir die vergoeding wat hulle ontvang. Die grondslag bly dat 'n arbeider sy loon verdien. Waar geen arbeid verrig word nie, is 'n werker in beginsel ook nie geregtig op vergoeding nie. Persone wat namens die staat (en belastingbetalers) moet toesien dat werkers hul loon verdien, het in hierdie verband 'n groot verantwoordelikheid. Waar geen arbeid meer verrig kan word nie, soos in die geval van afgestorwe werkers, kan die betaling van vergoeding tot diefstal lei. Diefstal vind plaas wanneer ander persone die geld vir hulself toeëien.

Anders as by bogenoemde gevalle waar geen werk verrig word nie, maar werkers steeds vergoeding ontvang, is daar 'n aantal werkers aan die stuur van groot maatskappye en wat buitengewoon hoë vergoeding vir hul arbeid ontvang. Die blootstelling van die Suid-Afrikaanse ekonomie aan die wêreld ekonomie na 1994, asook internasionale tendense speel 'n groot rol dat sommige uitvoerende werknemers buitengewoon hoë vergoeding ontvang, wat nie noodwendig verband hou met hul arbeidsinset, kundigheid of die verantwoordelikheid wat hulle dra nie. 'n Internasionale tendens wat ook in Suid-Afrika 'n rol speel by die vergoeding van werknemers in

hoë poste, is die uitoefening van aandele-opsies. Beleggers het aanvanklik aandele-opsies aan hoë amptenare aangebied, as 'n aansporingsmaatreël om maatskappye beter te laat presteer en dan in ruil daarvoor beter vergoeding te ontvang (Anon., 2002f:5). Die aansporingsmaatreëls het die geleentheid geskep vir egosentriese en gierige hoofamptenare, om deur middel van oneerlike rekenkundige praktyke vir hulself op die korttermyn groot vergoedings te bewerkstellig (vgl. Elsner, 2002:2). Op die langer termyn is dit beleggers wat ernstige verliese moet dra.

Die optrede van die JSE Sekuriteitebeurs om strenger maatreëls in te stel wat onder meer maatskappye dwing om die volle vergoeding wat hul hoë amptenare ontvang te verklaar, is 'n goeie stap om die probleem van oorvergoeding op hierdie vlak te probeer keer.

Hoewel daar in die Bybel geen perk gestel word op die maksimum vergoeding wat 'n werknemer mag verdien nie, kan oorvergoeding van werknemers sinloos wees. Dit is wel verantwoordbaar dat sommige werknemers meer vergoed word as ander, maar dit is nie verantwoordbaar as sommige werkers buitensporige salarisse ontvang nie, terwyl ander werknemers by dieselfde maatskappy se vergoeding tot 160 keer minder is (vgl. Dasnois, 2002:2). Die optrede van hoë amptenare (wat reeds uitermate goeie vergoeding ontvang) om deur middel van personeelvermindings (vgl. De Lang, 2003f:1; Elsner, 2002:2) en oneerlike rekenkundige praktyke uiteindelik hulself te verryk, is eties onaanvaarbaar. Sulke optrede bots met die liefdesbeginsel wat die naaste en sy behoeftes bo eie belange stel.

Gierigheid en egoïsme is van die belangrikste redes waarom mense wat reeds buitengewoon hoë vergoeding ontvang, nog meer vergoeding wil hê (vgl. Elsner, 2002:2). Vir die gelowige behoort sulke optrede onaanvaar te wees, omdat dit deel is van die ou, sondige mens. Jesus Christus waarsku teen 'n gesindheid om net aardse skatte bymekaar te wil maak. Mense moet eerder “'n onuitputlike rykdom in die hemel” aanskaf, wat nie vernietig kan word nie (Luk. 12:33). Hy sê ook dat waar die mens se skat is, sal sy hart ook wees. Waar gierigheid en egoïsme die dryfveer word in vergoeding, geld bogenoemde waarskuwing in besonder. Die mens kan nie deur sy aardse skatte vir homself verlossing bewerk nie. Vir diegene wat ruim vergoeding ontvang, is 'n gesindheid van tevredenheid met wat hulle het, nodig – en die bereidheid om dit waaroor hulle as rentmeesters beheer moet uitoefen, met noodlydendes te deel. Vir so 'n gesindheid is die werking van die Heilige Gees nodig.

'n Verdere probleem wat verband hou met die oorvergoeding van hoë amptenare in maatskappye, is werkolisme (vgl. Parker, 2002:1). Werkolisme word dikwels aangevuur deur 'n

sug na prestasie, wat die werker magtig en onafhanklik laat voel. Waar hoë vergoedings die resultaat is van 'n sug na prestasie, het die werker waarskynlik reeds die adel van sy menswees verloor en 'n slaaf van sy werk geword. Waar dit gebeur, het arbeid sy sin verloor.

5.3.6 Stakings

God het die mens geskep met onder andere die doel om werksaam te wees. Arbeid is nie die blote gevolg van 'n oorlewingsdrang nie. Dit is deel van die voorreg om na God se beeld geskape te wees en is daarom inherent deel van menswees. Die mens werk nie net ter wille van homself nie, maar ook ter wille van sy naaste. Terwyl die mens sy naaste met sy arbeid dien, is hy geregtig om daarvoor vergoed te word, sodat hy homself en sy afhanklikes kan versorg. Die arbeider wat getrou werk, is geregtig op billike vergoeding vir sy arbeid. In die Bybel is maatreëls ingestel om werkers teen uitbuiting te beskerm. Hiervolgens moes vergoeding minstens van so 'n omvang wees dat 'n werker homself en sy afhanklikes kon versorg. Die loon wat 'n werker ontvang het, is deur onderlinge ooreenkoms vasgestel. As gevolg van die sondeval gebeur dit dat werkers uitgebuit word (bv. lae vergoeding, swak en gevaarlike werksomstandighede). Aangesien individuele werkers in 'n swak mededingingsposisie is, kan werkers met kollektiewe optrede meer vermag om beter werksomstandighede en vergoeding te beding. Die reg om te staak is 'n belangrike element van kollektiewe bedinging. Daarom vind verreweg die meeste stakings in Suid-Afrika plaas, juis wanneer loononderhandelings tussen vakbonde en die bestuur van werkgewers gehou word. Dit verseker dat die werkgewer wat met staking gedreig word, meer geredelik sal onderhandel (vgl. Van Rooyen, 1995:8).

Die reg om te staak word deur etici oor die algemeen aanvaar as 'n uiterste vorm van bedinging, wat slegs gebruik behoort te word nadat alle pogings van arbitrasie misluk het. Dit behoort as 'n laaste middel gebruik te word om uitbuiting, magsmisbruik en ongeregtheid teen te staan (vgl. Du Toit, 1996:37; Van Wyk, 1993b:18, 19). Nicol (soos aangehaal deur Du Toit, 1996:27) stel dit dat die volgende vrae eers gestel moet word, alvorens daar tot 'n staking oorgegaan word:

- “Bestaan daar 'n geregverdigde rede tot ontevredenheid?
- Is alle vorme van onderhandeling gevolg?
- Sal die goeie wat bereik mag word, die moontlike skade wat aangerig word, oorskadu?
- Is daar redelike kans op sukses?
- Hoeveel skade sal onskuldige partye aangedoen word?
- Sal die staking volgens wettige maniere geskied?”

Bogenoemde vrae is belangrik wanneer 'n staking oorweeg word. Daar is verskeie ander aspekte wat ook in ag geneem moet word. Om te staak, is in wese ongehoorsaamheid aan die Bybelse arbeidsopdrag, omdat die werker ophou om te werk. Dit is ironies dat werkers beter vergoeding vir hul werk probeer beding deur op te hou werk, terwyl die Bybel vergoeding juis ten nouste aan arbeid verbind. Selfs werkers wat gevaar staan om as gevolg van verskillende redes hul werk te verloor, het die reg om dit te probeer behou deur te staak (op te hou werk) (Inggs, 2002:7). Die bereidheid om meer produktief te wees, word selde of nooit in onderhandelinge vir beter vergoeding aangebied. Die weerhouding van arbeid word gebruik om werkgeleenthede te verseker, of beter vergoeding af te dwing.

God het aan verskillende mense verskillende vermoëns gegee, wat tot voordeel van mekaar aangewend kan word. Die gemeenskap is van mekaar afhanklik. Waar verskillende werkers van verskillende beroepe saamwerk, word die hele gemeenskap bevoordeel. Gedurende stakings weerhou 'n aantal werkers hul vermoëns, met die doel om werkgewers en verbruikers seer te maak (Du Toit, 1996:27). Dit is tot nadeel van die gemeenskap. In sommige gevalle (bv. waar noodsaaklike dienste gelewer word) het dit 'n uiters negatiewe uitwerking op die samelewing. In sulke gevalle word eie-belang bo naasteliefde gestel (Van Renen, 1990:7).

In 'n billike arbeidsopset het werkgewers én werknemers pligte. Dit is die plig van 'n werkgewer om sy werknemers billik te behandel, deur onder meer veilige werksomstandighede te verseker en 'n regverdigte loon te betaal. Werknemers het ook 'n plig om na te kom. Tydens stakings kom hulle nie hul plig na nie, omdat hulle nie die werk doen wat hulle by hul aanstelling onderneem het om te verrig nie. Dit blyk onbillik van stakende werkers te wees om nie hul vermoëns aan te wend volgens hul indiensnemingsooreenkoms nie, veral wanneer 'n staking weke lank duur en die werkgewer reeds groot onkoste aangegaan het om werknemers op te lei.

Nog 'n saak wat verband hou met stakings en wat eties bevraagtekenbaar is, is die rol wat vakbonde in onderhandelinge namens werkers speel. Dit het reeds verskeie kere gebeur dat vakbonde hul lede aan onbeskermde (onwettige) stakings laat deelneem het, met katastrofiese gevolge vir die werknemers. Duisende werkers het reeds op hierdie manier hul werk verloor. Sulke optrede deur vakbonde kan nie regverdig word nie.

Vakbondoptrede het in die verlede 'n positiewe bydrae tot die verhoging van werkers se vergoeding gelewer. Hul optrede lewer in die laaste tyd 'n baie kleiner bydrae tot die verhoging. Een van die redes hiervoor is dat daar in die arbeidswetgewing wat sedert 1994 aanvaar is,

verskillende voorsorgmaatreëls in werking gekom het (bv. werkplekforums). Dié maatreëls is daarop ingestel is om probleme op te los, sonder dat daar tot stakings oorgegaan word. Spesiale prosedures moet ook gevolg word, voordat tot staking oorgegaan word (Du Toit, 1996:36). In die lig hiervan behoort die voorkoms van so baie stakings in Suid-Afrika na 1994 bevraagteken te word. Verhogings wat werkgewers die laaste aantal jaar aan werkers aangebied het, is meestal inflasieverwant. Stakings word meermale uitgeroep om 'n minimale verhoging in lone te probeer afdwing. Gevolglik neem dit werkers soms jare om die verlies van inkomste tydens 'n staking te verhaal, uit die verhoging wat beding is. Die optrede van vakbonde in hierdie verband behoort ook bevraagteken te word. Vanuit 'n Bybelse hoek word van vakbonde verwag om tot voordeel van hul lede (naaste) op te tree, en nie tot hul nadeel nie.

Die rol van vakbonde in die organisering van simpatiestakings behoort in beginsel ook negatief beoordeel te word, omdat dit deelnemers (werkers) betrek wat nie betrokke is in 'n geskil met hul werkgewers nie. Simpatiestakings word toegepas teen onskuldige werkgewers, wat gewoonlik nie deel het aan die praktyke waarteen simpatiestakings gerig word nie.

Stakings in Suid-Afrika is sinoniem met verskillende optredes wat nie op grond van die Bybel geregverdig kan word nie. Intimidasie (weerhouding van werkers om te werk), boikotte, vandalisme en selfs moord is optredes wat eties nie verantwoordbaar is nie. Hoewel hierdie optredes onwettig is, verleen dit krag aan stakings en vind gereeld saam met stakings plaas. Daar word ook selde na afloop van die stakings teen vandaliste opgetree. Hierdie optredes het so deel geword van stakings dat dit die regverdigbaarheid van stakings in gedrang bring.

Stakings het 'n negatiewe uitwerking op werkskepping en beleggersvertroue. Stakings help dat sekere werkers beter vergoeding ontvang, maar dit kan meewerk dat ander mense die geleentheid om te kan werk ontnem word. Stakings kan in die pad staan van ander mense om die arbeidsopdrag na te kom. Die voordele wat werkers deur middel van stakings ontvang, moet hierteen opgeweeg word (vgl. Preece, 1998:26).

Alhoewel stakings 'n erkende meganisme is om beter lone af te dwing, is dit 'n meganisme wat in beginsel nie sonder meer aanvaar kan word nie. Die ideale oplossing vir loonprobleme sou wees dat werkgewers hul werkers so goed moontlik vergoed en dat werkers daarmee tevrede is.

Die gelowige werker behoort in gedagte te hou dat daar sedert die sondeval nog altyd onreg op arbeidsgebied plaasgevind het. Dit is daarom noodsaaklik dat werkers (veral gelowige werkers)

hulself moet afvra of hulle in hierdie opsig nie eerder in navolging van Christus lyding moet verdra nie. Gelowiges is in die Bybelse tyd juis opgeroep om Christus te volg in 'n onregverdige arbeidsveld. Dit gee egter geen vrye hand aan werkgewers om hul werkers uit te buit nie. Gelowige werkgewers behoort, gedagtig aan die feit dat hul gesag van God kom, met groot verantwoordelikheid hul gesagsposisies te gebruik, sodat hulle nie werknemers uitbuit nie. Dit is die werkgewer se verantwoordelikheid om werknemers billik te vergoed, redelike werksure vas te stel en hulle teen gevaar in die werksopset te beskerm (vgl. Van Renen, 1990:7).

In die geval van gelowige werkgewers en werkers moet altyd in gedagte gehou word dat Jesus Christus oor beide groepe Here is. Werkgewers en werkers staan in 'n nuwe verhouding teenoor mekaar. Naasteliefde is kenmerkend aan hierdie nuwe verhouding. Gelowige werkgewers behoort hul werkers regverdig te behandel, sodat hulle hulself (en hul afhanklikes) kan versorg met die vergoeding wat hulle ontvang. Dit sluit die betaling van billike lone in. Die werkers behoort op hul beurt weer so te werk dat hulle hul werkgewers in staat stel om billike lone te betaal.

Stakings behoort in beginsel alleen oorweeg te word wanneer van werkers verwag word om God ongehoorsaam te wees (vgl. Hand. 4:18-20). Die ongehoorsaamheid wat van werkers verwag word, behoort dan ook opgeweeg te word teen die ongehoorsaamheid aan die arbeidsopdrag tydens stakings. In gevalle waar wel tot stakings oorgegaan word, behoort dit nooit die reg van werkers wat steeds wil bly werk en aan God se arbeidsopdrag gehoorsaam wil wees, te ontnem nie.

Stakings word wêreldwyd erken as 'n wettige manier om hoër lone te beding. Tog is dit nie 'n bedingingsmetode wat sonder meer aanvaar kan word nie. Hoewel die herskepping van die arbeidsveld reeds begin het, is dit nog nie voltooi nie. Daarom sal gelowige werkers ook op hierdie gebied lyding ondervind, tot op die dag wanneer die herskepping voltooi is. Die lyding wat 'n gelowige op die arbeidsterrein in navolging van Christus ondervind, behoort in berekening gebring te word alvorens gelowige werkers tot stakings oorgaan.

5.3.7 Emigrasie

Die mens het saam met die opdrag om te werk ook die opdrag gekry om die aarde te bewoon (Gen. 1:28). Aangesien die hele aarde onder die mens se heerskappy gestel is, het elke werker in beginsel die reg om op enige plek op aarde te werk om vergoeding te ontvang, sodat hy homself

en sy afhanklikes kan onderhou. Hierdie beginsel is nie losstaande van reëlins wat die owerhede van verskillende lande tref met betrekking tot werkers uit ander gebiede tref nie.

Duisende Suid-Afrikaanse werkers het sedert 1994 die land permanent verlaat deur te emigreer, tewel duisende ander werkers tans as trekwerkers in die buiteland werk. In beginsel is dit nie verkeerd om te emigreer en elders in die wêreld te gaan woon en werk nie. Dit is in beginsel ook nie verkeerd om as trekwerker elders in die wêreld te werk, om 'n inkomste te verdien nie.

Daar is verskillende redes waarom mense emigreer. Lae vergoeding in Suid-Afrika, swak werksomstandighede, onveilige omstandighede in die land en regstellende aksie is van die belangrikste redes. Mense wat as trekwerkers in die buiteland gaan werk, doen dit veral vir die beter vergoeding en werksomstandighede in ander lande.

Hoewel trekwerk reeds 'n eeue-oue verskynsel is en dit die afgelope eeu ook deel was van die Suid-Afrikaanse arbeidsopset, het dit die afgelope aantal jaar 'n nuwe dimensie gekry, wat verband hou met die afskaffing van apartheid en globalisasie. Die afskaffing van apartheid het dit vir alle Suid-Afrikaanse werkers moontlik gemaak om sonder belemmering feitlik enige plek in die wêreld te werk. Globalisasie bevorder trekwerk.

Emigrasie (en ook trekwerk) raak nie net die betrokke werkers nie. Dit raak die gemeenskappe waaruit hul kom; inderdaad die hele land. Die meeste emigrante is goed gekwalifiseer, dra by tot die land se belasting en skep werk. Elke emigrant en trekwerker veroorsaak dat meer mense in Suid-Afrika die geleentheid ontbeur om te werk en vergoeding daarvoor te ontvang. Om hierdie rede behoort die owerheid werklik ernstig aandag te gee aan die redes waarom mense die land verlaat, om elders te gaan werk. Pogings om die vergoeding van werkers in die gesondheidsdienste te verbeter, is 'n stap in die regte rigting. Die regering behoort die verhoging in vergoeding in nog meer beroepe (bv. onderwys) te oorweeg.

Pogings word tans aangewend om die kundigheidsgaping wat emigrante laat, teen te werk deur duisende jongmense in die land se vaardighede te ontwikkel (Radebe, 2003c:4). Hierdie plan kan 'n positiewe uitwerking hê op die land se werkloosheidskoers, maar dit kan gebeur dat hierdie nuutopgeleide werkers mettertyd ook die land verlaat, op soek na beter vergoeding en werksomstandighede. Die feit is dat ontwikkelde lande jaarliks duisende opgeleide werkers uit ontwikkelende lande wegluk, om daar te gaan werk (vgl. Ntuli, 2004:15; Leuvenink, 2000:9). Daarom is dit belangrik dat ander faktore soos die hoë misdaadsyfer en die uitwerking van

regstellende aksie opgelos word, sodat minder gekwalifiseerde en kundige werkers die land verlaat. Hierdie werkers het 'n noodsaaklike rol om in Suid-Afrika (en Afrika) te speel.

Hoewel werkers die reg het om te emigreer of trekarbeid te verrig, behoort emigrante en trekarbeiders dit om eties-verantwoordbare redes te doen. Die besluit om te emigreer moet met die regte motiewe gedoen word. In die lig van hierdie studie behoort voornemende emigrante of trekarbeiders hulself onder meer die volgende afvra: Is vergoeding die oorwegende dryfveer om te emigreer? Is die vergoeding wat in Suid-Afrika ontvang word, werklik onbillik? Sal die gemeenskap in die buiteland meer baat vind by die werker se vermoëns as die plaaslike gemeenskap? Sal emigrasie hulle in staat stel om beter uitvoering aan God se arbeidsopdrag te gee? Word emigrasie oorweeg, omdat die voornemende emigrant of trekarbeider vir homself 'n eie koninkryk wil probeer vestig, waar hy in beheer is?

Getroude trekarbeiders behoort hulself ook te verantwoord oor wat die gevolge van hul arbeid op hul gesinslewe is. Hoe weeg die gevolge van 'n afwesige vader of moeder op teen die vergoeding wat in die buiteland verdien word?

Onderliggend aan hierdie vrae (soos by alle arbeidskwessies) is die soeke na God se wil in 'n arbeidswêreld waarin die herskepping in en deur Jesus Christus reeds begin, maar nog nie voltooi is nie.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING

Die probleme wat tans in Suid-Afrika ondervind word met vergoeding vir arbeid, volg op 'n wye reeks faktore. Die oorsprong van sommige van hierdie faktore strek eeue terug (bv. die verskil in arbeidsontplooiing tussen koloniste en destydse inheemse inwoners), terwyl ander van meer onlangse aard is (bv. MIV/vigs). Sommige is plaaslike faktore wat nie uitsluit dat dit ook in ander lande voorkom nie (bv. diefstal en roof), terwyl ander faktore vanuit buite Suid-Afrika se grense 'n invloed het (bv. die vervaardiging van goedkoop goedere in die buiteland). Onderliggend aan al hierdie faktore is die gevolge van die sondeval. Miljoene werkers in Suid-Afrika maak met swaarkry 'n bestaan (Gen. 3:17).

Die uitwerking van die sondeval het tot gevolg dat:

- Miljoene mense nie die geleentheid het om te werk, God se arbeidsopdrag te gehoorsaam en vergoeding vir hul arbeid te ontvang nie;
- Duisende kinders moet ter wille van oorlewing werk, en ontbeer gevolglik die geleentheid om hul vermoëns só te ontwikkel dat hulle eendag hul vaardighede ten beste kan aanwend om hulself te onderhou, en 'n sinvolle bydrae tot die samelewing te lewer;
- Honderde duisend werkers siek word en sterf weens optrede wat verband hou met die oortreding van die sewende gebod. Terwyl hulle siek is, raak hulle afhanklik van andere, omdat hulle nie in staat is om te werk en vergoeding te ontvang nie;
- Arm mense miljarde rand aan dobbelary verkwis. Hulle oefen hul Godgegewe rentmeesterskap nie met verantwoordelikheid uit nie, met die gevolg dat die reeds karige vergoeding wat die meeste van hulle vir hul arbeid ontvang, nie genoeg is om van te leef nie;
- Werkers in ander lande Suid-Afrika onwettig binnekom en werkgeleenthede vir plaaslike werkers verminder;
- Goedere goedkoper in ander lande vervaardig en dan ingevoer word, met negatiewe gevolge vir plaaslike werkgeleenthede en vergoeding;
- In 'n poging om vorige ongeregthede in die arbeidsmark reg te stel, nuwe ongeregthede toenemend plaasvind, waarvolgens ras en nie vaardighede of vermoëns nie die deurslag vir vergoeding gee;
- In 'n poging om werkers wat lae vergoeding ontvang te beskerm, werkgeleenthede verlore gaan en mense die geleentheid ontbeer om enigsens vir hul arbeid vergoed te word;

- Mense hulself as gevolg van gierigheid die vergoeding van ander werkers toeëien deur te steel en te roof;
- Werkers hul posisies misbruik om hulself ten koste van ander te verryk;
- Werkers baie meer vergoed word as wat hul arbeidsinset regverdig, of as wat hulle nodig het;
- Werkers beter vergoeding vir hul arbeid beding deur juis nie arbeid te verrig nie;
- Werkers gedwing word om elders in die wêreld te werk.

Dit is duidelik dat die Suid-Afrikaanse arbeidsterrein nie die gevolge van die sondeval ontkom het nie. Die verskillende rolspelers in die arbeidsmark mag egter nie hierin berus nie, want God se oorspronklike doel dat die mens sal leef van die vrug van sy arbeid, is nie opgehef nie. Jesus Christus het as Verlosser die mens kom verlos van die sonde én die gevolge van die sonde, en al is die gelowige nog nie van alle lyding verlos nie, is hy reeds 'n nuwe mens. Dit moet neerslag vind op die arbeidsterrein.

Waar die gelowige Jesus Christus as Heerser erken, kom 'n nuwe verhouding tot stand, tussen werkgever en werknemer. Kragtens hierdie verhouding is hulle broers (en susters) van mekaar. Waar gelowige werkgevers gehoorsaam is aan die leiding van die Heilige Gees, stel hulle nie hul eie belange bo die van hul werknemers met die doel om hulle uit te buit nie. Waar werkers hul werk doen, gelei deur die Heilige Gees, doen hulle dit asof vir Christus. Hulle verrig die werk wat pas by die loon wat hulle ontvang.

Die owerheid vervul 'n belangrike rol op die arbeidsterrein. Die owerheid ontvang sy gesag van God en behoort dit tot beswil van die onderdane aan te wend. Die rol van die owerheid behoort daarop gerig te wees om reg en geregtigheid tussen werknemers en werkgevers te laat geskied. Die owerheid het ook die taak om toe te sien dat soveel moontlik onderdane die geleentheid sal hê om te werk en aan God se arbeidsopdrag uitvoering te gee. Dit is ook hul taak om die ruimte waarbinne werkers hul arbeidsvermoëns so goed moontlik tot voordeel van die samelewing kan aanwend, te skep.

Aangesien die herskepping nog nie voltooi is nie, sal die gelowige werker daarvan bewus moet wees dat hy nie hemel op aarde met sy arbeid sal kan skep nie. Sy verlossing hang ook nie van sy werk af nie, maar hy kan in afwagting op Jesus Christus se wederkoms sy werk doen (en in navolging van Hom selfs lyding verdra), in die wete dat die moeisaamheid van arbeid dan tot 'n einde sal kom.

BIBLIOGRAFIE

- AALDERS, G.Ch. 1960. Het boek Genesis, dl. 1. (Korte verklaring der Heilige Schrift.) Kampen : Kok. 317 p.
- AALDERS, G.Ch. 1963. Het boek Genesis, dl. 3. (Korte verklaring der Heilige Schrift.) Kampen : Kok. 229 p.
- AGRELL, G. 1976. Work, toil and sustenance. Verbum : Håkan Ohlssons. 263 p.
- ALTBEEKER, A. 2001. Losing our nerve? Business confidence and crime in South Africa. [Web:] <http://www.iss.co.za/Pubs/Crime%20Index/01Vol5No4/Losing.html> [Date of access: 10 Jan. 2002].
- ALTENROXEL, L. 2001a. Rates scam worth millions uncovered. *The Star*:1, Aug. 23.
- ALTENROXEL, L. 2001b. Cash-for-corpses deals exposed. *The Star*:1, Aug. 2.
- ALTENROXEL, L. 2001c. Doves admit paying commissions. *The Star*:1, Aug 3.
- ALTENROXEL, L. 2003. AngloGold finds that it pays to tackle Aids on its mines. *The Star*:6, Jan. 27.
- ANON. 1997. Child abuse and the impact of poverty. *Agenda* 33:43-48.
- ANON. 1998a. 172 amptenare kry salaris ondanks klagte. *Beeld*:6, Okt.6.
- ANON. 1998b. Thousands of youths stream into SA in search of better life. *Business Day*:11, Oct. 9.
- ANON. 1998c. Werkgeleenthede. *Beeld*:12, Sep. 7.
- ANON. 1998d. Waarom SA agter raak. *Finansies en Tegniek*:24, Apr. 17.
- ANON. 1998e. Legal papers served on banks, firms. *The Citizen*:8, Aug. 17.

- ANON. 1998f. Intimidation by strikers: claim. *The Citizen*:1, Aug. 4.
- ANON. 1998g. Chemical strike turns violent. *The Citizen*:1-2, Aug. 5.
- ANON. 1998h. Violence on eve of SA petrol workers talk. *The Citizen*:5, Aug. 20.
- ANON. 1998i. Golf van stakings in SA knou beleggersvertroue. *Sake-Beeld*:8, Aug. 7.
- ANON. 1999a. Klerewerkers wil 'modeparade van 'n ander kleur hou'. *Beeld*:5, Sep 2.
- ANON. 1999b. Misdaadsyfer laat sekerheidsbedryf bloei. *Beeld*:2, Feb. 10.
- ANON. 1999c. Exorcising 70 000 'ghosts' saves R200-m. *The Citizen*:8, Feb. 19.
- ANON. 1999d. Banks being hammered by fraud, crime. *The Star*:3, Sep. 23.
- ANON. 1999e. Official gets R650 000 – but did nothing. *The Citizen*:8, Nov. 2.
- ANON. 1999f. 'Sex teachers' still on payroll. [Web:] http://www.news24.com/English/South_Africa/ENG_183327_801865_SEO.asp
[Date of access: 16 Nov. 1999].
- ANON. 2000a. Smith, Adam. (*In Microsoft Encarta Encyclopedia 2000.*) [CD-ROM].
- ANON. 2000b. Capitalism. (*In Microsoft Encarta Encyclopedia 2000.*) [CD-ROM].
- ANON. 2000c. Labour laws killing small business: Mbeki. *The Citizen*:6, Feb. 7.
- ANON. 2000d. Children of Africa still under labour yoke. *The Star*:13, Nov. 9.
- ANON. 2000e. Mother city 'hosts regular child-sex tours'. *The Star*:1, Aug. 24.
- ANON. 2000f. Aids orphans survive on handouts, if they are lucky. *Sowetan*:6, Sep.19.

- ANON. 2000g. Demographic catastrophe stares SA in face. *The Star*:6, Jul. 4.
- ANON. 2000h. Plans for Aids orphans. *The Citizen*:4, Mar. 11.
- ANON. 2000i. Aids epidemic now hitting SA business. *The Citizen*:6, Jan 15.
- ANON. 2000j. 5 miljoen onwettiges in SA. *Beeld*:4, Mrt. 8.
- ANON. 2000k. DG van Mpumalanga bedank ná druk. *Beeld*:7, Jul.28.
- ANON. 2000l. Vals rybewyse nou by verkeerskantore in Witbank te koop. *Beeld*:4, Mrt. 15.
- ANON. 2000m. Axed cops still drawing pay. *The Citizen*:5, Feb. 7.
- ANON. 2000n. 50% van SA se werksmag ruk op vir landswye staking. *Beeld*:1, Mei 11.
- ANON. 2000o. What the protest is all about. *The Star*:8, May 9.
- ANON. 2000p. VW sacks 1300 workers in E Cape. *The Citizen*:4, Feb. 5.
- ANON. 2001a. Vigsbom wag op SA landbou. *Beeld*:11, Mrt. 8.
- ANON. 2001b. Study reveals extent of gambling addiction. *The Star*:3, Nov. 16.
- ANON. 2001c. Gambling vice a 'poor man's tax'. *The Citizen*:2, Aug. 24.
- ANON. 2001d. Top blacks coining it. *The Citizen*:7, Mar. 19.
- ANON. 2001e. Mbeki 'verdraai statistieke'. *Beeld*:2, Feb. 9.
- ANON. 2001f. 16 skuldig bevind ná yslike rooftog. *Beeld*:6, Jan. 30.
- ANON. 2001g. Wapenskokke. *Beeld*:10, Apr. 17.

ANON. 2001h. Hoëns voor oor hul glo halfmiljoen vir tender kry. *Beeld*:2, Aug. 2.

ANON. 2001i. Binnehandel. *Beeld*:8, Aug. 14.

ANON. 2001j. R18 000 for a few hours' work a day. *The Citizen*:2, Aug. 8.

ANON. 2001k. More than 37 000 cops are illiterate – Tshwete. [Web:]
http://www.news24.com/English/Politics/Politics/ENG_248293_1015445_SEO.asp
[Date of access: 18 Feb. 2000].

ANON. 2001l. Poor handling. *The Star*:12, Mar. 14.

ANON. 2001m. Underpaid nurses flee to UK, Canada. *Sowetan*:3, Sep. 3.

ANON. 2001n. Africa's loss of skills is costly. *The Citizen*:18, Oct. 18.

ANON. 2002a. HIV/Aids set to wreak havoc in schools. *Pro Groep van apteke*:5,
Aug./Sep.

ANON. 2002b. A lifeline for the desperate. *The Star*:1 May 23.

ANON. 2002c. Stop dit toe. *Beeld*:10, Jan. 25.

ANON. 2002d. Employees are enemy number one – survey. *Business Report*:10,
Sep. 19.

ANON. 2002e. Corruption battle: is it being lost? *Sowetan*:6, Oct. 16.

ANON. 2002f. Ook SA hoofde se 'buitensporige' vergoeding in kollig. *Sake-Beeld*:5,
Jul. 11.

ANON. 2002g. Nedlac-verslag wys hoe werkers verarm. *Sake-Beeld*:2, Nov. 11.

ANON. 2002h. List of US corporate failures. *Business Report*:2, Jul. 11.

- ANON. 2002i. Nurses leaving SA in droves. *The Citizen*:6, Nov. 1.
- ANON. 2002j. Kinderarbeid. *Beeld*:10, Feb. 7.
- ANON. 2002k. Gewetenloos. *Beeld*:8, Nov. 11.
- ANON. 2003a. Worst forms of child labour data: South Africa. [Web:]
<http://globalmarch.org/worstformsreport/world/south-africa.html> [Date of access: 23 Dec. 2003].
- ANON. 2003b. SA voor met hantering van probleemdobbel. *Sake-Beeld*:4, Mrt. 20.
- ANON. 2003c. 2003 in Sake. *Sake-Beeld*:15, Des. 24.
- ANON. 2003d. Govt moves to plug 'Mzigate' holes. *The Citizen*:1-2, July 16.
- ANON. 2003e. Wit mans oorheers steeds die hoofbestuursposte in die land.
Sake-Beeld:2, Jul. 2.
- ANON. 2003f. Take note of our hard work, says judge. *The Star*:8, Jun. 19.
- ANON. 2003g. Economic crime is rife in corporate SA. *Business Report*:1, Jul. 9.
- ANON. 2003h. Yengeni. *Beeld*:10, Mrt. 21.
- ANON. 2003i. Verseker dat jy nie aan die kortste ent trek met eise. [Web:]
<http://152.1111.251/argief/berigte/beeld/2003/07/10/SB/03/01.html> [Datum van toegang: 10 Jul. 2003.]
- ANON. 2003j. White-collar crime clampdown. *The Star*:11, Dec. 4.
- ANON. 2003k. Start training the trainers. *Sowetan*:12, Jul. 16.
- ANON. 2003l. Refugees put pressure on local resources. *Sowetan*:15, Jun. 23.

- ANON. 2004a. Govt Aids campaign slowed SA growth drop-treasury. [Web:] <http://www.polity.org.za/pol/search/content/?show=47197> [Date of access: 14 Apr. 2004].
- ANON. 2004b. Code on HIV/AIDS and employment in the Southern Africa Development Community (SADC). [Web:] <http://www.cosatu.org.za/docs/1998/sadc-hiv.htm#access>. [Date of access: 14 Apr. 2004].
- ANTONIDES, H. 1989. A Christian perspective on work and labour relations. Potchefstroom : IRS/PUCHE. 25 p.
- ASMUS, G. 1939. Die Zulu. Essen : Essener Verlagsanstalt. 285 p.
- ATKINSON, D.J. 1995. Life, health and death. (*In* Atkinson, D.J. & Field, D.H. *ed.*, New dictionary of Christian ethics and pastoral theology. Leicester : InterVarsity. p. 87-92.)
- AUERBACH, L. 1944. The Babylonian Talmud in selection. New York : Philosophical Library. 286 p.
- BANK, A. 1994. The erosion of urban slavery at the Cape, 1806 – 1834. (*In* Worden, N. & Crais, C. *eds.* Breaking the chains: slavery and its legacy in the nineteenth-century Cape Colony. Johannesburg : Witwatersrand University Press. p. 79-98.)
- BARNARD, A. 1992. Hunters and herders of Southern Africa: a comparative ethnography of the Khoisan peoples. Cambridge : Cambridge University Press. 349 p.
- BAVINCK, H. 1909. Magnalia Dei – onderwijzing in de Christelijke religie naar Gereformeerde belijdenis. Kampen : Kok. 658 p.
- BELL, T. 2003. Tragic saga of VW workers has one last sting. *The Star*:2, Feb. 28.
- BESTER, G. 1998a. Noorde só 60 voertuie kwy! *Beeld*:5, Sep 22.

- BESTER, G. 1998b. 2 sersante by grenspos gearresteer. *Beeld*:6, Okt 6.
- BHENGU, C. 1998. Teachers are paid for doing nothing. *Sowetan*:1, Aug. 5.
- BHENGU, C. 2000a. Child labour rife in SA – survey. *Sowetan*:10, Nov. 22.
- BHENGU, C. 2000b. Child labour shame. *Sowetan*:1, Apr. 17.
- BHENGU, C. 2000c. Child labour still rife in SA. *Sowetan*:11, Mar. 22.
- BHENGU, C. 2000d. No immediate respite for child labourers. *Sowetan*:13, Mar. 30.
- BHENGU, C. 2000e. Beit Bridge: 400 jump border daily. *Sowetan*:6, Feb. 11.
- BHENGU, C. 2000f. Deportees jump from train and flee. *Sowetan*: 3, Mar. 31.
- BHENGU, C. 2001. I'm tired of this life, says sex worker. *Sowetan*:1, Jun. 28.
- BHENGU, C. 2002a. Poor families feel HIV's pinch. *Sowetan*:8, Nov. 5.
- BHENGU, C. 2002b. Absa says drop in sick leave due to Aids plan. *Sowetan*:20, Nov. 5.
- BIENERT, W. 1956. Die Arbeit nach der Lehre der Bibel: Ein Beitrag zur evangelischen Sozialethik. Stuttgart : Evangelisches Verlagswerk. 452 p.
- BIESHEUVEL, S. 1972. Black-white wage gap: What can be done about it? (An address delivered to the Executive Development Programme at the Graduate School of Business Administration on July 18th, 1972.) Johannesburg : South African Institute of Race Relations. 19 p.
- BIETENHARD, H. 1981. Lord. (*In* Brown, C. ed. The new international dictionary of New Testament theology, vol. 2. Grand Rapids : Regency. p. 508-520.)
- BLEEKER, S. 1970. The Zulu of South Africa. London : Dennis Dobson. 157 p.

- BLOCK, D. 2000. SA insider traders will feel the whip. [Web:] <http://www.mg.co.za>
[Date of access: 10 Jan. 2000].
- BÖESEKEN, A.J. 1977. Slaves and free blacks at the Cape 1658-1700. Cape Town :
Tafelberg. 208 p.
- BÖESEKEN, A.J. 1980a. Die koms van die blankes onder Van Riebeeck. (*In* Muller,
C.F.J., *red.* Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria :
Academica. p. 19-35.)
- BÖESEKEN, A.J. 1980b. Die vestiging van die blankes onder die Van der Stels. (*In*
Muller, C.F.J., *red.* Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria :
Academica. p. 36-50.)
- BÖESEKEN, A.J. 1983. Van oorloë en vrede. Kaapstad : Tafelberg. 147 p.
- BONNER, P.L. 1979. The 1920 black mineworkers' strike: a preliminary account. (*In*
Labour, townships and protest. Johannesburg : Ravan. p. 273-297.)
- BONORCHIS, R. 2001. Spicer ex-chief pays R4m in insider trading debacle. *Business
Report*:3, Sep. 26.
- BOONSTRA, G. 2001. Kan SA ekonomie 7,3 m. Vigs-sterftes oorlewe? *Sake-Beeld*:4,
Sep.6.
- BOONZAIER, E., MALHERBE, C., SMITH, A. & BERENS, P. 1996. The Cape
herders: a history of the Khoikhoi of Southern Africa. Cape Town :
David Philip. 147 p.
- BOOYENS, J. 1997. SA se mededingendheid bly in die slag. *Rapport*:1, Aug. 27.
- BOOYENS, B. 2000. Dis korrupsie. *Beeld*:6, Feb. 7.
- BOTHA, A. 1992. SALU wil kinderwerk gewettig kry. *Landbouweekblad*:22, Aug. 7.

- BRAND, N. 2003. Groot kleregroepe en vakbonde werk saam. *Beeld*:12, Des. 8.
- BRAND, R. 2000. Hansie tells how he was hooked and later became addicted. *The Star*:3, Jun. 23.
- BREUTZ, P.-L. 1991. The social and political system of the Sotho-Tswana: four generations of traditional culture change. Ramsgate : P.-L. Breutz. 273 p.
- BREYTENBACH, W. 1998. Stakings verlam motorbedryf vandag. *Sake-Beeld*:1, Aug. 7.
- BRIDGE, S. 2002. Anglo to provide Aids drugs. *Business Report*:1, Aug. 7.
- BROWN, J.T. 1969. Among the Bantu nomads. New York : Negro Universities Press. 270 p.
- BRUCE, F.F. 1977. The book of the Acts. (New London Commentaries.) London : Marshall, Morgan & Scott. 554 p.
- BRÜMMER, W. 2004. 'Wáár is die R90 miljoen wat beloof is vir vigsplan?' *Beeld*:4, Jan. 28.
- BRYANT, A.T. 1967. The Zulu people as they were before the white man came. Pietermaritzburg : Shuter and Shooter. 769 p.
- BUNDY, C. 1988. The rise and fall of the South African peasantry. Cape Town : David Phillips. 276 p.
- BURGER, A. & BONTUYS, J. 2001. Volstruismaatskappye sal weldra dodelied sing. [Web:] http://www.news24.comco.za/Beeld/In-Diepte/0,4127,3-67_1073329,00.html [Datum van toegang: 25 Sep. 2001].
- CALVYN, J. 1972. A harmony of the gospels Matthew, Mark and Luke volume III and the Epistles of James and Jude. Translated from the Latin by A.W. Morrison. Grand Rapids : Eerdmans. 345 p.

- CALVYN, J. 1984. Institusie van die Christelike godsdiens, dl. 1. Uit Latyn vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom : CJBf.
- CALVYN, J. 1992. Institusie van die Christelike godsdiens, dl. 4. Uit Latyn vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom : CJBf.
- CAMERER, S. 2000. You still have a long way to go, sisters. *The Citizen*:12, May 25.
- CARSTENS, S. 2000a. Kompulsiewe dobbelaar kry 22 jaar. *Beeld*:7, Des. 4.
- CARSTENS, S. 2000b. Gewese hoë in polisie sit agt jaar. *Beeld*:13, Jun. 29.
- CARSTENS, S. 2001. Arbeid-hoë geskors oor beweerde omkopery. *Beeld*:7, Jul. 30.
- CARSTENS, S. 2002. Regstellende aksie laat hulle 'soos 'n vrot vel' voel. *Beeld*:11, Nov. 1.
- CARSTENS, S. 2003. 'Tony Yengeni het nie berou'. *Beeld*:2, Feb. 18.
- CARTER, C. & HAFFAJEE, F. 1998. Immigrants are job makers, not job stealers. [Web:] http://www.mg.co.za/mg/news/98sep/14sep_immigrants.html [Date of access: 21 Jul. 1999].
- CHIKANGA, K. 1999. Union must pay strikers R5-m. *The Citizen*:1-2 Nov. 24.
- CHUENYANE, G. 2001. Twelve officials in court for alleged ID fraud. *Sowetan*:3, Oct. 31.
- CHUENYANE, G. & RANTSEKENG, P. 2000. Scorpions' raid yields R14-m. *Sowetan*:2, Jul. 13.
- CLAYTON, C. & DU PREEZ, L. 2003. What fraud is costing you. *Personal Finance*:1, Sep. 13.

- COETZEE, J. 1998. Amptenare sonder werk kos SA miljarde. *Finansies en Tegniek*:26, Jun. 19.
- COETZEE, J.C. 1981. Die roeping van Christene ten opsigte van stoflike besittings. Potchefstroom : IBC. (Studiestuk 158.)
- COETZEE, J.C. 1984a. Die Heilige Gees in die prediking van Paulus. (*In Du Toit, A.B. red. Handleiding by die Nuwe Testament, band 4. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. p. 234-255.*)
- COETZEE, J.C. 1984b. Paulus se eskatologiese prediking. (*In Du Toit, A.B. red. Handleiding by die Nuwe Testament, band 5. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. p. 332-364.*)
- COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls. (*In Floor, L. & Coetzee, J.C. Die Skrif en die wetenskap. Potchefstroom : PU vir CHO. p. 15-32.*) (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks J3:Studiestuk nr. 22.)
- COETZEE, J.C., DE KLERK, B.J. & FLOOR, L. 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. *In die Skriflig*, 14 (54):12-26, Jun.
- COETZEE, S. 1999a. Moord neem af in '98, roof neem toe. *Beeld*:2, Jan. 19.
- COETZEE, S. 1999b. Misdaadsyfer 'gee SA 'n stink naam'. *Beeld*:13, Mrt. 31.
- COKAYNE, R. 2001. Lost wages 'will take six years' to recoup. *Business Report*:8, Sep. 26.
- COLE, R.A. 1973. Exodus. (Tyndale Old Testament Commentaries.) Leicester : Inter-Varsity. 239 p.

COSATU (Congress of South African Trade Unions). 1999a. Cosatu submission on farm workers presented to the Department of Labour, 7 September 1999. [Web:] <http://www.cosatu.org.za/docs/1999/farmwork.htm> [Date of access: 6 Oct. 1999].

COSATU (Congress of South African Trade Unions). 1999b. Cosatu submission on domestic workers presented to the Department of Labour, 7 September 1999. [Web:] <http://www.cosatu.org.za/docs/1999/dom-work.htm> [Date of access: 15 Jun. 2002].

COSATU (Congress of South African Trade Unions). 2002. Lotto and casino rob the poor. [Web:] <http://www.cosatu.org.za/shop/shop1006/shops1006-03.htm> [Date of access: 19 Jun. 2002].

CROTTY, A. 2002. Former Gencor chairman was paid R20m. *Business Report*:3, Oct. 1.

CROTTY, A. 2004. Nampak at forefront on equity and remuneration. *Business Report*:1, Jan. 19.

CRUSH, J., JEEVES, A. & YUDELMAN, D. 1991. South Africa's labor empire. Cape Town : David Philip. 266 p.

DASNOIS, A. 2000. 'Economic growth won't solve unemployment'. *Personal Finance*:1, Dec. 2.

DASNOIS, A. 2002. Time to flush out overpaid directors, not unions. *Business Report*:2, Jul. 29.

DASNOIS, A. 2004a. Nampak thinks out of the box on empowerment. *Business Report*:2, Jan. 19.

DASNOIS, A. 2004b. Handful of new empowerment tycoons. *Business Report*:12, Feb. 2.

- DAUTZENBERG, G. 1978. Arbeit und Eigentum. (*In* Hertz, A., Korff, W., Rendtorff, T., & Ringeling, H. *Hrsg.* Handbuch der Christlichen Ethik, Band 2. Basel : Freiburg. p. 343-362.)
- DAVIDSON, A.B. 1974. An introductory Hebrew grammar. Edinburg : T&T Clark. 319 p.
- DE BEER, E.J. 1998. 'n Teologies-etiese beoordeling van aftrede. (Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - Th.M.)
- DE BRUIN, P. 1999. Meester se kop waai, 2 adjunkte ook geskors. *Beeld*:6, Nov. 12.
- DE BRUIN, P. 2000a. SAL móét kelner met MIV aanstel. *Beeld*:1, Sep. 29.
- DE BRUIN, P. 2000b. Korrupsie só in regstelsel vasgevat. *Beeld*:2, Feb. 8.
- DE BRUIN, P. 2003a. Geskorste verdien baie. *Beeld*:6, Sep. 11.
- DE BRUIN, P. 2003b. 1 336 werkers ís billik afgedank by Volkswagen, beslis hof. *Sake-Beeld*:1, Apr. 24.
- DE BRUIN, P. 2004. Veldtog begin om justisie van korrupsie te reinig. *Sake-Beeld*:1, Jan. 12.
- DE BRUYN, P.J. 1976. Dood en opstanding. Potchefstroom : Pro Rege. 62 p.
- DE BRUYN, P.J. 1993. Die Tien Gebooie. Midrand : Varia. 331 p.
- DE BRUYN, P.J. 1995. Skriftuurlike grondslae vir die gereformeerde teologiese etiek. *In die Skriflig*, 29(1&2):161-180, Mrt/Jun.
- DEIST, F. 1991. Die historiese ruimte waarin die Ou Testament afspeel. (*In* Bosman, H.L., Gous, I.G.P. & Spangenberg, I.J.J. *reds.* Pretoria : J.L. van Schaik. p. 116-138.)

- DE KLERK, B.J. 2003. Die erediensgebed en MIV/vigs. *In die Skriflig*, 37(3):375-393.
- DE KLERK, F.W. 1999. F.W. de Klerk. Kaapstad : Human & Rousseau. 446 p.
- DE KOCK, W.J. 1980. Die Anglo-Boere-oorlog, 1899-1902. (*In Muller, C.F.J. red. Vyhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria : Academica. p. 334-366.*)
- DE LANGE, J. 1998. SA het gekies om nie goedkoop arbeidsmark te hê, sê Erwin. *Sake-Beeld*:3, Sep. 16.
- DE LANGE, J. 1999a. Vakbond wil 100 000 werkgeleenthede in 10 jr skep. *Sake-Beeld*:1, Jan. 27.
- DE LANGE, J. 1999b. Vigs gaan vuisvoos mynbedryf erg tref. *Sake-Beeld*:1, Jul. 29.
- DE LANGE, J. 1999c. Eskom verloor saak oor regstel-aksie. *Sake-Beeld*:1, Aug. 13.
- DE LANGE, L. 1999d. Binnehandelaars verdien niks minder nie as tronkstraf. *Sake-Beeld*:3, Des. 10.
- DE LANGE, L. 1999e. Tugstappe kom teen 1000 stakers in gesondheidsorg. *Beeld*:4, Aug. 26.
- DE LANGE, L. 2000. Suid-Afrika het verlede jaar 420 000 werkloses bygekry. [Web:] http://news.24.com/Afrikaans/Sake_Nuus/Ekonomie/AFR_246097_1009411_SEO.asp [Datum van toegang: 16 Feb. 2000].
- DE LANGE, J. 2001a. Boeiende sage lê voor met arbeidswet. *Sake-Beeld*:2, Feb. 20.
- DE LANGE, L. 2001b. Tot 20% onnies in SA het al MIV/vigs. *Beeld*:4, Jan. 11.
- DE LANGE, L. 2001c. Buitelanders in SA ly ál meer. *Beeld*:5, Aug. 21.
- DE LANGE, J. 2001d. Twis oor Eskom se voordele hof toe. *Beeld*:1, Apr. 10.

DE LANGE, J. 2001e. Net die *minimum*. *Beeld*:9, Jul. 11.

DE LANGE, J. 2001f. Stakingsverliese in SA verlede jaar die kleinste sedert 1983.
Sake-Beeld:1, Jan. 17.

DE LANGE, J. 2002. Die Yanks is opgewonde oor die klerebedryf in Suid-Afrika.
Sake-Beeld:2, Jul. 3.

DE LANGE, J. 2003a. Harmony maak 'n plan om sy afgedankte werkers weer op te lei.
Beeld:2, Mrt. 20.

DE LANGE, J. 2003b. 'n Gebrek aan sensitiwiteit vir menseregte? *Sake-Beeld*:8,
Okt. 27.

DE LANGE, J. 2003c. Kleinhandel kry stilweg óók minimum lone. *Sake-Beeld*:4,
Feb. 20.

DE LANGE, J. 2003d. Werkgewers kan leer uit dié dure les. *Sake-Beeld*:12, Apr. 2.

DE LANGE, J. 2003e. Verliese weens stakings daal weer eens in 2002. *Beeld*:20,
Feb. 6.

DE LANGE, J. 2003f. Werkers waai, base baljaar. *Sake-Beeld*:1, Nov. 19.

DE MEYER, J. 1998a. 'Bedrog' met petrolkaarte in M'langa 'skrikwekkend'.
Beeld:11, Sep. 10.

DE MEYER, J. 1998b. Salaristjek van LUR vir onderwys weerhou. *Beeld*:9, Sep. 11.

DE MEYER, J. 1999. Kommissie kyk na stadsklerk se sake. *Beeld*:16, Nov. 12.

DEPARTEMENT VAN ARBEID kyk SOUTH AFRICA. Department of Labour.

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSONTWIKKELING kyk SOUTH AFRICA.
Department of Social Development.

- DE QUERVAIN, A. 1956. Ruhe und Arbeit, Lohn und Eigentum. Zollikon-Zürich : Evangelischer Verlag. 186 p.
- DEYSEL, S. 1999. Stakende Telkom-werkers dalk vervolg nadat hulle gebou invaar en moles maak. *Beeld*:4, Sep. 15.
- DEYSEL, S. 2000. Binnelandse sake stuur 22 000 terug, al is werkers min. *Beeld*:7, Jan. 19.
- DOUMA, J. 1979. Christelike Ethiek, capita selecta 2. Kampen : Van den Berg. 94 p.
- DU PLESSIS, T. 1998. Sakelui sê ja vir R1 miljard se werk-plan. *Beeld*:1, Sep. 16.
- DU PREEZ, L. 2001. Vigs se skokinvloed op Noordwes. *Beeld*:4, Jul. 25.
- DU RAND, J.A. 1992. Enkele Nuwe-Testamentiese perspektiewe met die oog op 'n Christelik etiese werkkultuur. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, 33(2):157-164, Junie.
- DU TOIT, F. 1996. Kan stakings aanvaarbaar wees? *Die Voorligter*:26-27, 36-37, Jul.
- DU TOIT, J. 2001. Vakbond beplan optrede teen klerehandelaars. *Sake-Beeld*:3, Aug. 14.
- DUTTON, E.A.T. 1923. The Basuto of Basutoland. London : Jonathan Cape. 132 p.
- DUVENAGE, B. 1957. Beroepsarbeid in die lig van die Christelike etiek. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - Th.D.) 232 p.
- DUVENAGE, B. 1983. Roeping en wetenskap. Potchefstroom : EFJS. 268 p.
- DUVENHAGE, H. 2001. Openbare werke 'aan spits' van swart bemagtiging. [Web:] http://www.news24.co.za/contentDisplay/level4Article/0,1113,2_1049056,00.html [Datum van toegang: 12 Nov. 2001].

- EDERSHEIM, A. 1988. Sketches of Jewish social life in the days of Christ. Grand Rapids : Edersheim. 342 p.
- ELPHICK, R. 1985. Khoikhoi and the founding of white South Africa. Johannesburg : Ravan. 266 p.
- ELSNER, A. 2002. Wanted: chief executive with modest ego. *Business Report*:2, Jul. 11.
- ERASMUS, J. 1999. Nóg onnies ontmasker in veldtog teen bedrog. *Beeld*:3, Nov. 24.
- ERASMUS, E. 2001a. Werkloosheidskoers in SA bly basies onveranderd. *Sake-Beeld*:1, Sep. 26.
- ERASMUS, E. 2001b. Salarisverskille tussen mans en vroue krimp, maar *Beeld*:6, Sep. 3.
- ESTERHUYSE, W. 1998a. Erken korrupsie. *Finansies en Tegniek*:26, Mei 15.
- ESTERHUYSE, W. 1998b. Verraad teen die armes. *Finansies en Tegniek*:28, Jun. 26.
- FERIS, M-A. 2001. 'If I win, we eat; if I don't, we don't eat.' *Sowetan*:9, Apr. 9.
- FIELD, D.H. 1995. Gambling. (In Atkinson, D.J. & Field, D.H. ed., New dictionary of Christian ethics and pastoral theology. Leicester : Inter-Varsity. p. 401-402.)
- FINE, R.E. & DAVIS, D. 1990. Beyond apartheid: labour and liberation in South Africa. London : Pluto Press. 338 p.
- FLOOR, L. 1986. 'n Lamp vir almal in die huis. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 80 p.
- FOURIE, R. 1999. Krisis dreig oor permitstelsel vir immigrante van Zimbabwe. *Beeld*:9, Des. 10.

- FOURIE, R. 2000. Groot bedrog in Noorde met mediese eise. *Beeld*:4, Apr. 10.
- FOURIE, R. 2001. LUR se kop geëis oor bedrog. *Beeld*:14. Aug. 16.
- FRASER, J. 2000. 41% of top executives want foreign jobs. *Business Report*:1, Aug. 3.
- FRIIS, J. 2000. Vraag na sekere geskooldes in SA gaan toeneem, wys verslag. *Beeld*:11, Jan. 12.
- GEBHARDT, M. 2000. Aids 'will be a business plague unless Africa acts'. *Business Report*:1, Jun. 22.
- GEISLER, N.L. 1993. Christian ethics: option and issues. Grand Rapids : Baker. 335 p.
- GEMSER, B. 1975. Hebreeuse spraakkuns. Pretoria : Van Schaik. 364 p.
- GEORGALA, I. 1999. Staat met hande in hare oor vigs se gevolge. *Beeld*:22, Des. 1.
- GES *kyk* REFORMED ECUMENICAL SYNOD
- GIBSON, E. 1999. Dit gons in lugmag oor aanstelling van kolonel in top-pos. *Beeld*:7, Apr. 5.
- GIBSON, E. 2000a. Meer as 95% op skool. *Beeld*:17, Nov. 9.
- GIBSON, E. 2000b. Vigs neem erg toe onder lede van weermag. *Beeld*:12, Mrt. 29.
- GIBSON, E. 2001. Wapenskandaal. *Beeld*:1, Okt. 4.
- GIBSON, E. 2002a. Eerste staatswerker skuldig bevind in sage om wapens. *Beeld*:1, Feb. 16.
- GIBSON, E. 2002b. Publiek dok kwartmiljoen op vir offisiere se 'spesiale verlof'. *Beeld*:2, Aug. 20.

- GIFFORD, G. 2002a. Welfare organisations get small change. *The Star*:3, Sep. 26.
- GIFFORD, G. 2002b. Blow whistle on bribes, top cop asks public. *The Star*:2, Jun. 4.
- GILBERT, M. 2000. Bulle, Leeus beboet oor kwotas. [Web:]
http://www.news24.co.za/contentDisplay/level4Article/0,1113,2_911319,00.html
[Datum van toegang: 12 Nov. 2001].
- GILIOMEE, H. 2000. Afrikaners se prys. *Beeld*:10, Jun. 20.
- GILIOMEE, H. 2003. The Afrikaner: biography of a people. Cape Town : Tafelberg. 698 p.
- GISPEN, W.H. 1954. Spreuken, dl. 2. (Korte verklaring der Heilige Schrift.)
Kampen : Kok. 364 p.
- GODÉE MOLSBERGEN, E.C. 1968. Jan van Riebeeck en sy tyd. Pretoria : Van Schaik. 157 p.
- GOODALL, B. 2001. Loss of skilled manpower is staggering. *The Citizen*:12, Apr. 10.
- GOSLINGA, C.J. 1959. Samuël, dl. 1. (Korte verklaring der Heilige Schrift.)
Kampen : Kok. 352 p.
- GOUDZWAARD, B. 1980. Calvyn se etiek van die sosiaal-ekonomiese lewe.
Potchefstroom : PUCHO/IBC. (Reeks F1, Studiestuk 155.)
- GOUDZWAARD, B. 1993. Economic life: a confession. (*In Venster op bestuursetiek: 'n uitdaging vir Christensakelui*. Potchefstroom : PU/IRS. p. 102-114.)
- GOUDZWAARD, B. & DE LANGE, H. 1995. Beyond poverty and affluence. Grand Rapids : William B. Eerdmans. 165 p.
- GRANELLI, M. 2001. State 'ghost workers' being paid millions. *The Star*:3, Feb. 1.

- GREEN, M. 1983. The second epistle general of Peter and the general epistle of Jude. (Tyndale New Testament Commentaries.) Leicester : Inter-Varsity. 192 p.
- GREMMELS, C. 1978. Fragen der Arbeit und der Arbeitswelt. (In Herz, A., Korff, W., Rendtorff, T. & Ringeling, H. Hrsg. Handbuch der Christlichen Ethik, Band 2. Basel : Freiburg. p. 362-370.)
- GROBLER, C. & SMITH, C. 2002. Korruptes pryk op swartlys. *Beeld*:3, Sep. 5.
- GROENEWALD, E.P. 1980. Die eerste brief aan die Korinthiërs. Kaapstad : N.G. Kerk-uitgewers. 237 p.
- GUMEDE, W.M. & QOZA, S. 2003. Viva black power! *Sowetan*:1-2, Mar. 25.
- GUTHRIE, D. 1983. The pastoral epistles. (Tyndale New Testament Commentaries.) Leicester : Inter-Varsity. 228.
- HAGEN, H. 2000a. Aids epidemic now hitting SA business. *The Citizen*:6, Jan. 15.
- HAGEN, H. 2000b. Jhb hospital trashed: lives at risk. *The Citizen*:3, Jun. 29.
- HAGEN, H. 2001. Spoornet loses big. *The Citizen*:4, Nov. 15.
- HARRISON, B. 2000. Kameras gaan Alberton se sakekern dag en nag dophou. *Beeld*:14, Jul. 7.
- HARRISON, B. 2001. Boksburg-man vir sel, R20 vermoor. *Beeld*:12, Aug. 21.
- HASELBARTH, H. 1976. Christian ethics in the African context. Ibadan : Daystar Press. 233 p.
- HATTINGH, M. 2001. Ware emigrasiesyfer vier keer meer as wat regering wil sê. *Beeld*:15, Des. 27.

- HAWARDEN, E. 1942. Labour and the new economic policy. Johannesburg : South African Institute of race relations. 18 p.
- HEINE, R. 1999. Unemployment cause of income inequality. *The Citizen*:13, Sep. 20.
- HENDRIKSEN, W. 1976a. The gospel of Matthew. (New Testament Commentary) Edinburgh : Banner of Truth Trust. 507 p.
- HENDRIKSEN, W. 1976b. I & II Thessalonians. (New Testament Commentary.) Edinburgh : Banner of Truth Trust. 214 p.
- HENDRIKSEN, W. 1978. The gospel of Luke. (New Testament Commentary.) Grand Rapids : Baker. 1122 p.
- HEYNS, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 448 p.
- HEYNS, J.A. 1986. Teologiese Etiek, dl. 2/1. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 452 p.
- HIEBERT, D.E. 1976. Lydia. (*In The Zondervan pictorial encyclopedia of the Bible*, 3:1011-1012.)
- HILLS, C. 2002. Gunmen try to steal copper. *The Citizen*:4, Nov. 8.
- HLANGANI, M. 1998. 'Strike affects business'. *Sowetan*:5, Sep. 11.
- HLANGANI, M. 1999. Planned bus strike will affect six million. *Sowetan*:3, Apr. 9.
- HLANGANI, M. 2000a. Anger over jobs. *Sowetan*:1, Apr. 13.
- HLANGANI, M. 2000b. Boost for job creation. *Sowetan*:5, Apr. 5.
- HLANGANI, M. 2000c. Affirmative action is the recipe for business growth. *Sowetan*:16, Dec. 12.

- HLANGANI, M. 2002a. 500 000 jobs for highly skilled people available. *The Star*:5, May 21.
- HLANGANI, M. 2002b. Business has plan to create jobs for 1,1-million. *The Star*:3, May 22.
- HLANGANI, M. 2002c. Sweatshops' grim conditions exposed. *The Star*:5, Aug. 13.
- HLANGANI, M. 2002d. Cosatu boss still drawing his pay as a teacher. *The Star*:2, Sep. 4.
- HLANGANI, M. 2003a. Minister guarantees public servants' jobs. *The Star*:6, July 3.
- HLANGANI, M. 2003b. Cosatu to tackle gender discrimination. *The Star*:6, July 8.
- HLANGANI, M. 2003c. Farmers regret minimum wage firings. *The Star*:3, Apr. 10.
- HOFFMANN, C. 2000. Kwotas laat Rossouw eers rus. [Web:]
http://www.news24.co.za/contentDisplay/level4Article/0,1113,2_892440,00.html
[Datum van toegang: 12 Nov. 2001].
- HOLDCROFT, R. 1999. R20m of fake sport shoes seized. *Business Report*:6, Sep. 30.
- HOLLADAY, W.L. 1971. A concise Hebrew and Aramaic lexicon of the Old Testament. Leiden : E.J. Brill. 425 p.
- HORNER, J.A. 1972. Black pay and productivity in South Africa. (An address to the South African Institute of Personnel Management in Junie 1972.) South African Institute of Race relations. 23 p.
- HOSKEN, G. & NDADANA, M. 2003. 'Dealing in death' scam costs SA R3bn. *Saturday Star*:1, Feb. 1.

- HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL. 1997. Public opinion about illegal immigration. [Web:] <http://www.hsrc.ac.za/corporate/media/1997/970610.html> [Date of access: 21 Sep. 2001].
- HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL. 1999a. Unemployed eager to take any job – HSRC study. [Web:] <http://www.hsrc.ac.za/media/1999/8/19990804.html> [Date of access: 12 Jun. 2002].
- HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL. 1999b. Top-class graduates not readily available. [Web:] <http://www.hsrc.ac.za/media/1999/8/19990816.html> [Date of access: 12 Jun. 2002].
- HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL. 1999c. Women still lose out – but gap is closing. [Web:] <http://www.hsrc.ac.za/media/1999/10/19991025.html> [Date of access: 12 Jun. 2002].
- HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL. 2000. Job creation top priority for South Africans. [Web:] <http://www.hsrc.ac.za/media/2000/2/20000215.html> [Date of access: 15 Jun. 2002].
- INGGS, M. 2002. Employees who face losing jobs may go on strike. *Business Report*:7, Jan. 29.
- INTERNASIONALE ARBEIDSORGANISASIE *kyk* INTERNATIONAL LABOUR ORGANISATION
- INTERNATIONAL LABOUR ORGANISATION. 1973. C 138 Minimum age convention, 1973. [Web:] <http://www.ilolex.ilo.ch:1567/cgi-lex/convde.pl?c138> [Date of access: 13 Aug. 2001].
- INTERNATIONAL LABOUR ORGANISATION. 1999. C 182 Worst forms of child labour convention, 1999. [Web:] <http://www.ilolex.ilo.ch:1567/scripts/convde.pl?c182> [Date of access: 1 Aug. 2001].
- JACKSON, N. 2002. Lotery maak armes net nog armer, sê kerk. *Beeld*:7, Mrt. 13.

- JACOBS, H. 2000. Forum sal vigsverwante sake in werkplek bespreek. *Sake-Beeld*:3, Sep. 7.
- JARA, M.K. 2000. Capitalists are responsible for joblessness. *The Citizen*:12, Apr. 28.
- JAYIYA, E. 1999. Labour minister calls for workplace stability. *The Star*:5, Sep. 7.
- JEFFREYS, M.D.W. 1978. An epitaph to the Bushmen. (In Tobias, P.V. ed. *The Bushmen: San hunters and herders of Southern Africa*. Cape Town : Human & Rousseau. p. 88-93.)
- JETER, J. 2001. Trying to beat the odds is to gamble with the future. *The Star*:10, Nov. 28.
- JOHANNES PAULUS II *kyk* JOHN PAUL II
- JOHN PAUL II. 1981. *Laborem Exercens*. [Web:]
<http://www.newadvent.org/docs/jp021e.htm> [Date of access: 16 Oct. 2003].
- JONKER, I. 1999. Rower kry 194 jaar tronkstraf. *Beeld*:8, Sep. 9.
- JOUBERT, J.-J. 1999. Swart bemagtiging 'die rede vir handboek-probleme'. *Beeld*:1, Feb. 22.
- JOUBERT, J-J. 2002. SA mense oorsee in databasis. *Beeld*:11, Aug. 21.
- KAISER, W.C. 1991. *Toward Old Testament ethics*. Grand Rapids : Zondervan. 345 p.
- KEIL, C.F. & DELITZSCH, F. 1981. *The Pentateuch*, vol. 3. (Commentary on the Old Testament in ten volumes, vol. 1.) Grand Rapids : William B. Eerdmans.
- KENNY, A. 2001. AA is a racist cancer in SA. *The Citizen*:13, Jul. 18.
- KHANGALE, N. 2001. Plan to stop counterfeit goods. *Sowetan*:12, Aug. 2.

- KONING, W. 1986. Om de kwaliteit van werken in de toekomst. *Radix*, 12(1):56-83, Jan.
- KOOLE, J.L. 1964. De tien geboden. Baarn : Bosch & Keuning. 157 p.
- KOOPMAN, A. 2000. Banks spend R1 bn to prevent heists, robberies. *The Star*:8, Apr. 6.
- KOTLOLO, M. 2001. Hospital touts storm worsens. *Sowetan*:2, Aug. 15.
- KOTZÉ, C.R. 1980. 'n Nuwe bewind, 1806-1834. (In Muller, C.F.J., red. Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria : Academica. p. 120-148.)
- KOTZÉ, D.J. 1968. Positiewe Nasionalisme. Kaapstad : Tafelberg. 120 p.
- KRIEL, K. 2003. Dis in blyers se belang om glyers terug te lok Suid-Afrika toe. *Beeld*:15, Mrt. 5.
- KRUGER, D.W. 1979a. Die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902. (In Kruger, D.W. red. Geskiedenis van Suid-Afrika. Goodwood : Nasou. p. 407-433.)
- KRUGER, D.W. 1979b. Die triomf van Nasionalisme en die totstandkoming van die Republiek, 1948-1961. (In Kruger, D.W. red. Geskiedenis van Suid-Afrika. Goodwood : Nasou. p. 560-592.)
- LABUSCHAGNE, J.M.T. 1994. Opmerkinge oor die posisie van die kind in die inheemse reg. *De Jure* 27:341-350.
- LACKAY, A. & VAN ZYL, P. 2000. Twaalf kameras in middestad ingespan teen misdaad. *Beeld*:12, Apr. 11.
- LANDMAN, J.P. 2003. Die helse keuse om te moet maak. *Beeld*:12, Jun. 17.
- LANGENHOVEN, H.P. 1977. 'n Stelsel van vergoeding van swart werknemers. Bloemfontein : UOVS. 123 p.

- LEIPOLDT, C.L. 1938. Jan van Riebeeck. Kaapstad : Nasionale Pers. 269 p.
- LEKOTA, I. & MPYE, S. 2000. Secure carriages 'on the way'. *Sowetan*:3, Mar. 31.
- LEO XIII. 1891. Rerum Novarum. [Web:] <http://www.osjspm.org/cst/rn.htm> [Date of access: 17 Oct. 2003].
- LE ROUX, M. 2003. Finansiële handves stel streng vereistes vir aankope. *Sake-Beeld*:2, Okt. 20.
- LESTRADE-JEFFRIS, J. 1999. Stats SA revises its definition of unemployment rate. [Web:] http://www.statssa.gov.za/statsnews/statsnews/stats_sa_rev.htm [Date of access: 21 Jul. 1999.]
- LEUVENNINK, J. 2000. Weglok van kundigheid is 'n baie netelige saak. *Sake-Beeld*:9, Nov. 28.
- LEUVENNINK, J. 2001a. New tender regulations. [Web:] http://www.news24.com/News24/Finance/Economy/0,4186,2-8-25_1064641,00.html [Date of access: 14 Aug. 2001].
- LEUVENNINK, J. 2001b. Huiswerkers in stede kan kyk na R600 p.m. *Sake-Beeld*:6, Sep.2001.
- LEUVENNINK, J. 2001c. Woede bars los in die kabinet oor die SAL. *Beeld*:1, Jun. 14.
- LEUVENNINK, J. 2002. Regering stop lottery. *Beeld*:1, Okt. 17.
- LIEBENBERG, B.J. 1980a. Hertzog aan bewind, 1924-1939. (*In Muller, C.F.J., red. Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria : Academica. p. 419-451*)
- LIEBENBERG, B.J. 1980b. Die Nasionale Party aan bewind, 1948-1961. (*In Muller, C.F.J., red. Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria : Academica. p. 477-519*)

- LIEBENBERG, D. 2000. Polisie-hoë 'omgekoop'. *Beeld*:14, Jun. 23.
- LIEBENBERG, D. 2001a. 'Onversadigbare gierigheid' laat drie lewenslank boet. *Beeld*:2, Nov. 10.
- LIEBENBERG, D. 2001b. LUR gryp in oor groot salaris. *Beeld*:6, Nov. 21.
- LIEBENBERG, D. 2002. Bedrieër trek nog loon. *Beeld*:10, Apr. 10.
- LIEBENBERG, D. 2003a. Van soetgoed tot groot geld geeis vir werk by hospitale. *Beeld*:4, Nov. 20.
- LIEBENBERG, D. 2003b. Prokureur in arres oor sy glo vals eis van R1,9 m. indien.
[Web:] <http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2003/07/11/B2/03/05.html>
[Datum van toegang: 21 Feb. 2004.]
- LIEBERUM, S. 1999. Prosecutor in dock. *The Citizen*:5, Dec. 15.
- LIPTON, M. 1986. Capitalism and apartheid. Aldershot : Wildwood House. 472 p.
- LOMBAARD, S. 2003. Suid-Afrikaners het 'n sterk Las Vegas-streep weg. *Beeld*:1, Apr. 17.
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1988. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains, vol. 1. New York : United Bible Societies. 843 p.
- LOUW, M. 2001. Pa wat vir selfoon vermoor is, word vandag begrawe. *Beeld*:14, Feb. 16.
- LOUW, M. 2002. Staker sterf in Limpopo toe skote klap en klippe vlieg. *Beeld*:1, Jul. 16.
- LOXTON, L. 2003a. New gambling bill for BEE not hitting jackpot. *Business Report*:1, Aug. 21.

- LOXTON, L. 2003b. Deal 1: Sanlam and Ubuntu-Botho. *Business Report*:1, Dec. 5.
- MABASA, T. 2002. Union to tackle affirmative action. *The Citizen*:1-2, Dec. 10.
- MABASA, T. 2003. Child labour farmer is fined R12 000. *The Citizen*:4, Nov. 5.
- MABUZA, K. 2001. Cop 'wanted R200' to drop fine. *The Citizen*: 6, Nov. 21.
- MADUNA, P. 1999. Address by dr PM Maduna, during snap debate on the Directorate of Special Operations. [Web:] <http://www.polity.org.za/govdocs/speeches/1999/sp1111a.html> [Date of access: 17 Jun. 2002].
- MAGUBANE, P. 1998. Vanishing cultures of Southern Africa: changing customs in a changing world. Cape Town : Struik. 168 p.
- MAHLANGU, Z. 2002. Open electric boxes that kill. *Saturday Star*:5, Jul. 6.
- MAKGOTHO, M. 2001a. 1000 illegal gambling machines destroyed. *Sowetan*:4, Nov. 22.
- MAKGOTHO, M. 2001b. R1,2-m: ANC councillor probed. *Sowetan*:4, Nov. 21.
- MAKGOTHO, M. 2003. Two salaries for Limpopo mayor. *Sowetan*:4, Mar. 5.
- MALULEKE, J. 2003. Quick-buck culture hits the poor. *The Citizen*:4, June 6.
- MANUEL, T. 1996. Address to the National Assembly. [Web:] <http://www.polity.org.za/govdocs/speeches/1996/sp0614.html> [Date of access: 31 Jan. 2001].
- MAPHUMULO, S. 2002. Wage act is boon for some, bomb for others. *Saturday Star*:9, Nov. 23.
- MARAIS, R. 1990. Enkele politieke vraagstukke rakende swart arbeidsorganisasies. Johannesburg : RAU. (Verhandeling – M.A.) 203 p.

- MAREE, J. 1974. Current labour utilisation and underemployment in South Africa. (*In* Study project and external investment in South Africa and Namibia (South West Africa): the conditions of the black worker. Uppsala : African publications. p. 55-83.)
- MARSHALL, P. 1991. Calling, work, rest. Potchefstroom : IRS/PUCHE. 27 p.
- MARTIN-ACHARD, R. 1984. ארג. (*In* Jenni, E. & Westermann, C. *Hrsg.*, bd. 1. München : Chr. Kaiser Verlag. P. 409-412.)
- MASHALABA, S. 2002. Empowerment coup. *Sowetan*:1-2, Dec. 13.
- MASON, J.E. 1994. Fortunate slaves and artful masters: Labor relations in the rural Cape colony during the era of emansipation, ca. 1825 to 1838. (*In* Eldredge, E.A. & Mo, F., *eds.* Slavery in South Africa: captive labor on the Dutch frontier. Boulder : Westview Press. p. 67-91.)
- MATSENA, D. 2002. For many Lindela just means a free ride back home. *The Star*:6, May 20.
- MAYLAM, P. 1986. A history of the African people of South Africa: from the early Iron Age to the 1970s. London : Croom Helm. 259 p.
- MBEKI, M. 2003. We need to develop real entrepreneurs. *Saturday Star*:15, July 5.
- MBEKI, T. 2000. State of the nation address by President Mbeki. [Web:] <http://www.polity.org.za/govdocs/speeches/2000/sp0204.html> [Date of access: 28 Dec. 2001].
- MBEKI, T. 2001. State of the nation address of the president of South Africa, Thabo Mbeki, at the National Assembly chamber. [Web:] <http://polity.org.za/govdocs/speeches/2001/sp0209.html> [Date of access: 12 Jun. 2002].

- MBOWENI, T. 1997. Keynote address by the Minister of Labour Tito Mboweni at the launch of the Green Paper on a Skills Development strategy for employment and growth in South Africa, March 24 1997. [Web:] <http://www.polity.org.za/govdocs/speeches/1997/titosp.html> [Date of access: 10 Nov. 2001].
- MDLADLANA, M. 2000. Working to create jobs. *Sowetan*:11, May 12.
- MDLADLANA, M. 2001. Domestic workers' rights. *The Citizen*:12, Jul. 11.
- MDLADLANA, M. 2003. People with disabilities can work too. *Sowetan*:15, Dec. 3.
- MDLADLANA, M.M.S. 2002a. Speech by the honorable Minister of Labour, Mr MMS Mdladlana at the launch of the International Labour Organisation's Third Global Report on a future without child labour. [Web:] <http://www.polity.org.za/govdocs/speeches/2002/sp0506.html> [Date of access: 1 Jun. 2002.]
- MDLADLANA, M.M.S. 2002b. Mdladlana: Launch of sectoral determination for agriculture. [Web:] <http://www.polity.org.za/pol/search/content/?show=30563> [Date of access: 4 Feb. 2004]
- MEYER, F. 1997. Oorlog teen korrupsie. . . . *Finansies & Tegniek*:14, Sep. 26.
- MEYER, J. 2003. Govt profits from crime. *Saturday Star*:1, May 10.
- MFOLOE, M. 2002. Corrupt housing boss jailed. *Sowetan*:4, Sep. 19.
- MICKEY, P.A. 1995. Work. (In Atkinson, D.J. & Field, D.H. ed., New dictionary of Christians ethics and pastoral theology. Leicester : Inter-Varsity. p. 899-901.)
- MILANI, C. 2003. Muscle power will create jobs that meet our needs. *Business Report*:2, May 29.
- MISBACH, W. 2002. Race and sex equity is on track. *Sowetan*:4, May 24.
- MISBACH, W. 2003. Free Aids drugs at last. *Sowetan*:1-2, Nov. 20.

- MITTNER, M. 1997a. Inkomstegaping gou weer in die kollig. *Finansies en Tegniek*:28, Mei 2.
- MITTNER, M. 1997b. Die groot loondebat kry koers. *Finansies en Tegniek*:42, Des 5.
- MITTNER, M. 1999. SA betaal nou die prys. *Finansies en Tegniek*:34, Jul. 30.
- MITTNER, M. 2001. Werkgewers werk saam oor regstellende aksie – minister. *Sake-Beeld*:11, Aug. 24.
- MITTNER, M. 2003. Standard Bank se Jacko Maree kan (elke maand) doen met 'n miljoen. *Sake-Beeld*:1, Mei 13.
- MKHONDO, R. 2000. The downside of gambling. *The Citizen*:12, Nov. 8.
- MODISANE, K. & KHANGALE, N. 2002. Police focus on RAF scams. *Sowetan*:2, Nov. 7.
- MOHALE, J. 2001. Call to fight 'evil' of gambling. *Sowetan*:6, Jan. 31.
- MOLAKENG, S. 2001. Firms to be fined R40 000 for alien workers. *Sowetan*:12, Aug. 7.
- MOMBERG, E. 2000. No Aids witch-hunts – govt plea. *The Citizen*:3, May 17.
- MOMBERG, E. 2003a. SA jobless figure now 4,8-m says new survey. *The Citizen*:13, Mar. 26.
- MOMBERG, E. 2003b. Business crime costs R40-bn. *The Citizen*:1-2, Apr. 5.
- MÖNNIG, H.O. 1967. The Pedi. Pretoria : Van Schaik. 365 p.
- MOOS, A. 2003. Beleid kom gou oor kinderarbeid. *Beeld*:3, Mrt. 7.

- MORRIS, L. 1992. The gospel according to Matthew. Grand Rapids : William B. Eerdmans. 781 p.
- MOTSEPE, C. 2003. Illegal trade loses jobs. *Sowetan*:11, Nov. 28.
- MPYE, S. 2003. If you think crime is bad now... . *Saturday Star*:1. Oct. 25.
- MSIMANG, T. 2001a. Massive bid to move out illegals. *The Citizen*:1, Apr. 12.
- MSIMANG, T. 2001b. 13 000 out as postal strike bites. *The Citizen*:7, Mar. 2.
- MSIMANG, T. 2001c. Chaos as first phase of Escom strike hits Jhb. *The Citizen*:3, Jul. 24.
- MSIMANG, T. 2002. Strike cost workers R29-m. *The Citizen*:4, Jul. 28.
- MTHETHWA, W. 1999a. Principal arrested for school fraud. [Web:]
<http://www.witness.co.za> [Date of access: 1 Dec. 1999].
- MTHETHWA, W. 1999b. Bogus teachers to face wrath of the law. [Web:]
<http://www.witness.co.za> [Date of access: 24 Nov. 1999].
- MULDER, N. 2001. 10 rowers kry lewenslank. *Beeld*:1, Mrt. 2.
- NAIDU, E. 2000. Varsity heads raking in the cash. *Saturday Star*:6, Aug. 12.
- NATTRASS, J. 1977. The narrowing of wage differentials in South Africa. *The South African journal of economics*, 45(4):408-432.
- NATTRASS, N.J. 1990. Wages, profits and apartheid. Oxford : Oxford. (Thesis – D.Phil.)
364 p.
- NASIONALE DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE kyk SOUTH AFRICA.
National Department of Public Works.

NASIONALE DOBBELRAAD VAN SUID-AFRIKA *kyt* NATIONAL GAMBLING
BOARD OF SOUTH AFRICA.

NATIONAL GAMBLING BOARD OF SOUTH AFRICA. 2001. Gamble with your
head and not your heart. *Sowetan*:5, Dec. 24.

NAUDÉ, C. 1999. Nog regstel nodig. *Beeld*:12, Sep. 2.

NAUDÉ, C. 2001. Minimum lone. *Beeld*:14, Jul. 12.

NEWTON-KING, S. 1999. Masters and servants on the Cape eastern front 1760-1803.
Cambridge : University Press. 335 p.

NGOBESE, Z. 2002. Sactwu stages sit-in of Standard Bank to put pressure on Puma.
Business Report:7, Aug. 8.

NIEWOUDT, S. 2003. Wilde Weste op SA paaie. [Web:] [http://152.111.1.251/
argief/berigte/beeld/2003/01/08/11/2.html](http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2003/01/08/11/2.html) [Datum van toegang: 20 Des. 2003.]

NIEUWOUT, M.M. 1990. Praktiese implimentering in die vaderlandse
kerkgeskiedenis. (*In* Die diens van barmhartigheid en die Nederduitse Gereformeerde
Kerk. Kaapstad : N.G. Kerk-Uitgewers. p. 74-101.)

NIEUWOUT, S. 2002. Sonde met 'n roomys? Reklamebedryf streef net na beter
verkope. *Naweek-Beeld*:3, Jul. 27.

NIEUWOUT, S. 2003. Veldtogte om mense terug te lok SA toe 'kan gevaarlik wees'.
Beeld:15, Feb. 7.

NKOSI, M.Z. 1991. Nationalisation and privatisation: Issues to be resolved. (*In*
Naidoo, G. *ed.* Reform and revolution: South Africa in the nineties. Johannesburg :
Skotaville. p. 103-116.)

NKWANYANE, T. 1998. Lyke lê glo tussen lewendes in hospitaal aan Oos-Rand.
Beeld:1, Sep. 17.

- NOORDTZIJ, A. 1973. De Psalmen, dl. 3. (Korte verklaring der heilige Schrift.)
Kampen : Kok. 306 p.
- NORVAL, E.J.G. 1966a. Arbeid: prinsipiële ondersoek van arbeid met 'n kritiese toespitsing op enkele aktuele hoofprobleme van die arbeidsetiek. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Ph.D.) 323 p.
- NORVAL, E.J.G. 1966b. Arbeid en die sedelike. (In Bulletin van die Suid-Afrikaanse vereniging vir die beoordeling van Christelike wetenskap, 7:195-202, Desember.)
- NÜRNBERGER, K. 1991. Prospects of employment: scourge of unemployment. (In Cochrane, J.R. & West, G.O. eds. The three-fold cord: theology, word and labour. Hilton : Cluster. p. 28-65.)
- NTULI, A. 2004. Aid comes from Africa. *Sowetan*:15, Jan. 19.
- NXUMALO, F. 2000. Union members 'on their own' after trashing Jo'burg. *Business News*:5, Jul. 4.
- NXUSANI, N. 1998. Car scam: 25 cops suspended. *Sowetan*:2, Aug. 14.
- OLIPHANT, L. 2003. Minister wants results on empowerment equity. *Saturday Star*:5, Apr. 12.
- OLIVIER, A. 2003a. Trots SA 'n week lank gevier. *Beeld*:13, Sep. 13.
- OLIVIER, A. 2003b. Breinkwyn groter as gevrees. *Beeld*:2, Jul. 16.
- OLIVIER, H. 1991. Die histories-geografiese ruimte waarbinne die Ou Testament afspeel. (In Bosman, H.L., Gous, I.G.P. & Spangenberg, I.J.J. reds. Pretoria : J.L. van Schaik. p. 139-167.)
- OOSTHUIZEN, M. 2003. 'Regstellende aksie laat Arrive Alive misluk. *Beeld*:1, Jan. 6.

ORGANISASIE VAN AFRIKA EENHEID *kyk* ORGANISATION OF AFRICAN
UNITY.

ORGANISATION OF AFRICAN UNITY. 1990. African Charter on the rights and
welfare of the child. [Web:] [http://www.africaninstitute.org/html/african_charter_](http://www.africaninstitute.org/html/african_charter_on_the_rights.html)
[on_the_rights.html](http://www.africaninstitute.org/html/african_charter_on_the_rights.html) [Date of access: 1 Jun. 2002].

ORSMOND, E. 1993. Die Nuwe Testament en arbeidsverhoudinge. (*In* Nederduitse
Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 24(2):128-134, Junie.)

PAKENHAM, T. 1999. Die Boere-oorlog. Johannesburg : Johanthan Ball. 702 p.

PARKER, D. 2002. Top executives cash in on massive salaries. *The Star*:1, May 21.

PATHER, S. 2003. Meds uncovers huge scam. *The Citizen*:8, Feb. 27.

PELA, M. 2001. Doctors emigration shock. *Sowetan*:8, Jul. 16.

PELA, M. 2002. State defends minimum wage for vulnerable workers. *Business*
Report:5, Dec. 11.

PETERSEN, R. 1990. Die arbeider is sy loon werd. (*In* Venster op die sakewêreld:
perspektiewe op bedryfsetiek. Potchefstroom : PUCHO/IRS. p. 179-188.)

PHASIWE, K. 2002. Spoomet loses about R55m to cable theft. *Business Report*:13,
Aug. 5.

PIENAAR, A. 2003. Vreugde oor R2,3 miljard om dokters in Suid-Afrika te hou.
Beeld:2, Feb. 27.

POTGIETER, D. 2001. Astrante AK-rowers slaan toe op vliegtuie. *Rapport*:1, Aug. 5.

POTTINGER, B. 1988. The imperial presidency. Johannesburg : Southern Book.
481 p.

- PREECE, H. 1998. Stakings nie die euwel. *Finansies en Tegniek*:26, Aug. 21.
- PRINCE, L. & ARENDS, N. 2002. Plaas beboet in 1ste kinderarbeidsaak. *Beeld*:2, Feb. 6.
- PROCTOR, A. 1979. Class struggle, segregation and the city: a history of Sophiatown 1905-40. (In *Labour, townships and protest*. Johannesburg : Ravan. p. 49-89.)
- QOZA, S. 2003. Unemployment a national crises. *Sowetan*:2, Mar. 26.
- RADEBE, H. 2000. Gambling board paying tea lady R5000 a month. *The Star*:3, May 31.
- RADEBE, H. 2001. Blitz on illegals working on farms. *The Citizen*:4, Dec. 20.
- RADEBE, H. 2003a. Pension Winnie off to protect the integrity of Parliament. *The Citizen*:16, Mar. 14.
- RADEBE, H. 2003b. Boost for SA as stats show emigration tide turning. *The Citizen*:10, May 16.
- RADEBE, H. 2003c. State to 'replenish the brain drain'. *The Citizen*:4, Feb. 19.
- RADEMEYER, A. 1999. 75 van Nupsaw begin staak oor salaris by Ga-Rankuwa. *Beeld*:4, Aug. 3.
- RADEMEYER, A. 2000. Nog hoës van tech dalk gou vas oor verblyf. *Beeld*:5, Jan. 20.
- RADEMEYER, A. 2001a. Vigs nagmerrie wag op skole, sê kenner. *Beeld*:8, Okt. 5.
- RADEMEYER, A. 2001b. Poskantoor vakbond praat oor oortydgeld. *Beeld*:10, Mrt. 7.
- RADEMEYER, C. 2002. Ons sal lewe, ons sal swerwe. *Beeld*:11, Mei 24.

- RAMATLHODI, N. 1998. Northern Province premier set to root out corruption. *Sowetan*: Nov. 10.
- RAPITSO, S. 2003. Cheats face chop in public service. *Sowetan*:2, Jan. 29.
- REFORMED ECUMENICAL SYNOD. 1984. Pastoral statement: A call to commitment and action. (*In* Handelinge van die twee en veertigste nasionale sinode in Potchefstroom op 8 Januarie 1985 en volgende dae. Potchefstroom : Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. p. 629-637.)
- RENDTORFF, T. 1981. Ethik, Band 2. Stuttgart : Kohlhammer. 190 p.
- RGN *kyk* HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL.
- RHEINALLT JONES, J.D. 1967. Socil and economic condition of the urban native. (*In* Schapera, I. *ed.* Western civilization and the natives of South Africa. London : Routledge and Kegan Paul. p. 159-192.)
- RIDDERBOS, J. 1964. Deuteronomium, dl. 2. (Korte verklaring der Heilige Schrift.) Kampen : Kok. 142 p.
- RIDDERBOS, J. 1966. De kleine profeten. (Korte verklaring der Heilige Schrift.) Kampen : Kok. 257 p.
- ROBERTS, J.H. 1990. Die brief aan die Efesiërs. Kaapstad : N.G. Kerk-Uitgewers. 183 p.
- ROOI, J. 2000. Balfour maak stem dik oor kwotas. [Web:] http://www.news24.co.za/contentDisplay/level4Article/0,1113,2_916443,00.html [Datum van toegang: 12 Nov. 2001].
- ROSCAM ABBING, P.J. 1969. Maatschappij kritiek. Nijkerk : G.F. Callenbach. 200 p.

- ROSS, R. 1994. 'Rather mental than physical': emancipations and the Cape economy. (In Worden, N. & Crais, C. eds. *Breaking the chains: slavery and its legacy in the nineteenth century Cape Colony*. Johannesburg : Witwatersrand University Press. p. 145-167.)
- ROSSOUW, D. 1994. *Business ethics*. Halfway House : Southern Book Publishers. 150 p.
- RUPPRECHT, A. 1976. Slave, slavery. (In *The Zondervan pictorial encyclopedia of the Bible*, 5:453-460.)
- RUSHDOONY, R.J. 1973. *The institutes of biblical law*. The Presbyterian and Reformed Publishing Company. 890 p.
- SAIRR *kyk* SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS.
- SANGQU, N.M. 2002. Lottery is a business. *The Citizen*:23, Sep. 26.
- SATHEKGE, B. 2003. R10-bn to BEE over five years. *The Citizen*:13, Aug. 29.
- SAYERS, A. 1991. The labour movements in South Africa: Undercurrents, trends and possibilities. (In Naidoo, G. ed. *Reform and revolution*. Johannesburg : Skotaville. p. 149-164.)
- SCHAPER, I. 1967a. The old Bantu culture. (In Schaper, I. eds. *Western civilization and the natives of South Africa*. London : Routledge and Kegan Paul. p. 3-36.)
- SCHAPER, I. 1967b. Present-day life in the native reserves. (In Schaper, I. eds. *Western civilization and the natives of South Africa*. London : Routledge and Kegan Paul. p. 39-62.)
- SCHAPER, I. 1971. *The Tswana*. London : International African Institute. 81 p.

SCHOOMBEE, P. 1998a. Gear: waarom dit nog nie werk nie. *Finansies en Tegniek*:22, Jun. 19.

SCHOOMBEE, P. 1998b. Korupsie beperk ontwikkeling. *Finansies en Tegniek*:20, Jul. 17.

SCHULZE, L.F. 1981. Teologie in stroomversnelling. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 104 p.

SCHÜSSLER, M. 2001. SA hushes up productivity feats. *Business Report*:5, Feb. 7.

SEALE, T. 2001. Geslagspolisie ontplooi. *Beeld*:9, Mei 1.

SEFARA, M. 2001a. Magistrate 'stole' child support cash. *Sowetan*:1, Oct. 18.

SEFARA, M. 2001b. Legal chief axed in fraud probe. *Sowetan*:3, Nov. 20.

SEFARA, M. 2002a. Sex-for-houses scam revealed by govt audit. *The Star*:3, Dec. 12.

SEFARA, M. 2002b. Youth fund eases hold on cash pile. *The Star*:3, Aug. 2.

SEFARA, M. 2003a. Now for the *real* democracy: broad based empowerment. *The Star*:9, Mar. 31.

SEFARA, M. 2003b. Activists outraged over Lekota's HIV bombshell. *The Star*:1, Oct. 17.

SEPOTOKELE, T. 2002. Illegal immigration syndicate busted. *The Star*:2, Feb. 27.

SHAW, E.M. 1972. Die mens in Suider-Afrika: die hottentotte. Kaapstad : Suid-Afrikaanse Museum. 15 p.

SHELL, C.-H. 1994. The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652-1834. (In Eldredge, E.A. & Morton, F., eds. Slavery in South Africa: Captive labor on the Dutch frontier. Boulder : Westview Press. p. 11-39.)

- SHIELDS, N. 1983. *Pattern for life: the Ten Commandments*. Hertfordshire ; Evangelical Press. 262 p.
- SHILLINGTON, K. 1985. *The colonisation of the Southern Tswanas 1870-1900*. Pretoria : Sigma. 311 p.
- SIEMENS, A.E. 1972. *Salarisse en lone in kleiner ondernemings*. Bloemfontein : UOVS. 28 p.
- SKWEYIYA, Z. 2001. Budget vote speech by Minister for Social Development, to the National Assembly. [Web:] <http://www.polity.org.za/govdocs/speeches/2001/sp0403.html> [Date of access: 9 Jan. 2001].
- SLOVO, J. 1995. The right not to believe and the shared halves between socialism and religion. *Journal of Theology for Southern Africa*, 91:76-81, June.
- SMEDES, L.B. 1983. *Mere morality*. Grand Rapids : Eerdmans. 282 p.
- SMIT, H. 2001. Trading in dead bodies enriches hospital staff. *The Citizen*:6, Aug. 17.
- SMITH, N. 2002. Locals still chasing dreams after two years. *Business Report*:5, Mar. 13.
- SMITH, N. 2003a. Gold Fields step up HIV/Aids plan. *Business Report*:4, Apr. 2.
- SMITH, A. 2003b. Call to blacklist white women from disadvantaged ranks. *The Star*:3, May. 21.
- SONG, R.J. 1995. Theft. (In Atkinson, D.J. & Field, D.H. ed. *New dictionary of Christian ethics and pastoral theology*. Leicester : Inter-Varsity. p. 841-842.)
- SOUTH AFRICA. 1995. Labour relations Act, No. 66 of 1995. [Web:] <http://www.polity.org.za/govdocs/legislations/1995/act95-066.html> [Date of access: 10 Dec. 2001].

- SOUTH AFRICA. 1996. Constitution of the Republic of South Africa Act, No. 108 of 1996. [Web:] <http://www.polity.org.za/govdocs/constitution/saconst.html> [Date of access: 13 Nov. 2001].
- SOUTH AFRICA. 1996. National Gambling Act, No. 33 of 1996. [Web:] <http://www.polity.org.za/html/govdocs/legislation/1996/act96-033.html> [Date of access: 28 Aug. 2004].
- SOUTH AFRICA. 1996. South African Schools Act, No. 84 of 1996. [Web:] <http://www.polity.org.za/html/govdocs/legislation/1996/act96-084.html> [Date of access: 26 Aug. 2004].
- SOUTH AFRICA. 1996. Special investigation units and special tribunals act, No. 74 of 1996. [Web:] <http://polity.org.za/govdocs/legislation/1996/acts96-074.html> [Date of access: 27 Aug. 1999].
- SOUTH AFRICA. 1997. Basic conditions of employment Act, No. 75 of 1997. [Web:] <http://www.polity.org.za/govdocs/legislation/1997/act75.pdf> [Date of access: 13 Aug. 2001].
- SOUTH AFRICA. 1998. Employment Equity Act, No. 55 of 1998. [Web:] <http://www.polity.org.za/govdocs/legislation/1998/act98-55.html> [Date of access: 10 Nov. 2001].
- SOUTH AFRICA. 1998. Skills Development Act, No.97 of 1998. [Web:] <http://www.polity.org.za/govdocs/legislation/1998/act98-097.html> [Date of access: 2 Jun. 2002].
- SOUTH AFRICA. 2000. Preferential Procurement Policy Framework Act, No. 5 of 2000. [Web:] <http://www.polity.org.za/govdocs/legislation/2000/act5.pdf> [Date of access: 10 Nov. 2001].

- SOUTH AFRICA. 2002. Basic Conditions of Employment Act, No. 75 of 1997, Sectoral Determination 7: Domestic worker sector. [Web:] <http://www.polity.org.za/pdf/SectoralDetermin7Domestic.pdf> [Date of access: 2 Feb. 2004].
- SOUTH AFRICA. 2003a. National Gambling Bill, No. 48 of 2003. [Web:] <http://www.polity.org.za/pdf/DraftNatGamblingBill.pdf> [Date of access: 7 Jan. 2004].
- SOUTH AFRICA. 2003b. Broad-based black economic empowerment Bill, No. 27B of 2003. [Web:] <http://www.polity.org.za/pdf/BroadBasedBlackEcoEmpB27B.pdf> [Date of access: 13 Jan. 2004].
- SOUTH AFRICA. Department of Labour. 2001a. Investigation into minimum wages and conditions of employment of domestic workers. [Web:] <http://www.polity.org.za/govdocs/reports/labour/domesticexesumm.htm> [Date of access: 15 Oct. 2001].
- SOUTH AFRICA. Department of Labour. 2001b. Determination of employment conditions in South African agriculture. [Web:] <http://www.polity.org.za/govdocs/reports/labour/farms/execsum.html> [Date of access: 15 Oct. 2001].
- SOUTH AFRICA. Department of Social Development. 2000. Draft strategy on child protection. [Web:] <http://www.polity.org.za/govdocs/discuss/childprotection.html> [Date of access: 8 Feb. 2002].
- SOUTH AFRICA. National Department of Public Works. 2001. South African women in the construction industry. [Web:] <http://www.polity.org.za/govdocs/pr/2001/pr0808a.html> [Date of access: 11 Nov. 2001].
- SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS. 2000. South Africa Survey 1999/2000. Johannesburg : South African Institute of Race Relations. 313 p.
- STADLER, A.W. 1979. Bids in the cornfields: squatter movements in Johannesburg, 1944-47. (*In* Labour, townships and protest. Johannesburg : Ravan. p. 19-48.)

- STARK, B.C. 1976. Begging, beggar. (*In The Zondervan pictorial encyclopedia of the Bible*, 1:509-510.)
- STEENKAMP, L. 2003. Motordiefstal se statistieke skrikwekkend. [Web:] <http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2003/03/04/6/10.html> [Datum van toegang: 20 Desember 2003.]
- STEYN, J. 2002. Land sal nog duur boet vir emigrasie. *Beeld*:8, Jan. 15.
- STIEHLER, A. 2000. 'Moenie korrupsie in SAPD ignoreer'. *Beeld*:8, Mrt. 9.
- STOKER, H.G. 1972a. Arbeid – wysgerig benader. *Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap*, 31:43-60, Januarie.
- STOKER, H.G. 1972b. Arbeid – wysgerig benader. *Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap*, 33:28-52, Julie.
- STOKER, H.G. 1973. Arbeid – wysgerig benader. *Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap*, 36:5-27, April.
- STUART, B. 2002. Govt gets whopping R429-m from casinos. *The Citizen*:6, Nov. 1.
- STUART, B. & MALULEKE, J. 2003. White cops win jobs race case. *The Citizen*:1-2, Mar. 8.
- SWANEPOEL, T. 2000. 'n Siek situasie. *Beeld*:11, Mei 12.
- SWART, H. 1998. Regering wil wit groepe keer om swart frontfirmas te stig. *Sake-Beeld*:1, Sep. 16.
- SWART, H. 1999a. Besonderhede van plaaslike gou bekend. *Beeld*:15, Okt. 20.
- SWART, H. 1999b. Departement skort werknemers se diens op weens wangedrag. [Web:] http://news24.com/Afrikaans/sake/sake/AFR_182505_799733_SEO.asp [Datum van toegang: 16 Nov. 1999].

- SWART, H. 1999c. Siekteverlof kos staat miljoene rande elke jaar. *Beeld*:1, Mrt. 11.
- SWART, H. 2000a. Al meer buitelandse produkte word op SA markte gestort. *Sake-Beeld*: 5, Mrt. 28.
- SWART, H. 2000a. Geveg oor plaaswerkers se lone nou in parlement. *Sake-Beeld*:2, Sep. 27.
- SWART, H. 2000c. Stakers in SA het verlede jaar R71 miljoen se lone prysgegee. *Sake-Beeld*:3, Jun. 6.
- TABANE, R. 2002a. Sick leave costs state R631m. *The Star*:1, Nov. 12.
- TABANE, R. 2002b. Department faces mother of all ills. *The Star*:8, Nov. 5.
- TEMPELHOFF, E. 2000. Herstelwerk in rampdorp vertraag weens stakings. [Web:] http://news24.com/Afrikaans/Beeld/Nuus/AFR_257919_1042933_SEO.asp [Datum van toegang: 2 Mrt. 2000].
- TEMPELHOFF, E. 2002. Nog 2 skemas gelikwideer. *Beeld*:4, Jul. 24.
- TEMPELHOFF, E. 2003a. Rand-Water moet opdok oor diskriminasie teen wit vrou. *Beeld*:2, Okt. 2.
- TEMPELHOFF, E. 2003b. Dorp ly erg ná Krion-geldskema. *Beeld*:2, Jul. 31.
- THE NATIONAL DEVELOPMENT FOUNDATION OF SOUTH AFRICA. 1953. Wages and conditions of employment in selected South African companies. Johannesburg : The national development foundation of South Africa. 28 p.
- THIELICKE, H. 1955. Theologische Ethik, 2/1. Tübingen : JCB Mohr (Paul Siebeck). 638 p.

- THOMASSON, E. 1999. Govt compels firms to promote blacks, women. [Web:] http://www.news24.com/English/Business/Economy2/ENG_188259_820670_SEO.asp [Date of access: 25 Nov. 1999].
- TOBIAS, P.V. 1978. Introduction to the Bushmen or San. (*In* Tobias, P.V. *ed.* The Bushmen: San hunters and herders of Southern Africa. Cape Town : Human & Rousseau. p. 1-15.)
- TRANSPARANCY INTERNATIONAL. 1999. Frequently asked questions and answers on TI 1998 Corruption Perception Index. [Web:] <http://www.transparency.de/documents/cpi/cpi-faq.html> [Date of access: 27 Aug. 1999].
- TRANSPARANCY INTERNATIONAL. 2001. The 2001 corruption index. [Web:] <http://www.transparency.org/cpi/2001/cpi2001.html> [Date of access: 23 Apr. 2002].
- TRILLHAAS, W. 1959. Ethik. Berlin : Alfred Töpelmann. 463 p.
- TURAKI, Y. 1999. Christianity and African gods. Potchefstroom : PUCHE/IRS. 348 p.
- UNITED NATIONS. 1989. Convention on the Rights of the Child. [Web:] <http://www.unhchr.ch/html/menu3/b/k2crc.htm> [Date of access: 11 Jun. 2002].
- UNITED NATIONS. 1979. Convention on the elimination of all forms of discrimination against women. [Web:] <http://www.un.org/womenwatch/daw/cedaw/cedaw.htm> [Date of access: 17 Jun. 2002].
- UYS, J.S. 1982. 'n Opname van loon- en salarisvlakke in die OVS en aangrensende streke. Bloemfontein : UOVS. 37 p.
- VAN BURICK, N. 2000a. 3,2 miljoen werkloses in 1998! *Beeld*:4, Mei 19.
- VAN BURICK, N. 2000b. SA ly verlies van R34 m. per jaar oor vleisinvoer. *Beeld*:6, Mei 24.

- VAN BURICK, N. 2001. Die 'reg' om te roof. *Beeld*:11, Mrt. 27.
- VANDERKLOET, E. 1980. Why work anyway? (*In Labour of love*. Toronto : Wedge Publishing Foundation. p. 20-47.)
- VAN DER MERWE, J.C. 1994. Regstellende aksie: Prinsipiële riglyne. Potchefstroom : PUCHO/IRS. (Studiestuk 313.)
- VAN DER MERWE, P.J. 1979. Van verversingspos tot landbou-kolonie, 1662-1707. (*In Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L. en Kruger, D.W. Geskiedenis van Suid-Afrika*. Goodwood : Nasou. p. 59-84.)
- VAN DER WALT, A.J.H. 1979. Die eeu van die veeboer-pionier, 1707-1779. (*In Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L. en Kruger, D.W. Geskiedenis van Suid-Afrika*. Goodwood : Nasou. p. 85-106.)
- VAN DER WALT, B.J. 1999. Kultuur, lewensvisie en ontwikkeling: 'n Ontmaskering van die gode van onderontwikkelde Afrika en die oorontwikkelde Weste. Potchefstroom : PUCHO/IRS. 284 p.
- VAN DER WATT, P.B. 1980. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824-1905. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 221 p.
- VAN DER WESTHUIZEN, F. 1999. 3 rowers vir 259 j. tronk toe gestuur. *Beeld*:6, Feb. 11.
- VAN DER WESTHUIZEN, C. 2000a. Tot 10 000 leerkrigte sal trekpas kry. *Beeld*:2, Apr. 19.
- VAN DER WESTHUIZEN, G. 2000b. Kwa-Natal bekyk bedrog van miljoene. *Beeld*:22, Jan. 28.
- VAN DER WESTHUIZEN, C. 2001. Dié verdagtes in staat dadelik geskors sê Steve Tshwete. *Beeld*:1, Aug. 8.

- VAN DER WESTHUIZEN, C. 2002a. Skerpioene se angel skerper. *Beeld*:4, Mrt. 16.
- VAN DER WESTHUIZEN, C. 2002b. Geskorste amptenare kry dalk nie salaris. *Beeld*:4, Mei 22.
- VAN DER WESTHUIZEN, C. 2003. Gety moet nog vir die armes draai. *Beeld*:10, Feb. 26.
- VAN ECK, G. 1999. G'n plek meer vir Chris in Cheetah-rugbyspan. *Beeld*:6, Mrt. 3.
- VAN HEERDEN, M.W. 1990. Die veranderende politieke rol van vakbondwese in die RSA sedert 1979. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – D.Phil. 223 p.)
- VAN HEERDEN, W. 1991. Profete en profitymakers: profetiese perspektiewe op rykdom en armoede. (In Bosman, H.L., Gous, J.P.G. & Spangenberg, I.J.J. Purper en flenterlap. Pretoria : J.L. van Schaik. p. 220-242.)
- VAN HEES, B. 2000. Williams found guilty. *The Citizen*:3, Jun. 21.
- VAN LEEUWEN, J.A.C. 1966. De brieven aan de Thessalonicensen. (Korte verklaring der Heilige Schrift.) Kampen : Kok. 201 p.
- VAN NIEKERK, A. 1992. Sáám in Afrika. Kaapstad : Tafelberg. 119 p.
- VAN NIEKERK, S. 1999. 3 kry saam 108 jaar tronkstraf. *Beeld*:5, Okt. 5.
- VAN PLETZEN, J. 1984. Die loonstruktuur van gegradueerde Blanke mans in 1984. (RGN Navorsingsbevinding MN-108.) Pretoria : RGN. 90 p.
- VAN RENEN, A.-L. 1990. Mag 'n Christen staak? *Kerkbode*, 144(17): Mei 11.
- VAN ROOY, K. 1997. Die evangelie as basis om Afrika se armoedeprobleem te oorkom. *Kompas*, 6(8):14-16, Aug.

- VAN ROOYEN, D. 1999a. Hoekom buitelanders nie in SA wil belê nie. *Sake-Beeld*:1, Des. 13.
- VAN ROOYEN, D. 1999b. Dié rooster vir kontrakte help swart bemagtiging. *Sake-Beeld*:11, Okt. 20.
- VAN ROOYEN, E. 1995. Stakings: mense moet voel geregtigheid geskied. *Algemene Kerkbode*, 156(13):8-9, Okt. 13/14.
- VAN ROOYEN, L. 2004. It's tough getting work of you're a white male. *Saturday Star*:3, Jan. 10.
- VAN WYK, E. 2001. Publiek hou kaping van motors aan die gang. *Beeld*:18, Jun. 27.
- VAN WYK, J.A. 1983. Opmerkings oor 'n Christelike etiek van die arbeid vir ons tyd. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 24(1):72-86, Januarie.
- VAN WYK, J.A. 1988. 'n Christelike etiek van die arbeid. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 180 p.
- VAN WYK, J.H. 1980. Die etiek van kans. Potchefstroom : IBC/PUCHO. 13 p.
- VAN WYK, J.H. 1986. Gesindheid en gestalte. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 239 p.
- VAN WYK, J.H. 1993a. Homo Dei: 'n Prinsipiële besinning oor enkele mensbeskouings, waaronder dié van Calvyn. Supplementum 1: *In die Skriflig*. 112 p.
- VAN WYK, J.H. 1993b. Is stakings moreel verantwoord? *Woord en daad*, 346:18-19, Somer.
- VAN WYK, J.H. 1996. Arbeidsetiek: 'n teologies-etiese benadering. *In die Skriflig*, 30(2):155-183.

- VAN WYK, J.H. 1998. Etiek in eenvoud. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 367 p.
- VAVI, Z. 2003. Buy proudly South African, save jobs. *Sowetan*:12, Dec. 9.
- VELEMA, W.H. 1980. Bijbelse uitgangspunte van 'n Calvinistiese beroepsethiek. Potchefstroom : IBC/PUCHO. Januarie. 23 p.
- VERENIGDE NASIES *kyk* UNITED NATIONS
- VISSER, A. 2003a. Só het bestedingspatrone in Suid-Afrika verander. *Sake-Beeld*:18, Nov. 19.
- VISSER, A. 2003b. Regstel-aksie se swart salarisjagters gekap. *Sake-Beeld*:1, Aug. 19.
- VOLF, M. 1987. Arbeit und Charisma: zu einer Theologie der Arbeit. *Zeitschrift für Evangelische Ethik*, 31(4):411-433, Desember.
- VOLSCHEK, J. 2001. Swart base 'gekoop'in SA rugby. [Web:] http://www.news24.co.za/Rapport/rapportcatarttextnew/0,4205,752_1067~a,00.html [Datum van toegang: 12 Nov. 2001].
- VOS, C.J.A. 1986. Etiese besinning oor die stem van die werker en die Woord van God. *Theologia Viatorum*, 14(1):1-12, Junie.
- WA GA TAU, M. 2003. Minimum wage to lessen ills from the past. *The Citizen*:18, Feb. 5.
- WARBY, V. & ADAMS, S. 2002. Casinos hit the jackpot. *The Star*:1, May 25.
- WARWICK, P. 1983. Black people and the South African war 1899-1902. Johannesburg : Ravan. 266 p.
- WESSELS, V. 2003. Nowhere to hide for company bosses. *Business Report*:1, Jul. 3.

- WEST, E. 2001. Ring Shipping owner guilty of R62m fraud. *Business Report*:1, Sep. 17.
- WEST, E. & BLOOMBERG. 2003. Banks will sell equity stakes to compensate for apartheid. *Business Report*:1, Sep. 4.
- WESTERMANN, C. 1984. קָן (In Jenni, E. & Westermann, C. *hrsg.* Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament, bd. 2. München : Chr. Kaiser Verlag. p. 182-199.)
- WET kyk SOUTH AFRICA
- WIID, J.A. 1979. Weeropbou, 1902-1908. . (In Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L. en Kruger, D.W. Geskiedenis van Suid-Afrika. Goodwood : Nasou. p. 434-462.)
- WILLCOX, A.R. 1978. The Bushman in history. (In Tobias, P.V. *ed.* The Bushmen: San hunters and herders of Southern Africa. Cape Town : Human & Rousseau. p. 76-87.)
- WILLEMSE, H. 2003. Nou het vigslyers ten minste hoop. *Beeld*:10, Aug. 12.
- WILLIAMS, F. 1999. Emigration of professionals much greater than estimated. [Web:] http://www.news24.com/Afrikaans/Sake/Sake/AFR_182727_799743_SEO.asp [Date of access: 16 Nov. 1999].
- WILSON, F. 1991. The church and uprooting poverty. (In Cochrane, J.R. & West, G.O. *eds.* The three-fold cord: theology, word and labour. Hilton : Cluster. p. 13-27.)
- WINES, M. 2003. Riding the train to nowhere. *The Star*:12, Oct. 6.
- WORDEN, N. 1987. Slavery in Dutch South Africa. Cambridge : Cambridge University Press. 207 p.

- WORDEN N. & CRAIS, C. 1994. Introduction. (*In Worden, N. & Crais, C. eds. Breaking the chains: slavery and its legacy in the nineteenth century Cape Colony. Johannesburg : Witwatersrand University Press. p. 1-24.*)
- WORDEN, N., VERSFELD, R., DYER, D. & BICKFORD-SMITH, C. 1996. The chains that bind us: a history of slavery at the Cape. Kenwyn : Juta. 108 p.
- WRAY, Q. 2003a. Pandemic's impact will be far more devastating. *Business Report*:6, Jul. 24.
- WRAY, Q. 2003b. Act on Aids or face collapse, SA told. *Business Report*:6, Jul. 24.
- YOUR HEALTH. 2001. Aids. [Web:] <http://www.your.../diseases.specific.asp?Diseases=true&DiseaseID=11765&Alpha=d1176> [Date of access: 26 Sep. 2001].
- ZIETSMAN, C. 2001. Skelms staan tou om swart gesigte in visbedryf te huur, sê hoë. [Web:] http://www.news24.co.za/contentDisplay/level4Article/0,1113,2_1034100,00.html [Datum van toegang: 12 Nov. 2001].
- ZYBRANDS, W. 2000. ANC reveals 25% of its councillors 'unfit for the job'. *The Citizen*:12, Jul. 28.